

U.O.V.S. - BIBLIOTEEK

198313327201220000019



'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE TOTSTANDKOMING
EN ONTWIKKELING VAN DIE ORKESPROGRAM IN DIE
ORANJE-VRYSTAAT

deur

Gerhardus Albertus Petrus Steenkamp

VERHANDELING

voorgelê ter vervulling van
die vereistes vir die graad

MAGISTER MUSICAE

in die

FAKULTEIT VAN LETTERE EN WYSBEGEERTE
(Departement Musiek)

aan die


UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN

Studieleier: Prof. dr. J.H. Potgieter

Bloemfontein

Junie 1983



Universiteit van die Oranje-Vrystaat

STEFAN

18-11-1983

T 784.209685 STE

BIBLIOTEK

1.	<u>DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET</u>	1
1.1	AANLEIDENDE OORSAKE TOT STIGTING	1
1.1.1	'n Beperkte aantal leerlinge ontvang onderrig in orkesinstrumente	1
1.1.2	Mnr. P.J. Lemmer doen aanvoorwerk	1
1.1.3	Statistieke omtrent violonderrig	2
1.1.4	Mnr. Pohl stig 'n strykensemble	3
1.1.5	Die toestand van sake wek bekommer- nis	3
1.2	AANLOOP TOT STIGTING VAN 'N STRYKKWAR- TET	4
1.2.1	Die Bloemfonteinse Stadsraad wil 'n or- kes stig	4
1.2.2	'n Memorandum word opgestel	5
1.2.3	Die O.V.S.-Onderwysdepartement neem die eerste inisiatief	10
1.2.4	Die drie instansies hou samespre- kings	12
1.2.5	Die Bloemfonteinse Stadsraad neem 'n besluit	14
1.2.6	'n Koerantberig oor die beplande stryk- kwartet	14
1.2.7	Die betrekkings word geadverteer - voorbeeld	16
1.2.8	Redes vir die plasing op die Onder- wyserskollege-diensstaat	17
1.2.9	'n Komitee finaliseer die aanstel- lings	18
1.3	STIGTING VAN DIE VRYSTAATSE STRYKKWAR- TET	19
1.3.1	Gegewens oor die vier strykers	19
1.3.2	Verpligtings van die strykkwartet - kommentaar	20
1.3.3	Die eerste nie-amptelike optrede en 'n resensie	23
1.3.4	'n Koerantberig oor die amptelike op- trede, en 'n resensie	24
1.3.5	Kommentaar op die resensie	28

1.3.6	Die tweede optrede	28
1.3.7	'n Resensie oor die Bloemfontein- première	29
1.3.8	Kommentaar op die resensie	30
1.3.9	'n Koerantberig oor die eerste skole- lesing-demonstrasie	30
1.3.10	Reaksie op die demonstrasies	32
1.4	SUKOVS NEEM DIE STADSRAAD SE VERANT- WOORDELIKHEID OOR	32
1.4.1	Aanleidende oorsake tot oorname	32
1.4.1.1	Die stadsbywoningsyfers is teleur- stellend	32
1.4.1.2	Die stadsraad wend pogings aan tot verbetering	33
1.4.1.3	Kommentaar op die aanbevelings	35
1.4.1.4	'n Positiewe uitvloeisel van die aan- bevelings	36
1.4.1.5	Die aanbevelings misluk en die stads- raad verloor belangstelling	37
1.4.1.6	Toeligting en kommentaar op die uit- voeringsaspek van die strykkwartet .	38
1.4.1.7	SUKOVS kom tot stand en stel belang in die oorname van die kwartet - samesprekings	40
1.4.1.8	Die stadsraad verwittig die Direkteur van Onderwys van sy besluit	41
1.4.2	SUKOVS neem die kwartet oor	42
1.4.3	'n Nuwe ooreenkoms word aangegaan ..	42
1.4.4	Kommentaar op die verpligtings	43
1.5	DIE TWEEDE VIOLIS BEDANK	44
1.6	DIE STRYKKWARTET-ONDERNEMING LY BYNA SKIPBREUK	44
1.6.1	'n Persverklaring	44
1.6.2	Reaksie van die kwartetlede	45
1.6.3	Dr. Henkins gryp in	46
1.6.4	Die pers oorbeklemtoon een aspek ...	47
1.6.5	Die saak word in die reine gebring .	48
1.7	DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET WORD BY DIE U.O.V.S. INGESKAKEL	48
1.7.1	Dr. Henkins nader die U.O.V.S.	48

1.7.2	Prof. Swanepoel stel 'n memorandum op	49
1.7.3	Die U.O.V.S. keur die oorname goed ..	52
1.7.4	'n Nuwe ooreenkoms word aangegaan ...	52
1.7.5	Kommentaar op die verpligtings	53
1.8	DIE TJELLIS EN ALT-VIOLIS BEDANK	53
1.9	DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET ONTBIND .	54
1.9.1	Die altviolis-betrekking kon nie be- vredigend gevul word nie	54
1.9.2	Samesprekings vind plaas: verslag ...	54
1.9.3	Al drie instansies kom tot 'n verge- lyk	60
1.9.4	'n Hersiene ooreenkoms word aange- gaan	61
1.9.5	Kommentaar op die verpligtings	64
1.10	SLOT	64
	VOETNOTE EN VERWYSINGS	65
2.	<u>DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N STRYK- EN</u> <u>'N BLASERPROGRAM IN DIE O.V.S., MET</u> <u>SPESIALE VERWYSING NA DIE VRYSTAATSE</u> <u>JEUGORKES</u>	68
2.1	<u>DIE VRYSTAATSE JEUGORKES</u>	68
2.1.1	AANLOOP TOT STIGTING	68
2.1.1.1	'n Koerantberig	68
2.1.1.2	Rede vir die totstandkoming	68
2.1.1.3	Oudisies vind plaas	69
2.1.2	DIE EERSTE REPETISIE	69
2.1.3	DIE EERSTE OPTREDES	70
2.1.3.1	Teenstrydige inligting oor die eerste optredes	70
2.1.4	'N KOERANTBERIG KONDIG DIE EERSTE JEUGFEES AAN	71
2.1.4.1	'n Resensie	72
2.1.5	REDES VIR 'N SUKSESVOLLE LESPRAKTYK .	73
2.1.6	DIE VAN KERKEN-TROFEE WORD INGESTEL .	74
2.1.7	DIE TWEDE JEUGFEES	74
2.1.8	NAME VAN DIE JEUGORKESLEDE - 1963 ...	75
2.1.9	SUKOV'S NEEM DIE JEUGORKES OOR	75
2.1.9.1	Rede vir die oorname	75

2.1.9.2	Die Uitvoerende Bestuur keur die oorname goed	76
2.1.9.3	'n Metamorfose t.o.v. die administra- sie vind plaas	76
2.1.9.4	Kommentaar op die memorandum	78
2.1.10	'N JUNIOR JEUGORKES KOM TOT STAND ..	79
2.1.10:1	Name van die Junior Jeugorkeslede ..	80
2.1.11	BELANGSTELLING IN DIE JEUGORKES NEEM TOE	80
2.1.12	DIE VRYSTAATSE JEUGORKES LEWER VER- SKEIE UITVOERINGS	84
2.1.12.1	Die repertoire van die orkes	84
2.1.12.2	Sommige orkeslede tree as dirigente op	84
2.1.12.2.1	Aanvullende inligting oor mnr. P. Fourie	85
2.1.12.3	Die jaarlikse Jeugfees	85
2.1.12.4	Die eerste toer buite die provinsie: koerantberig	86
2.1.12.4.1	'n Persberig	86
2.1.12.4.2	Resensies na die eerste konsert	88
2.1.12.4.3	Publieke reaksie	92
2.1.12.5	'n Uitvoering by UNISA met 'n resen- sie	94
2.1.12.6	Die Jeugorkes tree onder beskerming van TRUK op	96
2.1.12.6.1	Resensies	96
2.1.12.7	'n Tweede besoek aan die Kaapse Skiereiland	98
2.1.12.7.1	Resensies	98
2.1.12.7.2	Reaksie van die KRUIK-organiseerder van musiek	100
2.1.12.8	Die Juniororkes bereik 'n hoë stan- daard	101
2.1.12.9	'n Samevatting van die konsert- toere	102
2.1.13	DIE JEUGORKES WORD UITGENOOI NA DIE INTERNASIONALE FEES VIR JEUGORKES- TE	102
2.1.13.1	Aanloop	102

2.1.13.2	Die uitnodiging kan nie aanvaar word nie	103
2.1.13.3	Mnr. De Wet ontvang 'n afsonderlike uitnodiging	103
2.1.13.3.1	Die Musiekkomitee en Uitvoerende Be- stuur verleen goedkeuring	103
2.1.13.3.2	'n Brief van die SUKOV'S-Direkteur aan die Rektor van die U.O.V.S.	104
2.1.13.3.3	'n Persberig	105
2.1.13.4	Korrespondensie tussen SUKOV'S en die organiseerders	105
2.1.13.5	'n Uitnodigingsbrief	106
2.1.13.6	Die Uitvoerende Bestuur verleen toe- stemming	107
2.1.13.7	'n Persberig	108
2.1.13.8	Die terugkoms van mnr. De Wet - voorbereidings begin	108
2.1.13.9	Kommentaar op die inspirasie van mnr. De Wet	110
2.1.13.10	Die doel van die Internasionale Jeugfees	110
2.1.13.11	Gegewens oor die gas-dirigente	111
2.1.13.12	Gegewens oor die seminaar-profes- sore	113
2.1.13.13	'n Lys van die deelnemende orkes- te	114
2.1.13.14	Die reisprogram	115
2.1.13.15	Name van die gekeurde Jeugorkes- lede	118
2.1.13.16	Koerantberigte na die eerste uit- voering	118
2.1.13.17	'n Europese resensie van die tweede uitvoering	120
2.1.13.17.1	Kommentaar op die resensie	122
2.1.13.18	'n Europese resensie van die derde uitvoering	122
2.1.13.18.1	Kommentaar op die resensie	124
2.1.13.19	Reaksie op die vierde uitvoering ..	125
2.1.13.20	Ses Jeugorkeslede word gekies vir die Internasionale orkes	125

2.1.13.21	Reaksie van die gas-dirigente	126
2.1.13.22	Hardwerkendheid van die orkeslede ...	126
2.1.13.23	Suzanne de Villiers word aangewys as die beste violiste	127
2.1.13.24	'n Ander orkeslid kom onder die beoor- delaars se aandag	128
2.1.13.25	Die orkes keer terug	129
2.1.13.25.1	'n Koerantberig	129
2.1.14	WAARAAN DIE SUKSES VAN DIE JEUGORKES TOE TE SKRYF IS	131
2.1.14.1	Die professionele benadering	132
2.1.14.2	Staaltjies oor die prioriteit wat die orkes moes geniet	135
2.1.14.3	Opoffering van die ouers	136
2.1.14.4	Waglyste	137
2.1.14.5	'n Illustrasie van die dissipline ...	137
2.1.14.6	Mnr. De Wet se bydrae	138
2.1.14.7	Die Vrystaat se chauvinisme en ta- lent	138
2.1.14.8	SUKOVS se bydrae	139
2.1.15	BESONDERHEDE OOR KONSERTTOERE VAN 1971/72	139
2.1.16	MNR. DE WET : HOOFBEOORDELAAR VAN STRYKERS BY DIE DERDE INTERNASIONALE JEUGORKESFEES	140
2.1.16.1	'n Koerantberig	140
2.1.17	DIE LEERLINGTAL VAN MNR. DE WET GEDU- RENDE 1972	141
2.1.18	JACK DE WET VERLAAT BLOEMFONTEIN	141
2.1.18.1	Hy aanvaar 'n betrekking aan die Uni- versiteit van Port Elizabeth	141
2.1.18.2	Gedurende 1966 is 'n soortgelyke be- trekking hom aangebied	141
2.1.18.3	'n Koerantberig oor sy vertrek uit Bloemfontein	142
2.1.18.4	'n Koerantberig oor die laaste optre- de van die orkes in Bloemfontein o.l.v. mnr. De Wet	144
2.1.18.5	'n Berig na die laaste optrede	144
2.1.18.6	'n Aanvullende berig oor die uittog van leerlinge	145

2.1.18.7	Kommentaar op die berig	147
2.1.18.8	Die implikasies van prof. De Wet se vertrek	147
2.1.19	PROF. C. SWANEPOEL NEEM DIE JEUGORKES OOR	148
2.1.19.1	'n Koerantberig	148
2.1.19.2	Die Jeugfees word voortgesit: 'n koe- rantberig	149
2.1.19.3	Resensies na die eerste optrede van die Jeugstrykorkes	150
2.1.19.4	Waardering vir prof. Swanepoel	151
2.1.19.5	Twee viooldosente word aangestel	151
2.1.20	VERWYSING NA DIE VERHANDELING VAN E.C. LABUSCHAGNE	152
2.1.21	DIE HUIDIGE JEUGSTRYKENSEMBLE'S	152
2.2	<u>'N BLASERPROGRAM KOM TOT STAND</u>	153
2.2.1	'N HOUTBLAASDOSENT WORD AANGESTEL ...	153
2.2.1.1	Gebeure wat die aanstelling voorafge- gaan het	153
2.2.1.2	Die onderrig neem 'n aanvang	154
2.2.1.3	Gegewens oor mnr. Van Dongen	154
2.2.1.4	Mnr. Van Dongen as veelsydige onder- wyser	154
2.2.2	'N KOPERBLAASDOSENT WORD AANGESTEL ..	155
2.2.2.1	Aanloop tot aanstelling	155
2.2.2.2	Gegewens oor mnr. Kierman	155
2.2.2.3	Mnr. Kierman as pionier	156
2.2.2.4	Die aanvraag na koperblaasonderrig is oorweldigend	156
2.2.2.5	'n Koperblaasensemble ontstaan	156
2.2.2.6	Die hout- en koperblaasensembles lewer konserte saam maar funksioneer weer apart - kommentaar	156
2.2.2.7	Verskeie koperblaas-kamermusiekgroepe ontstaan	157
2.2.3	NOG 'N KOPERBLAASDOSENT WORD AANGE- STEL	157
2.2.4	VERSKEIE DOSENTE WORD AANGESTEL	157
2.2.4.1	'n Persverklaring	157

2.2.4.2	Die name word in 'n koerantberig aangekondig	158
2.2.4.3	Mnr. Chuck Few	158
2.2.5	BLASERONDERRIG BREI UIT NA ANDER SEN- TRA	158
2.2.6	DIE HUIDIGE BLASERENSEMBLES	159
	VOETNOTE EN VERWYSINGS	160
3.	<u>DIE VESTIGING VAN 'N VOLWAARDIGE OR- KESPROGRAM IN DIE O.V.S. NA DIE TOT- STANDKOMING VAN DIE VRYSTAATSE SIM- FONIEORKES</u>	166
3.1	AANLOOP TOT STIGTING VAN DIE O.V.S.- SIMFONIEORKES	166
3.1.1	Die SUKOV'S-Musiekkomitee neem 'n toe- komsbesluit	166
3.1.1.1	'n Persverklaring	166
3.1.2	SUKOV'S ondersoek die moontlikhede van 'n orkes	167
3.1.2.1	'n Memorandum word opgestel	167
3.1.2.2	'n Persberig	170
3.1.2.3	Moontlike aanvulling van die Stryk- kwartet	170
3.1.2.4	SUKOV'S verander die benaming kameror- kes na orkes	172
3.1.2.4.1	Aandag word geskenk aan 'n beroeps- orkes	173
3.1.2.5	'n Orkesmemorandum word opgestel	173
3.1.2.5.1	Die TRUK-alternatief is nie uitvoer- baar nie	174
3.1.2.5.2	Die uitvoerbaarheid van die orkesme- morandum word deur finansies gekort- wiek	176
3.1.2.6	'n Sub-komitee doen aanbevelings oor die stigting van 'n orkes	176
3.1.2.6.1	'n Persberig	181
3.1.2.6.2	Kommentaar op die sub-komitee se aan- bevelings	182
3.1.2.7	SUKOV'S voer die Durbanse Stadsorkes in	182

3.1.2.7.1	Probleme rondom hierdie reëling	184
3.1.3	Die totstandkoming van die Vrystaatse Filharmoniese Vereniging	185
3.1.3.1	Die stigting	185
3.1.3.2	Die strewe van die Vereniging sowel as die organisering van konserte soos vervat in die konstitusie	185
3.1.3.3	Die orkeslede	186
3.1.3.4	Die optredes	188
3.1.3.5	Die waarde van die Vereniging	189
3.2.1	OORGANG TOT STIGTING VAN DIE VRYSTAATSE SIMFONIEORKES	189
3.2.1.1	Fase een: 'n Memorandum van prof. Swanepoel	189
3.2.1.2	Onderhandelings op Administrateursvlak vind plaas	205
3.2.1.3	Inligting van ander orkeste word verkry	205
3.2.1.4	'n Aanvullende memorandum van prof. Swanepoel	206
3.2.1.5	Die onderhandelings sloer	208
3.2.1.6	Die Vrystaatse Administrateur nader die Departement van Nasionale Opvoeding om 'n subsidie	208
3.2.1.6.1	Weens inkortings is geen subsidie moontlik nie	210
3.2.2	Fase twee: 'n Geskikte dirigent word gevind	211
3.2.2.1	Ontwikkeling in die sewentigerjare regverdig 'n orkes	211
3.2.2.2	Dr. Henkins kom met die idee van prof. De Groote as dirigent	212
3.2.2.3	Die Provinsiale Sekretaris sowel as die Administrateur verleen toestemming	214
3.2.2.4	Prof. P. de Groote word gespreek	215
3.2.2.4.1	Prof. en mev. De Groote aanvaar die betrekkinge	216
3.2.2.4.2	Samewerking van die pers word verkry	216

3.2.2.4.3	'n Brief van prof. Swanepoel aan die Registrateur	217
3.2.2.4.4	'n Haakplek rondom die De Groote-aanstelling	218
3.2.2.4.5	Die Senaat keur die aanstelling goed: 'n Persberig	219
3.2.3	Fase drie: 'n Voorlopige orkestekomitee word aangestel	219
3.3	'N SIMFONIEORKES KOM TOT STAND	220
3.3.1	'n Persverklaring	220
3.3.2	'n Krisissituasie rondom die instrumentiste se aanstellings	222
3.3.3	Die De Grootes arriveer in Bloemfontein	223
3.3.3.1	'n Koerantberig	223
3.3.4	Repetisies neem 'n aanvang	225
3.3.5	Die debuut-optrede voor 'n uitgenooide gehoor	226
3.3.5.1	'n Koerantberig	226
3.3.6	Name van die SUKOVŠ-orkeslede	228
3.3.7	Die eerste openbare optrede: 'n Resensie	230
3.3.7.1	Kommentaar op die resensie	231
3.4	VERWYSING NA DIE VERHANDELING VAN E.C. LABUSCHAGNE	231
3.5	PROBLEME RONDOM DIE BEGELEIDING VIR OPERA	232
3.5.1	Die orkes is na sy stigting nie beskikbaar vir begeleiding nie	232
3.5.2	Die Operakomitee benodig die orkeslede vir die 1976-operaseisoen	232
3.5.2.1	Die orkeslede reageer nie op die versoek nie	232
3.5.3	Die Adviserende Orkestekomitee besluit dat die orkes nie die begeleiding kan waarneem nie	233
3.5.3.1	Die redes	233
3.5.4	Die Durbanse Simfonieorkes is nie beskikbaar vir die 1977-operaseisoen nie	235

3.5.4.1	SUKOVS beplan om lede van die O.V.S.- Simfonieorkes te gebruik	235
3.5.4.2	Die instansies maak toegewings	235
3.5.4.3	Sake verloop gunstig - lede van die orkes sal die 1977-operabegeleiding waarneem	236
3.5.4.4	'n Wysiging in die SUKOVS-kontrak ...	236
3.6	DIE ORKESPROGRAM SE VOORTBESTAAN WORD BEDREIG	236
3.6.1	Die Internasionale Ballet-begeleiding skep probleme	236
3.6.2	Beperkte SUKOVS-finansies	237
3.6.3	'n Ad hoc-komitee word aangestel om te besin oor die toekoms van die orkes .	238
3.6.4	Die orkesprogram dreig om in duie te stort	238
3.6.5	Die ad hoc-komitee beveel aan dat die orkes onder die U.O.V.S.-administrasie geplaas word	239
3.6.6	Prof. De Grootte bly aan in die nuwe bedeling	239
3.7	PROF. DE GROOTE TREE AF	240
3.7.1	Die redes vir sy vertrek	240
3.7.2	'n Gasdirigente-skema word ingestel .	240
3.7.3	Twee nuwe aanstellings in die plek van die De Groottes	241
3.7.3.1	Die voordele	241
3.8	DIE O.V.S.-SIMFONIEORKES WORD WEER ON- DER DIE SUKOVS-ADMINISTRASIE GEPLAAS .	241
3.8.1	Struikelblokke in die weg van die oor- name	242
3.8.2	Die drie instansies kom tot 'n verge- lyk	243
3.8.3	Die O.V.S.-Simfonieorkes word vanaf 1 April oorgeneem	244
3.8.4	Wysigings in die nuwe bedeling	244
3.8.4.1	'n Direkteur van Orkesdienste word aangestel	245
3.8.4.2	Pligte van die Direkteur	245
3.8.4.3	Dr. E. Cree word aangestel	245

3.9	SUKOV'S RIG 'N VERSOEK VIR 'N BE- ROEPSORKES	245
3.9.1	Die Niemand-kommissie van ondersoek na die Uitvoerende Kunste	246
3.9.1.1	Die lede van die kommissie	246
3.9.1.2	Aanbevelings van die kommissie	247
3.9.2	Die SUKOV'S-Simfonieorkes-lede is vanaf 1979 beskikbaar vir begeleiding	247
3.9.3	NARUK rig vertoë vir 'n volwaardige orkes	248
3.9.3.1	Nadele verbonde aan so 'n stap	248
3.9.3.2	Die Provinsiale Sekretaris stel 'n kommissie van ondersoek aan na orkes- ontwikkeling in die O.V.S.	248
3.9.3.2.1	Bevindings van die kommissie	248
3.9.3.2.2	Kommentaar en aanvullende inligting .	255
3.9.3.3	Nuutste verwikkelings rondom die tot- standkoming van 'n NARUK-orkes	256
3.9.4	Die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S.	256
3.9.4.1	Die lede van die ad hoc-komitee	257
3.9.4.2	Die opdrag aan die komitee	257
3.9.4.3	'n Werkgroep word aangestel	257
3.9.4.4	Die verslag word deur mnr. D.I.C. de Villiers geskryf	258
3.9.4.5	Die belangrikste probleme wat die hui- dige stelsel ondervind, soos bevind deur die komitee	258
3.9.4.6	Die voordele van die bestaande stel- sel	260
3.9.4.7	Die komitee bepaal die doelstellings vir die O.V.S. se orkesdienste	265
3.9.4.7.1	Middele om die doelwitte te verwesen- lik	266
3.9.4.8	Metodes vir die kort- en mediumtermyn- beplannings	268
3.9.4.9	Die bevindings en aanbevelings van die komitee	270
3.10	Nuutste verwikkelings rondom die Pie- naar-komitee-aanbevelings	272

3.10.1	Verwysing na die verhandeling van E.C. Labuschagne	272
3.10.2	'n Jeugsimfonieorkes kom tot stand ..	273
3.10.3	Aanpassings van die interne beheer ..	273
3.10.4	Bykomende aanstellings	274
3.10.5	Slot	274
	VOETNOTE EN VERWYSINGS	276
	BIBLIOGRAFIE	281
	OPSOMMING	292

HOOFSTUK 11. DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET

1.1 AANLEIDENDE OORSAKE TOT STIGTING

1.1.1 'n Beperkte aantal leerlinge ontvang onderrig
in orkesinstrumente

Soos elders in Suid-Afrika (en seker maar in groot dele van die Westerse wêreld) het die klavier dekades lank 'n oorheersende rol ten opsigte van musikale onderrig in die Vrystaat gespeel. Volgens mnr. D.I.C. de Villiers, baie jare lank Musiekinspekteur en Hoof van Musiek aan die O.V.S.-Onderwysdepartement, was dit so erg dat die woorde "my kind neem musiek" beteken het "my kind neem klavier."¹

1.1.2 Mnr. P.J. Lemmer doen aanvoorwerk

Gelukkig is die tekortkomings van die bestaande toestand besef deur versiene musici. Verandering sou kom, hoewel dit uiters stadig sou gaan. So kon mnr. P.J. Lemmer, destydse inspekteur van musiek en sang aan die O.V.S.-Onderwysdepartement, dan noem dat sy seun Leonard Lemmer die eerste leerling was wat dit in die vroeë vyftigerjare durf waag het om die dwarsfluit aan te bied as praktiese deel van die vak musiek vir matriek. Hy beskryf dit as volg: "Ek het by my departement aangeklop en hulle van hierdie nuwe wending, waaroor ek verheug was, verwittig. Tot my spyt het hulle nie saam met my gestem nie, en het die hande na die hemel gelig en gesê 'nee! ons kan dit nie toelaat nie, want' sê hulle 'ons het nie 'n eksaminator en 'n sillabus ensovoorts nie. Kom ons hou maar by die klavier, viool en basviool.' Ek sê toe aan hulle die volgende: 'Ek gaan nou vir u raad gee as u inspekteur: kom ons doen weg met die klavier.' Hierdie stelling is doelbewus deur my gemaak om hulle in die bek te ruk. Ek deel hulle toe die volgende mee: 'Kyk! my rede is dit: as jy vir die jongmense toelaat en vir hulle die onderrig skep, dat hulle



Mnr. P.J. Lemmer

die dwarsfluit, die piccolo, die klarinet, die hobo, die Franse horing, die skuiftrompet, die trompet kan neem, kan hulle in 'n groep kollektief saam musiek maak. Dit het oneindige moontlikhede vir toere, dit is groot pret en jy kan byna jou instrument in jou sak steek en saam met jou neem.' Die Departement deel my toe mee dat ek 'n sil-labus moet opstel en dan 'neem u die leerling na Johannesburg, waar die eksaminator bly wat u ken, maar u sal on-gelukkig u eie koste moet betaal.' Ek sê toe: 'Mnr. die Direkteur ek is baie jammer maar dit sal die dag wees. Ek wil graag hê u moet hierdie gebeure sien as 'n deurbraak vir al ons jongmense.' Hulle het toe kop gegee en alle on-kostes is deur die Onderwysdepartement gedra."²

Mnr. Lemmer het hom klaarblyklik oor die algemeen aktief beywer vir die uitbouing van onderrig in orkesinstrumente. In 'n artikel wat in die Uniefeesbylae tot Die Volksblad van 19 Mei 1960 verskyn het, lug hy die volgende toekoms-gedagtes: "Oor die toekoms net die volgende paar gedagtes. Daar moet van staatsweë hulp verleen word om te sorg vir lewende orkesmusiek en opera in ons land... Ons moet meer konsentreer op die groepidee van musiekmaak. Ons moet af-sien van die ingewortelde idee dat die klavier ons nasiona-le instrument is en dat elke seun en dogter hierdie moeilik-ste en duurste van alle musiekinstrumente moet leer bespeel. Laat ons ook aandag skenk aan die blokfluit, snaar-, hout-blaas-, en koperinstrumente. Die jeug sal nie alleen die avontuur intens geniet nie, maar hulle sal ook die lede van ons toekomstige orkeste wees..."³

1.1.3 Statistieke omtrent vioolonderrig

Dit is duidelik dat persone soos mnr. Lemmer en De Villiers hulle beywer het vir die instelling van onderrig in alle orkesinstrumente. Wat die strykinstrumente betref, kon daar vasgestel word dat slegs enkele leerlinge in die laat vyf-tigerjare in Bloemfontein by wyle mnr. Victor Pohl, in Har-rismith by wyle dokter Block, en op Kroonstad by mnr. Vic-tor Japp vioolonderrig ontvang het. Persentasiegewys was hierdie leerlinge minder as een persent van die totaal wat

amptelike onderrig ontvang het.⁴ "By een groot Vry-staatse skool was daar in 1959 een vioolleerling teenoor eenhonderd-sewe-en-sestig klavierleerlinge. Die toestand was feitlik orals dieselfde..."⁵

1.1.4 Mnr. Pohl stig 'n strykensemble

Die getalle het egter geleidelik toegeneem en om en by Oktober 1959 het mnr. Victor Pohl 'n stryk-ensemble gestig. Die volgende berig het in Die Volksblad van 3 Oktober 1959 verskyn: "Victor Pohl verdien lof en waardering vir die oulike stryk-ensemble wat hy uit leerlinge en studente saamgestel het. Bloemfontein is baie arm aan orkeste en kamer-musiekensemble's [sic.]. Daarom is 'n mens dankbaar vir die aanmoediging wat die jong mense in hierdie verband kry.

"Slegs wanneer 'n operet of oratorium uitgevoer word, word 'n tydelike orkes in ons stad saamgestel. 'n Permanente groep wat by skole en voor die publiek kan optree, bestaan eintlik nie. In hierdie verband kan mnr. Pohl se ensemble goeie werk doen. Die groep is reeds versoek om aan 'n uitsaaiprogram vir die jeug deel te neem en het ook al by verskeie skole opgetree. Victor Pohl is die dirigent van die ensemble wat deur sy vrou op die klavier bygestaan word..."⁶ Op 'n foto van die stryk-ensemble wat saam met die bostaande berig geplaas is, verskyn daar dertien violiste. Ons kan aanneem dat dit die totale aantal studente en skoliere was wat onderrig in Bloemfontein ontvang het. Hieruit is dit dus duidelik dat vioolonderrig geen noemenswaardige rol gespeel het nie, as die letterlik honderde klavierleerlinge in ag geneem word.

1.1.5 Die toestand van sake wek bekommernis

Hierdie toestand van sake was rede tot groot bekommernis vir beide die destydse Hoof van die Musiekdepartement aan die U.O.V.S., prof. L. Quayle, en mnr. D.I.C. de Villiers, destydse Inspekteur van Musiek aan die Onderwysdepartement van die O.V.S. Albei persone het by hulle onderskeie owerhede pleidooie gelewer om iets te doen wat in hierdie opsig ver-



Prof. Leo Quayle

betering sou kan meebring.⁷

1.2 AANLOOP TOT STIGTING VAN 'N STRYKKWARTET

1.2.1 Die Bloemfonteinse Stadsraad wil 'n orkes stig

Gebeurtenisse wat daarop gedui het dat die regte soort aanvoorwerk al meer sukses sou afwerp, het nou verblydend snel op mekaar begin volg -

Prof. Leo Quayle, tans (9 Desember 1982) Hoof van Musiek by TRUK, onthou dat hy in 1958 aangestel is as Hoof van Musiek aan die U.O.V.S. Gedurende dieselfde jaar het mnr. A.E. Viljoen, destydse Raadslid van die Bloemfonteinse Stadsraad, hom ingeroep en aan hom die volgende meegedeel: "Aangesien u nou hier is, moet ons nou 'n orkes stig." - "Mnr Viljoen deel my toe mee dat hulle oor al die instrumente beskik, waarop hy my na die kelder van die Bloemfonteinse stadsaal neem, en aan my 'n aantal blaasinstrumente toon, wat aan een of ander militêre orkes behoort het wat teen die einde van die Negentiende Eeu daar gestasioneer was. Dit was interessante musiekinstrumente, maar gladnie voldoende vir die samestelling van 'n simfonieorkes nie. Ek moes hom toe egter meedeel dat ons nie oor persone beskik om strykinstrumente te bespeel nie, en omdat strykinstrumente die nukleus van enige simfonieorkes vorm, is dit onmoontlik om 'n orkes tot stand te bring. Hierna het hy aan my gevra wat ons kan doen om die probleem te oorbrug, waarop ek hom die volgende meedeel: 'Ten eerste is dit 'n langtermynproses, waar leerlinge opgelei moet word om strykinstrumente te leer bespeel. Wat ons op die oomblik nodig het is onderwysers.' Mnr. Viljoen het hierna aan my die vraag gestel 'hoe dink u moet ons te werk gaan om dit te bereik?', waarop ek hom belowe het om daaroor na te dink. Na 'n paar dae het ek met die idee gekom, wat ek in Swansea, Engeland gesien het, waar 'n voltydse strykkwartet aan 'n universiteit verbonde was om onderrig en uitvoerings te gee. Ek maak toe die voorstel dat vier strykers na Bloemfontein getrek moet word, om so 'n kwartet te vorm en onderrig en uitvoerings te verskaf."⁸

1.2.2 'n Memorandum word opgestel

Beide prof. Quayle en mnr. De Villiers het 'n gewillige oor gevind in prof. B. Kok, destydse Dekaan van die Departement Lettere en Wysbegeerte aan die U.O.V.S., en ook in die destydse Adjunk-Direkteur van Onderwys in die O.V.S., mnr. E.E. van Kerken. Hierdie twee gekultiveerde persone is dan ook betrek by die opstel van die volgende memorandum, wat die Stadsraad van Bloemfontein gedurende Maart 1959 ontvang het. Die memorandum skets eerstens die regverdiging vir die uitbouing van musiekonderrig na strykonderrig. Die moontlike implementering van so 'n stap word dan breedvoerig behandel:

"DIE DIREKTEUR VAN ONDERWYS IN DIE O.V.S.
S.E. DIE BURGEMEESTER VAN BLOEMFONTEIN
DIE REKTOR, UNIVERSITEIT VAN DIE O.V.S.

STIGTING VAN 'N SNAARKWARTET EN DIE GELYKTYDIGE
VERSKAFFING VAN ONDERRIG IN SNAARINSTRUMENTE
AAN SKOLIERE EN AAN STUDENTE VAN DIE MUSIEKKON-
SERVATORIUM VAN DIE U.O.V.S.

1. Na aanleiding van die voorlopige besprekings met u persoonlik gevoer, lê die ondergetekendes nou beleefd hierdie aansoek vir gunstige oorweging aan u voor.
2. Wat die Vrystaatse skole betref kan onderrig in sang en die klavier beskou word op baie bevredigende grondslag te wees. Vanaf die dae toe sang ernstige aandag op ons skole begin geniet het, is geweldige vordering gemaak en het nie alleen sang nie maar ook musiekonderrig op die piano [sic.] 'n vaste plek in ons skole verower.

Met die onlangse stigting van 'n Musiekkonservatorium by die U.O.V.S. is 'n groot voorwaartse stap geneem met die aanbieding van Diplomakursusse in piano, sang en orrel. Die getalle studente is onmiddellik verdubbel en die belangstelling wat selfs liggame ander as suiwer kultuurliggame, in hierdie nuwe ontwikkeling toon, be-

lowe goed vir die toekoms.

Die Munisipaliteit van Bloemfontein het in toenemende mate belangstelling vir die uitbouing van die musieklewe in die stad getoon en het alle belowende pogings in hierdie rigting moreel en ook finansieel gesteun.

3. As die groot getalle inskrywings by kunswedstryde oor die hele provinsie van skoliere en jongmense wat reeds ons skole verlaat het as 'n aanduiding kan dien van die mate van sukses wat reeds behaal is met die pogings tot die musikale opvoeding van veral ons jong mense, dan is die resultate beslis bemoedigend. Daar is ook ander baie bemoedigende tekens dat musiek steeds groeiende belangstelling geniet soos byvoorbeeld die groot opkomske by sangfeeste, die gewilligheid waarmee jongmense deelneem aan koorsang, ens.

Dit is seker redelik om te hoop dat namate ons musiekonderrig meer en meer belangstellendes en opgeleides in musiek lewer, die groot kultuurskat van die musiek ook deel van ons volkseïendom sal word.

4. Terwyl sang en die piano seker as basies kan beskou word wat musiek betref, ly dit egter geen twyfel nie dat die viool, die alt-viool en die tjello as ewe fundamenteel beskou moet word. Hierdie snaarinstrumente is die fundamentele waarop 'n orkes gebou word. Die snaarkwartet is sonder twyfel een van die grootste draers van die toonkuns en word deur sommige kenners verkies bo die orkes self. Met die onderrig van hierdie instrumente is daar egter in ons skole sowel as aan ons Universiteit geen begin gemaak nie. Die enigste onderrig word verskaf deur 'n paar privaat onderwysers/esse en alleen op enkele plekke in ons provinsie.
5. Met inagneming van die fundamentele wat reeds gelê is, sal dit hopelik nie so 'n langsame en moeisame taak wees as wat die geval met sang en die piano was, om ook die snaarinstrumente tot die aandag van leerlinge

en studente sowel as die publiek te bring nie. Die ondergetekendes glo egter dat 'n klein begin op 'n hegte grondslag en met min koste ewe doeltreffend kan wees as duurder planne van wyer omvang.

Net soos kore en sangfeeste as vanself ontstaan het as gevolg van sangonderrig, so kan hopelik amateurorkeste ontstaan namate meer en meer spelers van snaarinstrumente opgelei word en by die publiek waardering vir instrumentale musiek groei.

6. Die ondergetekendes stel dus voor om met 'n snaarkwartet bestaande uit vier deeglik opgeleide en betreklik hoogstaande professionele kunstenaars te begin.

Hierdie kwartet sal gebruik word om gereelde uitvoerings te gee op Bloemfontein sowel as op ander sentra in die provinsie en om in Bloemfontein onderrig te gee aan leerlinge van skole en studente van die U.O.V.S.

Met die uitvoerings wat die kwartet gee, sal uitvoerings vir skoliere besonder aandag geniet omdat opvoedingswerk die hoofdoel van die kwartet sal wees.

7. Om kunstenaars van die gewenste gehalte te trek sal dit nodig wees om aan hulle 'n 5-jaar kontrak en die volgende salarisse te bied:-

1 ^e Viool en leier:	£1500 per jaar, lewenskoste ingesluit
2 ^e Viool	: £1100 per jaar, lewenskoste ingesluit
Alt-viool	: £1100 per jaar, lewenskoste ingesluit
Tjello	: £1400 per jaar, lewenskoste ingesluit

8. Omdat die doelstellings met die kwartet dieselfde is as die onmiddellike oogmerke van die Departement van Onderwys van die O.V.S., die Munisipaliteit van Bloemfontein en die Universiteit van die O.V.S., het ondergetekendes die vrymoedigheid om hierdie drie instansies te nader met die volgende voorstel naamlik dat:

- (a) elkeen van die genoemde instansies 'n bedrag van £1700 per jaar vir 5 jaar waarborg om die salarisse van die lede van die kwartet te betaal
- (b) die kwartet dan onderneem om minstens 5 publieke uitvoerings per jaar op Bloemfontein sowel as uitvoerings op ander plekke in die O.V.S. te gee. Indien gewens sal publieke uitvoerings voorafgegaan word deur middaguitvoerings vir skoliere
- (c) die kwartet onderneem om minstens 24 uur per week les te gee aan skoliere op Bloemfontein en minstens 24 uur per week les te gee aan studente van die Musiekkonservatorium van die U.O.V.S.
- (d) die fooie vir onderrig deur die kwartet verskaf aan skoliere deur die Departement van Onderwys gehef word en die opbrengs aan fooie aan die Provinsiale Administrasie van die O.V.S. oorbetaal word
- (e) die fooie vir onderrig deur die kwartet verskaf aan studente deur die Raad van die U.O.V.S. gehef word en aan die Raad oorbetaal word
- (f) 40% van die opbrengs van enige publieke uitvoerings van die kwartet op Bloemfontein aan die Munisipaliteit oorbetaal word en dat die balans van die opbrengs gebruik word om lopende uitgawes van die kwartet te dek, soos die aankoop van musiek, advertensie, ens.
- (g) die kwartet beheer word en sy finansies bestuur word deur 'n komitee bestaande uit prof. Leo Quale [sic.] van die U.O.V.S., wat as afrigter van die kwartet sal optree, en één verteenwoordiger van elk van die drie samewerkende instansies naamlik die O.V.S. Departement van Onderwys, die Munisipaliteit van Bloemfontein en die Raad van die U.O.V.S.

Dit sal ook 'n plig van hierdie komitee wees om eenmaal per jaar 'n volle verslag van die werksaamhede van die kwartet, insluitende 'n finansiële verslag, aan elkeen van die drie genoemde instansies te verstrek

- (h) dit 'n funksie van die komitee in (g) hierbo genoem, sal wees om die personeel van die kwartet te vind en aan te beveel maar dat enige kontrakte wat met lede van die kwartet aangegaan word onderteken word deur of namens S.E. die Administrateur van die O.V.S., S.E. die Burgemeester van Bloemfontein en die Voorsitter van die Raad van die U.O.V.S. aan die een kant en die betrokke kwartetlid aan die ander kant.

9. Dit is skaars nodig om enige breedvoerige verduideliking van die voordele van bostaande plan aan u te gee. Ons neem egter die vryheid om alleen die volgende paar gesigspunte tot u welwillende aandag te bring:

- (a) Die stigting van 'n vaste snaarkwartet van die beoogde gehalte op Bloemfontein sal die eerste poging van sy soort wees in die Unie van S.A.
- (b) Die plan lê nie 'n ondraaglike finansiële las op enigeen van die samewerkende instansies nie en tog bevat dit groot moontlikhede vir die verryking van die kultuurlewe van ons skoliere, studente en die publiek.
- (c) Die onderrig wat die kwartet verskaf is nie beperk tot die viool nie, maar behels al drie die basiese snaarinstrumente.
- (d) So 'n kwartet kan 'n luisteryke bydraag lewer tot enige groot geleenthede op Bloemfontein insluitende die aanstaande Uniefees, indien spoedig genoeg tot die stigting van die kwartet oorgegaan kan word.

LEO QUAYLEB. KOKJ. de W. KEYTERE. E. VAN KERKEN."⁹

Tydens 'n gewone vergadering van die algemene doeleindeskomitee wat op 11 Maart 1959 gehou is, het die Bloemfonteinse Stadsraad 'n sub-komitee, bestaande uit die destydse Burgemeester Raadslid J.F. Enslin en Raadslede A.E. Viljoen en C. v. H. du Plessis, aangewys om verdere samesprekings met die ander twee instansies te voer.¹⁰

1.2.3 Die O.V.S. -Onderwysdepartement neem die eerste inisiatief

Die Onderwysdepartement van die O.V.S. het die eerste inisiatief geneem, en daar is per Uitvoerende Komitee Besluit No. 533 van 4 Mei 1959 voorstelle goedgekeur om 'n strykwartet in die Vrystaat tot stand te bring. Onderstaande skrywe, gedateer 14 Mei 1959, van mnr. Van Kerken aan die Burgemeester van Bloemfontein, bevat 'n afskrif van die Uitvoerende Komitee-besluit:

"U Edele,

"Volgens mondelinge afspraak, stuur ek aan u 'n afskrif van die besluit van die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad van die O.V.S. en sal graag enige verdere inligting wat u mag verlang, verskaf.

"BESLUIT: Dat die voorstelle soos in die memorandum vervat aanvaar word maar dat die Administratiewe prosedure soos in paragraaf 5 hierbo uiteengesit gevolg word in plaas van die prosedure soos in die memorandum uiteengesit.

"'n Opsomming van die aanbevelings is as volg:-

- (a) Die O.V.S. Administrasie, die Raad van die U.O.V.S. en die Stadsraad van Bloemfontein onderneem om elkeen jaarliks en vir 'n periode van 5 jaar die bedrag van

£1700 te waarborg om die salarisse te betaal van die 4 lede van 'n snaarkwartet op Bloemfontein.

- (b) Die Administrasie stel die 4 lede van die voorgestelde kwartet aan op die personeel van die Onderwyserskollege en aanvaar die volle finansiële verantwoordelikheid ten opsigte van hulle salarisse naamlik, hoogstens £5100 per jaar vir 5 jaar.
- (c) Alle inkomste uit lesgelede en konserte word in die provinsiale inkomsterekening inbetaal.
- (d) Aan die einde van elke boekjaar betaal die Universiteit die verskil tussen £1700 en lesgelede ontvang ten opsigte van studente in by die Provinsiale Rekenmeester, en die Munisipaliteit van Bloemfontein die verskil tussen £1700 en die opbrengs van minstens 5 konserte per jaar deur die kwartet op Bloemfontein. Die wins tot 'n bedrag van £1700 moet aan die Munisipaliteit oorbetaal word, maar daarbo aan die Administrasie.
- (e) Die Provinsiale Rekenmeester word gemagtig om 'n bedrag nie hoër as die inkomste van konserte deur die kwartet gehou op Vrystaatse dorpe ander as Bloemfontein, beskikbaar te stel om die kostes van die kwartet te dek soos aankoop van musiek, reis- en verblyfkoste tydens besoeke aan plattelandse dorpe, huur van sale op die platteland ens. 25% Van die plattelandse wins moet aan die Administrasie toeval.
- (f) Die kwartet se konserte gereël word [sic.] deur 'n komitee bestaande uit prof. Leo Quayle van die U.O.V.S., wat as afrigter van die kwartet sal optree, en één verteenwoordiger van elk van die drie samewerkende instansies naamlik die O.V.S. Departement van Onderwys, die Munisipaliteit van Bloemfontein en die Raad van die U.O.V.S.

Dit sal ook 'n plig van hierdie komitee wees om eenmaal

per jaar 'n volle verslag van die werksaamhede van die kwartet, insluitende 'n finansiële verslag, aan elkeen van die drie genoemde instansies te verstrek.

- (g) Dat bostaande besluite alleen van krag sal wees indien die Raad van die U.O.V.S. en die Munisipaliteit van Bloemfontein bereid is om op die basis, soos besluit, saam te werk.

"Intussen het ek 'n brief namens u Stadsklerk ontvang waarin 'n onderhoud met 'n komitee van u Raad gevra word op 19 of 20 Mei 1959. Ek het voorlopig voorgestel 3 nm. op 20 Mei as 'n geskikte tyd vir die onderhoud en dat ons afvaardiging sal bestaan uit prof. Groenewoud, prof. Leo Quayle en myself."¹¹

1.2.4 Die drie instansies hou samesprekings

Samesprekings tussen verteenwoordigers van die drie beplande samewerkende instansies het inderdaad op 20 Mei 1959 plaasgevind. 'n Notule van hierdie vergadering word vervolgens aangehaal:

"PRESENT:

"Councillor J.F. Enslin (Mayor-in the Chair)
 Councillor A.E. Viljoen
 Councillor C. v. H. du Plessis
 and
 Mr. E.E. van Kerken (Deputy Director of Education)
 Prof. dr. F. Groenewould [sic.] (Rector U.O.F.S.)
 Prof. Leo Quayle.

"The Mayor welcomed the deputation and requested them to state their case.

"The attached memorandum setting out the official resolution adopted by the Executive Committee of the Provincial Council was tabled.

"It was explained by prof. Groenewould that it had now been decided that the four members of the quartet would be appointed as full time members of the personnel of the Teachers' College and that the Department of Education would accept full responsibility for the appointments and their salaries amounting to approximately £5100 per annum.

"Mr. Van Kerken requested that the paragraphs of the memorandum which had been submitted to the City Council during March, copy of which is attached, relating to the financial implications of the establishment of the proposed quartet should be disregarded. All that would now be required of the City Council was to furnish the Administration with a guarantee of £1700 per annum for a period of 5 years. The Council of the University and the Department of Education had undertaken to furnish guarantees of £1700 each per annum. All income derived from at least 5 concerts per annum would accrue to the City Council and would be set off against Council's guarantee of £1700. Should any additional concerts be held in Bloemfontein the income derived therefrom would also accrue to the City Council in toto. At the end of the year Council would only be responsible for payment to the Administration of the difference between the income derived from the concerts as set out above and its guarantee of £1700.

"It was pointed out, however, that should the income of the concerts held in Bloemfontein exceed the amount of £1700 no refund would be made by the Administration. He wished to emphasize, however, that by virtue of the fact that the members of the quartet would be on the staff of the Teachers' College, no entertainment tax would be payable on the income derived by the City Council from their concerts. It was considered that this undertaking would create a loss of plus minus £1000 to the U.O.F.S. and a loss of about £1400 to the Administration, while Council's loss would be between £500 and £700 per annum.

"Prof. Quayle explained that applications for members of the quartet would be invited by means of advertisements and that

local talent would thus also be enabled to apply; to which Mr. Van Kerken added that members of the quartet, in order to qualify for appointment on the personnel of the Teachers' College would have to be bilingual.

"Council's representatives were unanimous that the recommendations as set out in the attached memorandum would be acceptable to the Council and that the matter would be submitted to the Finance Committee and Council for decision.

"It is intended that the quartet should start operation on the 1st January, 1960..."¹²

1.2.5 Die Bloemfonteinse Stadsraad neem 'n besluit

Sake het besonder gunstig en vlot verloop, en die Stadsklerk het in 'n brief van 9 Junie 1959, mnr. Van Kerken van die volgende Stadsraad-besluit voorsien:

"Met verwysing na u brief van 14 Mei 1959, en u onderhoud met verteenwoordigers van my Raad op 20 Mei 1959, wens ek u mee te deel dat die Stadsraad besluit het om 'n bedrag van £1700 per jaar vir 'n tydperk van 5 jaar te waarborg, as deelse betaling van die salarisse van die vier lede van die snaarkwartet.

"Kennis is daarvan geneem dat die inkomste uit minstens 5 konserte per jaar aan die Stadsraad toegeken sal word en dat dit van die Raad verlang word om die verskil tussen die inkomste en die gewaarborgde bedrag van £1700 in te betaal. Verder, dat enige inkomste uit addisionele konserte wat in Bloemfontein gehou word ook aan my Raad sal toeval.

"Die Stadsraad het Raadslid C.H. de Wet benoem as sy verteenwoordiger op die voorgestelde kwartet-komitee..."¹³

1.2.6 'n Koerantberig oor die beplande strykkwartet

Die nuus van die beplande stigting van 'n Vrystaatse Strykkwartet, is met groot geesdrif ook deur musiek liefhebbers

begroet. Daar het in Die Volksblad van 6 Junie 1959 die volgende opskrif en berig verskyn: "Strykkwartet verblydendste ding in jare: Die feit dat 'n professionele strykkwartet vir Bloemfontein en die hele provinsie in vooruitstig gestel word, is die verblydendste en verrassendste aankondiging op die gebied van musiek wat in baie jare gedoen is. Dit is ook van besondere betekenis dat hierdie besluit geneem is in die jaar waarin ons stadsteater ingewy is en wanneer die voorbereidsels vir aanstaande jaar se groot Uniefees hier getref word.

"Deeglike beplanning en beraadslaging het die aankondiging van hierdie besluit vooraf gegaan. Daar was talle praktiese probleme, maar gelukkig was daar genoeg oortuigde en deurdrywende persone om die ideaal nader aan die werklikheid te bring.

"Die gedagte van 'n strykkwartet het by prof. Leo Quayle van die Vrystaatse Universiteit ontstaan en die medewerking van die Raad van die Universiteit, die Stadsraad van Bloemfontein en die Provinsiale Administrasie was so hartlik dat al die nodige reëlings besonder vlot verloop het. Prof. Quayle verdien die grootste lof vir sy ondernemingsgees en versienheid. Waardering en dankbaarheid kom ook mnr. E. van Kerken, Adjunk-Direkteur van Onderwys, toe vir sy belangrike aandeel en vir praktiese wenke in verband met die opstel van die skema.

"Die viertal persone wat uiteindelik benoem sal word as lede van die kwartet, kom nie as individuele kunstenaars na Bloemfontein nie, maar hulle belangrikste taak en opdrag sal wees om as 'n eenheid op te tree en gereeld konserte te hou, nie net in Bloemfontein nie, maar ook op die platteland. Voorts word van elkeen verwag om 'n vasgestelde aantal leerlinge te neem, sodat Bloemfonteiners in die toekoms snaaronderrig by beroepsleermeesters met die hoogste kwalifikasies sal kan neem. Dit behoort as spoorslag te dien vir die jongmense om hulle meer op strykinstrumente toe te lê.

" 'n Beheerkomitee met verteenwoordigers van die Universiteit,

die Departement van Onderwys en die Bloemfonteinse Stadsraad sal besonderhede in verband met die werksaamhede en verpligtinge van die kwartet saamvat en sal ook behulpzaam wees met die opstel van die konsertbepalinge. So 'n strykkwartet kan as kern dien vir 'n meer uitgebreide ensemble en sal verseker dat ons gereeld na musiek van hoogstaande gehalte kan luister. Vir elke musiek liefhebber sal die uitvoeringe verryking en verruiming bring."¹⁴

1.2.7 Die betrekkings word geadverteer - voorbeeld

Die volgende stap was natuurlik om geskikte lede vir die strykkwartet te vind. Daar is wyd geadverteer. Die volgende kennisgewing wat in Die Volksblad van 28 Julie 1959 verskyn het, dien as voorbeeld:

"O.V.S. ONDERWYSDEPARTEMENT

"VAKATURES VIR VIER LEDE VAN 'N STRYKKWARTET

"Aansoeke word ingewag om die poste van twee violiste, een tjellis en een altviolis met die doel om vanaf 1 Februarie 1960 'n strykkwartet vir Bloemfontein en die Oranje-Vrystaat in die lewe te roep.

"Van die kwartet sal verwag word:

(a) om gesamentlik 48 uur per week les te gee - 24 uur aan die Konservatorium van Musiek van die Universiteit van die O.V.S. en 24 uur vir die Onderwysdepartement;

(b) minstens vyf konserte per jaar in Bloemfontein te gee;
en

(c) van tyd tot tyd op ander sentra van die Oranje Vrystaat konserte te gee.

"Die salarisse aan die poste verbonde is soos volg:

Eerste violis	-	£1400 per jaar (vaste salaris)
Tweede violis	-	£1200 per jaar (vaste salaris)
Altviolis	-	£1200 per jaar (vaste salaris)
Tjellis	-	£1300 per jaar (vaste salaris)



Mnr. E.E. van Kerken

"Die bekleërs van hierdie poste sal onderhewig wees aan die diensvoorwaardes soos van toepassing op die dosente van die Onderwyserskollege van die Oranje-Vrystaat.¹⁵

"Die aanstelling sal vir 'n tydperk van vyf jaar duur onderhewig aan wedersydse kennisgewing van drie maande.

"Applikante moet gewaarmerkte afskrifte verstrek van hul diplomas en sertifikate, van minstens twee getuigskrifte van goeie gedrag en 'n mediese sertifikaat, asook besonderhede aangaande ouderdom, geslag en huwelikstaat. Dit staan hul ook vry om behalwe bostaande getuigskrifte die name van hoogstens drie referente te noem by wie navraag gedoen kan word.

"Dit sal dien as 'n aanbeveling indien aansoekers minstens een of verkieslik albei die landstale magtig is.

"Dit sal gewaardeer word as die familie en vriende van Suid-Afrikaanse kunstenaars, wat besig is om hul studies in die buiteland voort te sit, hierdie kennisgewing onder hul aandag wil bring.

"Aansoeke moet gerig word aan die Sekretaris, Onderwysdepartement, Posbus 521, Bloemfontein, en hom voor of op 30 September 1959 bereik..."¹⁶

1.2.8 Redes vir die plasing op die Onderwyserskollege - diensstaat

Mnr. Van Kerken het met die idee gekom om die vier kwartettelede op die diensstaat van die Onderwyserskollege te plaas (vergelyk voetnoot 15 vroeër op hierdie bladsy). Die rede hiervoor was dat dit die enigste plek was waar die persone aangestel kon word teen die beplande salarisse. Die salarisse was baie meer as wat musici van daardie dae verdien het, daarom was dit, tesame met die vooruitsig om aan 'n universiteit klas te gee, 'n groot trekpleister.¹⁷ Ten spyte hiervan was die destydse gevestigde musici in sentra soos Johannesburg en Kaapstad skepties oor die onderneming

en huiwerig om hul werk te laat vaar en na Bloemfontein, wat destyds as 'n musikale woestyn beskou is, te kom.¹⁸ Nogtans is baie goeie aansoeke ontvang.¹⁹

1.2.9 'n Komitee finaliseer die aanstellings

'n Komitee van drie wat bestaan het uit mnr. D.I.C. de Villiers, wat die O.V.S. - Onderwysdepartement verteenwoordig, prof. L. Quayle van die U.O.V.S. en wyle Raads-lid C. de Wet van die Stadsraad van Bloemfontein, is aangestel met volmag om die aanstellings te finaliseer. Die benoeming van 'n komitee het vanselfsprekend die weg oopgemaak vir meningsverskille, wat dan ook nie uitgebly het nie. Die geheues van die betrokke nog lewende lede van die komitee dui verder ook nog op uiteenlopende herinnerings. Mnr. D.I.C. de Villiers onthou: "Met die aanwys van die tweede violis, altviolis en tjellis was daar onmiddellik konsensus aangesien die drie kandidate bo die ander uitgetroon het, nl. mnr. Noel Travers, Francois Bouguenon en Harry Cremers. Die aanstelling van die eerste violis was egter 'n probleem." Mnr. De Villiers en prof. Quayle het drasties verskil in hulle opinie in verband met die geskikte kandidaat.²⁰ Prof. Quayle het gevoel dat mnr. Peter-John Carter, 'n Suid-Afrikaner van geboorte en tans (25 November 1981) die eerste violis van die Allegrokwartet,²¹ (een van die beste kwartette in Engeland vandag) die geskikte kandidaat sou wees. Mnr. De Villiers het egter weer gevoel dat mnr. Jack de Wet, destydse eerste violis in die S.A.U.K.-orkes, die geskikte persoon vir die pos van eerste violis sou wees. Die uiteinde van die saak was dat mnr. C. de Wet, wat nie veel kennis van kamermusiek gehad het nie, die deurslaggewende stem moes gee en hy het besluit op sy naamgenoot nl. mnr. Jack de Wet.²²

Prof. Quayle onthou egter: "Ek het op daardie stadium gevoel dat Peter-John Carter, as eerste violis, en Bobby Cock, destydse solo-tjellis van die B.B.C.-Simfonieorkes, as tjellis groot internasionale prestige aan die Vrystaatse Strykkwartet sal verleen. My idee van 'n strykkwartet was dat dit werklik 'n wêreldberoemde strykkwartet moes word, wat

geweldig baie reklame vir Bloemfontein sou beteken. Die komitee het egter gevoel, want ek het nie op die komitee gedien nie, dat plaaslike musici eerder aangestel behoort te word."²³ Die menslike geheue vervaag maklik daarom is dit nie juis lewensbelangrik watter een van die betrokke persone reg onthou nie. Die bostaande inligting van beide prof. Quayle en mnr. De Villiers dien as illustrasie van die uitstekende aansoeke wat ontvang is ten spyte van wat by voetnoot 18 onder 1.2.8 op pp. 17 en 18 genoem is. Die inligting van prof. Quayle lewer verder bewys dat die aanstellingsoorwegings uiters realisties benader is.

1.3 STIGTING VAN DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET

1.3.1 Gegewens oor die vier strykers

Bondige gegewens oor hierdie vier persone is as volg:

Mnr. Jack de Wet is op 25 Augustus 1927 in Aliwal-Noord gebore. Nadat hy beide die Voordraers- en Onderwyslisensiaat-eksamen met lof geslaag het, is hy na Engeland waar hy onder andere die Fellowship van die Trinity College of Music verwerf. In Nederland het hy vyf jaar by die bekende Hongaarse vioolpedagoog, Oscar Back, studeer, en ook die diploma van die Amsterdamse Muzieklyceum behaal. Na sy terugkeer in die Republiek, was hy 'n tyd lank verbonde aan die Tegnieuse Kollege op Kroonstad, waarna hy as eerste violis in die orkes van die S.A.U.K. gespeel het.

Mnr. Noel Travers is op 16 Desember 1930 in Bloemfontein gebore. Hy was 'n oud-leerling van Victor Pohl en het die graad B. Mus. aan die Vrystaatse Universiteit verwerf. Hy het hierna onderrig van Michael Doré ontvang en later na Brussel vertrek, waar hy 'n student van die gevierde prof. Carlo van Neste was. In België het hy verskillende pryse vir vioolspel ontvang. Hy het twee beurse vir gevorderde studie, deur die Belgiese regering toegeken, ontvang, en was die leier van die Koninklike Conservatoire-orkes in Brussel. Hy het ook saam met die Belgiese Kamermusiekorkes 'n reeks van twaalf uitvoerings in Spanje gelewer. Voor sy terugkeer na die Vrystaat om in die Vrystaatse Strykkwartet



Die Vrystaatse Strykkwartet

V.l.n.r. verskyn: Mnr. Jack de Wet (eerste viool),
mnr. Noel Travers (tweede viool), mnr. Harry Cremers
(tjello), mnr. Francois Bouguenon (altviool)

Foto: SUKOVŠ

te speel, het hy in Wenen onder proff. Frans Holetschek en Ernst Maravec studeer.²⁴

Mnr. Francois Bouguenon is op 21 Julie 1911 in Den Haag gebore. Hy het aan die Koninklike Konservatorium studeer, waar hy met twee onderskeidings afgestuur het. Vanaf 1940-1945 was hy hoof-altviolis van die Utrechse Stadsorkes en vanaf 1945-1948 het hy dieselfde posisie in die Concertgebouw-orkes in Amsterdam bekleë. Gedurende 1948 het hy na Suid-Afrika geëmmigreer waar hy by die Johannesburgse Stadsorkes aangesluit het. In 1953 het hy by die S.A.U.K.-orkes as leier van die tweede viole sowel as eerste violis van die Radio-Strykkwartet aangesluit.

Mnr. Harry Cremers is op 28 Desember 1903 in Nederland gebore. Hy het studeer aan die Musikhochschule onder Emmanuel Feuermann en sy studies voortgesit aan die Koninklike Konservatorium te Luik, België, waar hy die Premier Prix verower het. As tjello-solis het hy saam met die orkeste van Praag, Berlyn, Hamburg, Brussel, Amsterdam, ens., opgetree, en was verantwoordelik vir solo-uitvoerings in die meeste van die Europese hoofstede. Vir 'n hele aantal jare was hy tjellis in die Schaetzer-kwartet. Hy was ook verbonde aan die beroemde simfonieorkes van Radio Hilversum. Vanaf 1950 was hy hoof-tjellis van die Kaapstadse Stadsorkes.²⁵

1.3.2 Verpligtings van die strykkwartet - kommentaar

Die kwartet het 'n imposante lys verpligtings gehad teenoor die verskillende instansies wat sy voortbestaan gewaarborg het. Teenoor die Provinsiale Administrasie van die O.V.S. was dit as volg:

- "(a) Elke lid van die kwartet moet 6 uur per week les in strykinstrumente gee aan skoliere. Gevolglik mag geen kwartetlid privaatles teen betaling gee aan skoliere nie aangesien sulke skoliere ingeskryf behoort te word deur bemiddelling van die Departement van Onderwys en die lesgelde die Departement toekom.

- (b) Die kwartet gee 24 konserte per jaar op plattelandse dorpe vir die rekening van die Provinsiale Administrasie. By elke sentrum wat besoek word, word ook 'n skoolkonsert vir leerlinge gegee.
- (c) Op Bloemfontein word gereeld konserte by skole gegee. Die kwartet mag dus nie anders as by bogenoemde konserte as kwartet op die Vrystaatse platteland optree nie, want dan sou hulle, deur sulke optrede, kompeteer met die belange van die Provinsiale Administrasie. Individuele lede van die kwartet mag egter op plattelandse sentra optree in hul vrye tyd.

"Teenoor die Bloemfonteinse Stadsraad moet die kwartet gemiddeld 5 konserte per jaar op Bloemfontein lewer. Dit sal gevolglik bots met die belange van die Stadsraad indien die kwartet by ander geleenthede as die bogenoemde 5 konserte in Bloemfontein as kwartet sou optree. Ter wille van die groot advertensiewaarde daarvan sal die kwartet egter toegelaat word om oor die radio op te tree indien hulle daartoe uitgenooi word. Individuele lede van die kwartet mag egter in hul vrye tyd in Bloemfontein optree of as soliste of in 'n groep saam met ander musikante. Trouens dit sal waardeer word indien kwartetlede in hul vrye tyd ook 'n bydrae kan lewer tot die algemene musiek en kultuurlewe van Bloemfontein in besonder en die Provinsie as geheel. Dit word egter besef dat die vrye tyd van die kwartetlede beperk is en dat dit nie vir hulle moontlik sal wees om aan alle musiek- en kultuurbedrywighede, veral in Bloemfontein, deel te neem nie. Hulle sal dus selektief te werk moet gaan en sal noodwendig voorkeur moet gee aan ondernemings wat poog om 'n hoë kulturele peil te handhaaf.

"Aan die Musiekkonservatorium van die Universiteit van die O.V.S. is elke kwartetlid 6 uur per week verskuldig vir onderrig aan studente. Die kwartetlede mag dus in Bloemfontein alleen onderrig in strykinstrumente aan volwassenes gee wat ingeskrewe studente van die Universiteit is, aangesien die lesgelde van sulke studente die Universiteit toekom.

"Wanneer kwartetlede in individuele hoedanigheid optree in hul vrye tyd by ondernemings waar toegang gevra word, kan hulle as professionele musikante 'n vergoeding vra vir hul dienste. Hierdie vergoeding sal egter nie hoër wees as die bedrae wat deur die S.A. Unie van Professionele Musikante vasgestel is nie. Vir Bloemfontein is hierdie fooie as volg vasgestel:

"As lid van 'n musiekensemble:-

Per oefening	:	R 4
Per publieke optrede	:	R 6
Vir optrede as solis	:	R20

"Die kwartetlede onderneem egter om elkeen by twee kulturele ondernemings waar geen vaste toegang gevra word nie per jaar op Bloemfontein gratis op te tree."²⁶

Dit is verstaanbaar waarom 'n kwartet gestig is, want vier spelers sou die koste wat salarisse betref binne perke hou. Dit is inderdaad ook 'n pragtige en lofwaardige idee. Die vereistes wat op papier aan hulle gestel is, het egter gedui op 'n onrealistiese en selfs onverstaanbaar vreemde idealisme. Om slegs enkele aspekte te noem:

elke lid moes 12 uur per week lesverpligtinge nakom;
 die kwartet moes 29 openbare konserte per jaar in Bloemfontein en die O.V.S. lewer;
 daar is verder van die kwartet verwag om + 30 skoolkonserte per jaar in die Vrystaat te lewer;
 die kwartetlede is dan nog vriendelik verplig om aan ander konserte ook deel te neem.

Onwillekeurig ontstaan die volgende vrae:

Wie sou die bostaande verpligtings na behore kon nakom?

Sekerlik nie betreklike jongmense soos mnre. De Wet en Travers van destyds nie; en

wie sou in 'n stad met die bevolking van Bloemfontein na 5 kwartetuitvoerings per jaar gaan luister, veral as die standaard van uitvoering dalk nou nie geweldig hoog sou wees nie (wat stellig verwag kon word).

1.3.3 Die eerste nie-amptelike optrede en 'n resensie

Die eerste nie-amptelike optrede van die kwartet was op 26 Mei 1960, tydens die Uniefeesvieringe, in die Joodse Gemeenskapsaal. Die rede hoekom daar na hierdie konsert as nie-amptelik verwys word, is omdat die altviolis, mnr. Bouguenon, hom eers vanaf 1 Desember 1960 permanent by die kwartet kon voeg. Die kwartet sou dus na hierdie datum voltallig wees. Mnr. Bouguenon het egter na Bloemfontein gereis vir repetisies en die nie-amptelike optrede op 26 Mei. Die volgende resensie het in Die Volksblad van 27 Mei 1960 verskyn: "Strykkwartet lewer van beste konserte in feestyd: Geskiedenis is gisteraand in Bloemfontein gemaak met die debuut van die VRYSTAATSE STRYKKWARTET: hier bestaan vir die eerste maal so 'n ensemble in die gesamentlike diens van 'n universiteit, 'n provinsiale administrasie en 'n stadsraad. Die idee van 'n dergelike samestelling en die uitmuntende gehalte van hul uitvoering kan ongetwyfeld lei tot veel grootser dinge. Die lede is Jack de Wet (viool), Noel Travers (2^e viool), Francois Bougenon [sic.] (altviool) en Harry Cremers (tjello). Die medium van 'n strykkwartet is 'n besonder moeilike en gevaarlike een: die kombinasie is erg deursigtig en die geringste tekortkominge of smering is onmiddellik opvallend en bederf die fyn tekstuur.

"In die lig hiervan reken ons met vrymoedigheid dat hierdie konsert een van die bestes in die Uniefeesvieringe was. Die viertal snariste het met 'n onderlinge begrip opgetree asof hulle al jare saam optree en wat hulle aanbied, was deurwrog met die keurigste inagneming van die tegniese samestelling, maar terselfdertyd was die musiek onderwerp aan sy regmatige styl- en gevoelsinhoud.

"Die balans was gaaf en die toonkwaliteit oor die algemeen aangenaam, en veral die resonante, vol toon van die tjello het besonder getref. Verfynde frasering en effektiewe stemmings- en volume-afwisseling het 'n gepoleerde kwaliteit aan die voordrag verleen. Jack de Wet het op bekwame maar onop-sigtelike wyse leiding gegee en die ander spelers het met 'n instinktiewe aanvoeling gereageer.

"Uit die vier werke wat voorgedra is, het die suiwere li-riek van die geliefde kwartet in a kleinterts van Schubert en die grasieuse kwartet in Es K. 160 deur Mozart die beste indruk gemaak. Die aanvangsnommer (Scarlatti se sonate vir vier Instrumente) was geneig tot ruheid, en die laaste werk (die Negerkwartet-Dvorak) is met warmte uitgevoer. Ons wens die kwartet van harte geluk met 'n gedenkwaardige uitvoering, en ons sien uit na hul verdere prestasies wat met verdieping en insinking in die groepspeel nog veel hoër momente gaan bereik."²⁷

Die voorafgaande lofrede getuig van 'n geregverdigde trots, alhoewel dit by latere lesers tot die wanindruk kon lei dat 'n hoë internasionale standaard bereik is.

1.3.4 'n Koerantberig oor die amptelike optrede, en 'n resensie

Met hierdie lofrede as agtergrond, sou die eerste amptelike uitvoering van die Vrystaatse Strykkwartet op 7 Februarie 1961 in die Ficksburgse stadsaal plaasvind. Daar word na die Ficksburgse optrede as amptelik verwys, omdat die kwartet nou permanent voltallig was, en dit die eerste optrede na die aansluiting van mnr. Bouguenon op 1 Desember 1960 was.

Die hoë aanprysing in Die Volksblad is met verdere beloftes in The Friend van 4 Februarie 1961 selfs oortref: "S. African music history will be made in the O.F.S.: Tuesday, February 7, will be a red-letter day in the history of music in the Orange Free State, and, for that matter, in the whole of the Union of South Africa. On that date in the town of Ficksburg in the eastern reaches of the province, the first official concert by the newly founded Orange Free State string quartet will take place in the town hall.

"Under the auspices of the mayor, who has invited musical dignitaries from all parts of the province for the occasion, the concert will herald a new era in music.

"The far-sighted policy of the Provincial Administration,

the Bloemfontein City Council and the University of the Orange Free State in creating this professional string quartet, the first ever in South Africa, will ensure that present and future generations of Free Staters will grow up with the opportunity of hearing string music superlatively executed while many in the Bloemfontein area will have the advantage of being able to study the violin, viola or 'cello with one or other of the talented members of the quartet. Already many pupils at Bloemfontein schools and students at the Conservatoire of Music, U.O.F.S., are receiving the benefit of expert instruction, the eventual outcome of which will be a crop of string players which will form the basis of future orchestras in the province.

"The historic concert at Ficksburg is the first of a series of 24 to be given throughout the Free State - excluding Bloemfontein which will have five concerts of its own in 1961. The programme, which is to be repeated at Rosendal the following night, at Senekal on February 9 and at Winburg on February 10 consists of the following works:

"Quartet Op. 3 No. 5 in F, by Haydn.
 Quartet Op. 18 No. 1 in F, by Beethoven.
 Quartet in E flat, K. No. 160 by Mozart.
 Quartet in E Minor, "Aus Meinem Leben," by Smetana.

"One of the most important features of these provincial tours by the quartet is that at each centre a special school concert will be given at which readily assimilable music will be played and where many youngsters will have an opportunity of getting to know how various stringed instruments look and sound.

"The four musicians, Jack de Wet, Noel Travers, Franz Bouganon [sic.] and Harry Cremers, have an unequalled opportunity before them. The future of instrumental music in this province lies in their hands. The good wishes of all who are interested in the cultural progress of the country will be with them on their first and successive per-

formances."²⁸

Soos kan verwag word, want die geesdrif het hoog geloop, het die volgende opskrif en resensie in Die Volksblad van 8 Februarie verskyn: "Strykkwartet wek geesdrif by gala-uitvoering: Soos dit by 'n gala-uitvoering hoort, het die gehoor by geleentheid van die plattelandse debuut van die Vrystaatse Strykkwartet gisteraand in die Ficksburgse stadsaal, geesdriftige byvalsbetuiging betoon vir die simpatieke en musikaal deurleefde samespel van die vier strykers. Daar het 'n feestelike stemming geheers en die spontane reaksie van die publiek kan as 'n besonder gunstige teken aanvaar word ten opsigte van die welslae van toekomstige konserte op die platteland.

"Vir onberispelike samespel en intuïtiewe gelykgestemdheid in die aanvoeling en vertolking is jarelange gekonsentreerde oefening nodig. Reeds in hierdie stadium egter, nadat die vier lede weinig meer geleentheid as 'n maand vir intensiewe repetisies gehad het, het die kwartet wat presiese samespel betref, 'n bewonderingswaardige standaard bereik en telkens ontroer met die gevoeligheid en innigheid van die vertolking.

"Die tegniese vaardigheid van elke lid van die kwartet verdien die hoogste lof en waardering. Daar was volop geleentheid om onder die indruk te kom van die eerste violis se selfversekerde en positiewe spel, van die tweede violis se netjiese en simpatieke strykwerk, van die altviolis se volryke toon en van die tjellis se eerlike en suiwere spel.

"Deur die jare kan so 'n kwartet tot 'n hegte en gevoelige eenheid ontwikkel, want net so belangrik as die tegniese bedrewenheid is die geestelike affiniteit wat nooit afgedwing kan word nie. 'n Mens kan dus aanneem dat die spel van die kwartet selfs nog suiwerder en presieser sal word namate die uitstekende verstandhouding wat daar reeds bestaan, tot iets heel besonders ontwikkel.

"Die eerste nommer op die program was Haydn se strykkwartet

in F (Op. 3, no. 5) wat onmiddellik geboei het vanweë die opregte, gemaklike en meeslepende vertolking. Die bekende Serenade-deel is vloeiend en singend deur die eerste viool vertolk.

"Beethoven se kwartet in F-majeur (Op. 18, no. 1) wat vaster spyse gebied het, was grootser en indringender van aard. Die juiste aanvoeling van die kwartet het iets besonders van hierdie skepping gemaak. Die Adagio is op aangrypende wyse voorgedra en die Finale flink en indrukwekkend.

"Mozart se kwartet in E-mol-majeur is weliswaar 'n jeugwerk, maar dit is so verfrissend bekoorlik dat 'n mens keer op keer met toenemende bewondering daarna luister. Een van die ontroerendste dele in die program was juis die lieflike Adagio uit hierdie werk, met innige oorgawe en subtiele aanvoeling voorgedra.

"Die program is afgesluit met Smetana se ekspressiewe werk, 'Aus meinem Leben,' 'n stuk wat geleentheid gebied het vir vreugdevolle sowel as opwindend-dramatiese spel. Dit is 'n hele prestasie om reg te laat geskied aan hierdie interessante werk waarin Smetana, soos hy dit self gestel het 'slegs my lewensloop in tone wou skilder...'

"Die 'Engelse Dans' van Gossec was 'n sprankelende toegifnummer. Die aandagtige wyse waarop die gehoor van begin tot end die spel gevolg en ingeneem het, moet as 'n pluimpie vir die voortreflikheid van die spelers beskou word en sal beslis dien as 'n aanmoediging met betrekking tot die edele taak wat hierdie puik groep strykers hulle as ideaal gestel het.

"Ficksburg verdien lof vir die wyse waarop hierdie belangrike uitvoering georganiseer is. Die reëlings in die saal was puik. Die burgemeester, mnr. G. Leonard, het die lede van die kwartet, die lede van die beheerkomitee uit Bloemfontein en vooraanstaande persone uit Ficksburg en omgewing op 'n gesellige dinee onthaal. Onder die



Mnr. D.I.C. de Villiers

Ek verklaar dat die verhandeling
wat hierby vir die graad Magister
Musicae aan die Universiteit van
die Oranje-Vrystaat deur my inge-
dien word, nie voorheen deur my
vir 'n graad aan enige ander
universiteit/fakulteit ingedien
is nie.

genit. stœnkamp.

VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie verhandeling is dit 'n behoefte van my hart om die volgende persone te bedank:

Prof. dr. J.H. Potgieter, my studieleier, vir sy wetenskaplike hulp, leiding en inspirasie.

SUKOVS, en in besonder mnre. Rex Hugo en H. Aucamp, vir die beskikbaarstelling van lêers, notules, jaarverslae en foto's, sowel as skriftelike verlof om dokumente, waar van toepassing, te reproduseer.

Die Bloemfonteinse Munisipaliteit vir die beskikbaarstelling van lêers, sowel as skriftelike verlof om dokumente, waar van toepassing, te reproduseer.

Die Musiekdepartement van die U.O.V.S. vir die beskikbaarstelling van talle dokumente, sowel as verlof om dokumente, waar van toepassing, te reproduseer.

Dr. J.A. Henkins vir mondelinge inligting en die goedgunstige beskikbaarstelling van die Vrystaatse Jeugorkes- en SUKOVS-Simfonieorkes-opnames.

Mnr. N. Travers vir mondelinge inligting en die beskikbaarstelling van die Vrystaatse Strykkwartet-opname.

Prof. J.G. de Wet vir mondelinge inligting en die beskikbaarstelling van koerantberigte.

Mnr. C. Swanepoel vir mondelinge inligting, sowel as skriftelike verlof om dokumente, waar van toepassing, te reproduseer.

Prof. dr. F.C.v.N. Fourie vir die beskikbaarstelling van foto's.

Mnr. P. Fourie vir die beskikbaarstelling van foto's en dokumente.

Die volgende persone wat waardevolle mondelinge inligting verskaf het:

Prof. L. Quayle
Prof. P. de Groot
Mnr. D.I.C. de Villiers
Mnr. P.J. Lemmer
Mnr. T. van Dongen
Mnr. H. Cremers
Mnr. E.E. van Kerken
Mnr. S. Kierman
Mnr. G. Turner
Mev. F.H. Odendaal
Mnr. F. Henkins.

Dr. H.K. Boshoff vir die gratis duplisering van die kassette.

Mej. M. Eales vir leiding i.v.m. die samestelling van die voetnote, verwysings en bibliografie.

My ouers vir hul finansiële ondersteuning, inspirasie en aanmoediging.

My susters en swaers vir hul belangstelling.

Mev. I. Rossouw vir die netjiese, knap tikwerk.

Bowenal, al die dank en eer aan my Hemelse Vader, want, aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid.

BLOEMFONTEIN

Junie 1983

eregaste was mnr. E. van Kerken, beskermer van die kwartet, en mnr. Dan P. van der Merwe, van Rosendal.

"Die burgemeester het die kwartet in die saal verwelkom en mnr. Van Kerken het 'n kort uiteensetting gelever van die totstandkoming, die strewe en ideale van die ensemble."²⁹

1.3.5 Kommentaar op die resensie

Vrae wat logies voortgevloei het uit die aanstellingsvoorwaardes van die kwartet is reeds aan die einde van 1.3.2 genoem. As dit nou verder in ag geneem word dat kwartette van Haydn, Mozart, Beethoven en Smetana - die een artistiek veeleisender as die ander! - in een program aangebied is na een maand van samespel, lees 'n verslag soos die pas aangehaalde een werklik interessant. "Simpatieke en deurleefde samespel...wat presiese samespel betref 'n bewonderenswaardige standaard...gevoeligheid en innigheid van die vertolking..." ens. is die hoogste hulde wat aan enige kwartet gebring kan word. Hierdie resensie en trouens alle resensies oor die Vrystaatse Strykkwartetoptredes is klaarblyklik geskryf vanuit die standpunt van pioniersomstandighede en deur belanghebbende persone. (Vergelyk ook kommentaar in hierdie verband onder 1.3.8 op p. 30.)

1.3.6 Die tweede optrede

Mnr. D.I.C. de Villiers onthou die volgende oor die tweede optrede van die strykkwartet op Rosendal: "Mnr. Dan P. van der Merwe, wat 36 jaar lank burgemeester van Rosendal asook L.P.R. was, het 'n ruk voor die Ficksburgse première opgewonde na my gekom en die volgende gesê: 'Hoe is dit nou dat die nuwe strykkorkes,' soos hy dit genoem het, 'hulle eerste uitvoering op Ficksburg gee, wat is verkeerd met Rosendal?' Gevolglik is die tweede uitvoering, die volgende aand op Rosendal gehou. Ek was uiters skepties oor die konsert gewees, maar die aand van die uitvoering is die saaltjie propvol. Tydens die eerste helfte van die konsert sit die mense doodstil, hulle klap egter min. Gedurende die tweede helfte is daar 'n effense onrustigheid onder die

gehoor, maar die konsert gaan verby en die mense gaan huis toe. Na afloop van die konsert het ek aan oom Dan gevra hoe hy dit reggekry het om soveel mense by die uitvoering te kry, waar hy aan my die volgende meedeel: 'Ou Dirk, ek het vir hulle gesê: luister, hou uit die eerste helfte, sit doodstil, die tweede helfte gaan hulle Boeremusiek speel.'"³⁰

1.3.7 'n Resensie oor die Bloemfontein - première

Op 3 Maart 1961 het die Vrystaatse Strykkwartet hul stadspremière in die Bloemfonteinse stadsaal aangebied. Hier volg 'n uittreksel uit 'n resensie wat in Die Volksblad van 4 Maart 1961 verskyn het: "O.V.S. Strykkwartet maak gunstige indruk: Die opreg bedoelde applous van die publiek het geen twyfel gelaat aangaande die gunstige indruk wat die Vrystaatse Strykkwartet by geleentheid van hulle stadspremière gisteraand in die stadsaal gemaak het nie. Baie musiek liefhebbers het openlik erken dat hulle verras was deur die gehalte van die spel en 'n mens wil slegs hoop dat dit 'n vaste instelling by die publiek sal word om die gereelde uitvoeringe van hierdie voortreflike ensemble by te woon; maar dan asseblief in die skouburg wat 'n baie geskikter saal vir die intieme bekoring van kamermusiek is as die onpersoonlike stadsaal.

"Die pragtige verstandhouding tussen die strykers het gisteraand onmiddellik opgeval. Die samespel was presieser as voorheen, die absolute gelykheid in die aanpak werklik treffend. Selfs in gebroke passasies of na lang pouses het die viertal soos 'n uiters sensitiewe eenheid opgetree. Al wat nog af en toe ontbreek het, was 'n soortgelyke gevoeligheid in die balans tussen die twee viole en 'n musikale suiwerheid in die fortissimo-passasies wat soms ru en krysend was."³¹

"Ons glo nie Bloemfontein (en wat dit betref, die hele Vrystaat) besef wat 'n heel besondere bate ons het in hierdie strykkwartet nie. Hulle is ongetwyfeld die beste ensemble in Suid-Afrika"³² en dit lê voor die hand dat hulle mettertyd

die gewildste musiekgroep in die land sal word..."³³

1.3.8 Kommentaar op die resensie

Dit is geweldig interessant dat ten spyte van die ontbreking van "soortgelyke gevoeligheid in die balans tussen die twee viole en musikale suiwerheid in die fortissimo-passasies wat soms ru en krysend was...", (vergelyk voetnoot 31 onder 1.3.7 op p. 29) die Vrystaatse Strykkwartet by voetnoot 32 onder 1.3.7 op p. 29, as "ongetwyfeld die beste ensemble in Suid-Afrika..." beskou is.

Wanneer daar na 'n opname van die Vrystaatse Strykkwartet geluister word, vergelyk kasset no. 1, sal dit duidelik blyk dat die voorafgaande resensies nie 'n objektiewe beeld van die strykkwartet se musikale standaard geskep het nie. Hierdie doelbewus positiewe en opbouende benadering, deur persone wat ten nouste betrokke was by die opbou van musiek-kultuur, was 'n metode om 'n belangrike kulturele onderne-
ming te bevorder. As sodanig moet dit gebillik word.

1.3.9 'n Koerantberig oor die eerste skolelesing-demonstrasie

Gedurende Januarie 1961 het die strykkwartet begin om uitvoerings dwarsdeur die Vrystaat aan die publiek en skoolleerlinge te lewer. Die eerste skooloptrede is op 23 Januarie 1961 by die Hoërskool Jim Fouché, in Bloemfontein gehou. In Die Volksblad van 23 Januarie 1961, het daar die volgende bespreking van die optrede plaasgevind: "Strykkwartet debuteer met welslae by hoërskool: Een van die belangrikste take van die Vrystaatse Strykkwartet, waarvan die opvoedkundige waarde moeilik oorskat kan word, is om gereeld uitvoerings by die skole te lewer. 'n Besonder geslaagde debuut in hierdie opsig is vanoggend by die Hoërskool Jim Fouché in Bloemfontein gemaak.

"Die program is met sorg en insig saamgestel en het binne die bevatlikheid van die kinders geval. Direk na die eerste vrolike Allegro van Stamitz het 'n mens opnuut besef

wat 'n aanwinst hierdie ensemble vir die Vrystaat kan wees, want die samespel was presies, die fraseringe sekuur en die nuanseringe voorbeeldig aangevoel.

"Oor die balans was daar miskien hier en daar iets aan te merk, maar in hierdie stadium kan ons reeds met groot sekerheid konstateer dat die kwartet 'n opvallende leemte in ons musieklewe met glans sal aanvul.

"Die program het begin met die gesellige en gemoedelike Allegro van Stamitz, gevolg deur die strelende Serenade uit die bekende Eine kleine Nachtmusik van Mozart. Daarna is 'n dansie in die Engelse styl (Gossek) met lustige opgewektheid en 'n netjiese gang voorgedra. Die hoofnummer was die tweede deel uit Haydn se Keiserkwartet, 'n pragtige deel wat aan elke instrument die geleentheid bied om die tema na vore te bring. Die program is afgesluit met die Allegro uit Eine kleine Nachtmusik, suiwer en dertelend deur 'n knap ensemble voorgedra.

"Mnr. Dirkie de Villiers het die kwartet voorgestel en verhelderende kommentaar in verband met die verskillende nommers gelewer. Mnr. Van Kerken, lid van die kwartetkomitee, het 'n uiteensetting gelewer van die funksie, ideale en ontstaangeskiedenis van die kwartet.

"Ander ere-gaste was mnr. W.J. Conradie (burgemeester van Bloemfontein), mnr. J.S. du Plessis (inspekteur van skole), mev. Lotte Pretorius (voorsitster van die Musiekvereniging), en dr. A. Koole van die Universiteit."³⁴

Op die platteland is daar gewoonlik drie konserte per sentrum gelewer: een om half-nege aan die laerskoolleerlinge, 'n ander om half-elf aan die hoërskoolleerlinge en 'n uitvoering in die aand aan die publiek.³⁵ Die kwartet is gewoonlik deur mnr. D.I.C. de Villiers, as Musiekinspekteur, aan die leerlinge voorgestel, waarna mnr. J. de Wet elke kwartetlid en sy instrument op 'n baie eenvoudige, praktiese manier voorgestel het. Daarna het die kwartet 'n uitvoering van ongeveer 'n halfuur gelewer, waarin melo-

dieuse werke soos o.a. die tweede deel uit die Serenade op. 3 no. 5 van J. Haydn voorgekom het.³⁶

1.3.10 Reaksie op die demonstrasies

Dat sulke besoeke aan skole vir baie kinders onvergeetlike gebeurtenisse was, word bewys deur die volgende gebeurtenis, wat dr. J.A. Henkins as volg onthou: "Eendag kom Francois, my seun, by die huis aan met 'n viool; hy het dit by mnr. Jack gekry. Ek skakel die skoolhoof van die Pres. Brand laerskool, mnr. Jordaan, en dié vertel toe die verhaal: tydens die besoek van die kwartetlede aan die skool, het Francois uitgekom en gesê dat hy viool moet neem en dat hy dus getoets moet word. Hy slaag die toets en daar word vir hom 'n viool bestel."³⁷

Die reaksie van die leerlinge was oorweldigend en daardeur is bewys gelewer dat die belanghebbende persone korrek was in hulle vermoede dat die klavieroorheersing 'n onnatuurlike onding was, en dat 'n aanbod van ander instrumente baie welkom sou wees.

1.4 SUKOV'S NEEM DIE STADSRAAD SE VERANTWOORDELIKHEID OOR

1.4.1 Aanleidende oorsake tot oorname

1.4.1.1 Die stadsbywoningsyfers is teleurstellend

Namate die bywoning van en publieke belangstelling in die Vrystaatse Jeugorkes, vergelyk hoofstuk 2, toegeneem het, het dit t.o.v. die konserte van die strykkwartet self gedaal: gedurende die eerste amptelike bestaansjaar 1961, is vyf uitvoerings deur die kwartet in Bloemfontein gelewer, en onderstaande word ter inligting verstrek:

<u>Datum</u>	<u>Bywoning</u>
3 Maart	378
2 Mei	146
4 Augustus	157
8 September	121
2 November	80

Soos verwag kon word, het die bywoningsyfer van die strykkwartetkonserte alreeds in die eerste amptelike bestaansjaar 'n onrusbarende afname van 378 na 80 vertoon. In werklikheid is die getal 378 nie so min vir kamermusiek nie, alhoewel hierdie besondere hoë bywoningsyfer baie moontlik toegeskryf kan word aan die feit dat dit die eerste amptelike optrede in Bloemfontein was, en noodwendig sou daar baie publisiteit vooraf by betrokke wees. Na die aanvanklike nuutheid het die belangstelling egter gaandeweg afgeneem. Die idee van sulke konserte was pragtig, maar daar is ongelukkig nie met die werklikheid rekening gehou nie.

1.4.1.2 Die stadsraad wend pogings aan tot verbetering

Ten spyte van die afname in bywoningsyfers het die Stadsraad van Bloemfontein tydens 'n gewone vergadering wat op 28 Februarie 1962 gehou is, besluit om ernstige pogings aan te wend om die bywoning te verbeter. 'n Uittreksel uit die notule van die vergadering waar die aanbevelings van 'n sub-komitee, wat ondersoek na die swak bywoning moes instel, aanvaar is, word hieronder aangehaal:

"Aangesien die konserte van die strykkwartet tot dusver baie swak bygewoon is, het die stadsraad gedurende verlede maand 'n onder-komitee, bestaande uit die Burgemeester, Raadslede Du Plessis, Grinter, Rosendorff en die Stadsklerk benoem om die aangeleentheid te ondersoek met die oog daarop om die bywoning van die konserte te verbeter. Die onder-komitee is voorts versoek om verslag te doen aan hierdie komitee, wat deur die Raad gemagtig is om die saak af te handel met die verstandhouding egter dat besluite wat geneem word slegs vir 'n tydperk van 12 maande van krag sal wees.

"Die onder-komitee beveel aan -

- (1) dat die aantal konserte per jaar vanaf 5 na 4 verminder word en dat huurgelde van die skouburg soos gewoonlik betaalbaar sal wees;
- (2) dat die skouburg vir 'n maksimum van twee Sondag-

konserte per jaar teen betaling beskikbaar gestel word vir doeleindes van opnames deur die S.A.U.K., mits die regulasies gewysig kan word om hiervoor voorsiening te maak;

- (3) dat vasgestel word watter bedrag die S.A.U.K. vir sodanige opnames betaal;
- (4) dat die Sondag-konserte gratis aangebied word en dat die Stadsklerk gemagtig word om reëlings vir die reservering van sitplekke vir seisoenkaartjiehouers te tref wanneer die gratis konserte aangebied word;
- (5) dat die pryse per kaartjie op 80c en 60c vasgestel word minus 20% per kaartjie per konsert ten opsigte van seisoenkaartjiehouers; die Stadsklerk versoek te word om die kwessie van vermaaklikheidsbelasting op seisoenkaartjies te ondersoek;
- (6) dat seisoenkaartjiehouers toegelaat word om dieselfde sitplekke vir al vier konserte te bespreek;
- (7) dat seisoenkaartjies vry-oordraagbaar is;
 - (a) dat goedkeuring verleen word dat kunstenaars tydens een konsert saam met die strykkwartet optree mits die koste nie die bedrag van R50 oorskry nie;
 - (b) dat die goedkeuring van die Raad verkry word waar die koste die bedrag van R50 oorskry en ook in gevalle waar kunstenaars by meer as een geleentheid saam met die strykkwartet sal optree;
- (8) dat die verantwoordelike instansies genader word om goedkeuring om die strykkwartet toe te laat om by minstens een geleentheid saam met die besoekende militêre orkes op te tree tydens die besoek van die Staatspresident;
- (9) (a) dat twee komplimentêre kaartjies aan elk van die

volgende per opvoering uitgereik word:

- (i) Lede van die strykkwartet - 8 kaartjies
- (ii) Lede van die Bestuurskomitee - 10 kaartjies
- (iii) Pers en S.A.U.K. - 6 kaartjies
- (iv) People's Weekly - 2 kaartjies
- (v) Die Administrateur, die
Rektor van die Universiteit
en die Burgemeester - 6 kaartjies

(b) dat indien enige van bogenoemde persone op die Bestuurskomitee dien, kaartjies slegs in daardie hoedanigheid aan hulle uitgereik word;

(10) (a) dat 200 sitplekke in die 60c blok vir skoliere en studente gereserveer word en dat toekenning daarvan op 'n pro-rata basis aan die verskillende skole wat aansoek doen en ook aan die universiteit geskied indien vir meer as 200 sitplekke aansoek gedoen word;

(b) dat kaartjies teen 35c elk aan studente en skoliere verkoop word;

(11) dat die verskillende kultuurverenigings van genoegsame data voorsien word om te help met die verkoop van seisoenkaartjies en dat die Stadsklerk versoek word om die datums van die vier konserte in oorlegpleging met mnr. Cremers te bepaal;

(12) dat reëlings met die Parkedepartement getref word om blomme tydens opvoerings op die verhoog van die skouburg te plaas..."³⁸

1.4.1.3 Kommentaar op die aanbevelings

Sommige van die bogenoemde aanbevelings was dapper maar onrealistiese pogings wat gedui het op uiterste onkunde. Die S.A.U.K., vergelyk no. 3 op p. 34, het nog nooit sommer so teen betaling opnames gemaak van persone wat nog nie oudisies geslaag het nie, en teen die tempo wat hierdie kwartet moes

werk was dit onwaarskynlik dat hulle uitsendingsstandaard sou bereik of volhou. Sover bekend, is daar slegs een werk van die O.V.S.-Strykkwartet uitgesaai, en dit verskyn op kasset no. 1 kant b. 'n Verdere aanbeveling wat by no. 8 op p. 34 genoem is, laat die vraag ontstaan - wat sou 'n strykkwartet dan tog saam met 'n militêre orkes doen?

1.4.1.4 'n Positiewe uitvloeisel van die aanbevelings

As uitvloeisel van die aanbeveling wat die onder-komitee by no. 4 op p. 34 gedoen het, is daar op 6 Oktober 1963 begin met die eerste Sondagkonserte. 'n Berig in die verband het onder die opskrif "Gratis konserte deur Vrystaatse Strykkwartet" in Die Volksblad van 28 September 1963 verskyn: "Die mooi besluit van die Vrystaatse Strykkwartet om op elke eerste Sondag in die maand gratis uitvoeringe in die Museumsaal te lewer, openbaar nie slegs 'n pragtige gees van diensbaarheid en toegewydheid nie, maar kan ook oneindig veel daartoe bydra om ons publiek en veral ons jeug bewus te maak van die skoonheid wat daar in goeie kamermusiek opgesluit lê.

"Die eerste uitvoering vind Sondagmiddag, 6 Oktober, van vier- tot vyf uur plaas. Ons hoop van harte dat ons studente en skoliere saam met die publiek van hierdie geleentheid gebruik sal maak om met die allerskoonste en die allerontroerendste op die gebied van die kwartetliteratuur kennis te maak. Elke program sal 'n werk van 'n klassieke en 'n romantiese komponis insluit. Die bedoeling is om met verloop van tyd al die strykkwartette van groot meesters soos Beethoven, Haydn, Mozart ens. uit te voer...By geleentheid van Sondag se eerste gratis uitvoering word Beethoven se kwartet no. 1 in F-majeur en Schubert se Rosamunde-kwartet voorgedra.

"Beethoven se 1ste kwartet staan nog in die sfeer van Mozart en Haydn. Die eerste deel is kernagtig en energiek, die Adagio innig en diep deurleef. Schubert se Kwartet no. 13 in A-mineur heet die Rosamunde-kwartet omdat die tweede deel liriese en melodieuse variasies bied op die gewilde lied uit

Rosamunde. In die eerste deel is daar weer herinneringe aan die bekende lied Gretchen am Spinnrade...

"Daar is 'n behaaglike intieme stemming in die Museumsaal en dit sal 'n voorreg wees om in 'n atmosfeer van rustige ontspanning kennis te kan maak met die musiek van beroemde komponiste..."³⁹

1.4.1.5 Die aanbevelings misluk en die stadsraad verloor belangstelling

Ten spyte van die reeds vermelde pogings wat die Stadsraad van Bloemfontein aangewend het, het die bywoningsyfers van die stadsuitvoerings, in die tweede bestaansjaar, 1962, steeds gedaal. Die lewensvatbaarheid van die hele onderneming is deur die komitee vir algemene doeleindes op 'n vergadering wat gehou is op 30 November 1962, as volg bevraagteken: "Na afloop van die vier uitvoerings wat die Vrystaatse Strykkwartet namens die stadsraad vanjaar aangebied het, behoort die onderneming in oënskou geneem te word.

"Die opkoms by al vier die uitvoerings was besonder swak, ten spyte van uitgebreide advertensiepogings en die verkryging van die dienste van bekende soliste om saam met die kwartet op te tree.

"Die feit blyk uit die volgende bywoningsyfers:

Uitvoering op 30 Maart	1962	-	90
Uitvoering op 3 Mei	1962	-	142
Uitvoering op 2 Augustus	1962	-	106
Uitvoering op 27 Oktober	1962	-	48

"Die verkoop van seisoenkaartjies was ook nie geslaagd nie en slegs 19 van die 80c en 13 van die 60c sitplekke is verkoop.

"As in aanmerking geneem word dat die skouburg gewoonlik vol is wanneer ander verenigings, soliste of ander orkeste gekry word om op te tree, wil dit voorkom asof daar steeds 'n gevoel teen die strykkwartet heers,⁴⁰ vandaar die swak opkomste.

"In ander sentra word daar selfs met Bloemfontein die spot gedryf oor die mislukking van die kwartet in die stad.⁴¹ Aangesien die onregverdige kritiek nie gunstig is vir die stad nie wonder 'n mens of dit raadsaam is om met die uitvoerings voort te gaan, veral as in ag geneem word dat die strykkwartet moontlik deur SUKOVS oorgeneem word.

"Ter bevordering van die kuns kan dit nou slegs 'n baie beperkte invloed hê vanweë die klein opkomste wat die kwartet lok.

"Die totale inkomste vir die laaste drie uitvoerings wat in die lopende boekjaar plaasgevind het, het R232,67 beloop terwyl die uitgawes R145,66 bedra het. Daarby moet nog die advertensiekoste wat sowat R170,00 beloop het, gevoeg word.

"Die Raad se bydrae tot die onderhoud van die kwartet bedra jaarliks R3 400,00.

"Lede voel dat die swak ondersteuning wat die strykkwartet ontvang miskien tot 'n mate toegeskryf moet word aan ontoereikende reklame en advertensies. Dit sou verkeerd wees om op hierdie tydstip die Raad se bydrae tot die strykkwartet te onttrek.

"BESLUIT: dat vir die huidige, voortgegaan word met die Raad se bydrae tot die strykkwartet dog dat die komitee wat verantwoordelik is vir die beheer daarvan, ernstig versoek word om alles in die stryd te werp ten einde beter ondersteuning in hierdie verband te verseker."⁴²

1.4.1.6 Toeligting en kommentaar op die uitvoeringsaspek van die strykkwartet

In aansluiting by wat by voetnoot 41 onder 1.4.1.5 op p. 38 genoem is, oor "die spot wat met Bloemfontein gedryf word...", die volgende: 'n Koerantberig wat in die Sunday Times van 4 Februarie 1962 uit die pen van Dora Sowden verskyn het, word hieronder aangehaal:

"The step down is reported from Bloemfontein. Music there faces a difficulty. The string quartet formed some time ago as a permanent full-time ensemble has been playing to ...poor houses in the city.

"The City Council is so perturbed that an inquiry will be held. A sub-committee will try and find how to combat this lack of enthusiasm for chamber music.

"The quartet consists of well-known musicians who left other lucrative posts to promote music in the Free State. So Bloemfontein is surely showing a falling-off from the days when in the first Republic, it considered itself a cultural centre."⁴³

Uit wat vasgestel kon word, moes die komitee vir algemene doeleindes hierdie berig in gedagte gehad het toe daar verwys is na die "spot wat met Bloemfontein gedryf word..." Die berig dui egter op geen spottende skryftrant nie. Die stadsraad het hierdie kulturele kind van hulle sodanig getroetel, dat die bostaande berig waarskynlik aanstoot kon gegee het.

Dit is nie bekend wat daar by voetnoot 40 onder 1.4.1.5 op p. 37 bedoel word met "'n gevoel teen die kwartet..." nie. Die stadsraad het heelwaarskynlik gemeen dat dit maar die rede vir die swak bywoning van die konserte moet wees. Die vraag ontstaan nou of die gehalte uitvoering miskien iets te doen gehad het met die swak bywoning, of het die musiek geen aanklank gevind nie, of was die dae sleg gekies?

Aangesien daar aangeneem kan word dat die bywoningsyfers op die platteland dieselfde daling as in die stad sou toon, kan hieruit afgelei word dat die Vrystaat se entoesiasme vir hierdie tipe asketiese kamermusiek vinnig afgekoel het. Dit was dus binne die eerste twee jaar duidelik dat die Vrystaatse Strykkwartet slegs in twee opsigte suksesvol was, naamlik die voorligtingskonserte by skole en die onderrig aan leerlinge. Dit moet hier genoem word dat dit 'n briljante idee was om so 'n strykkwartet-idee te gebruik om strykers aan-

gestel te kry, maar dat die uitvoerende aspek daarvan reeds vooraf gedoem was: 'n Strykkwartet is eerstens vir spelers die moeilikste bestaande soort ensemble en nie enige vier spelers kan saamgebring word en verwag word om 'n suksesvolle eenheid te vorm nie; ten tweede is kamermusiek die minste gewild (onder die publiek) van alle soorte musiek en daar sou sekerlik na die aanvanklike nuutheid, min belangstelling oorbly. Volgens mnr. D.I.C. de Villiers, wat self 'n liefhebber van kamermusiek is, het die betrokkenes in hul beplanning verwag dat die kwartetuitvoerings meer suksesvol sou wees. Na 'n soortgelyke vraag aan prof. L. Quayle of hy voorsien het dat die uitvoerende aspek van die kwartet moontlik nie sou slaag nie, het hy by nabetragting die volgende gedagtes gelug: "I don't think that was a factor...for me.I was really not so interested in the performing side of it. I was more interested in having a bait to attract formal teachers. The bonus would have been, had they become a great quartet, and I think the possibility existed..."⁴⁴

Nadat die publieke belangstelling in die strykkwartetkonserterte, na ernstige pogings deur die stadsraad, bly daal het, het die belangstelling van die stadsraad in dié kwartet-onderneming ook afgeneem. Die tyd was dus nou ryp vir 'n ander instansie om die derde verantwoordelikheid van die stadsraad oor te neem.

1.4.1.7 SUKOV'S kom tot stand en stel belang in die oorname van die kwartet - samesprekings

Intussen is daar op 17 Augustus 1962 'n vergadering van belanghebbendes gehou, met die doel om 'n Streekraad vir die Uitvoerende Kunste in die Oranje Vrystaat te stig. Die eerste vergadering van die Streekraad vir Uitvoerende Kunste O.V.S. is op 7 Februarie 1963 in die kookskamer van die Provinsiale Raad gehou.

Tydens samesprekings wat tussen die Burgemeester en Raadslid Geldenhuys en mnr. E.E. van Kerken, namens die Streekraad vir Uitvoerende Kunste, op Woensdag 7 Augustus 1963 gehou is,

is die volgende aanbod aan die Bloemfonteinse Stadsraad gemaak:

"Mnr. Van Kerken het gesê dat die stadsraad nie oor die nodige personeel en geriewe beskik om die reëling van strykkwartetkonserte te behartig nie. Daarom doen hy aan die hand dat die strykkwartet na die streekraad oorgeplaas word. Die streekraad sal dan al die geldelike verpligtinge ten opsigte van die strykkwartet aanvaar. Dit sal die streekraad betaal om tot die stap oor te gaan, aangesien die stadsraad se bydrae op 'n grondslag van R2-00 per R1-00 deur die regering gesubsidieer word.

"Indien die stadsraad jaarliks 'n bydrae van R10,000 aan die streekraad maak, sal dit die streekraad loon om die strykkwartet oor te neem, aldus mnr. Van Kerken.

"Op 'n vraag van Raadslid Geldenhuys, het mnr. Van Kerken gesê dat die streekraad nie beswaar sal opper as die stadsraad op die volgende vergadering sou besluit om die strykkwartet oor te dra nie. Die lede van die strykkwartet sal nie daarmee gemoeid wees nie want hulle is inderdaad amp-tenare.

"Mnr. Van Kerken het ten slotte daarop gewys dat die oorpasing van die strykkwartet goed sal inpas by die toekomstige beplanning van die Streekraad van Uitvoerende Kunste."

1.4.1.8 Die stadsraad verwittig die Direkteur van Onderwys van sy besluit

Die stadsraad, wat klaarblyklik gretig was om van hul verpligtinge onthef te word, het in 'n brief, gedateer 31 Augustus 1963, die Direkteur van Onderwys van die volgende stadsraadbesluit verwittig:

"Met verwysing na die samespreking wat u op 7 Augustus 1963, met die Burgemeester en Raadslid Geldenhuys gevoer het, wens ek u mee te deel dat die stadsraad besluit het om hom te onttrek aan alle verantwoordelikhede ten opsigte van

die strykkwartet, aangesien hy sy bydrae ten opsigte van die kwartet voortaan aan die Streekraad vir die Uitvoerende Kunste gaan betaal.

"In die lig van die voorafgaande sal die Raad dus nie meer enige uitvoerings van die strykkwartet reël nie.

"Sal u asseblief alle betrokkenes verwittig van hierdie besluit..."⁴⁵

1.4.2 SUKOVŠ neem die kwartet oor

Op 'n vergadering van die Streekraad vir Uitvoerende Kunste in die O.V.S. gehou op 14 September 1963, is besluit dat die Raad die Stad Bloemfontein se verpligtinge en voordele ingevolge die kontrak met betrekking tot die instandhouding van die kwartet sou oorneem. Die volgende ooreenkoms wat 'n swaarder las t.o.v. werkverpligtinge op die strykkwartet sou plaas, is deur die drie instansies aangegaan:

1.4.3 'n Nuwe ooreenkoms word aangegaan

"1. Teenoor die O.V.S. Provinsiale Administrasie het die kwartet die volgende verpligtings met die daarbygaande beperkings:

(a) Elke lid van die kwartet moet 6 uur per week les in strykinstrumente gee aan skoliere. Gevolglik mag geen kwartetlid privaatles teen betaling gee aan skoliere nie aangesien sulke skoliere ingeskryf behoort te word deur bemiddelling van die Departement van Onderwys en die lesgelede die Departement toekom.

(b) Die kwartet gee 24 konserte per jaar op plattelandse dorpe vir die rekening van die Provinsiale Administrasie. By elke sentrum wat besoek word, word ook 'n skoolkonsert vir leerlinge gegee.

(c) Op Bloemfontein word gereeld konserte by skole gegee.

2. Vir die rekening van SUKOVS moet die kwartet gemiddeld 8 konserte per jaar op Bloemfontein en in die platteland lewer as kwartet of as 'n kamermusiek-ensemble in kollaborasie met kunstenaars van minstens hul eie musikale status.
3. Die kwartet mag dus nie anders as by die konserte hierbo uiteengesit as kwartet op die Vrystaatse platteland optree nie, want dan sou hulle, deur sulke optrede, kompeteer met die belange van die Provinsiale Administrasie en van SUKOVS. Individuele lede van die kwartet mag egter op plattelandse sentra optree in hul vrye tyd. Dit sal verder bots met die belange van SUKOVS indien die kwartet by ander geleenthede as die bogenoemde 8 konserte in Bloemfontein as kwartet sou optree. Ter wille van die groot advertensiewaarde daarvan sal die kwartet egter toegelaat word om oor die radio op te tree indien hulle daartoe uitgenooi word...
4. Aan die Musiekkonservatorium van die Universiteit van die O.V.S. is elke kwartetlid 6 uur per week verskuldig vir onderrig aan studente. Die kwartetlede mag dus in Bloemfontein alleen onderrig in strykinstrumente aan volwassenes gee wat ingeskrewe studente van die universiteit is, aangesien die lesgelede van sulke studente die universiteit toekom...
5. Die kwartetlede onderneem egter om elkeen by twee kulturele ondernemings waar geen vaste toegang gevra word nie per jaar op Bloemfontein gratis op te tree..."⁴⁶

1.4.4 Kommentaar op die verpligtings

Die Vrystaatse Strykkwartetlede moes dus:

elk 12 uur onderrig per week gee;

+ 30 skooluitvoerings en

32 openbare uitvoerings per jaar lewer, asook onderneem om elkeen by twee kulturele ondernemings per jaar in Bloemfontein gratis op te tree.

Hierdie verpligtige laat die volgende vrae ontstaan:

Hoe is dit dan dat elkeen van hierdie pragtige pogings, eers die stadsraad en toe SUKOVS, somer by konsepsie al deur onmoontlike vereistes vooraf verongeluk is? Watter soort masjiene moes + 30 skooluitvoerings, 32 openbare uitvoerings per jaar en 12 uur onderrig per week produseer? Dit is verder verstommend dat ten spyte daarvan dat die stadsraad nie daarin kon slaag om met 6 (later 5) openbare uitvoerings bevredigende opkomste te verkry nie, SUKOVS beplan het om + 8 openbare konserte per jaar in Bloemfontein en in die platteland te organiseer. Die beplanners het vermoedelik nooit praktiserende musici geraadpleeg nie, maar somer so van agter lessenaars in kantore besluite geneem.

1.5 DIE TWEDE VIOLIS BEDANK

Volgens mnr. N. Travers, het hy tot aan die begin van 1965 in Bloemfontein gebly, waarna hy na Kaapstad verhuis het. Die redes hiervoor was dat daar eerstens, na sy gevoel, vir hom geen toekoms meer ten opsigte van kwartetspel in die Vrystaat bestaan het nie. Ten tweede is 'n betrekking aan die Universiteit van Kaapstad hom aangebied, waar hy saam met een van sy kollegas, prof. P. de Groote, kamermusiek kon beoefen.⁴⁷

Mnr. Jonas Pieters is in sy plek as tweede violis aangestel. Enkele gegewens oor mnr. Pieters is as volg: Jonas Pieters is in Nederland gebore, waar hy musiek studeer het. In Berlyn het hy onder dr. Jos Wolfsthal, 'n leerling van prof. dr. Carl Flesch, gestudeer.⁴⁸

1.6 DIE STRYKKWARTET-ONDERNEMING LY BYNA SKIPBREUK

1.6.1 'n Persverklaring

Nadat die aanstelling van mnr. Pieters vir die onmiddellike toekoms die voortbestaan van die Vrystaatse Strykkwartet gewaarborg het, het die volgende persverklaring van mnr. J.W. du Plessis, destydse Administrateur van die O.V.S., wat in Die Volksblad van 16 Augustus 1966 verskyn het, gedreig om die

hele onderneming te laat skipbreuk ly: "SUKOV'S gaan orkes stig: SUKOV'S gaan 'n orkes van dertig lede in die Vrystaat stig. Die streekraad het reeds 'n aanbeveling deur 'n spesiale sub-komitee oor die stigting van die orkes in beginsel aanvaar, sê die voorsitter van SUKOV'S, mnr. J.W. du Plessis, Administrateur van die Vrystaat, in 'n persverklaring wat vandag uitgereik is.

"Die voorgenome stigting van die orkes is na die streekraadsse finanskomitee en bestuur verwys om die probleem van finansiering te bespreek. Daar sal ook gepoog word om die samewerking van die Bloemfonteinse Stadsraad en die Universiteit te kry.

"Die verslag van die spesiale sub-komitee lui onder meer dat die orkes die fondament is waarop die hele ontwikkeling op die gebied van musiek, opera en ballet in die Vrystaat rus.

"'n Amateurorkes is baie nuttig, maar sal nooit die peil kan bereik wat deur SUKOV'S vir begeleiding op konserte nodig is nie. 'n Amateurorkes sal ook nie die platteland na behore kan dien nie, lui die aanbeveling.

"Die Vrystaatse Strykkwartet sal deur die stigting van die orkes nie meer nodig wees nie. Die geldelike steun van die universiteit aan die strykkwartet sal dan ook verval, maar die universiteit sal moontlik dan die nuwe orkes steun...

"Die orkes en dirigent sal jaarliks hoogstens R130,000 kos. Die instandhoudingskoste van die strykkwartet is jaarliks sowat R20,000 en sal van die koste vir die nuwe orkes afgetrek kan word..."⁴⁹

1.6.2 Reaksie van die kwartetlede

"Die middag toe hierdie verklaring in die pers verskyn het, het mnre. Cremers en Bouguenon al byna klaar ingepak. Mnr. Bouguenon het trouens toe al klaar 'n pos telefonies aan 'n universiteit in Kalifornië, V.S.A., aanvaar. 'n

Kwartet is juis persone wat 'n orkes verlaat het om 'n elite-ensemble soos 'n kwartet te begin en sal onmoontlik sondermeer by 'n orkes inskakel", aldus dr. Henkins.⁵⁰

1.6.3 Dr. Henkins gryp in

Volgens hom het hy dadelik die implikasies van hierdie uitlating besef, en die volgende brief, gedateer 17 Augustus, aan Sy Edele Die Administrateur gerig:

"Na aanleiding van u persverklaring in Die Volksblad van 16 Augustus '66 i.v.m. die stigting van 'n orkes in die Vrystaat, nader ek u namens myself en al die ouers van die leerlinge van die lede van die strykkwartet.

"U verklaring lui dat 'Die Vrystaatse Strykkwartet sal deur die stigting van die orkes nie meer nodig wees nie.' Beteken dit dat die poste wat geskep is in die Onderwysdepartement vir die lede van die kwartet dan sal verval?

"Dit word as sulks deur die lede van die kwartet en deur ons ouers vertolk. Ons voel diep bekommerd en verontrus daaroor. Die sekuriteit wat die poste aan die kwartetlede gebied het is weggeneem deur u verklaring. Die kwartetlede kan onmoontlik hier bly en vir die toekoms bou op so 'n losse voet.

"Dit moet meebring ook dat so 'n unieke skepping soos die Jeugorkes - wat enig van sy soort in die ganse Republiek is - ook tot niet moet gaan.

"Ons nader u vriendelik dog dringend om tog onmiddellik op hierdie saak in te gaan en reg te stel indien moontlik, daar ek vandag van twee van die kwartetlede verneem het dat hulle van plan is om te reageer op aanbiedinge wat aan hulle gemaak is vanuit die Verenigde State van Amerika. Dit, voel ons as ouers, sal 'n verpletterende ramp wees vir die Vrystaat se uitvoerende kunste, sowel as vir die Republiek. Die beoogde stigting van 'n eie orkes verwelkom ons, want ons sien daardeur 'n toekoms vir ons eie jeug

wat opgeneem kan word later in so 'n orkes. Maar, moet dit geskied ten koste van die kwartet, wat die leermeesters is van ons jeug?

"Hopende dat u ons angs en die dringendheid van die situasie sal begryp, sluit ek nederig..."⁵¹

1.6.4 Die pers oorbeklemtoon een aspek

In reaksie op die brief van dr. Henkins, het mnr. R. Hugo, Direkteur van SUKOVS, op 18 Augustus die volgende skrywe aan die Voorsitter van SUKOVS gerig. Hieruit blyk dit dat die pers een aspek van die memorandum wat aan hulle vrygestel is, oorbeklemtoon het:

"Die bygaande skrywe van dr. Henkins verwys. Dit was ongelukkig dat die pers soveel klem moes laat val op die één aspek wat reperkussies sou móés hê en dat die skyn nou gewek is dat SUKOVS met die kwartet wil wegdoen.

"In die konsep-memorandum wat aan die spesiale komitee voorgelê was, was as volg voorgestel:

2.6 indien 'n orkes in die O.V.S. tot stand gebring word, sal die Vrystaatse Strykkwartet daarby ingelyf moet word, alhoewel daar geen rede bestaan waarom hulle nie hul identiteit kan behou en van tyd tot tyd afsonderlik sal optree nie;

2.7 dat die huidige lede van die strykkwartet moontlik nie bereid mag wees om by die orkes in te skakel nie aangesien hulle voel dat hulle by enige van die groot gevestigde orkeste kan aansluit indien hulle in 'n orkes wil speel. Wanneer nuwe lede aangestel word, sal hulle hul bereid moet verklaar om by 'n orkes in te skakel as die orkes tot stand kom.

"Die posisie van die strykkwartet is en sal bly soos dit in die twee paragrawe gestel was en ek glo nie dat selfs die lede van die strykkwartet daarteen beswaar sou hê nie."

1.6.5 Die saak word in die reine gebring

Mnr. Hugo se aanbevelings word hieronder aangehaal:

"Ek wil beleef aanbeveel dat:

- (a) die voorsitter van die spesiale sub-komitee persoonlik die posisie aan die lede van die strykkwartet verduidelik;
- (b) dat 'n verklaring aan die pers vrygestel word om die posisie van die strykkwartet in korrekte perspektief te stel; en
- (c) dat dr. Henkins ook dienooreenkomstig geantwoord word..."⁵²

Nadat die aanbevelings uitgevoer is, is die situasie gered en die voortbestaan van die strykkwartet opnuut verseker.

1.7 DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET WORD BY DIE U.O.V.S. INGESKAKEL

1.7.1 Dr. Henkins nader die U.O.V.S.

Nadat die kwartetlede, wat ander betrekkings oorweeg het, besluit het om aan te bly, het dr. Henkins vir prof. C. Swanepoel, destydse Hoof van die Musiekdepartement aan die U.O.V.S., genader. Prof. Swanepoel, wat pas by die Universiteit aangestel was, het nie juis kennis gedra van hoe die hele kwartet-opset gefunksioneer het nie. Die kwartetlede het op die diensstaat van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege verskyn, 'n metode wat na regte onwettig was, omdat die kwartetlede geen dienste aan die Onderwyserskollege gelewer het nie. Dr. Henkins het hom hieroor ingelig, waarop prof. Swanepoel die Rektor van die U.O.V.S., prof. B. Kok, genader het en die moontlikheid bespreek het dat die Vrystaatse Strykkwartet by die U.O.V.S. ingeskakel kan word.⁵³

1.7.2 Prof. Swanepoel stel 'n memorandum op

Prof. Swanepoel het dan ook 'n memorandum opgestel, wat aan die ander twee instansies gestuur is, vir kommentaar. Hierdie memorandum, wat volledig hieronder aangehaal word, het 'n omvattende ondersoek na die finansiële implikasies, voordele, beheer en organisasie van so 'n inskakeling by die U.O.V.S. daargestel:

"DOELSTELLING:

Die inskakeling van die vier lede van die Vrystaatse Strykkwartet as personeellede aan die musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje Vrystaat.

"HUIDIGE POSISIE:

Die lede van die Vrystaatse Strykkwartet beklee tans amptelike betrekkinge aan die Onderwyserskollege, maar hul werkverpligtinge word verdeel tussen die Onderwysdepartement, die Universiteit en SUKOVS. Laasgenoemde twee instansies dra jaarliks elk 'n bedrag van R3,400 by tot die salarisse van die kwartet. Daarvoor moet elkeen van die kwartetlede 6 uur onderrig per week aan studente in die U.O.V.S. - Musiekdepartement gee, 6 uur aan skoliere en as kwartet 'n sekere aantal kamermusiekuitvoerings vir SUKOVS gee en 'n aantal skoolkonserte onder beskerming van die Departement van Onderwys hou.

"AARD VAN INSKAKELING BY DIE UNIVERSITEIT:

Ten opsigte van die werksverpligtinge en werksverdeling van die kwartetlede sal daar geen verandering intree nie. Die kwartetlede sal hul huidige verpligtinge teenoor die Onderwysdepartement (lesure en skoolkonserte), SUKOVS (kamermusiekuitvoerings) en die Universiteit (lesure) nakom, presies soos dit tans die geval is. Amptelik sal hul egter dosente aan die Universiteit wees.

"FINANSIËLE IMPLIKASIES:

Aangesien die werkverdeling onveranderd bly en die grootste gedeelte van die werksure van die kwartetlede gewy sal word aan onderrig van skoliere en die hou van skoolkonserte,

word voorgestel dat die finansiële bydraes gedoen word soos dit tans die geval is.

"Bereken op die maksimumskale, beloop die salarisse van die kwartetlede 'n bedrag van R19,050. Met 'n pensioenbydrae van $7\frac{3}{4}\%$ sal dit R20,528 wees. Hiervan dra SUKOV'S en die Universiteit tans elk R3,400 by en die Provinsiale Administrasie die res.

"Indien die lede van die kwartet by die Universiteit ingeskakel sal word, wil ek voorstel dat die leier van die kwartet as Senior lektor en die ander lede as lektore aangestel sal word op die heersende salarisskale. Bereken op die maksimumskale, sal dit 'n totale bedrag van R20,100 beloop en met pensioenbydraes van 8% R21,708. Dit sal, wanneer die strykkwartetlede hul maksimumkerwe bereik, 'n verskil van R1,180 beteken.

"VOORDELE VAN INSKAKELING:

- (a) Sentralisasie van opleidingsgeriewe bring mee dat beter toesig en kontrole oor die werk gehou kan word.
- (b) Beter geriewe en toerusting sal die onderrig vergemaklik en die gehalte daarvan verbeter.
- (c) Dit is belangrik dat musiekaktiwiteit, ensemblespel, studente- en leerlingkonserte ens. aangemoedig word. Dit kan baie makliker en doeltreffender geskied wanneer die onderrig gesentraliseer is.
- (d) Dit sal die Musiekdepartement in alle opsigte ten goede kom, want die belangrikste ontwikkeling van musiek in die Vrystaat en in ons land, nl. die ontwikkeling op die gebied van snaarmusiek, word nog nader verbind aan die Musiekdepartement as wat tans die geval is. Ek vestig graag die aandag daarop dat die Jeugorkes 'n belangrike voorbereidingsbron vir ons toekomstige studente is en alreeds vanjaar 'n groot rol in die konsertaanbiedinge van die departement gespeel het.

- (e) Dit verseker die toekoms van die strykkwartetlede, ongeag of 'n orkes in die toekoms gestig sal word of nie. Hierdeur word die kwartet as funksionele eenheid behou en hul bydrae op onderwysgebied vir die toekoms verseker.
- (f) Aangesien enkele kwartetlede binne afsienbare tyd moet aftree, sal dit baie swaar gaan om geskikte persone te vind om hul plekke in te neem. Wanneer die betrekkings die status van Universiteits- of Konservatoriumposte het, sal dit baie makliker wees om dit met bevoegde leerkrigte te vul.

"BEHEER:

'n Adviserende komitee wat aanbevelings by die Fakulteitsraad kan maak, moet benoem word. Hierdie komitee moet m.i. uit verteenwoordigers van die Departement van Onderwys (2), SUKOV'S (1), die Universiteit (2) en die leier van die kwartet bestaan, onder voorsitterskap van die Dekaan van Lettere of die Hoof van die Departement Musiek.

"Hierdie komitee sal alle sake rakende die konservatoriumstudente en -personeel bespreek, soos bv. keuring van studente, nuwe aanstellings, werkverdeling ens.

"ORGANISASIE:

Studente wat aanvaar word as leerlinge van die lede van die strykkwartet sal ingeskrewe studente van die Universiteit wees. Van gekeurde skoliere sal rekord gehou word deur die leier van die strykkwartet en besonderhede kwartaalliks aan die Departement van Onderwys verstrekkend word. Alle organisasie i.v.m. die invordering van fooie (wat onveranderd sal bly), rekeninge ens. van sulke skoliere sal deur die Departement van Onderwys hanteer word.

"VERPLIGTINGE VAN DIE UNIVERSITEIT:

(a) Die finansiële bydrae tot salarisse (wat tans ook gemaak word).

(b) Die voorsiening van doseerlokale in die musiekgebou...



Prof. dr. Benedictus Kok

1.7.3 Die U.O.V.S. keur die oorname goed

Na vele samesprekings het die drie betrokke instansies besluit dat die Vrystaatse Strykkwartet vanaf 1 Januarie 1968 by die Musiekdepartement van die U.O.V.S. ingeskakel kan word. Dit moet hier genoem word dat prof. Kok 'n buitengewoon gekultiveerde persoon is, wat ten nouste betrokke was by die totstandkoming van die O.V.S.-Strykkwartet. Nie enige Rektor sou so simpatiek gesind gewees het om ineens vier doseerposte toe te laat nie.

1.7.4 'n Nuwe ooreenkoms word aangegaan

Aangesien die strykkwartetlede voortaan op die diensstaat van die U.O.V.S. sou verskyn, was daar noodwendig 'n nuwe ooreenkoms tussen die drie instansies nodig. Ten spyte daarvan dat die praktyk in die verlede bewys het dat die werkverpligtinge van die kwartet onprakties was, is daar weinig verligting t.o.v. die strykkwartet-verpligtings in die nuwe ooreenkoms aangebring:

"Teenoor die Administrasie het die kwartet die volgende verpligtings met die daarbygaande beperkings:

- (a) Elke lid van die kwartet moet minstens 6 uur per week les in strykinstrumente gee aan skoliere. Gevolglik mag geen kwartetlid privaatles teen betaling gee aan skoliere nie, aangesien sulke skoliere ingeskryf behoort te word deur bemiddeling van die Departement van Onderwys en die lesgeelde die Departement toekom.
- (b) Die kwartet gee 24 konserte per jaar op plattelandse dorpe vir die rekening van die Provinsiale Administrasie. By elke sentrum wat besoek word, word 'n skoolkonsert vir leerlinge gegee.
- (c) Op Bloemfontein word gereelde konserte by skole gegee...

"Vir die rekening van SUKOVS moet die kwartet gemiddeld 8 konserte per jaar op Bloemfontein en in die platteland

lewer as kwartet of as 'n kamermusiek-ensemble in medewerking met kunstenaars van minstens hul eie musikale status...

"As dosente van die Universiteit, het die kwartetlede do-seerverpligtinge ten opsigte van ingeskrewe studente van die Universiteit. Die werktoekenning sal deur die hoof van die Musiekdepartement in oorleg met die leier van die strykkwartet gedoen word en sal ses uur per week behels..."⁵⁵

1.7.5 Kommentaar op die verpligtings

Dit is verbasend dat die drie betrokke instansies nie uit hul foute van die verlede kon leer nie, nl. om nie die strykkwartetlede met te veel werkverpligtinge te oorlaai nie. Die kwartet moes dus weer:

32 openbare en + 30 skoolkonserte per jaar lewer;
by 2 kulturele ondernemings per jaar optree en
12 ure elk lesverpligtinge per week nakom. Wanneer daar verder in aanmerking geneem word dat mnr. De Wet nog tyd aan repetisies van die twee Jeugorkeste moes bestee, is dit geen wonder dat die strykkwartet (volgens 'n betroubare persoon wat verkies om anoniem te bly), die verpligte uitvoerings aan SUKOVIS en die O.V.S. Provinsiale Administrasie glad nie ernstig opgeneem het nie en slegs een dag voor 'n uitvoering saam gerepeteer het.

1.8 DIE TJELLIS EN ALT-VIOLIS BEDANK

Ongelukkig het mnr. Harry Cremers, tjellis van die strykkwartet, aan die einde van 1968 die aftree-ouderdom bereik. Aanvanklik sou hy vir nog 'n jaar voortgegaan het met sy werk, maar die ernstige siekte van sy dogter, wat op 28jarige leeftyd polio opgedoen het en alreeds 16 jaar lank in 'n ysterlong moes deurbring, het hom gedwing om na Kaapstad terug te keer. Na sy terugkoms in Kaapstad is hy as deeltydse tjellodosent aan die Universiteit van Kaapstad aangestel.⁵⁶

Mnr. Michael Haller is vanaf 1 Januarie 1969 in sy plek

as tjellis aangestel. Enkele gegewens oor mnr. Haller is as volg: Michael Haller is gedurende 1943 in die Duits-besette Poland gebore. Op tienjarige ouderdom het hy saam met sy ouers na Suid-Afrika geëmmigreer. Hy het B. Mus. aan die Universiteit van Pretoria begin studeer, maar het dit na twee jaar laat vaar nadat 'n betrekking as tjellis in die TRUK-orkestrum hom aangebied is. Hy het later die Voor-draerslisensiaat aan die Universiteit van Suid-Afrika be-haal.

Ten spyte van die sekuriteit en status wat die strykkwartet-poste aan die U.O.V.S. gebied het, het mnr. F. Bouguenon 'n betrekking as hoof alt-violis aan die Den Haagse Fil-harmoniese-orkestrum aanvaar. Hy het op 15 April 1969 die Re-gistrateur van sy voorneme verwittig om sy dienste op 30 Junie dieselfde jaar te beëindig.

1.9 DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET ONTBIND

1.9.1 Die altviolis-betrekking kon nie bevredigend gevul word nie

Omdat die betrekking van mnr. Bouguenon na sy bedanking nie bevredigend gevul kon word nie, en die uitvoerende funksie van die strykkwartet hierdeur verder bedreig is, het die drie betrokke instansies die toekoms van die ensemble be-vraagteken.

1.9.2 Samesprekings vind plaas: verslag

Prof. Swanepoel het 'n memorandum opgestel, wat elke moontlike oplossing behandel het. 'n Volledige verslag van die samespreking tussen die drie samewerkende liggame word hier-onder aangehaal. Dit stel op 'n baie duidelike wyse die verskillende moontlike oplossings wat tydens die samespre-kings op 24 November 1969 behandel is:

"Teenwoordig:

SUKOV'S: Mnr. H.S.N. Aucamp en mev. Lotte Pretorius.

O.V.S.-ONDERWYSDEPARTEMENT: Mnr. Johan Faure en mnr.

Dirkie de Villiers.

U.O.V.S.: Proff. C. Swanepoel en H.J. Strauss. (Lg. as voorsitter in sy hoedanigheid as Dekaan van Lettere en Wysbegeerte - op versoek van die Rektor, Prof. B. Kok, wat nie teenwoordig kon wees nie.)

"Verwelkoming:

Die Voorsitter heet die aanwesiges hartlik welkom en maak verskoning vir prof. B. Kok, wat onvermydelik afwesig is.

"Aanbeveling:

Na 'n baie deeglike bespreking van bygaande memorandum (van prof. C. Swanepoel), word eenparig besluit om die vyfde moontlikheid (aanbeveling van mev. Lotte Pretorius) as aanbeveling aan die betrokke instansies (SUKOVS, O.V.S. - ONDERWYSDEPARTEMENT en U.O.V.S.) voor te lê met die oog op toekomstige reëlings in bg. verband.

"MEMORANDUM I.V.M. DIE TOEKOMS VAN DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET

"HUIDIGE POSISIE

Die personeel van die Vrystaatse Strykkwartet is tans:

Mnr. Jack de Wet (leier, Senior Lektor)

Mnr. Jonas Pieters (2de viool, Lektor)

Mnr. Michael Haller (tjellis, Lektor)

"Die betrekking van altviolis is vakant na die vertrek van mnr. Francois Bouguenon.

"Omdat die personeel nie voltallig is nie en dit moeilik is om die betrekking bevredigend te vul; omdat mnr. De Wet die geleentheid gegun moet word om sy wonderlike werk met die Jeugorkes voort te sit en uit te bou; omdat die strykkwartet nie genoeg optree nie en die doseerpotensiaal van die lede beter benut kan word, is dit noodsaaklik dat die belanghebbende instansies nl. die U.O.V.S., die Onderwysdepartement en SUKOVS besin oor die toekoms van die Vrystaatse Strykkwartet.

"MOONTLIKE OPLOSSING

1. Dat die strykkwartet voortbestaan presies soos in die verlede.
2. Dat i.p.v. 'n altviolis 'n tweede tjellis aangestel word. (Mnr. De Wet se voorstel.)
3. Dat 'n houtblaasspeler aangestel word in die plek van die altviolis.
4. Dat mnr. De Wet vrygestel word van die verpligtinge as leier van die kwartet - dat hy as Senior Lektor en viooldosent aanbly, terwyl 'n stryktrio voortbestaan met Mnr. Jonas Pieters as leier.

"VOOR- EN NADELE VAN ELKE MOONTLIKHEID

1. Dat die strykkwartet voortbestaan soos in die verlede.
Voordele:
 - (a) 'n Permanente kamermusiek-ensemble verleen status aan 'n inrigting, musiekdepartement, Universiteit, Streekraad en Prov. Administrasie. Dit het kultuur-, opvoedkundige, asook publisiteitswaarde.
 - (b) 'n Permanente ensemble verseker ook dat goeie aansoeke verwag kan word indien 'n betrekking vakant raak. Orkesmusici is redelike gretig om liever kamermusiek te speel.

"M.i. kan die posisie van die strykkwartet egter nie onveranderd bly nie, en wel om die volgende redes:

- (i) Die strykkwartetlede gee as dosente slegs 12 uur onder-
rig per week (6 daarvan vir die Universiteit, 6 vir die Onderwysdepartement), d.i. minder as die helfte van die gewone doseerprogram van die ander dosente in die Musiekdepartement. Hierdie reëlings is aanvanklik getref om die lede van die strykkwartet geleentheid te gee om 12 uur per week te repeteer. Aangesien die geleentheid om op te tree so selde voorkom, kan hierdie repetisietye nie ten volle benut word nie.
- (ii) Alhoewel die Vrystaatse Strykkwartet sedert sy totstandkoming 'n belangrike bydrae tot die musieklewe in Bloemfontein gelewer het, is dit veral in hul doserende hoedanigheid dat die grootste invloed van hul uitgegaan het. Die aanvanklike ooreenkoms het voorsiening gemaak vir agt openbare optredes, maar SUKOVŠ het gevind dat

hul nie meer as vier kamermusiekkonserte per jaar kan aanbied nie. Dié vier konserte verg dan ook aansienlike subsidieë. SUKOVŠ is van mening dat hul jaarliks bydrae tot die salarisse van die kwartettelede en bogenoemde subsidieë 'n goeie belegging is ter wille van die opvoedkundige werk wat deur die kwartettelede gedoen word. Hul het egter te kenne gegee dat hul graag onthef sou wou word van die verpligte vier konserte per jaar.

- (iii) Mnr. De Wet doen uitstekende werk met sy Jeugorkes. Hierdie werk is eenmalig in ons land en geniet dan ook internasionale erkenning. Die onderrig en afrigting van die Vrystaatse Jeugorkes verg egter steeds meer van sy aandag en kragte.

Daarenteen dra die leier van 'n kamermusiekgroep die verantwoordelikheid van repetisies, van die gehalte van samespel, van programsamestelling, van die voorbereiding van programnotas ens. Dit is op sigself 'n veeleisende en verantwoordelike taak.

"Aangesien die saak van die Jeugorkes alle musiekliefhebbers in die Vrystaat na aan die hart lê en ons graag wil sien dat die werk onder ideale omstandighede voortgesit en uitgebou word, moet mnr. De Wet losgemaak word van die verantwoordelikhede van 'n leier van 'n ensemble en volle geleentheid gegun word om sy kragte te wy aan die Jeugorkes.

2. Dat i.p.v. 'n altviolis 'n tweede tjellis aangestel word
 Dié voorstel van mnr. Jack de Wet word gemotiveer deur die noodsaaklikheid en dringendheid daarvan om die tjelloafdeling van die Jeugorkes uit te brei. Alhoewel die erns van hierdie saak besef word, impliseer die voorstel:
- (i) Dat die strykkwartet as sulks ontbind en daarmee verval die voordele onder (a) en (b)...
 - (ii) Indien die kwartet ontbind en hul verpligtinge t.o.v. openbare optredes verval, moet hul diensvoorwaardes hersien word.
 - (iii) Hierdie hersiening van diensvoorwaardes sal waar-

skyklik meebring dat elkeen van die lede nou volle dosente word, met 'n doseerverpligting van 25 uur per week. Met twee tjelliste op die personeel sal ons dus onmiddellik 50 tjello-leerlinge moet hê. Ons het tans maar 13.

"N.S. Hierdie aangeleentheid verdien egter die ernstige aandag. Ek sal probeer om met 'n ander voorstel hierdie probleem op te los.

3. Dat 'n houtblaasspeler i.p.v. 'n altviolis aangestel word
Die Onderwysdepartement het 2 jaar gelede 'n dosent vir houtblaasinstrumente aangestel. Die werk wat in die skole gedoen word, sal by die Universiteit opgevolg moet word. Die Musiekdepartement ontvang reeds dergelike versoeke. Indien 'n houtblaasspeler in die plek van 'n altviolis aangestel word, ontbind die kwartet ipso facto en het ons nie 'n bruikbare ensemble nie. Alhoewel die instrumentaliste in 'n verskeidenheid van samestellinge gebruik sal kan word, verloor ons die eenheid van 'n permanente kamermusiekgroep. Mnr. De Wet se verpligtinge word ook nie hierdeur verlig nie.

4. Dat mnr. De Wet vrygestel word van sy verpligtinge as leier van die strykkwartet en dat hy aanbly as senior lektor, hoof viooldosent en dirigent van die Vrystaatse Jeugorkes;

dat 'n snaartrio bly voortbestaan, onder leiding van mnr. Jonas Pieters. Die voordele van hierdie voorstel is:

- (i) Mnr. De Wet word in staat gestel om al sy aandag onverdeelde aan sy onderrig en die Jeugorkes te wy.
- (ii) Die Universiteit, SUKOVIS en die Administrasie behou 'n vaste kamermusiekensemble, maar met die volgende wysigings in werkverpligtinge:

I.p.v. die huidige 12 uur onderrig per week (6 uur vir die Universiteit, 6 vir die Onderwysdepartement) sal al 4 die betrokke persone voortaan 18 uur onderrig per week (9 uur vir die Universiteit, 9 vir die Onderwysdepartement) moet gee. Die verskil t.o.v. die ander personeellede in die Musiekdepar-

tement kan geregverdig word omdat:

Mnr. De Wet verantwoordelik is vir die werk van die Jeugorkes, wat aan ons Universiteit die plek van 'n Universiteits- of Konservatoriumorkes inneem.

Die lede van die Trio wel nog verpligtinge t.o.v. openbare optrede en skole-programme sal hê. Van die trio sal verwag word dat hul soos in die verlede programme by die skole moet aanbied en dat hul bereid moet wees om 4 kamermusiekprogramme vir die Universiteit aan te bied (wanneer dit verlang word).

- (iii) Die subsidiebydraes van die belanghebbende liggame kom nie in gedrang nie, want almal is beter daaraan toe:

Die Onderwysdepartement ontvang 36 uur onderrig i.p.v. die 24 uur soos tot op datum. Die skole-uitvoerings bly onaangetas, maar word deur 'n trio i.p.v. 'n kwartet gelewer.

SUKOV'S kan in samewerking met die Musiekdepartement gebruik maak van die kamermusiekuitvoerings, indien hul dit verkies. Deur die vermeerderde onderwysure sal die aanwas vir die Jeugorkes, wat amptelik onder SUKOV'S ressorteer, groter wees.

Die Universiteit het 'n resident kamermusiekensemble, met 36 beskikbare onderwysure per week in snaarinstrumente, i.p.v. 24 tans. Die Musiekdepartement kan 4 kamermusiekkonserte (desnoods gratis) aanbied. Ons kan indirek die vrugte pluk van mnr. De Wet se toewyding en ywer met sy Jeugorkes.

Die lede van die strykkwartet
Mnr. De Wet het die sekuriteit van 'n Senior Lektoraat met al die fasiliteite en tyd om te wy aan sy lewensideaal, die Jeugorkes.

Die ander drie spelers het die sekuriteit van lektorate, met 'n ligter werkprogram as die ander dosente om hul in staat te stel om op te tree. Behalwe die 4 kamermusiekkonserte sal al hul optredes dan finansieel tot hul eie voordeel kan wees.

- (iv) Vakante betrekings behoort goeie aansoeke te lok,

want die ensemble is 'n permanente instelling.

"Ek het die grootste vrymoedigheid om hierdie laaste voorstel sterk by al die betrokke instansies aan te beveel, aangesien ek oortuig is dat langs hierdie weg uiteindelik die grootste bydrae tot die toekomstige musieklewe van Bloemfontein en die Vrystaat gemaak sal kan word..."

1.9.3 Al drie instansies kom tot 'n vergelyk

"Na samesprekings is op aanbeveling van mev. Lotte Pretorius besluit dat oorweging geskenk word aan 'n vyfde moontlikheid, nl. dat die betrekkings van die kwartetlede omskep word in doseerposte.

"Die werkverpligtinge sal dan as volg wees:

I.p.v. die huidige 12 uur onderrig per week (6uur vir die Universiteit, 6 uur vir die Onderwysdepartement) sal al vier die betrokke persone voortaan 18 uur onderrig per week (9 uur vir die Universiteit, 9 vir die Onderwysdepartement) moet gee. Die verskil t.o.v. die ander personelede aan die Musiekdepartement kan geregverdig word omdat: Mnr. De Wet verantwoordelik is vir die werk van die Jeugorkes, wat aan ons Universiteit die plek van 'n Universiteits- of Konservatoriumorkes inneem.

Die ander 3 persone verpligtinge t.o.v. skole-programme sal hê. Hul sal individueel of gesamentlik moet optree volgens 'n vasgestelde program wat in samewerking met die Onderwysdepartement opgestel sal word en die Departement se goedkeuring moet wegdra.

"Die voordele vir die lede van die strykkwartet is:

Mnr. De Wet het die sekuriteit van 'n Senior Lektoraat met al die fasiliteite en tyd om te wy aan sy lewens-ideaal, die Jeugorkes.

Die ander spelers het die sekuriteit van lektorate, met 'n ligter werkprogram om hul in staat te stel om op te tree. Behalwe die skole-program sal al hul optredes finansieel tot hul eie voordeel kan wees.

"Die belanghebbende liggame nl. die Universiteit, die Onderwysdepartement en SUKOVS sal nie meer oor 'n permanente kamermusiek-ensemble beskik nie, maar die Universiteit het 36 beskikbare onderwysure per week in snaarinstrumente, i.p.v. 24 tans.

"Die Onderwysdepartement ontvang 36 uur onderrig i.p.v. die 24 uur soos tot op datum. Die skole-uitvoerings bly onaangetas, maar word deur soliste of ensembles gelewer.

"SUKOVS sal nie meer aanspraak op kamermusiekuitvoerings kan maak nie, maar sal indirek bevoordeel word. Mnr. De Wet word vrygestel van 'n kwart van 'n normale werkprogram om sy aandag te wy aan die Jeugorkes, wat amptelik onder SUKOVS ressorteer. Deur die vermeerderde onderwysure sal die aanwas vir die Jeugorkes ook groter wees."⁵⁷

1.9.4 'n Hersiene ooreenkoms word aangegaan

Nadat daar tydens bovermelde vergadering besluit is om die strykkwartet as sodanig te ontbind, met 'n gepaardgaande klemverskuiwing na onderrig, is 'n hersiene ooreenkoms tussen die drie instansies aangegaan. Die ooreenkoms, wat hieronder aangehaal word, het mnr. De Wet ten goede gekom, aangesien hy nou al sy aandag aan die Jeugorkeste en onderrig kon wy. Alhoewel SUKOVS nie direk bevoordeel is deur hierdie nuwe ooreenkoms nie, maar tog ingestem het daartoe, dui dit op die simpatieke rol wat dié streekraad ten opsigte van die bevordering van strykkmusiek in die O.V.S. gespeel het, wat nie genoeg beklemtoon kan word nie:

"Die Universiteitsraad van die U.O.V.S. (hierna die Raad genoem), die Provinsiale Administrasie van die O.V.S. (hierna die Administrasie genoem) en die Streekraad vir Uitvoerende Kunste van die O.V.S. (hierna SUKOVS genoem) kom soos volg ooreen:

1. Dat die betrekkinge van strykkwartetlede omgeskep word in voltydse doseerposte en dat hierdie dosente geplaas word op die diensstaat van die Raad.

2. Ten opsigte van die lede van die Vrystaatse Strykkwartet, wat op 1 Januarie 1968 na die U.O.V.S. oorgekom het, geld die volgende bepaling:
Gewone, sowel as siekteverlof waarop die onderskeie lede van die kwartet geregtig was by die Administrasie op 31 Desember 1967, sal deur die Raad erken word (met dien verstande dat die aantal dae waarop die lid van die kwartet geregtig was, ten opsigte van gewone verlof, omgesit mag word in maande van dienserkenning).
3. Die Administrasie onderneem om jaarliks 'n bedrag van R13.000 (dertienduisend rand) van 1 Januarie 1968 af aan die Raad te betaal, ten einde sekere dienste, wat hierna beskryf word, aan hulle te verseker.
4. Die Administrasie onderneem om gemelde bedrag van R13.000 (dertienduisend rand), soos in die vorige paragraaf vermeld, ná die verstryking van periodes van drie jaar in hersiening te neem.
5. SUKOVŠ onderneem om jaarliks 'n bedrag van R3.400 (drieduisend vierhonderd rand) van 1 Januarie 1968 af aan die Raad te betaal.
6. As teenprestasie onderneem die Raad:
 - 6.1 Dat elkeen van die betrokke vier dosente 9 uur onderrig per week in stryk- en houtblaasinstrumente aan leerlinge van die Onderwysdepartement gee gedurende die akademiese jaar tot en met die amptelike sluiting van die Universiteit. Die Raad sal kwartaalliks 'n opgawe verstrek ten opsigte van genoemde onderrig. Die keuring en plasing van leerlinge ten opsigte van hierdie onderrig moet geskied na oorlegpleging met 'n aangewese verteenwoordiger van die Administrasie.
 - 6.2 Hierbenewens sal mnr. Jack de Wet verantwoordelik wees vir die werk van die Jeugorkes sonder enige verpligtinge ten opsigte van die skole-

programme. Die ander drie dosente sal individueel of gesamentlik, dit wil sê as soliste in duetsamestelling of selfs saam met ander dosente in die Musiekdepartement by skole optree volgens die vasgestelde program wat in samewerking met die Departement van Onderwys opgestel sal word en die Departement Musiek se goedkeuring moet wegdra.

- 6.3 Die skole-program sal soos volg beplan word: Die drie dosente sal op Woensdag, Donderdag en Vrydag van die tweede week van elke universiteitskwartaal beskikbaar wees vir optredes by skole op die platteland en in Bloemfontein. In die eerste kwartaal sal hulle optree in die inspeksiekring van mnr. Tersteegen van Huyssteen, in die tweede kwartaal in dié van mnr. Chris Heyns en in die derde kwartaal in die inspeksiekring van mnr. Dirkie de Villiers. In die vierde kwartaal sal hul optredes hoofsaaklik by skole in Bloemfontein plaasvind. Besonderhede oor die items wat verlang word oor skole wat besoek moet word en die tye waarop die dosente hulle by die skole moet aanmeld, moet voor die einde van die kwartaal wat die optredes voorafgaan, deur die Administrasie aan die Universiteit voorgelê word, sodat die Departement Musiek sorg kan dra dat die programme goed voorberei word. Die Administrasie aanvaar die verantwoordelikheid om bogemelde inligting betyds, of soos ooreengekom, aan die Raad te verstrek.

7. As teenprestasie teenoor die bydrae van SUKOV'S word gemeld dat mnr. Jack de Wet verantwoordelik bly vir die werk van die Jeugorkes wat amptelik onder SUKOV'S resorteer.
8. Die Raad sal die beheerliggaam uitmaak en toekomstige aanstellings van dosente in die betrokke betrekkings sal gedoen word deur die Raad in oorleg met gemagtigde

verteenwoordigers van die Administrasie en SUKOV.S."⁵⁸

1.9.5 Kommentaar op die verpligtings

Die vier dosente het dus nou die volgende verpligtinge gehad:

18 uur lesverpligtinge per week elk;
die stryktrio moes verder 4 uitvoerings en \pm 30 skoolkonserste per jaar lewer.

Hierdie werkverpligtinge dui op 'n effense verslapping, alhoewel die uitvoerings nog 'n geweldige las op die stryktrio geplaas het.

1.10 SLOT

Aangesien hierdie hoofstuk slegs aandag wy aan die totstandkoming, ontwikkeling en ontbinding van die O.V.S.-Strykkwartet, mag dit verkeerdelik die indruk skep dat die strykkwartet-onderneming as sodanig misluk het. As direkte uitvloei-sel van die inspirerende werk van die strykkwartetlede, en in besonder mnr. J.G. de Wet, het daar kort na die totstandkoming van die O.V.S.-Strykkwartet 'n geweldige opbloei in strykmusiek in die Vrystaat plaasgevind. Die totstandkoming van die strykprogram word in Hoofstuk 2 breedvoerig behandel.

Die heelhartige samewerking van die drie liggame, nl. die Universiteit, O.V.S. Provinsiale Administrasie en die Bloemfonteinse Stadsraad, (later SUKOV.S), was ook 'n kernfaktor: daarsonder sou daar waarskynlik niks tot stand gebring kon word nie. Die stigting van die O.V.S.-Strykkwartet in 1960 was die eerste stap in die rigting van implementering van 'n orkesprogram wat verreikende gevolge sou hê.

VOETNOTE EN VERWYSINGS

1. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
2. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. P.J. Lemmer op 6 Des. 1982, Pretoria. Sy gemoedelike verteltrant word doelbewus behou, ook omdat dit 'n weerspieëling is van sy groot persoonlike geesdrif vir en betrokkenheid by die wel en wee van musiek in ons land.
3. Lemmer, P.J. Sang Vrystaat se musiekmedium, in Die Volksblad, Unieffeesbylae, 19 Mei 1960, p.4.
4. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
5. De Villiers, D.I.C. Meneer Dirkie gesels musiek: die Vrystaatse Jeugorkes, in Naweekpos, vol.14. no.166, Feb. 1968, p.23.
6. Libretto, pseud. Musiek is die poësie van die lug: stryk-ensemble, in Die Volksblad, 3 Okt. 1959, p.3.
7. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
8. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. L. Quayle op 9 Des. 1982, Umtentweni.
9. Bloemfontein. Munisipaliteit. [Lêer no.66/17]. Cultural amenities: establishment of quartet at U.O.F.S.
10. Ibid.
11. Ibid.
12. Ibid.
13. Ibid.
14. Libretto, pseud. Musiek is die poësie van die lug: strykkwartet verblydendste ding in jare, in Die Volksblad, 6 Jun. 1959, p.3.
15. Vergelyk kommentaar op p.17 onder 1.2.8.
16. Kennisgewing in Die Volksblad, 28 Jun. 1959, p.8.
17. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. E.E. van Kerken op 8 Nov. 1982, Pretoria.
18. Vergelyk verwysing op p.19 onder 1.2.9.
19. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. L. Quayle op 9 Des. 1982, Umtentweni.
20. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.

21. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. N. Travers op 25 Nov. 1981, Kaapstad.
22. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
23. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. L. Quayle op 9 Des. 1982, Umtentweni.
24. Libretto, pseud. Vier ervare musici in O.V.S. Strykkwartet aangestel, in Die Volksblad, 21 Okt. 1959, p.8.
25. Programnota van 'n konsert deur die Vrystaatse Strykkwartet op 8 Mrt. 1965.
26. SUKOVŠ. [Lêer no. K.7/1]. Die Vrystaatse Strykkwartet.
27. Orpheus, pseud. Strykkwartet lewer van beste konserte in feestyd, in Die Volksblad, 26 Mei 1960, p.18.
28. Quayle, L. S. African music history will be made in the O.F.S., in The Friend, 4 Feb. 1961, p.7.
29. Libretto, pseud. Strykkwartet wek geesdrif by gala-uitvoering, in Die Volksblad, 8 Feb. 1961, p.4.
30. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
31. Vergelyk kommentaar op p.30 onder 1.3.8.
32. Vergelyk kommentaar op p.30 onder 1.3.8.
33. Libretto, pseud. O.V.S. Strykkwartet maak gunstige indruk, in Die Volksblad, 4 Mrt. 1961, p.7.
34. Libretto, pseud. Strykkwartet debuteer met welslae by hoërskool, in Die Volksblad, 23 Jan. 1961, p.7.
35. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. H. Cremers, op 26 Nov. 1981, Kaapstad.
36. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
37. Persoonlike onderhoud gevoer met dr. J.A. Henkins op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea.
38. Bloemfontein. Munisipaliteit. [Lêer no.66/17]. Cultural amenities: vol.1: establishment of quartet at U.O.F.S.: from 1-1-61 to 3-5-65.
39. Libretto, pseud. Gratis konserte deur Vrystaatse Strykkwartet, in Die Volksblad, 28 Sept. 1963, p.3.
40. Vergelyk kommentaar op p.39 onder 1.4.1.6.
41. Vergelyk kommentaar op p.38 onder 1.4.1.6.

42. Bloemfontein. Munisipaliteit. [Lêer no.66/17]. Cultural amenities: vol.1: establishment of quartet at U.O.F.S.: from 1-1-61 to 3-5-65.
43. Sowden, D. New choir, in Sunday Times, 4 Feb. 1962, p.16.
44. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. L. Quayle op 9 Des. 1982, Umtentweni.
45. Bloemfontein. Munisipaliteit. [Lêer no.66/17]. Cultural amenities: vol.1: establishment of quartet at U.O.F.S.: from 1-1-61 to 3-5-65.
46. SUKOVS. [Lêer no. K.7/1]. Die Vrystaatse Strykkwartet.
47. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. N. Travers op 25 Nov. 1981, Kaapstad.
48. Programnota van 'n konsert deur die Vrystaatse Strykkwartet op 8 Mrt. 1965.
49. SUKOVS gaan orkes stig, in Die Volksblad, 16 Aug. 1966, p.1.
50. Persoonlike onderhoud gevoer met dr. J.A. Henkins op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea.
51. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.1.
52. Ibid.
53. Persoonlike onderhoud gevoer met dr. J.A. Henkins op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea.
54. SUKOVS. [Lêer no. K.7/1]. Die Vrystaatse Strykkwartet.
55. Ibid.
56. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. H. Cremers op 26 Nov. 1981, Kaapstad.
57. SUKOVS. [Lêer no. K.7/1]. Die Vrystaatse Strykkwartet.
58. Ibid.

HOOFSTUK 2

2. DIE TOTSTANDKOMING VAN 'N STRYK- EN 'N
BLASERPROGRAM IN DIE O.V.S., MET SPESIALE
VERWYSING NA DIE VRYSTAATSE JEUGORKES

2.1 DIE VRYSTAATSE JEUGORKES

2.1.1 AANLOOP TOT STIGTING

2.1.1.1 'n Koerantberig

Om en by Junie 1962 het mnr. Jack de Wet, leier van die strykkwartet, toestemming van die Onderwysdepartement verkry om uit die strykkwartet se leerlinge met 'n jeugstrykorkessie te begin. Die volgende opskrif en berig het in Die Volksblad van 13 Junie 1962 verskyn: "Strykorkes kom vir juniors: Bloemfontein en die Vrystaat gaan eersdaags oor 'n junior strykorke besik. 'n Besluit hieroor is gister op 'n vergadering geneem wat onder die voorsitterskap van mnr. Dirkie de Villiers, inspekteur van skolesang en musiek in die Vrystaat, in Bloemfontein plaasgevind het.

"Mnr. Jack de Wet, onder wie se leiding die orkes gevorm sal word en ook sal fungeer, het die vergadering wat deur 'n aantal belangstellendes bygewoon is, toegesprek. Hy het gesê dat die junior orkes die leerskool moet wees vir die toekomstige lede van 'n senior orkes. Die lede van die orkes sal die leerlinge van die Vrystaatse Strykkwartet wees en alle belangstellende skoliere, studente of jongmense wat 'n sekere mate van vaardigheid met 'n viool besit, sal verwelkom word.

"Die keurkomitee bestaan uit mnre. D. de Villiers, J. de Wet en mev. Mary Rousseau. Aansoeke moet gerig word aan mnr. Jack de Wet, Onderwysdepartement, Bloemfontein."¹

2.1.1.2 Rede vir die totstandkoming

In die begin is daar eintlik nie gedink aan 'n werklike

orkes as sodanig nie, maar alleen aan mnr. De Wet se begeerte om kinders te laat deel in die vreugde van saam musiekmaak om sodoende 'n liefde vir musiek by die kind te kweek. Op daardie tydstop was jeugorkeste betreklik onbekend in Suid-Afrika. Behalwe vir Betty Pack se "South African Chamber Orchestra," wat meer op gevorderde leerlinge toegespits was, is daar nooit tot op daardie stadium aan die jonger leerlinge gedink nie.²

2.1.1.3 Oudisies vind plaas

Mnr. D.I.C. de Villiers het in Die Naweekpos van Februarie 1968 die volgende herinnerings herroep: "Ek onthou die dag goed toe die oudisies vir opname in die te stigte orkes plaasgevind het. Feitlik al die aspirante was beginners wat maar slegs 'n paar jaar stryk-onderrig ontvang het en die beoordelaars (mnr. De Wet en Frans [sic.] Bouguenon, mev. Mary Rousseau en ek self) het die visier nie te hoog gestel by die toetsing nie, behalwe in een opsig: die gehoor, die aanvoeling vir korrekte intonasie, met ander woorde die goeie oor was 'n voorvereiste, want daarsonder kan geen bespeler van 'n strykinstrument eers begin om reg te fungeer nie.

"Op die manier is sestien geskiktes gevind: sewe eerste viole, sewe tweede viole, twee tjello's..."³

2.1.2 DIE EERSTE REPETISIE

Die eerste oefening van die nuut gestigte Jeugorkessie is aan die begin van die derde kwartaal, d.w.s. so teen die einde van Julie 1962, gehou.

Dr. J.A. Henkins was die middag van die eerste oefening van die Vrystaatse Jeugorkes in die Pres. Brand-laerskoolsaal self teenwoordig. Anne-Marié Fourie, reeds 'n student aan die U.O.V.S., het as leidster opgetree. Lydia van der Merwe, 'n violiste en student aan die U.O.V.S., Marietjie van den Berg, wat die klavier bespeel het, sowel as die drie kwartetlede het hulle dienste aangebied om klank-

verryking en -aanvulling te verskaf. Volgens dr. Henkins was daardie eerste oefening heeltemal chaoties gewees, want elkeen het net gespeel, terwyl almal nie eers op dieselfde toonhoogte was nie. Na afloop van die eerste oefening het mnr. De Wet hom egter meegedeel dat dit maar net geboortepyne was. Dit het dus 'n vaste instelling geword dat die Vrystaatse Jeugorkes elke Donderdagmiddag in die Pres. Brand-laerskoolsaal gerepeteer het.

2.1.3 DIE EERSTE OPTREDES

Dr. Henkins herinner hom dat hy aan mnr. De Wet, om en by die tweede helfte van 1962, die volgende meegedeel het:

"Jy weet Jack die orkessie gaan so mooi aan, jy het regtig iets om te verkoop," waarna dr. Henkins onderneem het om vir die orkes 'n konsert te reël. Omdat hy 10 jaar lank geneesheer op Boshof was en nog baie kontakte gehad het, is die eerste konsert van die Vrystaatse Jeugorkes op Boshof gereël. Die orkeslede is met motors van ouers en belangstellendes daarheen vervoer. Die Jeugorkes was nie op hierdie stadium in staat om 'n volwaardige orkesprogram te lewer nie, daarom het die eerste optredes eerder die vorm van 'n verskeidenheidskonsert aangeneem.

Intussen het dokter-hulle kontak opgebou met 'n mev. Visser wat 'n musiekonderwyseres op Richmond was, en sy het onderneem om 'n konsert vir die Jeugorkes te reël. Nadat dr. Henkins met die hoof van die Colesbergse Hoërskool geskakel het, is daar besluit om 'n naweekuitstappie te maak met konserte die Vrydagaand op Richmond en Saterdagagaand op Colesberg. Die Onderwysdepartement van die O.V.S. het goedgunstiglik 'n kombi vir die uitstappie voorsien.

Aangespoor deur die sukses van die 3 bogenoemde uitvoerings het mnr. De Wet, in samewerking met die Volksskool President Brand, besluit om 'n Vrystaatse Jeugfees aan te bied.⁴

2.1.3.1 Teenstrydige inligting oor die eerste optredes

Aangesien die moontlikheid bestaan dat herinnerings aan die

gedetailleerde verloop van gebeurtenisse wat lank gelede plaasgevind het, kan vervaag, is dit te verstane wanneer die voorafgaande inligting van dr. Henkins weerspreek word deur die volgende berig wat in Die Volksblad van 4 Mei 1963 verskyn het: "Die orkes...het hul debuut in Oktober verlede jaar met die Jeug-musiekfees in die stadskouburg gemaak. Sedert hul eerste uitvoering voor die publiek van Bloemfontein, het hulle reeds by die streekkonferensie van die Vroue-Landbou-Unie in die stad, en ook op Verkeerdevlei, opgetree. Hulle is voornemens om binnekort 'n besoek aan Winburg en Boshof te bring. In die tweede helfte van die jaar hoop hulle om ook Kroonstad en Richmond te besoek..."⁵ Dit is nie van soveel belang wie korrek is nie. Koerantberigte is verreweg nie altyd honderd persent betroubaar nie. Die verblydendste aspek is dat iemand soos dr. Henkins hom so geesdriftig beywer het vir hierdie goeie saak, en tans nog sulke pragtige herinnerings daaraan het.

2.1.4 'N KOERANTBERIG KONDIG DIE EERSTE JEUGFEES AAN

Die beplande Jeugfees is as volg in Die Volksblad van 20 Oktober 1962 aangekondig: "'n Feestelike musiekprogram deur die jeug word Vrydagaand, 26 Oktober, in die skouburg aangebied wanneer die eerste Vrystaatse Jeugfees plaasvind ...Vir almal wat in die musiekbedrywighele van die jeug belang stel, sal dit 'n gelukkige oomblik wees wanneer hierdie orkes van 24 lede sy verskyning op die konsertverhoog maak.

"Die totstandkoming van die Jeugorkes kan beskou word as 'n uitvloeisel van die besielende werk wat die lede van die Vrystaatse Strykkwartet verrig en dit lê voor die hand dat hierdie orkes van krag tot krag sal gaan namate meer jongmense onderrig in die speel van strykinstrumente ontvang. Saam met die Jeugorkes tree ook 'n snaarensemble op, bestaande uit Jacques [sic.] de Wet, Anne-Marie Fourie, Francois Bougenon [sic.], Harry Cremers en Lydia van der Merwe (continuo).

"Vrydagaand se puik program word onder beskerming van die Volksskool President Brand aangebied, 'n skool wat in die verlede telkens verras het met die gehalte van sy onderneming op die gebied van kuns en kultuur. Die bedoeling is om hierdie fees 'n jaarlikse instelling te maak en jong kunstenaars uit alle dele van die provinsie uit te nooi om aan die verrigtinge deel te neem..."⁶

2.1.4.1 'n Resensie

Die volgende opskrif en resensie het in Die Volksblad van 27 Oktober 1962 verskyn: "Nog 'n Jeugfees sal welkom wees: 'Die ontstaan van die Vrystaatse Jeugorkes is die verwezenliking van 'n ideaal wat sedert die totstandkoming van die Vrystaatse Strykkwartet gekoester is', het die Direkteur van Onderwys in die O.V.S. gisteraand in die Bloemfonteinse Skouburg as inleiding tot die eerste konsert van die eersgenoemde groep gesê.

"Omdat die Jeugorkes nog maar enkele maande onder leiding van mnr. Jack de Wet bestaan, is sy repertoire uiteraard te beperk om 'n volle program alleen te kan behartig. Daarom het die verrigtinge die vorm van 'n jeug-musiekfees aangeneem, met pragtige steun van verskeie skole, puik georganiseer deur die personeel van die Pres. Brand skool.

"Geen orkesnommer het groter indruk gemaak as Benoy se verwerking van Purcell se 'Trumpet Voluntary' nie. Hier, sowel as in die voorafgaande Benoy-werk, het die goeie balans, toongradering, ritmiese aanvoeling en algemene intonasie van die groep strykers ten beste ontplooi. Ten spyte van 'n skewerige inval of twee, het Jack de Wet reeds in 'n groot mate daarin geslaag om 'n besonder bevredigende orkes-dissipline daar te stel, wat groot belofte vir die toekoms inhou.

"Die duet deur twee van die senior lede, Anne-Marie Fourie en Kosie Louw, was stemmingsvol, die suite: 'Childhood's Happy Days' (in medewerking met 'n vrolike slagorkesgroep van Pres. Brand) was pikant, en die Vivaldi-konsertdeel

wat die jong Francois Henkins as 'n selfversekerde, be-
hendige en tegnies-vaardige violis bewys het, het die Jeug-
orkes se aandeel aan die program voltooi...

"Op hierdie wyse word die baanbrekerswerk van mense soos
Victor Pohl, P.J. Lemmer en ander uit die ou dae nou voort-
gesit. Die geesdriftige gehoor wat die teater kant en wal
gevol het, het verdere bewys gelewer dat nog 'n konsert van
hierdie gehalte baie gou weer moet plaasvind."⁷

2.1.5 REDES VIR 'N SUKSESVOLLE LESPRAKTYK

Die wonderlike sukses wat alreeds met die eerste jeugfees
behaal is, was in 'n groot mate te danke aan invloed van
'n leermeester uit die buiteland - Voordat mnr. De Wet
Nederland verlaat het, het hy aan sy leermeester, mnr. Oscar
Back, wat in jong virtuose gespesialiseer het, gevra hoe 'n
mens te werk moet gaan om 'n lespraktyk te begin. Mnr.
Back het aan hom die volgende meegedeel: "Dwarsoor die wê-
reld is daar talent, waar daar mense is, is daar talent,
maar die geheim is om jou leerlinge fyn dop te hou, want
in elke lespraktyk is daar iemand wat sterpotensiaal besit.
Gee dan baie aandag aan so 'n persoon." Mnr. De Wet het
sterpotensiaal in een van sy eerste leerlinge, Francois
Henkins, gesien en om en by 1961 het hy eendag aan sy vader
dr. J.A. Henkins die volgende meegedeel: "Ek is bereid
om die kêrel te stoot, kom ons kyk of ons hom nie volgende
jaar op die jeugfees in Johannesburg kan laat optree nie."
Dr. Henkins moes egter alle lesse en oefensessies bywoon,
'n vereiste wat mnr. De Wet aan elke ouer gestel het.⁸
Een jaar later het Francois, 'n week nadat Marion Friedmann
haar debuut in die Kaap gemaak het, sy debuut op elfjarige
ouderdom saam met die Johannesburgse Simfonieorkes gemaak.
Dr. Henkins onthou as volg: "Dora Sowden, destydse resen-
sente van die Rand Daily Mail, wat ook die debuutoptrede
van Marion geresenseer het, het persoonlik na afloop van die
uitvoering die aand aan my gesê, sy meen Francois het 'n
groter toekoms as wat Marion het."⁹

2.1.6 DIE VAN KERKEN-TROFEE WORD INGESTEL

Mnr. De Wet se uitgangspunt was dat "die algemene publiek nie eintlik orkesmusiek wil hoor nie, hulle word moeg vir dieselfde klank. Daar moet sterre ook in 'n program ingesluit word, want dit is die belangrikste trekpleister vir die publiek. Ek het ook geglo dat die werklike stertalent beloon moet word. Om nie my naam daaraan te koppel nie, het ek mnr. E.E. van Kerken, destydse Direkteur van Onderwys in die O.V.S. en beskermheer van die Vrystaatse Jeugorkes genader en gevra of hy nie sy naam aan 'n wissel-trofee wou koppel nie. Hy het ingestem en Eben van der Merwe, die bekende kunsskilder is gevra om 'n trofee te ontwerp wat groei voorstel."¹⁰ By elke jeugfees sedert 1963 is die E.E. van Kerken-wissel-trofee aan die Vrystaatse stryker van die jaar toegeken. Dit het daarop neergekom dat die jeugorkeslid wat sedert die vorige Augustus die grootste musiekprestasie gelewer het, die trofee ontvang het. Deurslaggewend was gewoonlik die feit dat 'n orkeslid deur 'n statuswaardige buite-instansie genooi was om as solis saam met 'n simfonieorkes op te tree.¹¹

2.1.7 DIE TWEEDE JEUGFEES

Omdat die programsamestelling van die eerste jeugfees byval gevind het by die publiek en daardeur bewys gelewer is dat nog 'n jeugfees welkom sou wees, is daar besluit om 'n tweede jeugfees te organiseer. Prof. J. de Wet onthou die volgende oor die beplande jeugfees: "Ons het na die eerste jeugfees na mnr. Jordaan gegaan en aan hom gesê dat ons die volgende jaar, 1963, weer so 'n fees, onder beskerming van die Volksskool Pres. Brand, moes hou. Hy het ons egter meegedeel dat hy dink dat dit 'n goeie plan is dat ons dit nou op ons eie hou. Daar het toe 'n probleem ontstaan omdat daar niemand was wat ons wou borg nie, maar ons het besluit om die onkoste van die huur van die skouburg en die reklame self te dra. Die kaartjies vir hierdie konsert was almal uitverkoop."¹²

2.1.8 NAME VAN DIE JEUGORKESLEDE - 1963

Sover as wat vasgestel kan word, verskyn daar vir die eerste keer in Die Volksblad van 4 Mei 1963 die volgende name van die Vrystaatse Jeugorkeslede:

Eerste viole:

Anne-Marie Fourie (leidster)

Lydia van der Merwe

Rosalie Wright

Niel Immelman

Rosalie Dekker

Francois Henkins

Jacques Malan

Francois Bouguenon

Anne-Marie Gray

Tweede viole:

Christa de Wet (Hoofspeelster)

Mitzi Jooste

Johan Prinsloo

Suzanne de Villiers

Elna Uys

Stieneke Eloff

Altviool:

Martha Bouguenon

Tjello:

Eileen Wright (Hoofspeelster)

Elizabeth Retief

Pianiste:

Adré van Rensburg.¹³

2.1.9 SUKOVŠ NEEM DIE JEUGORKES OOR

2.1.9.1 Rede vir die oorname

Die Streekraad vir die Uitvoerende Kunste in die O.V.S.,

wat die enigste streekraad in Suid-Afrika, (behalwe SWARUK) was wat oor geen staande simfonieorkes beskik het nie, het na die wetslae van die 1962-en '63-jeugfeeste, 'n aanbod aan die O.V.S.-Onderwysdepartement gemaak om die beheer van die orkes op hom te neem.

2.1.9.2 Die Uitvoerende Bestuur keur die oorname goed

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur wat gehou is op Maandag 20 Julie 1964, is na aanleiding van 'n memorandum insake die oorname van die jeugorkes die volgende besluit geneem: "...dat die Uitvoerende Bestuur in beginsel geen beswaar teen die oorname van die orkes het nie en dat die saak vir kommentaar en aanbevelings na die Musiekkomitee verwys moet word."¹⁴ Die Musiekkomitee het op 'n vergadering wat op 13 Julie 1964 gehou is, die volgende aanbevelings gedoen:

- "(a) Dat die jeugorkes onder die sorg van die Musiekkomitee geplaas moet word maar dat die Opera- en Musiekkomitee bydraes behoort te lewer tot sy instandhoudingskoste.
- (b) Dat mnr. Jack de Wet geko-opteer moet word op die Dagbestuur van die Musiekkomitee wanneer sake rakende die orkes bespreek word."¹⁵

Hierdie bogenoemde aanbevelings van die Musiekkomitee is tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur wat gehou is op Maandag 17 Augustus 1964 eenparig goedgekeur.¹⁶ Op 1 September 1964 is die Vrystaatse Jeugorkes amptelik onder beheer van die Streekraad Uitvoerende Kunste O.V.S. geplaas.

2.1.9.3 'n Metamorfose t.o.v. die administrasie vind plaas

Waar die orkes op betreklik losse voet onder die Onderwysdepartement geressorteer het, het die oorname van SUKOV'S 'n metamorfose betreffende die administrasie teweeggebring. Die onderstaande memorandum verwys:

"1. DOELSTELLINGS

Die jeugorkes sal dien as 'n opleidingsbron waaruit

'n semi-professionele ensemble vir begeleidingsdoel-
eindes en uiteindelik 'n hoogstaande professionele
kamerorkes van ongeveer 15 lede onder die beheer van
SUKOVS vir die Vrystaat saamgestel kan word.

2. SUKOVS AANVAAR VERANTWOORDELIKHEID OM -

- (a) 'n repetisielokaal en kantoortjie met rakke vir
berging van bladmusiek, beskikbaar te stel;
- (b) 'n repetiteur-dirigent en 'n orkesbestuurder te
vergoed en wel op die volgende voorlopige grond-
slag:
- | | |
|---------------------|-------------------|
| Repetiteur-dirigent | R40-00 per maand |
| Orkesbestuurder | R15-00 per maand; |
- (c) die volgende fooie te betaal vir konserte deur die
orkes:
- | | |
|---|--|
| Strykkwartetlede | R10-00 per konsert
buite Bloemfontein en
R 7-00 per konsert
in die stad |
| Gekwalifiseerde spelers | R 5-00 per konsert |
| Aan ledefonds ten opsigte
van ongekwalfiseerde spelers | 50c per konsert; |
- (d) in te staan vir reiskoste en maaltye wanneer die
orkes buite Bloemfontein optree;
- (e) musiek vir die orkes aan te koop teen hoogstens
R10-00 per maand;
- (f) die jaarlikse Jeugfeesaand te organiseer.

3. SUKOVS VEREIS VAN DIE ORKES -

- (a) dat lede minstens een repetisie van twee uur per
week moet bygewoon - maar dat die dirigent byko-
mende repetisies mag vereis;
- (b) dat hy beskikbaar moet wees vir optrede op enige
plek in die O.V.S.;
- (c) 'n reeks van minstens ag (8) maar hoogstens twaalf
(12) konserte per jaar en verder dat die orkes be-
skikbaar moet wees vir konserte wat op uitnodiging
of op spesiale versoek gelewer moet word;
- (d) dat vier (4) GRATIS konserte per jaar - sonder enige
koste vir SUKOVS, gedurende skoolure by skole vir

die Onderwysdepartement onder die vaandel van SUKOVS gelewer moet word. Indien die Onderwysdepartement die dienste van die orkes vir spesiale geleenthede benodig, kan dit in oorleg met SUKOVS gereël word met dien verstande dat dit geen bykomende koste vir SUKOVS meebring nie;

- (e) dat gekeurde senior lede van die orkes beskikbaar moet wees as 'n begeleidingsgroep vir SUKOVS-aanbiedings;
- (f) dat die repetiteur-dirigent sonder ekstra vergoeding ook begeleidingsgroepe moet afrig en dat hy, indien nodig, sy stok vir aanbiedings soos in paragraaf (e) bedoel, moet oorhandig aan die dirigent wat vir sodanige produksies deur SUKOVS aangestel mag word;
- (g) dat die repetiteur-dirigent vir konserte van die jeugorkes, sonder bykomende vergoeding, as dirigent sal optree;
- (h) dat die Direkteur, die Organiseerster vir Musiek, Ballet en Opera en die Voorsitters van sy Musiek-, Ballet- en Operakomitee te enige tyd repetisies mag bywoon;
- (i) dat die getalsterkte van die orkes minstens 15 en hoogstens 30 sal wees;
- (j) dat die lede kontrakte met SUKOVS aangaan. Die kontrakte met die repetiteur-dirigent sowel as die lede van die orkes sal vir onbepaalde termyne aangegaan word maar SUKOVS sal die reg voorbehou om 'n kontrak te beëindig ingeval van onbevoegdheid of wangedrag, versuim om repetisies by te woon of indien enige voorwaardes van die kontrak nie nagekom word nie..."¹⁷

2.1.9.4 Kommentaar op die memorandum

Paragraaf no. 1 op pp. 76 & 77 van die bostaande memorandum dui weereens op 'n hoë trant wat op onkunde gegrond was. Maar 'n mens moet seker maar sulke stellings soos "semi-professioneel" en "hoogstaande professionele" kwytraak om die here agter die lessenaars te imponeer? Sonder sulke



Die Vrystaatse Jeugorkes (+ 1964/65)

Eerste viole: 1ste staander: v.l.n.r. verskyn:

Anne-Marie Fourie, Lydia van der Merwe, Eben van der Merwe;

2de staander: Francois Henkins, Jacques Malan, mev. J. de Wet (eggenote van mnr. Jack de Wet), mev. E. Swanepoel (eggenote van prof. Chris Swanepoel);

3de staander: Christa de Wet, Anne-Marie Gray, Francois Bouguenon (jr.);

Tjello's: v.l.n.r. verskyn:

Frederick Fourie, onbekend, Ede van Rensburg;

Tweede viole: 1ste staander: v.r.n.l. verskyn:

Suzanne de Villiers, onherkenbaar, Marianne Malan;

2de staander: Pienaar Fourie, onbekend, Peter Gray, Eben Kotzé;

3de staander: Anneli Malan, Pierre de Villiers, Johan Meiring, Ernest Rood

Foto: Mnr. P. Fourie

oëverblindery sou daar miskien heeltemal niks tot stand gekom het nie? Die "gekwalfiseerde spelers" wat by paragraaf 2 (c) op p.77 genoem word, verwys na ander professionele spelers wat ook in die jeugorkes gespeel het. Buiten die verantwoordelikhede van SUKOV'S, wat by 2 op p.77 aangehaal is, het die oorname die verdere voordele vir die orkes ingehou:

SUKOV'S sou voortaan die reklame-masjinerie in verband met die reëling van konserttoere onderneem; en status is aan die orkes verleen deurdat dit nou amptelik onder 'n Regeringsliggaam geressorteer het en dus op 'n staatsubsidie geregtig was.¹⁸

2.1.10 'N JUNIOR JEUGORKES KOM TOT STAND

Die Vrystaatse Jeugorkes het dus 'n nuwe era met die oorname van SUKOV'S betree. Niemand het seker ooit in hierdie stadium voorsien dat die jeugorkes gedurende die nuwe bedeling tot 'n gesogte Vrystaatse uitvoerprodukt sou ontwikkel nie.

Aangesien die aanvraag na vioolonderrig aansienlik begin toeneem het, is daar besluit om 'n tweede orkes tot stand te bring. In die Naweekpos van Februarie 1968, het mnr. D.I.C. de Villiers die aanloop tot die stigting van die orkes as volg beskryf: "Tot op hierdie stadium het Jack de Wet, in sy eie woorde, 'gebruik wat hy kon kry', met slegs 'n streng gehoortoets en 'n sekere mate van tegniese vaardigheid as 'n sine qua non vir keuring en het die orkes tot ongeveer dertig lede aangegroei. En toe kry hy 'n ingewing: stig 'n tweede, Junior Jeugorkes as voedingsbron vir die senior groep en verhoog die keuringstandaard vir opname in laasgenoemde groep sodat die nuwe Senior Jeugorkes nou meer ambisieuse werke kan aanpak en sy getalle drasties besnoei kan word. Die Juniororkes...sou aparte repetisietye hê, makliker musiek speel, maar altyd in dieselfde konsertprogram as die seniors optree, hoewel as 'n aparte entiteit. Met ander woorde: wanneer die jeugorkes op toer gaan, reis beide groepe saam en leer die jongeres gedurig deur die oueres sowel op'as af van die verhoog af dop te hou..."¹⁹

Die Junior Jeugorkes is gedurende Februarie 1965 in die lewe geroep. Die ouderdomme van die orkeslede het gewissel tussen 5 en 13 jaar. Gedurende Augustus 1965 het die Junior Jeugorkes hul debuut, tydens die jaarlikse Jeugfees, gemaak. Kasset no.2 bestaan uit 'n opname wat tydens hierdie Jeugfees gemaak is, sowel as 'n kort toespraak deur mnr. E.E. van Kerken tydens die oorhandiging van die Van Kerken-trofee. Ingeslote by die opname is 'n S.A.U.K.-program waarin 'n bespreking van die Jeugfees deur mnr. D.I.C. de Villiers plaasgevind het. Die lede van die Junior Jeugorkes was as volg:

2.1.10.1 Name van die Junior Jeugorkeslede

Eerste viole:

Johan Meiring (konsertmeester)

Pierre de Villiers

Anneli Malan

Marianne Malan

Dina de Villiers

Anette Brünning

Klavier:

Sjoerd Alkema

Tweede viole:

Francois Bouguenon

Peter Gray

Ernest Rood

Eben Kotzé

Sabine Erdmann

Gideon Linde

Tjelli:

Frederick Fourie

Ede van Rensburg.²⁰

2.1.11 BELANGSTELLING IN DIE JEUGORKES NEEM TOE

Dora Sowden, destydse musiekkritikus van Johannesburg, het op uitnodiging van SUKOV'S die 1966-Jeugfees bygewoon. Die

volgende opskrif en resensie het in die Rand Daily Mail van 22 Augustus 1966 verskyn: "Young players show way: In a delightful hall, so new that it will be officially opened on the university campus only this week, 40 boys and girls from the Free State, aged five to 17 years, showed an ability last Friday night in string playing that should prove a major asset to South African music. It was worth going to Bloemfontein to hear them.

"To my knowledge, this is the only real youth orchestra that has survived initial enthusiasm in South Africa. It is certainly the only string orchestra of its kind in the country. The occasion was the fifth annual 'Youth Festival' of the Free State Youth Orchestra founded and directed by Jack de Wet, of the professional O.F.S. String Quartet.

"The children were divided into two orchestras - about 20 in the Junior (under 14) and another 20 in the Youth Orchestra (over 14). The leader of the Junior Orchestra was Francois Bouguenon, 13, son of Francois Bouguenon, formerly of the S.A.B.C. and now of the Free State Quartet. The Youth Orchestra leader was Francois Henkins, 14 who was heard in Johannesburg at one of the Young Artists' Concerto Festivals of the Johannesburg Symphony Orchestra...

"The performance was a demonstration of what could be done with the right kind of direction (by Jack de Wet) and intelligent promotion (by the Performing Arts Council of the O.F.S.).

"There were too many young soloists on the programme, and there was too much piano accompaniment for the orchestra. The strings did not need so much keyboard bolstering, and until the orchestra has a harpsicord, I would advise omission of the piano except in such works as the Bach Double concerto where continuo is essential.

"However, tiny Matthias Erdmann, playing an 8th fiddle, was



Die Vrystaatse Jeugorkes (+ 1966/67)

Eerste viole: 1ste staander: v.l.n.r. verskyn:

Francois Henkins, Jacques Malan;

2de staander: Pienaar Fourie, Dina de Villiers, Johan Meiring;

3de staander: Francois Bouguenon (jr.), Gideon Linde, onbekend, Pierre de Villiers;

Tjello's: v.l.n.r. verskyn:

Frederick Fourie, Tilla van Wyk, Engela Rood, Ede van Rensburg;

Tweede viole: 1ste staander: v.r.n.l. verskyn:

Suzanne de Villiers, Johan Prinsloo;

2de staander: Manie Prinsloo, Isa Prinsloo;

3de staander: onbekend, Sjoerd Alkema, Sabine Erdmann

Foto: SUKOVŠ

a five-year-old show-stopper. Francois Henkins and Pienaar Fourie (who overdid the beat rather heavily) were admirable in the Bach D Minor concerto - and then there were the orchestras.

"Even the Junior Orchestra (seven to 13) produced an intonation that sounded better than that of the S.A.B.C. Junior Orchestra on the air (ages 16 upwards), making a debut last Tuesday...

"Both Junior and Youth Orchestra had a quite remarkable sense of rhythm. Whatever else was lacking - real pianissimo and true crescendo - ensemble never failed.

"During the proceedings Mr. E.E. van Kerken, formerly Director of Education in the O.F.S., presented the Van Kerken trophy for the best soloist of the year to Abrie de Wet. As first supporter of the idea of a string orchestra in the O.F.S., he had come specially from Pretoria where he now heads the Road Safety Association."²¹

Die voorafgaande was skynbaar die eerste resensie wat deur 'n persoon van buite die provinsie gelewer is. Hierdie objektiewe beoordeling, tesame met die volgende opskrif en berig wat in die Sunday Times magazine section van 28 Augustus 1966 verskyn het, het daartoe aanleiding gegee dat die belangstelling in die O.V.S. Jeugorkeste tot buite die Vrystaat begin beweeg het: "40 Willing juniors in O.F.S. orchestras: Bloemfontein has found a part-answer to the shortage of orchestral players. In its fifth 'Youth Festival', held on August 19, the Orange Free State showed what a practical idealist, an enlightened Director of Education and an enterprising Performing Arts Council could do with 40 willing youngsters. They have established a breeding ground for strings.

"It cannot be said that the Free State Junior String Orchestra (aged up to 13 years) and the Free State Youth Orchestra (14 and over) have yet sufficient talent and training to enter a senior orchestra. But the performance has shown

that the orchestras already have a good grasp of ensemble attack. Under the direction of their founder and conductor, Jack de Wet, they are also truly 'youth' - even the leaders being young lads.

"It all began five years ago when the Orange Free State, lacking an orchestra, established a professional string quartet, with Jack de Wet as first violinist and with teaching included in the schedule of the players...

"With the consent of the then Director of Education, Mr. E. E. van Kerken (now of the Road Safety Association), Mr. De Wet began to teach anyone willing to learn and join a youth orchestra.

"'We were willing to start them from the age of four or five,' said Mr. De Wet. 'There is now a waiting list of 20, even a new-born baby among them. I cannot accept them unless parents are with them at the lessons. In many cases, parents have begun to play too. It has become a bond of friendship in the family. The youngsters come and say 'we learned this' - meaning they and their parents.'

"Boys and girls also come from centres other than Bloemfontein for lessons and rehearsals. Two of the players are so small that they have 8th-size violins. 'I'd never seen such small violins until we needed them', said Mr. De Wet.

"At first, the Free State String Quartet acted as leaders in the four sections of the orchestra, but these have been replaced now by members of the orchestra itself - Francois Bouguenon (13) for the Junior Orchestra and Francois Henkins (14) for the Youth Orchestra.

"Members of the orchestra also play as soloists in concertos with the orchestra.

"In fact, it may be said that the Performing Arts Council of the Orange Free State (PACOFs in English abbreviation, SUKOVs in Afrikaans) is finding several formulas for its

needs... "22

2.1.12 DIE VRYSTAATSE JEUGORKES LEWER VERSKEIE UITVOERINGS

2.1.12.1 Die repertoire van die orkes

Namate die standaard van die twee orkeste elke jaar verbeter en die publieke belangstelling binne sowel as buite die provinsie begin toeneem het, het die aanvraag na uitvoerings ook aansienlik toegeneem.

Oor die repertorium wat tydens die uitvoerings aangebied is, die volgende aanhaling uit die Naweekpos van Februarie 1968: "Die repertorium van die orkes is heel interessant. Sover as moontlik word musiek gebruik wat in sy oorspronklike vorm vir strykers-ensembles gekomponeer is. Vandaar dat musiek uit: die barok-tydperk (concerti grossi en ander strykersmusiek deur Vivaldi, Purcell, Bach, Handel, Haydn, ens.) en twintigste-eeuse musiek (deur Vaughan Williams, Cannon, Leigh e.a.), die basis van die programme vorm. Feitlik geen komposisies uit die romantiese tydperk word aangeleer nie aangesien die Liszts, Schumanns, Tsjajkofski's en ander neëntiende eeuers nie dermate in klein strykers-ensembles belang gestel het om spesiaal vir hulle werke te komponeer nie.

"Vroeër het Jack de Wet vindingryke, moderne verwerkings van Britse en ander tradisionele melodieë in sy programme ingesluit; vandag gebruik hy hulle slegs as toegifnommers..."

2.1.12.2 Sommige orkeslede tree as dirigente op

"Wat hy wel waag, is om nou en dan aan 'n belowende orkeslid 'n versoek te stel om 'n orkesverwerking vanuit 'n klavierparty te herkonstrueer (wanneer die orkes bv. as begeleier van 'n skoolkoor optree) en om, by geleentheid aan 'n senior orkeslid (Pienaar Fourie) die dirigeerstok by een of meer items van die Juniorgroep te oorhandig - 'n uitstekende idee!..."23



Die Junior Jeugorkes: dirigent: Pienaar Fourie (+ 1971)

1ste staander: v.r.n.l. verskyn:

Louis van der Watt, Judy Schoombie;

2de staander : v.r.n.l. verskyn:

Erika Bothma, Sarie Fourie, onbekend, onbekend;

3de staander :

onbekend

Foto: SUKOVŠ

In aansluiting by wat in die voorafgaande paragraaf genoem is, onthou prof. De Wet die volgende: "Twee van my leerlinge het baie belang gestel in direksie. Ek het hulle toe meegedeel dat ons 'n Junior-Jeugorkes gaan stig en dat hulle geleentheid sou kry om dié orkes te dirigeer. Pienaar Fourie, wat vandag (15 November 1982) nog dirigeer, en Gideon Linde, wat assistent-dirigent van die KRUIK-orkes geword het en nou onlangs in Duitsland afgestudeer het, het die Junior-orkes om die beurt gedirigeer."²⁴

2.1.12.2.1 Aanvullende inligting oor mnr. P. Fourie

Enkele aanvullende gegewens oor Pienaar Fourie is as volg: Vanaf 1964 tot 1972 tree hy as dirigent van die Junior-Jeugorkes op. Hy het ook soms tussen 1966 en 1972 as dirigent van die Senior-Jeugorkes opgetree. Nadat hy in 1972 die graad HONS. B.A. Mus. behaal het, het hy dirigeerklasse van die volgende persone ontvang: Francesco Mander, Werner Andreas Albert, Carlo Zecchi, Henri Arends, Franco Ferrara (in Siena, Italië), Johan van der Merwe, Otmar Suitner en Peter Schwartz onder toesig van Herbert von Karajan (Mozarteum in Salzburg). Hy verwerf ook 'n diploma in dirigeerkuns aan die Mozarteum in Salzburg. Vanaf 1976 tot ongeveer 1981 het hy as dirigent van die Johannesburgse Simfonieorkes opgetree. Tans (12 Februarie 1983) is hy dirigent van die Oosrandse Jeugorkes maar hy gee ook onderrig.²⁵

2.1.12.3 Die jaarlikse Jeugfees

"Van al die velerlei optredes van die Jeugorkes is sy jaarlikse Jeugfees wat sedert 1962 elke Augustus plaasvind, seker die belangrikste. Jack de Wet sê self hieroor: 'So baie word in die O.V.S. aan die bevordering van koormusiek gedoen dat ek 'n geleentheid wou skep waar die skoliere wat in non-vokale musiek, veral strykinstrumente, uitblink, 'n volle geleentheid kan kry om aan die publiek voorgestel te word; dit kan op drieërlei wyses plaasvind: òf as 'n ripieno groep by 'n Concerto Grosso (die concerto-vorm van die laat sewentiende eeu en begin agtiende is veral bepaal

deur die Italiaanse skool van dié tyd. Hulle het dan nie één solis, soos algemeen vandag gebeur, gebruik nie, maar wel 'n groep soliste. Hierdie groep is dan die concertino genoem, die oorblywende orkeslede die ripieno, en almal saam die concerto grosso), òf as 'n klein ensemblegroep (duo, trio, kwartet), òf 'n solis met orkesbegeleiding...²⁶

2.1.12.4 Die eerste toer buite die provinsie: koerantberig

Buiten die gereelde uitvoerings in die Vrystaat tot op hierdie stadium, het die Vrystaatse Jeugorkes in 1967 vir die eerste keer 'n geskiedkundige toer buite die provinsie onderneem. Die volgende opskrif en berig het in The Friend van 15 Desember 1966 verskyn: "Free State Youth Orchestra to tour: THE FREE STATE YOUTH ORCHESTRA - the pride of most music lovers - is to venture beyond the borders of the province for the first time next year. It has been invited to undertake tours of the Cape Province during the first five months and these tours are in addition to the 10 to 12 performances which will be given as usual in the Free State during 1967. Members of the orchestra, under the direction of Jack de Wet, vary in age from seven to 17.

"Under the auspices of CAPAB the orchestra will give four performances in the North-Eastern Cape - Aliwal North (March 3), Burgersdorp (March 4), Colesberg (May 12), and Venterstad (May 13).

"But probably far more important to this group of young musicians is a visit to the Western Province where they are to give six major concerts. At the invitation of the Afrikaanse Skakelkomitee of Tiervlei performances will be given in the Cape Town City Hall (March 25), Wellington (March 28), Stellenbosch (March 29), Bellville (March 30), Somerset West (March 31), and Parow (April 1)..."²⁷

2.1.12.4.1 'n Persberig

Na die aankoms van die Vrystaatse Jeugorkes in die Weste-

like Provinsie, het die volgende opskrif en berig in Die Burger van 25 Maart 1967 verskyn: "Vreemde soort vrystaters kom wys hul slag: Oor een ding was mnr. A.S. Potgieter, burgemeester van Parow, gisteroggend vroeg op Bellville se stasie baie onseker. Hy het nie presies geweet wat vir hom wag terwyl hy daar hoed in die hand gestaan het nie.

"'n Halfuur later het hy trots geglimlag. 'Ek kan dit byna nie glo dat dit ons eie Suid-Afrikaanse seuns en meisies is wat hier staan nie', het hy gesê. En so het baie mense gevoel wat die Vrystaatse Jeugorkes op Bellville se stasie kom ontmoet het.

"Die 45 seuns en meisies, wie se ouderdomme tussen vyf en sewentien jaar wissel, tree vanaand by hulle eerste uitvoering in die Kaapstadse Stadsaal op onder leiding van Jack de Wet. Verskeie uitvoerings sal in die Skiereiland gehou word.

"'Dit is 'n vreemde soort Vrystater hierdie', het een man op die stasie gesê en na die bedeesde groepie kinders gewys.

"Klein Charl de Wet van Dealesville - baie ander seuns van sy ouderdom sou aan ma se rok gehang het as 'n vreemdeling roep - het komkommerkoel sy hand uitgesteek en gesê: 'Dag oom, my naam is Charl. Ek is vyf jaar oud.'

"Mnr. Potgieter het die seun opgetel om nader kennis te maak, maar duidelik was hy en sy 'kollegas' nie met hierdie soort babapraatjies gediend nie en skaars het sy voete weer grondgevat of hy gryp sy viool onder die arm en soek 'n rustige wagplekkie uit tot die motors kom.

"Mnr. De Wet - hy en Charl is nie familie nie - het self op die ouderdom van sewe jaar viool begin speel. Op twee jaar het hy mense reeds verstom met sy kennis van musieknote.

"Hy het tien jaar gelede na Suid-Afrika teruggekeer met 'n klomp diplomas wat hy in Nederland en Engeland verwerf het.

"Die jeugorkes is deur sy toedoen gestig toe musiek in die Vrystaat ses jaar gelede 'n baie lae peil bereik het. Die stigting van die orkes het kinders se belangstelling in die musiek onmiddellik laat opvlam.

"'As ons so na die Weense Seunskoor luister, wonder ons hoekom ons kinders nie ook tot sulke wonderlike dinge in staat is nie', het mnr. Potgieter gister op die stasie gesê. 'Daarom moet ons julle kinders baie dankie sê dat julle die voortou geneem het.'

"Die geesdrif in Kaapse musiekkringe is baie hoog, en hoewel nog baie sitplekke by vanaand se opvoering in Kaapstad beskikbaar is, is die verwagting dat die orkes 'n baie geslaagde toer sal hê..."²⁸

2.1.12.4.2 Resensies na die eerste konsert

Die volgende opskrif en resensie het na die eerste optrede in die Kaapstadse Stadsaal op 25 Maart 1967 in die Cape Argus van 27 Maart verskyn: "Good youth concert: A concert given by the Free State Youth Orchestra on Saturday night was, widely speaking, the most important of the year. It was also the most poorly attended.

"When money is allocated to foster musical taste, why is so little being done to encourage the love of music among young people in Cape Town? The College of Music has made a brave attempt in this direction, and so has David McAdam. CAPAB does arrange for a few master classes by visiting musicians. But there is no correlation.

"The Youth Orcestra that we heard at the City Hall on Saturday is made up of talented players, yes, but more than anything else, of young people who enjoy what they are doing..."

"An outstanding performer was the 16-year-old violinist, Suzanne de Villiers, who played the Fantasia from the Franck sonata in A, with Laurie Potgieter at the piano. The resonance of her tone was thrilling, her phrasing of great purity. She should be given every chance to make music her career.

"The youngest soloists were Jan Repko, aged eight, and Charl de Wet, aged five, who measured just taller than his violin, but who managed to keep more or less to the note all the same.

"Francois Henkins (official leader of the orchestra), Suzanne de Villiers, Pienaar Fourie, Sjoerd Alkema and two of the older members, Laurie Potgieter and Felton Mason, all deserve mention.

"If this concert teaches us anything, it teaches us that culture can only be bought by effort. It is not a sporadic growth.

"To establish musical culture on a more solid base in South Africa, thought and financial help should be given to the formation of more youth orchestras of a reasonable standard of work."²⁹

Twee verdere resensies wat na die jeugorkes se geskiedkundige debuutoptrede in die Kaapse Skiereiland verskyn het, word hieronder aangehaal: Die volgende opskrif en resensie het in Die Burger van 28 Maart verskyn: "Op reis in die Boland: O.V.S. se jeugorkes presteer in eerste konsert: Die Vrystaat en veral Bloemfontein is gelukkig om oor 'n orkes van die gehalte van die Vrystaatse Jeugorkes te beskik. Nou het die Afrikaanse Skakelkomitee van Tiervlei dit ook vir die Boland moontlik gemaak om in hierdie voorreg te deel: die orkes, wat Saterdagmiddag in die Kaapstadse Stadsaal opgetree het, gee vandeeweek 'n reeks van uitvoerings op dorpe in Wes Kaapland.

"In 'n jong land soos Suid-Afrika is jeugorkeste die ideale

oplossing vir die ou probleem om bekwame orkesspelers vir ons volwaardige orkeste te vind. Dit is so dat nie naastenby al die spelers van 'n jeugorkes uiteindelik musiek as loopbaan kies nie, maar daar is tog 'n groot getal wat dit wel doen. Met die ondervinding en dissipline wat hulle reeds as kinders opgedoen het, verkry hulle 'n geweldige voorsprong bo die leerlinge wat slegs indiwiduele onderrig ontvang.

"Die dryf- en werkkrag wat die dirigent, Jack de Wet, openbaar, dwing die grootste bewondering af. Die lede van beide die Jeugorkes en die Juniororkes volg hom uitstekend en reageer vlug op sy aanduidings. Die afgerondheid van die uitvoering getuig beter as woorde van die deeglike werk wat gedoen is...

"Die program het uit veertien nommers bestaan, waarvan die Jeugorkes in ses opgetree het, en die Juniororkes in vier.

"'n Concerto Grosso van John Stanley was die openingswerk, met die konsertmeester, Francois Henkins, Suzanne de Villiers (viol) en Frederick Fourie (tjello) as soliste. Eersgenoemde twee het later ook met groot welslae in ander solo-werke opgetree.

"Suzanne de Villiers het veral 'n indruk op my gemaak met haar volwasse weergawe van die Fantasie uit César Franck se Violoonate in A. Die ryk, vol toon en pragtige melodievoering in die fortissimo-passasies was uitstekend.

"Na die eerste deel van Haydn se klavierkonsert in G met Laurie Potgieter as solis, het Matthias Erdmann die eerste deel van Mozart se Violkonsert in G gespeel. Vir 'n negejarige besit hierdie kunstenaarjie reeds 'n besonder goed ontwikkelde tegniese vaardigheid...

"Dieselfde geld ook vir 'n ander negejarige, Abrie de Wet, wat die eerste deel van Oscar Rieding se Violkonsert in G gespeel het.

"'n Belangrike hoogtepunt was die laaste werk: die Allegro-gedeelte uit die Konsert Opus 3 no. 10 vir vier soloviole van Vivaldi. Al vier die soliste het goed gespeel, maar dit was veral die begeleiding van die Jeugorkes wat voortreflik was.

"Twee werke van Jaquin Nin is op baie bekwame wyse deur Felton Mason (tjello) en Lydia van der Merwe (klavier) gespeel. 'n Groter volume in die klavier sal egter hier die balans verbeter.

"Sjoerd Alkema, wat ook later in 'n trio saam met Frederick en Pienaar Fourie opgetree het, het die eerste uitvoering in Suid-Afrika van Phillip Cannon se klavierkonsert gegee. Sy uitstekende vingertegniek en goeie tegniese beheer het die uitvoering uiters genotvol gemaak.

"Die Juniororkes het alleen opgetree in die Ouverture tot Atys van Lulli en in begeleiding vir die volgende soliste: Jan Repko (8 jaar), Anneli en Marianne Malan en die vyfjarige Charl de Wet.

"Die assistent-dirigent, die sestienjarige Pienaar Fourie, het 'n toegif gedirigeer. Twee van die komposisies wat die Juniororkes gespeel het, is ook deur hom verwerk.

"Dit is jammer dat die stadsaal Saterdagmiddag nie vol was nie. Die program word egter vandeeweek elke aand op 'n ander dorp in die Boland herhaal, sodat daar nog geleentheid is om hierdie toegewyde en begaafde groep te hoor..."³⁰

Dat die Kaapstadse kritici diep beïndruk was deur die optrede van die O.V.S.- Jeugorkes, word verder bevestig deur die volgende opskrif en resensie wat in The Cape Times van 28 Maart verskyn het: "Free State Youth Orchestra scored notable success: Coinciding with the Easter weekend, and just as welcome, was the first visit to Cape Town of the Free State Youth Orchestra, who appeared with notable success before an enthusiastic audience at the City Hall on Saturday evening.

"In a varied, generous programme of 15 items there was much to get enthusiastic about, and points of criticism would appear to me niggardly in the face of so much genuine achievement.

"The conductor and driving spirit behind this laudable venture - a veritable nursery for any adult orchestra - is Jack de Wet, who has collected around him some 40 youngsters between the ages of five and 12 and 12 to 16, which make up the junior and youth orchestras respectively...

"Well-chosen items, giving each group as well as some most gifted soloists a chance, ranged from the 18th to the 20th centuries. As far as both groups of string players were concerned, I found the same brilliant attack and incisiveness in their playing, their complete attention and regard for their conductor's intentions.

"Among the soloists, I would like to single out Suzanne de Villiers, leader of the second violins, whose performance of the 'Fantasia' from César Franck's 'Sonata in A' was without a doubt one of the highlights of the evening.

"Francois Henkins, the orchestra's leader, who, like his female opposite number, is only 16 years old, showed the same kind of promise and inherent talent in a movement from Mendelssohn's 'D Minor Concerto', a recently rediscovered work..."³¹

2.1.12.4.3 Publieke reaksie

Reaksie van die kant van die publiek op hierdie konserttoer het nie uitgebrei nie. So het daar dan ook die volgende interessante brief van berisping onder die opskrif "Jeugorkes: Waar was Groot Geeste?" in Die Burger van 31 Maart 1967 verskyn: "BETS BOSMAN, Vredehoek skryf: Terwyl ek nou die aand deel uitgemaak het van die klein gehoor wat die uitvoering van die Vrystaatse Jeugorkes in die Kaapstadse Stadsaal bygewoon het, het ek onwillekeurig

gewonder waar ons sogenaamde kultuurmense dan is. 'n Mens kon nie anders as skaam kry vir die powere ontvangs wat hierdie briljante groep kinders en hul leier in 'n sogenaamde kultuurstad te beurt geval het nie; en dit met hul eerste uitvoering op 'n konsertreis deur Kaapland. Is dit moontlik dat elke kultuurbewuste Afrikaner, elke kampvegter vir ons kultuurskatte, vanweë die lang naweek uitstendig was?

"Waar was diegene wat so luid die stem teen Boeremusiek verhef? Hulle het die ideale geleentheid gehad om hulself te oortuig dat Boeremusiek nie al is waartoe ons volk (en ons kinders op die koop toe) in staat is nie.

"Waar was die groot geeste (die mense wat weet) wat beweer dat die Suide meer kultuurbewus is as die Noorde? Of is dié bewering net gemaak omdat hulle nie weet wat hier in hul midde aangebied word nie?

"Waar was die volk-en-vaderlanders wat hulle so naarstiglik beywer vir die Afrikanersaak, wat voortdurend die Afrikaner oproep tot die daad, en sy lamlendigheid genadeloos veroordeel? Is ons kultuur dan nie deel van volwaardige Afrikanerwees nie?

"Waar was ons Afrikaanse skole aan wie die gulde geleentheid van blokbesprekings teen uiters lae toegang gebied is? Al die leerlinge van al die skole en al hul onderwysers was tog seker nie die naweek weg nie?! En dan durf ons kla oor opvoedingsprobleme en afwykinge by ons jeug! Hier was 'n geleentheid om iets positiefs daaromtrent te doen - om hulle te toon waartoe hulle in staat kan wees behalwe om onnutsig te wees.

"As ons hooggeplaaste regerings-, onderwys- en koerantmense daardie uitvoering kon ondersteun, waar was die res?

"Ons hoogste waardering en bewondering vir mnr. Jack de Wet en elke lid van sy briljante groep. Afgesien van hul verbasende vertolking van groot klassieke komponiste, moet



Die Vrystaatse Jeugorkes voor die vertrek van 'n konserttoer (+ 1966)

1ste ry: v.l.n.r. verskyn:

Abrie de Wet, Gideon Linde, Francois Bouguenon (jr.), Anneli Malan, Marianne Malan, Ede van Rensburg, Sabine Erdmann, Anette Brüning, mnr. Jack de Wet;

2de ry: v.l.n.r. verskyn:

Anne-Marie Gray, Christa de Wet, Suzanne de Villiers, Adre van Rensburg, Adelhart Kruger, Pierre de Villiers, Eben Kotzé, Frederick Fourie;

3de ry: v.l.n.r. verskyn:

onbekend, onbekend, Anne-Marie Fourie, onbekend, Johan Prinsloo, onbekend, Sjoerd Alkema, onbekend, Pienaar Fourie, Dina de Villiers, Jacques Malan, Peter Gray, Francois Henkins

Foto: SUKOVŠ

hulle gelukgewens word met hul pragtige vertoning op die verhoog - sulke onberispelike gedrag, so professioneel en verfynd soos wafferse volwasse orkesgroep.

"Aan hulle wil ons sê: As daar duisende was wat nie eens daarvan bewus was dat hulle hier was nie, ons wat hulle gesien en gehoor het, sê bravo! Dit is goed om te weet dat 'n aanbieding so fris en nuut en voortreflik kom uit die boesem van ons volk."³²

Weens die lewendige belangstelling van dr. Henkins in die Jeugorkes, het hy hierdie konserttoer meegemaak en 'n opname gemaak van die uitvoering die aand in Bellville. Kasset no. 3 bevat 'n opname van enkele items wat tydens hierdie optrede op 30 Maart gelewer is.

2.1.12.5 'n Uitvoering by UNISA met 'n resensie

Na afloop van die suksesvolle Kaapse Skiereiland-toer, sou daar noodwendig nou meer uitnodigings van hierdie aard volg. Die orkes het dan ook spoedig weer op 9 April 1968 buite die provinsie opgetree, en wel op spesiale versoek by 'n opknappingskursus vir musiekonderwysers by die Universiteit van Suid-Afrika. Die volgende positiewe opskrif en resensie het in The Pretoria News van 10 April verskyn: "Vrystaat!: Gone are the days when the word 'Vrystaat' connoted only the rougher aspects of life, for last night the Free State Youth Orchestra (in combination with the Junior Orchestra) showed how that province, under the guidance of conductor Jack de Wet, has surged into the lead in the field of youth orchestras in South Africa.

"When a musical group includes youngsters of but six and seven years old, allowance must, admittedly, be made for the inevitably imperfect intonation and the all too uniform dynamic level. Yet when it comes to musicality and well rounded off playing one can but wonder when the other Provinces will show such enterprise and make such a significant contribution to South African musical life.

"Oddly enough the orchestra's greatest test of musicality came when it accompanied the brave young Charl de Wet, aged six, in Moffat's Cradle Song for violin and orchestra. Young Charl came in two bars late, and his temper was somewhat erratic, yet the orchestra retraced its steps by two bars, and followed him adroitly - an accomplishment of which many an adult orchestra would have been proud...

"Hans Maske's Concertino Gioventu received its first performance last night.³³ The work seemed to possess haunting lyricism and much that was both convincing and that held the attention. Yet the composer did his work a disservice by allowing it to be performed by anything other than a first-rate adult orchestra.

"That the Free State Youth Orchestra is under first-class leadership is witnessed by the high standard of works chosen - the all too frequently heard school arrangements for orchestra having been avoided - and by the fact, for example, that the Vivaldi E minor Concerto was played with an orchestra of authentic 18th century size, namely (in this case) nine players, and although led by the leader without the anachronistic baton waving conductor, the orchestra remained together.

"Care must, however, be taken to avoid the pit-falls of programmes that tend to be too long, of pieces which might be too difficult for a satisfactory performance under the circumstances, and of the temptation so substitute for a musical performance the spectacle of the Tom-Thumb performer."³⁴

Jeuggroepel beland oor die algemeen in die slaggate wat in die voorafgaande paragraaf genoem word, nl. om te ambisieus of sirkus-agtig te word.

Die twintigste-eeuse komposisie wat by voetnoot 33 vroeër op hierdie bladsy genoem is, is spesiaal deur die Windhoekse komponis, dr. Hans Maske, vir die Vrystaatse Jeugorkes gekomponeer.

2.1.12.6 Die Jeugorkes tree onder beskerming van TRUK op

Alhoewel UNISA die eerste inisiatief geneem het om die Jeugorkes te nooi om hul debuutoptrede in die Transvaal te lewer, was dit nie voor April 1969 wat TRUK besluit het om 2 uitvoerings vir die orkes te organiseer nie. Op 1 April is 'n uitvoering op Vanderbijlpark gelewer en die volgende aand in die Musaion in Pretoria.

2.1.12.6.1 Resensies

Die volgende opskrif en resensie het na die optrede in Pretoria in Die Transvaler van 4 April verskyn: "Verrassende spel deur Jeugorkes: 'n Mens is geneig om 'n jeugorkes maar te verskoon as dit nie vlot gaan nie, omdat dit tog hoofsaaklik beskou word as opvoedingsbasis in musiek vir die jeug. Die Vrystaatse Jeugorkes het egter min verskoning nodig - hulle is nie 'n klomp kinders wat ervaring opdoen nie, maar 'n orkes wat saamspeel en musiek van goeie gehalte lewer...

"Die Juniororkes se samespel was goed en versorgd, alhoewel 'n mens uit die aard van die saak nie veel detail kan verwag nie.

"Die Jeugorkes self se spel het 'n fyner balans getoon en het hier en daar voor die dag gekom met 'n verrassende fyn weergawe of interpretasie.

"In die eerste deel van die vioolkonsert van Nardini is bv. 'n mooi hoogtepunt bereik terwyl invalle hier goed was. So ook in die Concerto Grosso van Handel. Deur die hele konsert was dit die groepeerfekte wat die geslaagste was. Daar was meer vryheid en beweging as die orkes gespeel het sonder 'n solis.

"Jack de Wet is 'n simpatieke leier vir die orkes en 'n mens bewonder sy resultate."³⁵

Die onderstaande resensie, wat in The Pretoria News



Vier lede van die Vrystaatse Jeugorkes wat gekeur was om gedurende Mei 1969 aan die Johannesburgse Jeugfees deel te neem

V.l.n.r. verskyn: Pienaar Fourie, Jacques Malan, Suzanne de Villiers, Francois Henkins

Foto: Mnr. P. Fourie

van 3 April verskyn het, dui op 'n soortgelyke bewondering wat die resesent vir die resultate van mnr. De Wet gekoester het: "The Free State can be proud of its 'youngest' export - the Free State Youth Orchestra - heard at the Musaion last night.

"The 40 or so youthful musicians who make up the orchestra, formed from the Youth Orchestra and the Junior Youth Orchestra, gave such a spirited performance that the occasional lapses became insignificant.

"The orchestra members ...seem to enjoy every moment of their music making. Inclined to be over-exuberant, their enthusiastic approach did not prevent them from interpreting the music, which was not always so easy, with a soundness that is a compliment to the conductor, Jack de Wet. His control over the orchestra was so complete that he stopped conducting on occasion...

"The Allegro from the Concerto Grosso was played with a purposefulness and unity that would do honour to any chamber orchestra.

"The sponsoring bodies in the O.F.S. deserve praise for their farsightedness in giving these children the opportunity to participate, under able leadership, in ensemble work of a high standard."³⁶

Die hoë aanprysings in die voorafgaande twee resensies is met verdere beloftes in die Hoofstad van 3 April selfs oortref: "Jeugorkes het met diepte en oorgawe gespeel: Die jong Vrystaatse Jeugorkes...het gisteraand die groot gehoor in die Musaion bekoor.

"Die groepie het sewe jaar gelede begin saamspeel as 'n tydverdryf, maar vandag is hulle 'n sterk gedissiplineerde orkes wat al baie lof ingeoes het vir hul varsheid en lewenslustige vertolkings.

"Met die goeie stukke in sy repertorium - al die stukke is

spesiaal vir 'n klein strykkorke of 'n jeugkorke gekomponeer - kan dié Vrystaatse groepie as 'n model beskou word...

"Ná 'n ietwat gespanne begin in Scarlatti se Ouverture vir La Rosaura, het die orke mettertyd ontdooi en 'n oortuigende vertolking gegee van Geminiani se Concerto Grosso.

"Die beste vertolking was egter dié van Handel se Concerto Grosso, waarin die adel en diepte van die musiek met spontane oorgawe uitgebeeld is.

"Die sukses en vooruitgang van die orke, wat nou homself in elke opsig kan bewys, is 'n goeie getuigskrif vir die oordeel en deursettingsvermoë van die stigter en dirigent Jack de Wet.

"Mnr. De Wet het 'n waardevolle bydrae gelewer, nie net tot die kunste in die Vrystaat nie, maar ook tot die musieklewe van die jeug in die land."³⁷

2.1.12.7 'n Tweede besoek aan die Kaapse Skiereiland

Tydens Oktober 1969 het die Vrystaatse Jeugkorke vir die tweede keer, op spesiale uitnodiging, die Kaapse Skiereiland besoek.

2.1.12.7.1 Resensies

Die volgende opskrifte en resensies het in die Kaapstadse dagblaaie verskyn: "Free State Youth Orchestra: an experience not to be missed...: The Free State Youth Orchestra, under Jack de Wet and led by Suzanne de Villiers, was presented by CAPAB to a large, predominantly youthful audience at the Alhambra on Saturday morning.

"The interesting programme contained works of mainly 17th and 18th century composers, but also included one or two contemporary ones.

"The standard of performance, was, on the whole, high, and

even if there was not perfection everywhere, one was impressed by the sincerity, discipline and musicality of the young players.

"It was an uplifting experience to find that such young musicians could give us a taste of the serene balanced musical art of the Baroque in composers like Corelli, Vivaldi, Heintzen and Geminiani, the romantic and mystical in César Franck, or the nobility of Handel.

"For more contemporary musical art the attractive piano concerto by Alec Rowley and one by Armstrong-Gibbs, as well as a Sinfonietta by Hans Maske,³⁸ were stimulating to a high degree...

"The 10-year-old Jan Repko stood out for his excellent playing of the Heintzen Violin Concerto. Most appealing was his tone quality in the affetuoso, apart from his virtuoso playing of the allegro and presto...

"A Concerto Grosso by Corelli, one by Geminiani, and a dignified rendering of the Handel Concerto Grosso, were also outstanding items... The concert was an experience I should not have wished to miss"³⁹

Die Sinfoniëtta (1969), wat by voetnoot 38 vroeër op hierdie bladsy genoem is, is weereens spesiaal vir die Jeugorkes gekomponeer. Die O.V.S.- Jeugorkeste wat tydens hierdie konserttoer alreeds 'n bewonderingswaardige uitvoeringstandaard bereik het, het 'n verdere gloeiende resensie ontlok: "Vrystaatse Jeugorkes: die kinders speel met genot: Inderdaad 'n plesierige ervaring was dit om Saterdagoggend in die Alhambra-Teater te luister na die uitvoering van die Vrystaatse Jeugorkes. En die genot was nie slegs aan die kant van die gehoor nie, maar ook aan dié van die jong kunstenaars. Om hul konserte so geslaag te maak, kos ongetwyfeld konsentrasie en harde werk; maar dit doen klaarblyklik geen afbreuk aan hul vreugde in hul musiek nie.

"Die totstandkoming van die orkes is minder merkwaardig as

sy volgehoue groei en ontwikkeling', merk die program-aantekeninge tereg op. Dat die leeu-aandeel by die werk en inspirasie van die dirigent Jack de Wet berus, kan sekerlik ook nie betwis word nie.

"Die Jeugorkes se konsert in Kaapland word deur SUKOVŠ in samewerking met KRUIK aangebied. En die geesdrif waarmee die orkes hier in Kaapstad en ook in ander Kaaplandse dorpe ontvang is, bewys dat sulke samewerking dikwels uitstekende dividende kan meebring.

"Afgesien van die Jeugorkes is in 1965 ook 'n Junior Jeugorkes gestig om as opleidingsterrein en voedingsbron te dien. Hierdie groep kinders het die eerste vier werke ná die pouse uitgevoer: Concerti Grossi van Corelli en van Geminiani, asook twee korter werkies.

"Die Junior Jeugorkes is so goed afgerig dat Jack de Wet by tye feitlik ophou met dirigeer, terwyl die orkes lustig - dog in tyd en korrek - voortspeel.⁴⁰ 'n Mens het slegs bewondering vir die toewyding en ywer wat dit sulke kinders moet kos om só te kan speel.

"Dit is opvallend dat die spelers in albei die orkeste sonder uitsondering met hul boë gelyk speel. Vir 'n simfonieorkes bestaande uit veterane is dit natuurlik geen prestasie nie; vir twee groepe van twintig jong kinders wel.

"Die soliste wat met mindere of meerdere mate van welslae opgetree het, was te veel om almal se prestasies te bespreek. 'n Afgeronde voordrag was egter 'n treffende eienskap van hul almal se spel. Die laaste werk op die program was 'n Sinfoniëtta van Hans Maske, waaraan die Jeugorkes volle reg kon laat geskied."⁴¹

2.1.12.7.2 Reaksie van die KRUIK-organiseerder van musiek

Dat hierdie tweede konserttoer deur die Kaapse Skiereiland die verbeelding van baie persone aangegryp het, word bewys deur die volgende brief, gedateer 13 Oktober 1969, wat



Die Junior Jeugorkes (+ 1969)

1ste staander: v.r.n.l. verskyn:

Abrie de Wet, Deon Schoombie, Marianne de Wet;

2de staander: v.r.n.l. verskyn:

Elmien van der Merwe, Elsabé Maartens;

3de staander: v.r.n.l. verskyn:

Judy Schoombie, onbekend, Charl de Wet, Lizette Gous

Foto: SUKOVŠ

mev. Lotte Pretorius, destydse musiekbestuurderes van SUKOV'S, van mnr. Kevin Kent, destydse organiseerder van musiek by KRUIK, ontvang het:

"I should like to place on record the indebtedness and gratitude of the people of the Western Province for the opportunity of being able to hear the Free State Youth Orchestra.

"The newspaper crits despatched to you tell but part of the story. This most engaging bunch of young people impressed us not only with the real talent displayed individually and collectively but with their enthusiasm for their task, their consideration for others and their charm of manners.

"Mr. Jack de Wet must be regarded as having performed one of the greatest services ever to music and humanity in this country. There could be no better testament to his dedication and achievement than this wonderful little orchestra...

"The Youth Orchestra was heard by 908 people in the Alhambra and there were good attendances in Bellville and Fish Hoek. In Vredenburg it broke all previous attendance records for that town.

"It would be wonderful to see and hear these delightful people again and I should certainly never be able to forget them..."⁴²

2.1.12.8 Die Juniororkes bereik 'n hoë standaard

In aansluiting by wat by voetnoot 40 onder 2.1.12.7.1 op p.100 genoem is, die volgende aanhaling uit 'n artikel wat in Naweekpos van Februarie 1968 verskyn het: "'n Laaste woordjie oor die Junior Jeugorkes, 'n groepie op wie Jack de Wet met reg trots is. Hul tegniek het so verbeter dat hul standaard van vertolking tans net so hoog is as die van die oorspronklike Senior Orkes, met 'n graad van afronding wat veel hoër is. Hul repertorium behels die tipe werke wat die oorspronklike Jeugorkes aangedurf het..."⁴³

2.1.12.9 'n Samevatting van die konserttoere

Die Jeugorkes se konserttoere was dus van 'n tweërlei aard: In die O.V.S. beide aandkonserte voor volwasse gehore en enkele optredes onder skoolure voor skoolgroepe in Bloemfontein; en buite die provinsie.⁴⁴

Benewens die bogenoemde uitvoerings in Kaapland, Transvaal en die Vrystaat, het 'n groep orkeslede mnr. Jack de Wet na Suidwes-Afrika vergesel om deel te neem aan die orkesweek in Swakopmund, wat onder sy beheer gestaan het, en onder beskerming van die Onderwysdepartement van Suidwes gereël is.

2.1.13 DIE JEUGORKES WORD UITGENOOI NA DIE INTERNASIONALE FEES VIR JEUGORKESTE

2.1.13.1 Aanloop

In Bloemfontein was daar destyds 'n bekende ortopediese chirurg wat dikwels gedurende Januarie 'n skivakansie in Switserland deurgebring het. Die dokter wat van musiek absoluut niks geweet het nie, was toevallig 'n goeie vriend van mnr. D.I.C. de Villiers. By die ski-oord het hy dr. Lionel Bryer, organiseerder van die eerste jaarlikse Internasionale Jeugorkesfees, ontmoet. Dr. Bryer, voormalige tandarts van Londen wat in Bloemfontein gebore is en aan Grey-kollege gematrikuleer het, het goed bevriend geraak met die genoemde ortopeed. Dr. Bryer het toe aan hom gevra of daar nie 'n hoogstaande Jeugorkes in Suid-Afrika is nie, waarop hy die volgende antwoord: "ja, my vriend Dirkie de Villiers is die dirigent van die orkes." Die dokter het naamlik geweet van die bestaan van die Vrystaatse Jeugkoor en het dit verwar met die Vrystaatse Jeugorkes. Kort daarna het mnr. D.I.C. de Villiers 'n brief van dr. Bryer ontvang, waarin sy "beroemde jeugorkes" uitgenooi is om aan die eerste Internasionale Jeugorkesfees deel te neem. Mnr. De Villiers was heeltemal dronkgeslaan, maar aangesien dr. Bryer die ortopeed se naam genoem het, het mnr. De Villiers hom geskakel en op dié wyse die gelukkige misverstand opge-

klaar. Nadat mnr. De Villiers dit aan SUKOVŠ genoem het, is daar dadelik kontak met dr. Bryer gemaak.⁴⁵

2.1.13.2 Die uitnodiging kan nie aanvaar word nie

Weens verskeie redes het SUKOVŠ egter nie gevoel om hierdie uitnodiging te aanvaar nie. In 'n berig wat in Die Volksblad van 4 Maart 1969 onder die opskrif "Jeugorkes genooi na Europa" verskyn het, word die redes genoem waarom die orkes nie na die Internasionale Jeugorkesfees van 1969 kon gaan nie: "Die Vrystaatse Jeugorkes is uitgenooi na 'n internasionale jeugorkesfees in St. Moritz, Switserland, waarop uitgesoekte jeugorkeste van sowat tien lande verteenwoordig sal word. Die organiseerders van die fees het die Jeugorkes genooi om van 18 tot 30 Augustus vanjaar hierdie internasionale bekende ski-oord te besoek en uitvoerings te lewer.

"Die organiseerders van die fees het 'n afsonderlike uitnodiging aan mnr. Jack de Wet, dirigent van die Jeugorkes, gerig as erkenning vir die prestasies wat hy met die Jeugorkes behaal het.

"Aangesien die lang somervakansies in die Noordelike Halfrond en Suid-Afrika nie ooreenstem nie, sal dit vir die Vrystaatse Jeugorkes onmoontlik wees om in die derde skoolkwartaal die fees by te woon. Die Jeugorkes het ook 'n besonder druk program vanjaar...

"Mnr. Rex Hugo, direkteur SUKOVŠ, onder wie se beheer die Vrystaatse Jeugorkes val, sê dat hy besonder ingenome is dat die Vrystaatse Jeugorkes genooi is om die Republiek op 'n internasionale byeenkoms te verteenwoordig en dat hy besonder jammer voel dat dit nie prakties moontlik sal wees dat die orkes na Switserland kan gaan nie..."⁴⁶

2.1.13.3 Mnr. De Wet ontvang 'n afsonderlike uitnodiging

2.1.13.3.1 Die Musiekkomitee en Uitvoerende Bestuur verleen goedkeuring

SUKOVŠ het egter ernstige oorweging geskenk aan die moontlikheid dat mnr. De Wet die fees kan bywoon. Tydens 'n vergadering van die SUKOVŠ-Musiekkomitee wat op 20 Februarie 1969 gehou is, is die uitnodiging aan mnr. De Wet bespreek, en die volgende aanbeveling is gemaak: "Die komitee beveel sterk by die Streekraad aan dat die uitnodiging aanvaar word en dat mnr. De Wet in staat gestel word om die Fees by te woon..."⁴⁷

Tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur gehou op Dinsdag 11 Maart 1969, is besluit "dat die Bestuur in beginsel goedkeur dat die uitnodiging aan die dirigent van die Jeugorkes om die Eerste Internasionale Jeugfees in St. Moritz by te woon, aanvaar word mits fondse beskikbaar is..."⁴⁸

2.1.13.3.2 'n Brief van die SUKOVŠ-Direkteur aan die Rektor van die U.O.V.S.

In die onderstaande brief, gedateer 14 Mei 1969, het die Direkteur van SUKOVŠ die Rektor van die U.O.V.S. genader om die nodige verlof aan mnr. De Wet toe te staan:

"Soos in my enersgenommerde skrywe van 24 deser aan u Registrateur gestel is, was die Vrystaatse Jeugorkes aanvanklik uitgenooi om aan die fees deel te neem maar omdat dit nie vir die Jeugorkes moontlik was om die uitnodiging te aanvaar nie, het die Organiseerders van die fees die dirigent, mnr. Jack de Wet, genooi om dan teenwoordig te wees.

"My Raad voel dat dit van onskatbare waarde vir mnr. De Wet sal wees as hy die fees kan bywoon. Ek glo dat dit inderdaad 'n groot invloed op die verdere ontwikkeling van die Jeugorkes mag hê en dat dit aldrie die medewerkende instansies, wat verantwoordelik is vir die instandhouding van die Strykkwartet, moet bevoordeel.

"Die Jeugorkes het dwarsdeur die land roem verwerf met die gehalte van die werk wat gelewer word. Daar was selfs al sprake van 'n oorsese toer vir die orkes en dit mag in die

toekoms selfs moontlik wees om van die internasionale feeste by te woon. By die oorweging van sulke sake moet my Raad en selfs die Jeugorkes begryplikerwys darem seker wees dat die gehalte vergelykbaar is met oorsese standaarde en dit is veral vir hierdie rede dat dit so noodsaaklik is dat die dirigent die geleentheid kry om eerstepandse kennis daarvan op te doen.

"Ek wil dus graag nogmaals daarvoor pleit dat u Raad asseblief simpatieke oorweging skenk aan die versoek dat mnr. De Wet vrygestel word om die fees by te woon."⁴⁹

2.1.13.3.3 'n Persberig

Nadat die U.O.V.S. toestemming verleen het, kon mnr. De Wet die eerste Internasionale Jeugorkesfees gedurende Augustus 1969 as waarnemer bywoon. Voor sy vertrek, het die volgende opskrif en berig in Die Volksblad van 19 Julie 1969 verskyn: "Eerste wêreldfees van jeugorkeste: Mnr. Jack De Wet, dirigent van die Vrystaatse Jeugorkes, vertrek teen die middel van Augustus, pas nadat die Jeugfees op 15 en 16 Augustus afgehandel is, na Switserland om die eerste internasionale fees van jeugorkeste van 18 tot 30 Augustus in St. Moritz by te woon...

"Vooraanstaande jeugorkeste van oral oor die wêreld is uitgenooi om aan die fees deel te neem..."⁵⁰

2.1.13.4 Korrespondensie tussen SUKOV'S en die organiseerders

Intussen het korrespondensie tussen SUKOV'S en die organiseerders van die fees voortgeduur. Die organiseerders, wat gretig was dat die O.V.S.-Jeugorkes aan die tweede Internasionale Jeugorkesfees moes deelneem, het die volgende skrywe, gedateer 19 September 1969, aan mev. L. Pretorius gerig:

"Thank you so very much for your letter of the 12th September and for your words of praise which my husband and the rest of our organising committee so much appreciate. We

all enjoyed having Mr. Jack de Wet with us and certainly very much hope we will have the pleasure of having him and the Free State Youth Orchestra participate in the 2nd Festival.

"I am enclosing a letter of invitation which I trust is self-explanatory.

"Please do not hesitate to ask for any further details you may need and once again, may I say how really thrilled we would be to have your Free State Orchestra with us!..."

2.1.13.5 'n Uitnodigingsbrief

Die bovermelde uitnodigingsbrief wat aan SUKOVŠ gerig was, word hieronder aangehaal:

"We are extending to you on behalf of the Free State Youth Orchestra from South Africa an invitation to participate in the 2nd International Festival of Youth Orchestras which will take place in St. Moritz from the 17th to the 30th of August, 1970. However, as most youth orchestras always wish to play as many concerts as possible, we are organising concerts in other Swiss towns on the 15th, 16th and 17th of August for those orchestras who prefer to come earlier and travel around Switzerland giving concerts for 3 to 4 days... It is acceptable however, to forego the first few days of travelling and participate only in the Festival.

"The first festival was a resounding success, in fact, so successful that a spokesman for the Swiss government announced at the Festival 'The Year of the Youth' for 1970. We anticipate the 2nd Festival being even more extensive and more exciting.

"We are hoping to have youth orchestras from the United States, Canada, Japan, Australia, Israel, Denmark, Belgium, Czechoslovakia, Russia etc. Already we have had a number of definite acceptances for 1970.

"Each orchestra is expected to arrive at the Festival fully prepared to play a full concert programme playing time of not more than 70 minutes. Included in this programme should be a concerto and the soloist should not be older than 25 years of age.

"In addition to the very interesting social programme there will be an extensive musical programme which will include seminars and as well there will be a conducting course for aspiring young conductors given by Maestro Walter Susskind. Mr. Susskind will be returning as one of our celebrity guest conductors for 1970. As yet we cannot announce who will be the other celebrity guest conductors but you can be assured they will be world famous and extremely interested in youth.

"As we are only accepting a maximum of 12 orchestras for the second Festival and as we have already had four definite acceptances, we urge you to give this matter your immediate attention should you be interested. Last year we unfortunately had to dissappoint a number of orchestras.

"Looking forward eagerly to hearing from you about the possible participation of the youth orchestra from the Free State..."⁵¹

2.1.13.6 Die Uitvoerende Bestuur verleen toestemming

SUKOVŠ, wat besef het dat deelname aan die Internasionale Jeugorkesfees geweldige prestige vir die Oranje-Vrystaat sowel as die Republiek sou beteken, het tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Bestuur wat gehou is op 23 Oktober 1969 besluit "dat magtiging verleen word dat die Vrystaatse Jeugorkes by die Internasionale Jeugorkesfees in St. Moritz, Switserland, gedurende Augustus 1970 mag optree. Die Streekraad sal die uitgawe, wat op ongeveer R20,000 beraam word waarborg, maar die Direkteur moet alle moontlike stappe doen om finansiële hulp elders te verkry..."⁵²

2.1.13.7 'n Persberig

Die volgende dag, 24 Oktober, het daar in The Friend die volgende opskrif en berig verskyn: "O.F.S. Orchestra to go abroad: The Free State Youth Orchestra has been officially invited to perform at the second International Festival for Youth Orchestras in St. Moritz, Switzerland, next year, the Administrator of the Free State, Mr. J.W. du Plessis, announced yesterday.

"Only 12 orchestras from all parts of the world will be heard at this festival...

"'If the Free State Youth Orchestra were to attend this festival, it would not only have important prestige value for the province and for South Africa, but our Youth Orchestra would, in some aspects, be unique at the festival', said Mr. Du Plessis. 'Not only would it be the only orchestra from Africa, but it would also be the youngest group...'

"According to the Administrator, the orchestra will accept the invitation if 'the educational authorities of the Free State grant the necessary permission, and provided that the necessary funds be obtained from private and official sources. We would like to see these talented young instrumentalists getting the opportunity to act as ambassadors for their country and attend such a world festival where they will undoubtedly learn much. Although the festival is not run on a competitive basis, the presence of the Free State Orchestra will have some importance for South Africa...'

"Pacofs, as well as the Free State Department of Education, yesterday afternoon gave permission for the orchestra to go overseas."⁵³

2.1.13.8 Die terugkoms van mnr. De Wet - voorbereidings begin

Mnr. De Wet, wat diep beïndruk was deur die algemene orkesstandaard van die eerste fees, onthou dat hy by sy terugkeer

die orkes meegedeel het dat niemand na die 1970-fees sou gaan sonder vibrato en 'n behoorlike spiccato nie - van die moeilikste tegnieke. "Die Vrystaters het toe besluit om drie ure per dag te oefen.⁵⁴ Binne drie maande het die hele orkes die wonderlikste vibrato gespeel, sodat Betty Pack aan my gevra het: 'It's unbelievable, how do you teach them that?' Omdat ek te subjektief betrokke was, het ek prof. C. Swanepoel, destydse Hoof van Musiek aan die U.O.V.S., gevra om die orkeslede te keur wat na St. Moritz kan gaan. Sodoende is daar + 33 spelers gekeur."⁵⁵

Die onmiddellik voorafgaande inligting van mnr. De Wet by voetnoot 54, word bevestig deur die volgende berig wat onder die opskrif: "Bon voyage, Free State Youth Orchestra", in The Friend van 7 Augustus 1970 verskyn het: "Lunch on a mountain top...a boat trip on a Swiss lake...a ride in an Alpine postal coach...oodles of sightseeing amid the grandeur that is Switzerland..."

"This is what lies ahead for the 32 members of the Orange Free State Youth Orchestra, who fly for Zurich from South Africa on Thursday to take part in the International Youth Festival which starts on August 17.

"'There will be lots of wonderful things to see and do, but we realise that our time overseas will not be all fun and games. We shall have to work hard if we are to do well at the festival,' Suzanne de Villiers, leader of the Youth Orchestra and a foundation member, and Pienaar Fourie (viola), also a foundation member, said this week.

"But then work holds no fear for these young musicians; the youngest is nine years. They know that without it no artist can achieve great things.

"Members of the orchestra stayed behind during the April and July holidays, while their school friends romped merrily at some resort or other, and put in a minimum of six hours' orchestral practice a day. 'And that was not all. We were expected to practice for at least three hours daily on our

own,' said Suzanne. 'It was not easy and one could notice that we were becoming tired towards the end of the holidays. But really, we didn't mind...we were glad to work at our music...'

"There was unanimous praise for conductor Jack de Wet among players I spoke to. 'We all pivot around Mr. De Wet', one senior player told me. 'Some of the younger ones worship him and it is a fact that he inspires us to work really hard for him...'

"Accompanying the orchestra will be Mrs. Lotte Pretorius, organiser for music at PACOFS, who has done much to make the orchestra the success it is; Mr and Mrs. F.W. Louw of Bloemfontein, who will act as chaperones;⁵⁶ and Miss Marie Blignault the company's music manager..."⁵⁷

2.1.13.9 Kommentaar op die inspirasie van mnr. De Wet

Die bostaande inligting van mnr. De Wet en die daaropvolgende koerantberig dien as 'n enkele voorbeeld van die dinamiese inspirasie van mnr. De Wet, wat jong kinders tot sulke taai pligsgetrouheid kon inspireer. Nie enige onderwyser is daartoe in staat nie. Hy het ook natuurlik die regte tipe kind in die Vrystaat gehad om op sulke uitdagings te reageer.

In aansluiting by wat by voetnoot 56 op hierdie bladsy genoem is, die volgende: Na 'n versoek van die Minister van Kultuursake dat 'n toervader en -moeder die orkes moet vergesel, het die Uitvoerende Bestuur, op aanbeveling van die Musiekkomitee, op 'n vergadering van 15 Junie 1970 "kennis geneem dat mnr. en mev. F. Louw as reisouers aangestel is..."⁵⁸

2.1.13.10 Die doel van die Internasionale Jeugfees

Die reëlings vir die beplande besoek het dus nou finaliteit begin bereik. Die Internasionale Jeugorkeskomitee het gepoog om met die jaarlikse fees die volgende te bereik: "Die doel van die internasionale fees is onder meer om die jeug van verskillende lande, van uiteenlopende sosio-ekono-

miese agtergronde, verskillende godsdienste en selfs teenstellende politieke ideologieë, maar met dieselfde kulturele belangstelling saam te laat vergader; om die musiek-talent van die jeug te stimuleer en te voed; om 'n jaarlikse geleentheid vir jong musici te skep om in 'n stimulerende en verrykende omgewing te studeer en op te tree; om goeie betrekkinge tussen die jeug van verskillende lande te bevorder en om die stigting van nuwe jeugorkeste in lande en gebiede waar hulle nodig is, te stimuleer...",⁵⁹ asook die aanmoediging van ander jeugorkeste om 'n sekere standaard te bereik wat hul in staat sal stel om aan 'n Jeugfees in die toekoms deel te neem.

2.1.13.11 Gegewens oor die gas-dirigente

'n Imposante lys van gas-dirigente en professore sou by die tweede fees optree. Die name van die internasionaal bekende persone, tesame met enkele biografiese besonderhede oor elkeen, word hieronder aangehaal:

Gas-dirigente:

"Maestro Walter Susskind

Walter Susskind is in his second season as Conductor and Music Director of the St. Louis Symphony Orchestra, and enjoys an outstanding reputation throughout the world as both a conductor and pianist...

"In 1945 he made his English debut as a symphony conductor with the Liverpool Philharmonic, which was followed immediately by engagements with the London Symphony, London Philharmonic, and BBC Symphony Orchestras...During the next ten years he conducted in Europe and Australia, took over the Musical Directorship of the National Youth Orchestra of Canada in 1960 and in 1965 became Conductor and Music Director of the Toronto Symphony...

"Maestro Rudolf Schwarz

Rudolf Schwarz was born in Vienna and received his musical education there under Robert, who also taught George Szell.

"He secured his first engagement at the age of eighteen as apprentice conductor of the Dusseldorf Opera House. From 1927 until 1933 he was Principal Conductor at the State Theatre, Karlsruhe and guest conductor at Mannheim, Strassbourg and Baden-Baden...In 1947 he was appointed conductor to the Bournemouth Municipal Orchestra and in 1951 to the City of Birmingham Symphony Orchestra. In 1957 he was appointed Chief Conductor of the BBC Symphony Orchestra, remaining in this post until 1962. Since 1964 he has been Chief Conductor of the Northern Sinfonia Orchestra of England...

"Maestro Zdenek Kosler

Born in Czechoslovakia, Mr. Kosler is now one of his country's leading conductors...It was at the Academy of Music and Arts in Prague that he studied conducting, and upon graduating from the Academy he started his career as choir-master of the Czech Singers' Choir in 1945...

"In 1963 Mr. Kosler competed for and won first place in the Mitropoulos conducting contest and spent the following season with the New York Philharmonic as Leonard Bernstein's assistant. This experience did much to broaden his artistic horizon and shape his personality as a conductor.

"Upon returning to Czechoslovakia, Zdenek Kosler was appointed First Conductor of the FOK Symphony Orchestra, one of the finest orchestras in the country, and after two year's successful work with this orchestra he was invited to Berlin as Chief Conductor of the Comic Opera."

Die gas-dirigente het tydens die fees die volgende funksies verrig: "Dit word in die vooruitsig gestel dat die gas-dirigente na die fees genooi word, om jong musici te inspireer sowel as aan hulle die geleentheid te bied om onder die dirigente te repeteer en konserte aan te bied. Om dit moontlik te maak, sal die gas-dirigente repetisies van elke deelnemende jeugorkes bywoon, sowel as een werk in hul program dirigeer. Die gas-dirigente sal dan hierdie werk tydens hul uitvoering dirigeer en die res van die program

sal deur die resident-dirigent van elke orkes behartig word. Hierdie reëling is slegs op konserte in St. Moritz van toepassing."

2.1.13.12 Gegewens oor die seminaar-professore

Die taak van die drie professore sou wees om meesterklasse aan te bied. Enige lid van die deelnemende orkeste kon daaraan deelneem. Drie belangrike beurse sou ook tydens hierdie tweede fees toegeken word. Hierdie beurse sou een jaar se studie onder een van die drie professore behels, en sou aan die beste violis, tjellis en hoboïs van die fees toegeken word.

Die name, en gegewens oor die drie professore, is as volg:

"Professor Max Rostal

Professor Rostal was born in Austria. His violin studies started at the age of five and he was already well-known as a childhood prodigy in Europe.

"He was a pupil of Arnold Rose in Vienna and of Carl Flesch in Berlin and at the age of seventeen he began his second career as an adult soloist, performing with the most celebrated conductors. At twenty-three he became Carl Flesch's assistant and two years later acquired his Professorship at the State Academy of Music in Berlin...

"A great part of his time is now devoted to teaching, a large community of students of all nationalities assembling around him. Since 1958 he has lived in Berne where he is Professor at the Conservatory...

"Professor Rostal is the true heir to Carl Flesch, whose teaching methods he has modernised, and his pupils, like Flesch's, show the stature of their teacher: this include Erich Gruenberg and three quarters of the Amadeus Quartet...He is widely acknowledged to be the world's greatest living violin teacher.

"Professor Leon Goossens

The son and grandson of well-known musicians, Leon Goossens was born in Liverpool, of Belgian descent...

"What Casals has done for the cello, Segovia for the guitar, professor Goossens has done for the oboe - he has raised its dignity, made it into a solo instrument and through his agile finger - work, precise tonguing and astonishing breath - control, revealed its technical and musical possibilities..."

"Professor Maurice Gendron

Born in Nice, by the time he was three years old Maurice Gendron could read music and two years later he began to study the cello on a specially - made small instrument...

"He holds Professorships at both the Paris Conservatoire and the State Conservatory in Saarbrücken, and teaches also at the Yehudi Menuhin School in England..."

2.1.13.13 'n Lys van die deelnemende orkeste

Die volgende nege orkeste vanuit agt lande het tydens die duur van die fees in St. Moritz saamgetrek:

1. The Brighton Youth Orchestra, Brighton, England,
Conductor: David Gray;
2. The Pioner Philharmonic Orchestra, Sofia, Bulgaria,
Conductor: Professor Vladi Simeonov;
3. The Montreal Junior Symphony Orchestra, Montreal, Canada,
Conductor: Lewis V. Elvin;
4. Akademisches Orchester der Universität Stuttgart, Stuttgart,
Conductor: M. Müller - Cant;
5. Az. I. Istvan Gimnazium Szimfonikus Zenekaranak, Budapest, Hungary,
Conductor: Professor Jozsef Zaborsky;
6. The Orange Free State Youth Orchestra, Bloemfontein,
Conductor: Jack de Wet;
7. Orchesterschule der Kammermusiker, Zürich, Conductor:
Brenton Langbein;
8. The District of Columbia Youth Symphony Orchestra,
Washington, D.C, U.S.A., Conductor: Lyn G. McClain;

9. The Tacoma Youth Symphony, Tacoma, Washington, U.S.A.
Conductor: C. Irvin Wright."

2.1.13.14 Die reisprogram

Met die naderkoms van die vertrekdatum, het die organiseerders van die fees die volgende volledige reisprogram beskikbaar gestel:

"Vertrek vanaf Bloemfontein: Donderdag 13 Augustus 1970,
Vlug S.A. 402 om 14.55 ure.

Arriveer in Johannesburg om 15.40 ure.

Vertrek vanaf Johannesburg - Zürich: Donderdag 13 Augustus,
op Vlug S.A. 208 om 17.15 ure.

Arriveer in Zürich: Vrydag 14 Augustus om 10.20 vm.

11.15 Vertrek vanaf lughawe vir 'n kort besigtigingstoer
van Zürich

12.30 middagete Migros Herdern

13.30 vertrek na Westend House Hotel - namiddag vry (op-
sionele besoek aan stad)

19.00 aandete.

"Saterdag 15 Augustus

09.00 Ontbyt in Café Staerk

10.00 vertrek vanaf Westend House Hotel vir 'n besigtigings-
toer van Zürich en 'n besoek aan die dieretuin

12.15 vertrek na Bahnhofstrasse per boot SK 107 - middag-
ete aan boord

12.30 arriveer Bahnhofstrasse - te voet na Fraumünster
kerk

14.00 repetisie in Fraumünster kerk

15.30 oorplasing na Westend House Hotel

17.30 vertrek vanaf Westend House Hotel

18.30 aandete by Restaurant Urania

20.15 konsert in Fraumünster kerk

22.30 oorplasing na Westend House Hotel vir oornag.

"Sondag 16 Augustus

08.00 Ontbyt in Triemli Restaurant

09.15 vertrek vanaf Westend House Hotel na hoof spoorweg-

stasie

- 10.13 vertrek vanaf Zürich met trein 267
- 11.15 arriveer Sargans, verander van trein
- 11.22 vertrek vanaf Sargans met trein 3134
- 11.37 arriveer in Buchs
- 13.00 middagete in Buchs Hotel
- 14.00 kort besigtigingstoer
- 16.30 repetisie
- 18.00 aandete in hotel
- 20.00 konsert in Gewerbeschulhaus - oornag in Buchs.

"Maandag 17 Augustus

- 08.30 Ontbyt
- 10.10 vertrek vanaf Buchs met trein 413
- 10.49 arriveer Chur, verander van trein
- 11.00 vertrek vanuit Chur met trein 135 - middagete op
trein
- 13.13 arriveer in St. Moritz en oornag in Hotel Chesa
Sur L'En.

"Dinsdag 18 Augustus en Woensdag 19 Augustus

St. Moritz.

"Donderdag 20 Augustus

- Oggend in St. Moritz
- 12.00 middagete in Hotel Chesa Sur L'En
- 13.30 vertrek vanaf St. Moritz met trein 154
- 15.38 arriveer Chur
- 15.45 vertrek vanaf Chur met 'n 'Alpine Postal Coach'
- 16.30 arriveer in Flims
- 17.00 repetisie
- 18.00 aandete in Flims Restaurant
- 20.15 konsert
- 23.00 vertrek vanaf Flims
- 23.45 arriveer Chur en oornag.

"Vrydag 21 Augustus

- 10.03 Vertrek vanaf Chur met trein 35
- 11.34 arriveer in Klosters - kort besigtigingstoer
- 12.30 middagete op 'n bergspits

14.30 arriveer Studentenheim ETH
 16.30 repetisie
 18.00 aandete in Klosters Restaurant
 20.15 konsert - oornag in Studentenheim ETH.

"Saterdag 22 Augustus

09.00 Ontbyt
 10.41 vertrek vanaf Kloster met trein 31/235
 12.10 vertrek vanaf Filisur met trein 135 - middagete
 op trein
 13.13 arriveer in St. Moritz - oornag in Hotel Chesa
 Sur L'En.

"Sondag 23 Augustus tot Sondag 30 Augustus

St. Moritz.

"Sondag 30 Augustus

07.00 Ontbyt in hotel
 08.35 vertrek vanaf St. Moritz met spesiale trein 3734
 10.30 arriveer in Chur en verwissel van trein
 11.04 vertrek vanaf Chur met spesiale trein 53044 - mid-
 dagete op trein
 12.52 arriveer in Zürich en vertrek na Westend House Hotel
 15.00 vertrek vanaf hotel
 15.30 repetisie in Tonhalle
 18.00 aandete
 19.30 afskeidskonsert
 24.00 vertrek na hotel vir oornag.

"Maandag 31 Augustus

07.15 Ontbyt in Triemli Restaurant
 08.00 vertrek vanaf Westend House Hotel
 08.45 arriveer Zürich lughawe
 09.55 vertrek met Air France Vlug A.F. 681.
 Arriveer Parys 11.00 vm.
 Vertrek vanaf Parys om 19.00 op Vlug S.A. 223.
 Arriveer in Johannesburg: Dinsdag 1 September om 12.40 ure.
 Vertrek vanaf Johannesburg na Bloemfontein op 1 September
 om 17.00 ure.
 Arriveer in Bloemfontein om 17.45 ure."⁶⁰



'n Gedeelte van die Vrystaatse
Jeugorkes op Jan Smutslughawe on-
derweg na Switzerland

V.l.n.r. verskyn: Pieter Baden-
horst, Jurgen Schwietering, 'n
grondwaardin, Suzanne de Villiers,
onbekend, Sabine Erdmann, Marianne
Malan, Pienaar Fourie, Louise de
Villiers, onherkenbaar, Ede van
Rensburg, Clarabelle van Niekerk,
Isa Prinsloo

Foto: Prof. dr. F.C.v.N. Fourie

2.1.13.15 Name van die gekeurde Jeugorkeslede

Die name van die gekeurde Jeugorkeslede (vergelyk voetnoot 55 onder 2.1.13.8 op p.109) wat die geskiedkundige besoek aan Switserland meegemaak het, was as volg:

Suzanne de Villiers
 Louise de Villiers
 Isa Prinsloo
 Japie Prinsloo
 Pieter Badenhorst
 Sabine Erdmann
 Matthias Erdmann
 Deon Schoombie
 Judy Schoombie
 Marianne Malan
 Anneli Malan
 Adelhart Kruger
 Christilde Kruger
 Abrie de Wet
 Marie-Jean Osborn
 Eben Kotzé
 Adrie Sieberhagen
 Elsabe Maartens
 Elmien van der Merwe
 Francois Henkins
 Jan Repko
 Pienaar Fourie
 Frederick Fourie
 Edé van Rensburg
 Clarabelle van Niekerk
 Albie van Schalkwyk
 Glenda Piek
 Gideon Linde
 Peter Gray
 Jurgen Schwietering.⁶¹

2.1.13.16 Koerantberigte na die eerste uitvoering

Die eerste uitvoering van die Vrystaatse Jeugorkes, tydens

hulle Switserse toer, is op 15 Augustus 1970 in die Fraumünster-kerk gehou. Die volgende opskrif en berig oor die uitvoering het in Die Volksblad van 21 Augustus verskyn: "Stampvol kerk daver vir S.A. Jeugorkes: 'n Besorgde koster het dit Saterdagand raadsaam geag om die gegote ysterhek na die konsistorie te sluit voor die geesdriftige musiekliefhebbers wat die Vrystaatse Jeugorkes se eerste uitvoering in die Fraumünster-kerk, Switserland, bygewoon het, skryf mev. Lotte Pretorius, musiekbestuurderes van SUKOVIS wat die orkes vergesel.

"Die ou kerkgebou, wat uit die jaar 1200 dateer, was stampvol. Hoewel die applous daarbinne iets ongehoord is, het Jan Repko (11) se solo-uitvoering die ys gebreek, en is die klompie luid toegejuig.

"Ná die uitvoering het die mense vorentoe gekom, en het die koster die ysterhek liefs toegemaak om die kinders te beskerm! Een ou dame het darem daarin geslaag om Jan Repko 'n paar Switserse frank deur die tralies in die hand te stop 'vir 'n sjokoladetjie...'

"Volgens mev. Pretorius verstom die Switserse mense hulle aan die skōn Vrystatertjies met hul kōrt hare. Een Amerikaanse vrou het aan haar gesê dat dit die eerste keer is dat sy seuns met kort hare sien vandat sy uit Amerika weg is..."⁶²

In 'n artikel onder die opskrif: "Getting to know other people: festival of music plays on internationally", het die invloedryke Amerikaanse koerant, The Christian Science Monitor, die volgende berig oor die eerste konsert van die O.V.S.-Jeugorkes, op 4 September 1970 gepubliseer: "A few hours later the 33-piece all-string, all-white Orange Free State Youth Orchestra from Bloemfontein, South Africa, played in Fraumünster Church. People do not normally clap in the Fraumünster, but the audience broke out in a storm of applause after 11-year-old Jan Repko completed the first movement of a Nardini violin concerto, and applauded enthusiastically at the conclusion..."⁶³

Saam met die bostaande berig, is daar ook 'n foto geplaas, waarop die volgende persone verskyn het: Mnr Jack de Wet, die 11-jarige violis Jan Repko, Angela Underdue 'n trompetspeelster van die District of Columbia Youth Orchestra en die Musiekdirekteur van die fees, mnr. Blyth Major.

2.1.13.17 'n Europese resensie van die tweede uitvoering

Dat die Europeërs diep beïndruk was, blyk uit die voorafgaande, sowel as uit die volgende resensie wat na die tweede konsert op 16 Augustus in Werdenberger und Obertoggenburger Buchs, 'n Switserse dagblad, van 19 Augustus verskyn het:⁶⁴ "Skitterende konsert deur die Suid-Afrikaanse Jeugorkes in Buchs: Dit is verblydend dat ver oor die tweehonderd musiek liefhebbers uit die nabye en verre omgewing van Buchs die konsert van die Suid-Afrikaanse Jeugorkes bygewoon het. Die konsertgroep het onder die beskerming van die Switserse Toeristeburo in die binnehof van die nuwe Tegnologiese Instituut opgetree.

"Onder die diepe indruk van hierdie musikale belewenis, wat enig in sy soort is, sou baie van die toehoorders agterna seker gewens het dat nog groter getalle van ons bevolking die onvergeetlike optrede van die jong gaste bygewoon het.

"Na 'n paar inleidende woorde van Stadsraadslid Vetsch, het die orkes die Switserse en Suid-Afrikaanse volksliedere gespeel. Die gehoor het dit staande aangehoor en dit het 'n feestelike atmosfeer vir die daaropvolgende konsert geskep. Vir die skrywer is dit ver daarvandaan om op hierdie tyd-stip 'n streng musiekkritiese waardering van die keurige en veelsydige program te lewer (dit sou hy graag aan meer geleerde persone oorlaat).

"Daarteenoor kan hierdie paar reëls as 'n beskeie poging gesien word om die indrukke van 'n dankbare toehoorder, wat deur die konsert verryk is, weer te gee. In die lig van die jeugdigheid van die orkeslede (hulle ouderdomme wissel tussen 8 en 21 jaar) was die presiese spel van die meisies en seuns, asook die dinamiese gevormdheid van hul spel, 'n

verryking. Dit kan slegs as 'n heel buitengewone artiese prestasie beskryf word. Naas die onberispelike intonasie verdien ook die deurgaans eenvormige stryk van die strykstokke besondere vermelding. Dit was vir die toeskouer 'n genot vir die oog.

"Tot een van die mees verstommende en blywende belewenisse van die aand behoort die uitvoering van die Konsert in E-mineur van Pietro Nardini. Die violsolo is deur die 11-jarige Jan Repko, van geheue, met rustige bekwaamheid en groot intonasiesekerheid, foutloos voorgedra. Dat so 'n prestasie net moontlik is as gevolg van jarelange, onvermoeide oefening, wat gepaard gaan met die seun se buitengewone talent, is voor-die-hand-liggend.

"Ook die jong konsertmeesteres Suzanne de Villiers, het die gehoor verras met haar soepele stryk van die strykstok. Die mooi, sagte klank van haar viool was ook baie aangenaam. So ook kan die leidster van die tweede viole, Marianne Malan, genoem word, waar haar tegniese vermoë in die mooi vibrato na vore gekom het. Veral die D-mineur Dubbelkonsert van Johann Sebastian Bach het getuig van die ongewone musikale vermoë van die twee jong soliste...

"Die Sinfoniëtta van Hans Maske (1969) en die Concerto Grosso van Ralph Vaughan Williams (1949/50) is so ritmies-meesleurend gespeel, en dit was so vol egte jeugdige entoesiasme, dat die uitvoering vir die konsertgangers 'n aantreklike en indrukwekkende belewenis was.

"Die dirigent vorm die hart en siel van elke orkes. Met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Jeugorkes, is dit in 'n besondere mate waar. 'n Mens besef dat Jack de Wet met sy energieke persoonlikheid sowel as presiese en kragtige direksie as leier, van dié jong musici, suksesvol kan wees. Verder beskik hy oor 'n groot kunstantent, musikale aanvoeling, asook die onmisbare vereiste om die Jeugorkes met eindelose geduld, maar ook ystere dissipline, tot sukses te lei.

"Die konsert van die jong Suid-Afrikaners...behoort tot die



Die Hotel Chesa Sur L'En waar die
Jeugorkes tydens hul verblyf in
St. Moritz tuisgegaan het

Foto: Prof. dr. F.C.v.N. Fourie

verlede en die spontane, oorweldigende applous van die publiek het weggesteef. Menige konsertganger sal by nabetrugting skaars die gedagte kan onderdruk dat die musiekopvoeding van die jeug ook by ons in Switserland in die toekoms meer aandag behoort te geniet. Musiekonderrig behoort dan ook in ons skole naas ander vakgebiede, as gelyke algemene opvoedingsvak erken en dienooreenkomstig uitgebou te word...

"Net 'n paar van die talryke aanwesiges kon vir hulleself voorstel op watter vlak hier musiek gemaak sou word...

"Met 'n definitiewe weemoed het die aanwesige musiekpedagoë die aanbieding aangehoor...Hoe vër is ons nie van sulke moontlikhede verwyder nie."⁶⁵

2.1.13.17.1 Kommentaar op die resensie

In kommentaar op die bogenoemde resensie die volgende: Uit die versugting by voetnoot 65 hierbo, na ewe goeie ontwikkeling in Switserland, is daar 'n waardevolle les te leer: Orals in die wêreld is daar talent beskikbaar wat net op ontginning wag. Dit vereis deursettingsvermoë en 'n baie spesiale soort mentaliteit om tot stand te bring wat mnr. De Wet gedoen het. Dit hang dus ook af van die spesifieke belangstelling - en knapheid! - van die beskikbare dosente.

2.1.13.18 'n Europese resensie van die derde uitvoering

Die derde uitvoering is op 20 Augustus in Flims gelewer. Die volgende opskrif en resensie het in Neue Bündner Zeitung van 26 Augustus verskyn: "Uit die gemeenskap: Flims: konsert van die Oranje-Vrystaatse Jeugorkes van Suid-Afrika: Die konsert van Donderdag 20 Augustus in die Katolieke kerk in Waldhaus, was 'n musikale belewenis van 'n heel besondere en blywende aard. Soos ons reeds in 'n voorafbespreking genoem het, het die jeugorkes uit die hoofstad Bloemfontein van die Oranje-Vrystaat van Suid-Afrika opgetree. Hierdie omvattende strykkorkes, met continuo deur 'n klawesimbel

of klavier, bestaan uit jeugdige tussen die ouderdomme van 8 en 20 jaar en bestaan uit 34 spelers. Die orkes neem aan die internasionale fees vir jeugorkeste in St. Moritz deel, en het ons vereer met 'n uitstappie na Flims. Ongelukkig het ons vakansie-oord juis op hierdie dag sy slegte kant gewys. Dit het ononderbroke gereën, asof 'n herhaling van die sondvloed van die Ou Testament moes plaasvind. Nóg-tans het die konsert 'n aantrekkingskrag gehad. Die kerk was vol en van die baie toehoorders was sekerlik geeneen spyt dat hy die aand vir hierdie afspraak gereserveer het nie. Die jong musikante het onder die temperamentvolle leiding van Jack de Wet 'n uiters veeleisende program baas-geraak. Die instudering daarvan sou sekerlik ook aan elke volwasse orkes probleme bied.

"As openingsitem, het ons die Concerto Grosso in D-majeur Op. 3 No. 1 van Francesco Geminiani (1670-1762) gehoor. Geminiani, 'n skolier van die beroemde Corelli, is in die Italiaanse Lucca gebore en het as violis in Londen gewerk... Reeds met hierdie eerste nommer op die program, moes 'n mens die ore spits. Die orkes speel baie gedissiplineerd en suiwer, het die dinamiese aanwysings van die dirigent gevolg en het in die tutti-gedeelte 'n pragtige vol klank ontwikkel. Hier verdien die solo-violiste, Suzanne de Villiers, lof. Sy het haar moeilike stukke in die ware sin van die woord, spelend bemeester. Daarna is die Concerto in E-mineur vir viool en orkes van Pietro Nardini (1722-1793) gespeel...Tydens die konsert hier in Flims het die 11-jarige Jan Repko die solodeel met verbasende sekerheid en kunstige briljantheid gespeel. Daarna is die Allegro uit die Strykkwartet in G-majeur (K. 156), met sy bekende hemelse melodie, van Wolfgang Amadeus Mozart, wat vir orkes verwerk is, uitgevoer. Hierin kon 'n mens weer die onbesorgde musikale samespel van die orkes bewonder.

"Met die Sinfoniëtta van Hans Maske, wat in 1969 gekomponeer is, is aan 'n ...Suid-Afrikaanse komponis eer bewys. Dit is wel 'n moderne werk, maar deurentyd tonaal, vol oorspronklike temas,⁶⁶ nou in argaïese akkoorde swellend, dan weer word die ritme beklemtoon. Dit het ons ten volle onder

die indruk gebring van die volle vermoë van dié strykkorke.

"Na 'n kort pouse is in klein formaat, maar sonder dirigent, die Dubbelkonsert vir 2 viole in D-mineur van Johann Sebastian Bach voorgedra, met Suzanne de Villiers en Marianne Malan as soliste. Ons het hierdie bekende konsert reeds meer perfek gehoor deur beroemde soliste, maar nog nooit so natuurlik en mooi nie. Hierdie onbeswaarde, vreugdevolle manier van musiekmaak, was eenvoudig fenomenaal. Ver- al die bo-aardse mooi tweede beweging, wat deur die kinders gespeel is, moes 'n mens eenvoudig aangryp en oorweldig. Die aand is afgesluit met 'n Concerto Grosso van Ralph Vaughan Williams. Hierdie Engelse musikant, wat kort gelede oorlede is, was 'n leerling van Bruch en Ravel en is een van die produktiefste komponiste van die Nuwe Tyd...

"Met die heeltemal tonale konsert van Williams het die orkes nogmaals die geleentheid gehad om perfekte vermoë en klankontplooiing te demonstreer. Geen wonder dat daar in die kerk spontane uitinge van byval ontstaan het, wat net met moeite teruggehou kon word. Die hele konsert was 'n aangryp- ende belewenis en ons bedank die jong musikante en wens hulle leier, mnr. De Wet, van harte geluk. En nog iets: Hierdie jeugorke uit Suid-Afrika het ons nie net vreugde verskaf nie, hulle het ons iets gegee om oor na te dink. Juis vandag is in die Neue Bündner Zeitung te lees dat musiekopleiding vir jongmense by ons in Switserland in 'n treurige toestand is en dat dit moeilik is om musiek- onderwysers te vind wat gewillig is om aan beginners onder- rig te gee. Hier steek die musiekpedagoog De Wet met sy orkes ons toe in die skande..."⁶⁷

2.1.13.18.1 Kommentaar op die resensie

Daar kan onder geen omstandighede weggeneem word van die glans en luister van die resensies wat oor die orkes ge- plaas is nie. Maar hier en daar doen 'n klein skaduweetjie op. Watter soort deskundige verwys (by voetnoot 66 onder 2.1.13.18 op p.123) in 'n koerant in Europa in 1970 na

"wel 'n moderne werk, maar deurentyd tonaal, vol oorspronklike temas..."? Die vraag ontstaan nou: hoe ingelig en ontwikkel is 'n musikus wat so iets skryf? Is dit die gewone resensente (wat bitterlik venynig kan wees) of is dit spesiale persone wat die orkesreeks doelbewus bevorder het?

2.1.13.19 Reaksie op die vierde uitvoering

Die volgende opskrif en berig wat in Die Volksblad van 27 Augustus verskyn het, dui daarop dat die reaksie op bogenoemde uitvoering op 16 Augustus sowel as die uitvoering in Klosters op 21 Augustus, oorweldigend was: "Hoogste lóf vir Jeugorkes: Die Vrystaatse Jeugorkes ontlok oral die hoogste lof waar hulle optree, skryf mev. Lotte Pretorius, musiekbestuurderes van SUKOV'S, in haar jongste brief uit Switserland...

"In Flims-Waldhaus het die Vrystaatse Jeugorkes in 'n klein kerkie opgetree met plek vir net 200 mense. Na die konsert is Jan Repko deur menigeen bestempel as 'n wonderkind.

"By Klosters is 'n baie goeie uitvoering gegee, hoewel die verhoog weinig groter as dié van die SUKOV'S-kleinteater is, skryf mev. Pretorius. Ná die konsert het elkeen 'n ruiker ontvang en mnr. Jack de Wet het die toegif gedirigeer met een hand. Die ander een was vol blomme..."⁶⁸

2.1.13.20 Ses Jeugorkeslede word gekies vir die Internasionale orkes

'n Verdere eer het die Vrystaatse Jeugorkes te beurt geval, toe daar aangekondig is dat ses lede gekies is vir die Internasionale Jeugorkes. Die volgende opskrif en berig het in Die Volksblad van 24 Augustus verskyn: "Hoë eer vir ses lede van S.A. Jeugorkes: Ses lede van die Vrystaatse Jeugorkes is gekies vir die Internasionale Jeugorkes wat Saterdagdaand optree as die hoogtepunt van die Tweede Internasionale Jeugfeesweek in St. Moritz, Switserland.

"Hulle is Suzanne de Villiers (19) en Deon Schoombie (14),

eerste viole, Marianne Malan (15) en Francois Henkins (19), tweede viole en Pienaar Fourie (20) en Jürgen Schwietering (19), altviole.

"Die Internasionale Jeugorkes word saamgestel uit die lede van die nege orkeste wat aan die fees deelneem. Hulle sal optree onder leiding van Walter Susskind, wêreldbekende dirigent..."⁶⁹

2.1.13.21 Reaksie van die gas-dirigente

Die gas-dirigente, wat by die fees opgetree het, het met lof van die O.V.S.-Jeugorkes gepraat. Die volgende opskrif en berig wat in Die Volksblad van 31 Augustus verskyn het, verwys: "Hoogste lof vir O.V.S. se Jeugorkes: Iets so vars het hy lanklaas beleef, het Rudolf Schwarz, gas-dirigent op die Internasionale Fees van Jeugorkeste in St. Moritz, Switserland, verlede Maandagaand gesê ná die Vrystaatse Jeugorkes se feeskonsert, skryf mev. Lotte Pretorius uit Switserland.

"'Ek is oorstelp van vreugde om hulle te kon dirigeer', het hy gesê - hande omhoog van pure emosie. 'Hulle is jonk en fris, met 'n sterk, trillende toonkwaliteit. Hulle het nie die gevoelvolle toonmateriaal van professionele spelers nie, maar is jong spelers wat met volle oorgawe speel.'

"Walter Susskind, wêreldbekende dirigent, het gesê die strykers van die Vrystaatse Jeugorkes het die beste toongehalte van al nege die orkeste op die fees. 'Ek is verras met die dissipline en kwaliteit, en wens julle almal baie geluk...'"

2.1.13.22 Hardwerkendheid van die orkeslede

Mev. Pretorius het in hierdie berig verder gegaan met 'n vertelling oor die hardwerkendheid van die lede tydens hulle verblyf in Switserland: "Die orkeslede het baie hard gewerk, en elkeen het 'n eie wegkruipplekkie uitgevind waar hy of

sy in vrye tydgies geoefen het. Mev. Pretorius het Matthias Erdmann in 'n waskamertjie raakgeloop, waar hy op 'n stoel sit en oefen met sy musiekstuk in die wasbak gebalanseer. Die hotel het soms soos 'n nie-klankdigte konservatorium geklink..."⁷⁰

2.1.13.23 Suzanne de Villiers word aangewys as die beste violiste

Die kroon is egter oor die O.V.S.-Jeugorkes se prestasies gespan, toe Suzanne de Villiers, die konsertmeester, aangewys is as die beste violiste op die Internasionale Fees van Jeugorkeste. Onder die opskrif: "Suzanne presteer op wêreldfees", het die volgende berig in Die Volksblad van 31 Augustus verskyn: "Suzanne de Villiers (19), jong Bloemfonteinse violiste wat die afgelope paar jaar die een Suid-Afrikaanse musiekbeurs ná die ander verower het, het Saterdagmiddag die kroon oor haar prestasies gespan toe sy aangewys is as die beste violiste op die Internasionale Fees van Jeugorkeste in St. Moritz, Switserland.

"Daardeur wen sy 'n beurs wat haar in staat stel om in 1971 in Bern, Switserland, die viool te bestudeer onder prof. Max Rostal, wêreldbekende Europese violis.

"'Ons is baie dankbaar', het haar vader mnr. Dirkie de Villiers, inspekteur van skolesang en -musiek in die Vrystaat, vandag aan Die Volksblad gesê...

"Suzanne het sowat tien jaar gelede begin viool speel, en is die afgelope agt jaar 'n leerling van mnr. Jack de Wet, leier van die Vrystaatse Jeugorkes. Met een uitsondering het sy al haar graadeksamens met lof afgelê, en het in 1966 (toe sy in st. 8 was) die finale viooleksamen gespeel.

"In 1966 was sy een van die drie leerlinge wat die pre-lisensiaatbeurs van die Universiteit van Suid-Afrika gewen het, en die jaar daarop het sy die junior F.A.K.-musiekbeurs gekry.



V.l.n.r. verskyn: Die Bulgaarse meisie saam met wie Suzanne de Villiers aangewys is as die beste violiste, haar Bulgaarse onderwyseres, Suzanne de Villiers

Foto: Prof. dr. F.C.v.N. Fourie

"Suzanne het reeds drie keer die Van Kerken-trofee gewen wat deur SUKOVŠ toegeken word aan die beste jong stryker in die Vrystaat, en het twee maal die beurs van die O.V.S.-Musiekbeurs verower. Die tweede keer was 'n week voordat die Jeugorkes na Switserland vertrek het.

"Suzanne is vanjaar 'n student aan die Vrystaatse Universiteit. Sy is die kleindogter van ds. M.L. de Villiers, komponis van Die Stem..."⁷¹

In aansluiting by die bogenoemde berig, word 'n gedeelte van 'n berig wat in The Friend van 8 September onder die opskrif: "Suzanne is back from music triumph" verskyn het, hieronder aangehaal: "Suzanne de Villiers...was judged - with a Bulgarian girl - the best violinist at the festival; awarded a scholarship for a year to study under Max Rostal in Berne, Switzerland; chosen to play in an international quartet with English oboeist Leon Goosens; and she played first violin in the international youth orchestra - made up of the best musicians at the festival - under Walter Susskind..."⁷²

"Nadat sy haar studies onder prof. Max Rostal voltooi het, het sy lid geword van verskeie orkeste as violiste en/of altvioliste (want sy het later die altviool aan die Juilliard School of Music in New York, V.S.A., bestudeer). Tans (April 1983) is sy juis 'n senior altviolis in die Koninklijke Muntschouwburg - opera-orkeste in Brussel, 'n orkeste wat 'n honderd lede sterk is en ook simfoniese werk lewer."⁷³

2.1.13.24 'n Ander orkeslid kom onder die beoordelaars se aandag

"Hoewel die jong orkeste 'n strykorkes is, was dit egter nie net sy strykers wat die oog van kenners gevang het nie. Albie van Schalkwyk, Bloemfonteinse matriekseun, het as pianis onder die aandag van die beoordelaars gekom.

"In die violkompetiese het hy sy twee orkesmaats, Suzanne de Villiers en Francois Henkins begelei. Ná die eerste uit-

dunne het hy Suzanne ook begelei tydens 'n seminaar deur prof. Max Rostal van Bern, een van die wêreld se voorste vioolpedagoë. Toe die deelnemers om die vioolbeurs tot nege uitgedun is, is 'n amptelike begeleier deur die organiseerders verskaf, hoewel kandidate toegelaat is om hul eie begeleier te bring indien hulle dit verkies. Albie het weer vir Suzanne begelei en sy deeltjie bygedra om te help dat sy na die eindronde deurdring. Daarop het die beoordelaars hom versoek om al vier kandidate in die eindronde te begelei.

"Hoewel dit die dag voor die eindronde was, het hy ingestem, sonder dat hy een van die stukke geken het. Die eienaar van die hotel waarin hulle tuis was, se dogter het 'n klavier in haar kamer gehad, en daarop het hy begin oefen. Een van die ander finaliste, 'n Bulgaarse meisie, het saam met haar onderwyseres opgedaag en hulle kon saam oefen, maar die ander twee finaliste het die eerste keer saam met hom voor die beoordelaars opgetree.

"Hy is ook gevra om die finaliste in die ander twee afdelings waarvoor beurse uitgelooft was, te begelei...Sonder dat hulle ooit saam geoefen het, het Albie 'n hobospeler begelei..."⁷⁴

2.1.13.25 Die orkes keer terug

Die O.V.S.-Jeugorkes het dus genoeg rede gehad om triomfantlik na Suid-Afrika terug te keer.

2.1.13.25.1 'n Koerantberig

Soos verwag kan word, het die volgende opskrif en berig in Die Volksblad van 2 September 1970 verskyn: "Trots en vreugde oor Jeugorkes: Met uitnodigings aan hul leier, mnr. Jack de Wet, om oorsese orkesskole te besoek, en armsvol resensies wat hul uitmuntende uitvoerings die hoogste lof toeswaai, het die Vrystaatse Jeugorkes gistermiddag in Bloemfontein aangekom nadat hulle aan die Internasionale Fees van Jeugorkeste in St. Moritz, Switserland, deelgeneem het.



V.l.n.r. verskyn: mnr. F. Louw,
mev. J. de Wet, dr. L. Bryer, mev.
L. Pretorius

Foto: Prof. dr. F.C.v.N. Fourie

"Hulle is met groot vreugde op die Lughawe J.B.M. Hertzog verwelkom deur trotse ouers, vriende en skoolmaats. Ruykertjies blomme is oorhandig aan mev. Lotte Pretorius, musiekbestuurderes van SUKOVŠ, en leerlinge van die Hoër Meisieskool Oranje, wat ses orkeslede opgelewer het, het hul maats met wapperende skoolvlaggies begroet...

"Die orkes van 34, wat maar 'n handjievul is in vergelyking met ander, wat uit tot 130 lede bestaan, het baie goed ge-vaar...

"Onder die nege finaliste vir 'n vioolbeurs op die fees, was drie van hulle: Suzanne, Marianne en Francois. Suzanne is ook gekies om in 'n kwartet te speel saam met die wêreld-bekende hoboïs, Leon Goossens. Dit het die kroon gespan oor die orkes se prestasies toe Suzanne, die konsertmeester, Saterdagmiddag aangewys is as die wenner van die vioolbeurs...

"Wêreldbekende musici wat die fees bygewoon het, het die Vrystaatse Jeugorkes die hoogste lof toegeswaai. Die gehalte van die strykers was volgens Rudolf Schwarz, Walter Susskind en Zdenek Kosler die hoogste van al die orkestes op die fees...

"Mnr. Blyth Major, musiekdirekteur van die fees, het gesê dat elke speler se vertolking afgerond is, en dat die orkes geen 'passasiers' het wat deur die ander 'toegespeel' moet word nie...

"Resensies het die spelstyl en keuse van die stukke baie lof toegeswaai, en die orkes het verskeie beloftes van uitnodigingsbesoeke aan Europa ontvang...

"Mnr. Jack de Wet het opgetree as beoordelaar saam met mnr. Blyth Major van Engeland en prof. Vladi Simeonov van Bulgarye... Die dirigente van twee Kommunistiese lande, Bulgarye en Hongarye, het hom ook genooi om hul orkesskole te besoek.

"'Ek hoop dat die fees aan die kinders 'n nuwe beeld van musiek gegee het, en dat musiek in die Vrystaat daarby sal

baat' het mnr. De Wet gister aan Die Volksblad gesê. 'Dit was vir hulle 'n grootse ervaring om onder 'n wêreldbekende dirigent soos Walter Susskind op te tree, en met kunstenaars uit ander nasionaliteite saam te werk. Die deelname aan die fees het aan elke kind - ook dié wat nie saam gegaan het nie, 'n nuwe motivering gegee om 'n orkesinstrument te leer bespeel...'

"Die groep was hoogs in hul skik dat uit hul geledere ses lede vir die Internasionale Jeugorkes gekies is, terwyl uit die groot orkes van Bulgarye (131 lede) maar 26 geneem is!...

"Mnr. F.W. Louw, hoofinspekteur van onderwys in die Vrystaat, het sy hande vol gehad om die sakgeld daagliks uit te deel in sy dubbele amp as toervader en bankier.

"Gedurende die fees was daar elke aand 'n konsert deur een van die orkeste. Bedags is gerepeteer in elke hoekie en gaatjie van die hotel. Die Vrystaatse Jeugorkes het ook verskeie uitvoerings op die platteland gegee, en is baie gasvry deur die mense daar ontvang.

"Jan Repko, een van die soliste, was veral 'n gunsteling, en dosyne mense het ná die konsert sy hand kom skud. Hulle kon nie glo dat so 'n klein seuntjie so mooi kan speel nie! Prof. Max Rostal het gesê dat hy 'n belowende jong violis is, en dat hy sy vordering gaan dophou..."⁷⁵

2.1.14 WAARAAN DIE SUKSES VAN DIE JEUGORKES TOE TE SKRYF IS

Wanneer daar na kassette nos. 2 en 3 geluister, sowel as na die voorafgaande Suid-Afrikaanse en Europese resensies gekyk word, ontstaan die noodwendige vraag: waaraan kan die sukses van die Vrystaatse Jeugorkes toegeskryf word? Waaraan is dit toe te skryf, dat terwyl strykorkeste dwarsdeur die wêreld aan die verdwyn was - soveel so dat in Amerika al ondersoek ingestel is na "the case of the missing strings" - die Vrystaat, Suid-Afrika se provinsie met die kleinste bevolking, 'n ongekende bloeitydperk van strykmusiek beleef het?

In 'n berig wat in Die Huisgenoot van 5 Januarie 1968 verskyn het, het mnr. Paul Marais, destydse skakelbeampte van SUKOVS, die volgende vertel: "Daar is 'n magdom jong strykkers in die provinsie met 'n groot diepte van talent...Met voorverlede jaar se National Eisteddfod in Johannesburg is slegs twee inskrywings in die violafdeling ontvang. Die Bloemfonteinse Kunswedstryd het verlede jaar 85 inskrywings van jong violiste ontvang..."⁷⁶

2.1.14.1 Die professionele benadering

Prof. De Wet, tans hoof van die Musiekdepartement aan die U.P.E., meen dat die sukses van die Vrystaatse Jeugorkes toegeskryf kan word aan die professionele uitgangspunt waarmee die hele onderneming benader is.⁷⁷ Die professionele benadering blyk uit die volgende aanhaling van die Vrystaatse Jeugorkes-reëls:

"LIDMAATSKAP:

1. Toetrede tot die orkes geskied na 'n suksesvolle oudisie.
2. Plasing van lede is te alle tye onderworpe aan die goeddunke van die dirigent.
3. Sou 'n plek vakant raak, kan enige lid van die orkes oudisie doen vir die betrokke plek.
4. Lidmaatskap is onderworpe aan die volgende voorwaardes:-
 - (i) Stiptelike en gereelde bywoning van repetisies.
Lede moet minstens 5 minute voor die tyd teenwoordig wees. Indien 'n repetisie nie bygewoon kan word nie, moet die orkesbestuurder of dirigent vroegtydig in kennis gestel word.
 - (ii) Kennis van die program waaraan die orkes werk.
Die dirigent het te alle tye die reg om enige lid van die orkes te vra om sy/haar part voor te dra.⁷⁸

"KONSERTE:

1. Kennis van voorgenome konserte en konsertreise sal vroegtydig gegee word en lede wat nie in staat is om op te tree nie, moet die orkesbestuurder vroegtydig in kennis stel. Vrystelling van 'n konsert kan alleen verkry word in geval van siekte of deur spesiale vergunning van die dirigent.
2. Op konserte word alleen die voorgeskrewe orkesdrag gedra en lede moet asseblief toesien dat hulle drag volledig en netjies is.
3. Lede moet minstens 30 minute voor die aanvang van 'n konsert teenwoordig wees en toesien dat die konsertmeester hulle instrumente stem.
4. Lede wat in ensembles optree moet voor elke konsert onderling 2 repetisies afspreek en die dirigent skriftelik van die afgesproke tye en plek in kennis stel.
5. Soliste wie se naam op die program verskyn moet vroegtydig die orkesbestuurder in kennis stel indien hulle nie kan optree nie. Versuim om dit te doen beteken dat 'n solis sy/haar solobeurt verbeur.

"KONSERTTOERE:

1. Lede moet minstens 10 minute voor die vertrek van die bus op die afgesproke plek wees.
2. Repetisies neem onmiddellik 'n aanvang na aankoms by die betrokke sentrum.
3. Ten tye van hierdie repetisies mag niemand die saal verlaat nie of hulle repeteer al dan nie.
4. Niemand mag sonder verlof van die orkesbestuurder die dorp of winkels besoek nie.

5. Bediening van verversings en maaltye moet deur almal bygewoon word en niemand mag weggaan voor die betrokke persone bedank is nie.
6. Gedurende die konsert moet alle lede wat nie deelneem nie, in die lokaal wat aan hulle toegesê is, bly. Hulle mag onder geen omstandighede daar weggaan nie en moet hulle stil en ordelik gedra.
7. Dit word van lede verwag om hulle te alle tye onberispelik te gedra veral aan huis van hul gashere. Lede moet die adres van hul gashere kry sodat bedankings sonder versuim gestuur kan word.

"MUSIEK:

1. Elke lid word aanspreeklik gehou vir die parte wat aan hom/haar toegesê is en moet dit in goeie toestand terug besorg.
2. Niemand mag parte neem sonder verlof nie.
3. Orkeslede moet sorg dat die stryke in hulle parte ooreenstem met die van hul leier en dat die nodige veranderinge na elke repetisie deur die betrokke leiers aangebring word.
4. Alle parte moet ingehandig word by die laaste repetisie voor 'n konsert.

"Orkeslede word vriendelik versoek om deeglik kennis te neem van datums van konserte, daar dit verwag word dat 'n lid in die orkes sal bly tot na die jaarlikse Jeugfees. Lede moet besef dat 'n program met sekere plasings van lede ingestudeer word en dat op hulle gereken word om die programme te voltooi..."⁷⁹

Die reg wat die dirigent te alle tye gehad het om enige lid van die orkes te vra om sy/haar part voor te dra, (vergelyk voetnoot 78 onder 2.1.14.1 op p. 132) is iets wat nie eers

van professionele musici in orkeste verwag word nie. Prof. De Wet meen dat die feit dat elke lid tydens repetisies hulle part alleen voor die hele orkes moes speel, daartoe bygedra het, dat hulle die werke uit die hoof kon voordra.

2.1.14.2 Staal tjies oor die prioriteit wat die orkes moes geniet

Vir elke orkeslid was dit dus 'n uitgemaakte saak dat die Jeugorkes te alle tye die eerste aanspraak op hom het. Daar bestaan talryke staaltjies oor orkeslede wat ten spyte van dinge wat opgeduik het, tog hul verpligtinge teenoor die orkes moes nakom. Die volgende berig wat in Die Volksblad van 20 September 1969 onder die opskrif: "Vir hulle is musiek eerste" verskyn het, vertel van 'n aantal insidente waar die orkes die eerste plek moes inneem: "Dit was 'n baie bekommerde eerstejaartjie wat een van haar maats in die Vrystaatse Jeugorkes opgebel het om haar nood te kla. Saterdag-aand was die eerste dansparty van die jaar en 'n besondere kêrel het haar geskiet. Dit was die heel eerste studentedans wat sy sou kon bywoon, maar sy is lid van die Vrystaatse Jeugorkes wat daardie selfde aand op Kroonstad sou optree.

"Die maat het nie veel simpatie betoon nie. 'Jy weet wat die reëls van die Jeugorkes is', was al antwoord wat sy gekry het. Sy het goed gehuil, die kêrel opgebel en die Saterdag-aand op Kroonstad gespeel.

"Hierdie soort insident is nie uitsonderlik in die lewe van 'n Jeugorkeslid nie. Vanjaar was daar weer die geval van Marie-Jean Osborn, 'n aantreklike tweedejaarstudent aan die Vrystaatse Universiteit en een van die ses finaliste om die kroon van joolkoningin. Die ses skoonhede sou aan 'n modeparade in 'n Bloemfonteinse teater deelneem om hulle aan die publiek bekend te stel, maar dit het gebots met 'n repetisie van die Jeugorkes.

"Marie-Jean het nie eens getwyfel oor wat haar te doen staan nie en die organiseerders verwittig dat sy nie vir die modeparade beskikbaar is nie.

"'Hulle het toe besluit dat dit onbillik sou wees as al ses nie daar kan wees nie , en die hele affêre gekanselleer', vertel sy. 'Moenie praat van hoe ongewild ek by die ander vyf meisies was nie!'

"Nadat sy as joolprinses aangewys was, kon sy die dag van die jool wel op die voorste sierwa in die optog ry, maar sy moes die joldans misloop om eerste viool in 'n orkesuitvoering te speel. Saam met drie van haar studentemaats wat ook lid van die Jeugorkes is, moes sy vanjaar ook Intervarsity op Potchefstroom misloop weens 'n konsert.

"Die Vrystaatse Jeugorkes het sedert sy stigting in 1962 al 'n tradisie van lojaliteit opgebou wat nie maklik oortref sal word nie. Die orkes se program word 'n jaar vooruit beplan, sodat daar geen toegewings kan wees as iets later opduik nie. Die orkeslede besef almal dat die Jeugorkes altyd eerste moet kom.

"Albie van Schalkwyk, begaafde sestienjarige pianis van Edenburg, wat as klavierspeler 'n sleutelfiguur in die orkes is, het onlangs sy moeder verloor. Op die dag van haar begrafnis, 'n Woensdag, het hy die dirigent, mnr. Jack de Wet, opgebeld en moedig gesê: 'Meneer kan op my reken. Ek sal Vrydagaand kom speel.' En Vrydagaand het hy foutloos gespeel.

"'Ons kan nie afwyk van professionele gedrag nie,' sê mnr. De Wet, senior lektor aan die Musiekdepartement van die Vrystaatse Universiteit, wat die orkes sewe jaar gelede gestig het en dit met 'n ysterhand regeer. 'As ons nie die kinders soos professionele musici behandel nie, sal ons gehalte daaronder ly. Hulle besef dat 'n toer 'n reeks konserte, en nie 'n uitstappie is nie. Van die ouers was al ontevrede oor ons streng dissipline, maar sommige van ons orkeslede is nog baie jonk, sodat 'n slap dissipline baie gevaarlik kan wees.'"

2.1.14.3 Opoffering van die ouers

"Hy is vol lof vir die opoffering wat baie ouers van orkeslede maak om hul kinders in die orkes te hou. Van die

kinders se ouers bring hulle soms twee of drie keer per week van plekke soos Dewetsdorp, Dealesville en Bultfontein na Bloemfontein vir musieklesse, orkesrepetisies en konserte.

"Dit veroorsaak 'n sterk band tussen ouer en kind', sê mnr. De Wet. 'Die ouers woon die repetisies by en hou hul kinders se vordering dop. Dis verbasend hoe sommige van hulle wat geen formele musiekopleiding gehad het nie, 'n fyn oordeel ontwikkel en soms baie krities teenoor hul kinders staan. Die orkes bestaan nie net uit 37 kinders nie - daar is ook meer as vyftig ouers wat intiem met die orkes saamleef.'"

2.1.14.4 Waglyste

"Dissipline⁸⁰ en lojaliteit is maar twee van die belangrike fondamentstene waarop die sukses van hierdie unieke orkes rus. Ook belangrik is dat aspirant-lede streng gekeur word uit die lang waglys van kinders wat belangstel om lid te word...en die samehorigheidsgevoel van die orkes..."⁸¹ "Die waglys het elke lid laat besef dat hy/sy nie onmisbaar is nie en deur iemand anders vervang kon word. Gevolglik het elke lid gewerk om sy/haar plek in die orkes te behou"⁸²

2.1.14.5 'n Illustrasie van die dissipline

In aansluiting by wat by voetnoot 30 op hierdie bladsy oor die dissipline van die orkes genoem is; die volgende uittreksel uit 'n berig wat in Naweekpos van Februarie 1968 verskyn het: "Uit my eie waarneming wil ek hier konstateer dat ek nog nooit enige jeuggroep van watter aard ook al, op 'n verhoog beter gedissiplineerd en meer professioneel sien optree het nie. Die verhoogbestuurder ('n orkeslid) sorg dat staanders, stoele, bladmusiek in orde gebring word, orkeslede kom stil en sonder vertoon binne, instrumente word vir oulaas gestem, die konsertmeester neem sy plek in nadat hy die applous van die gehoor erken het, die hele orkes staan op by die binnekoms van die dirigent, neem weer hul plekke in en sekondes later val hul flink weg op die dirigent se teken..."⁸³



Mnr. Jack de Wet

2.1.14.6 Mnr. De Wet se bydrae

Die bovermelde fondamentstene waarop die sukses van hierdie orkes gerus het, sou nie moontlik gewees het nie sonder die dryfkrag, geesdrif en versierende vindingrykheid van die dirigent mnr. De Wet. Hy het oor 'n dinamiese motiveringsvermoë beskik, wat jong kinders kon inspireer om met tuisoefening, repetisiebywoning en konsertoptredes net hul allerbeste te lewer. Dit vereis 'n baie spesiale soort mentaliteit om tot stand te bring wat mnr. De Wet bereik het. Sonder hom sou daar nie 'n opbloeï in stryk-onderrig, sowel as 'n O.V.S.-Jeugorkes gewees het nie. Wat die orkes nog verder uniek gemaak het, was die feit dat die orkes geheel en al uit slegs mnr. De Wet se leerlinge bestaan het. "Die Vrystaatse Jeugorkes het op 'n dag 'n stadium bereik, waar òf die orkes ontbind moes word, òf dat ek met tjello-onderrig moes begin. Die rede hiervoor was dat die ander dosente se tjelloleerlinge nie dieselfde dissipline as my viool-leerlinge gehad het nie. Gevolglik het ek begin om ook tjello-onderrig te verskaf. Twee jaar later was die groot probleem van die orkes dat daar nie genoeg plek was vir al die tjello's nie."

2.1.14.7 Die Vrystaat se chauvinisme en talent

Prof. De Wet skryf die sukses van die hele onderneming verder toe aan die Vrystaat se chauvinisme. "Die Vrystaters het 'n sekere chauvinisme; hulle glo aan hulle eie, dit is natuurlik goeie materiaal om mee te begin."⁸⁴ Mnr. De Wet het egter ook die regte tipe kind gehad om mee te werk. Reeds in 'n berig wat in Die Volksblad van 4 Mei 1963 verskyn het, maak hy die volgende stelling: "Mnr. De Wet het gesê dat die Jeugorkes nie sommer toevallig in die lewe geroep is nie, „maar omdat ons werklik in die Vrystaat die materiaal het, en omdat ons voel dat hierdie moontlikhede goed ontwikkel moet word. Die standaard van musiek in die Vrystaat is taamlik egalig, maar besonder goed, en daar is nog baie talent wat ontwikkel moet word," het hy gesê..."⁸⁵

2.1.14.8 SUKOVS se bydrae

Die sukses van die Jeugorkes sou laastens nie bereik kon word sonder die professionele beheer van SUKOVS nie.

SUKOVS het die fondse verskaf, toere georganiseer en reserwefondse opgebou wat in trustgelde omskep is en waar nodig bestee is.

2.1.15 BESONDERHEDE OOR KONSERTTOERE VAN 1971/72

Die Jeugstrykorkes van mnr. De Wet het na afloop van die besoek aan Switserland sewentien konserte gedurende 1971 in die Vrystaat en die Kaapprovinsie aangebied. 'n Toer is in die April-vakansie deur die Oostelike Provinsie op uitnodiging van KRUIK onderneem. Colesberg, Port Elizabeth, Oos Londen, Grahamstad, Queenstown en Aliwal-Noord is besoek. Besonder gunstige kritiek is op al hierdie optredes gelewer. Albei die junior- en seniorjeugorkeste het ook verder gedurende dieselfde jaar twee geslaagde konserte op uitnodiging van die Republiekfeeskomitee in Kaapstad aangebied.⁸⁶

Die Jeugorkes het dan ook gedurende 1972 sy tiende bestaansjaar op paslike wyse gevier, deur uiters suksesvolle uitvoerings in al die vernaamste sentra van die vier provinsies van die Republiek aan te bied. Twaalf uitvoerings is gedurende dié jaar gelewer en die volgende sentra is besoek:

APRIL	: O.V.S.	: Winburg, Dewetsdorp, Kroonstad, Sasolburg (met plaaslike kore)
JULIE	: Natal	: Durban, Pietermaritzburg (in samewerking met NARUK en met die Drakensbergse Seunskoor)
AUGUSTUS	: O.V.S.	: Jaarlikse Jeugfees, Bloemfontein
SEPTEMBER:	Kaapprovinsie	: Port Elizabeth (op uitnodiging van die Universiteit van Port Elizabeth)

SEPTEMBER: Transvaal : Potchefstroom, Pretoria,
Rustenburg (onder beskerming
van TRUK).⁸⁷

2.1.16 MNR. DE WET : HOOFBEOORDELAAR VAN STRYKERS BY
DIE DERDE INTERNASIONALE JEUGORKESFEES

Weens die aansien wat mnr. De Wet na afloop van die besoek van die O.V.S.-Jeugorkes aan Switserland onder die organiseerders van die Internasionale Jeugfees geniet het, is hy in 1971 uitgenooi om as hoofbeoordelaar van die strykafdeling by die derde fees op te tree.

2.1.16.1 'n Koerantberig

'n Berig in dié verband is in Die Volksblad van 2 Augustus 1971 as volg gepubliseer: "Die dirigent van die Vrystaatse Jeugorkes, mnr. Jack de Wet, is aangewys as die hoofbeoordelaar van die afdeling strykers by die derde Internasionale Fees van Jeugorkeste in Switserland wat vanjaar in Lausanne gehou word. Hy het ook die eer te beurt geval om aangewys te word as enigste beoordelaar in die afdeling strykers.

"Mnr. De Wet, senior lektor in musiek aan die Vrystaatse Universiteit, het verlede jaar met die Vrystaatse Jeugorkes met groot sukses in St. Moritz aan die fees deelgeneem en is op die oomblik in Switserland op uitnodiging van die organiseerders van die fees.

"Hy is ook aangewys as enigste beoordelaar tot in die finale ronde van die kompetisie om die internasionale vioolbeurs, wat verlede jaar deur Suzanne de Villiers, konsertmeester van die Vrystaatse Jeugorkes, gewen is.

"Hy sal die deelnemers uitdun tot drie finaliste en sal vir die finale beoordeling bygestaan word deur die wêreldberoemde dirigente Walter Susskind en Rudolf Schwarz, die vioolpedagoog Max Rostal en die organiseerder van die fees, Blyth Major...

"'n Opname van die Vrystaatse Jeugorkes wat verlede jaar by die fees gemaak is, is pas deur die B.B.C. uitgesaai met die kommentaar dat die Vrystaatse Jeugorkes een van die verrassings en ook die mees uitstaande kenmerk van 1970 se internasionale Jeugorkesfees was."⁸⁸

2.1.17 DIE LEERLINGTAL VAN MNR. DE WET GEDURENDE 1972

Volgens prof. De Wet het hy gedurende 1972 aan + 80 leerlinge vanoor die hele Vrystaat strykonderrig verskaf. Dit kan opsigself as merkwaardig beskryf word, as die moeite en opoffering wat hiermee gepaard gegaan het in aanmerking geneem word. Benewens sy sukses met strykleerlinge, het hy daarin geslaag om binne 'n tydperk van tien jaar 'n jeugorkes daar te stel, wat nie slegs ongelooflike voorde- ring gemaak het nie, maar 'n standaard bereik het wat deur Suid-Afrikaanse sowel as Europese kritici as hoogstaande bestempel is.

2.1.18 JACK DE WET VERLAAT BLOEMFONTEIN

2.1.18.1 Hy aanvaar 'n betrekking aan die Universiteit van Port Elizabeth

Alhoewel dit dus geblyk het dat die Vrystaat vinnig op pad was na sy verwesenliking van 'n gevestigde orkesinstrument- opleidingsprogram, het die bedanking van mnr. De Wet, na- dat hy 'n betrekking aan die Universiteit van Port Elizabeth as professor in musiek en Adjunk-Direkteur van die Konser- vatorium vir Musiek vanaf 1 Oktober 1972 aanvaar het, ge- dreig om strykonderrig in die Vrystaat in duie te laat stort.

2.1.18.2 Gedurende 1966 is 'n soortgelyke betrekking hom aangebied

Dit was trouens nie die eerste keer dat hierdie betrekking aan die U.P.E. hom aangebied is nie. Reeds op 'n vergade- ring van die Uitvoerende Bestuur van SUKOVs wat op 18 April 1966 gehou is, is daar, na verneem is dat mnr. De Wet 'n pos as Senior Lektor aan die U.P.E. aangebied is, besluit

"dat die Direkteur die toestand moet dophou en indien nodig onmiddellik voorstelle moet doen van stappe wat gedoen [sic.] behoort te word om te verhoed dat die dienste van mnr. De Wet verloor word."⁸⁹

2.1.18.3 'n Koerantberig oor sy vertrek uit Bloemfontein

Die nuus van mnr. De Wet se vertrek uit Bloemfontein is as volg in Die Volksblad van 17 Junie 1972 aangekondig: "Slag vir musiek in O.V.S.: Die vertrek van mnr. Jack de Wet uit die Vrystaat sal 'n gevoelige slag vir die musieklewe van die hele provinsie wees. Die terrein waar sy dienste die swaarste gemis sal word, is as dirigent van en stukrag agter die Jeugorkes Oranje-Vrystaat.

"Mnr. De Wet het 'n aanstelling as hoogleraar en hoof van die strykkafdeling aan die Universiteit van Port Elizabeth aanvaar en sal Bloemfontein einde September verlaat. Sy bydrae aan musiek in die Vrystaat strek oor meer as 'n dekade, vandat hy as leier van die pasgestigte Vrystaatse Strykkwartet na Bloemfontein gekom het. Dit was 'n keerpunt in die geskiedenis van die onderrig van strykinstrumente in die provinsie wat voorheen slegs tot enkele gelukkige leerlinge beperk was...

"Tien jaar gelede het die Jeugorkes op heel beskeie wyse tot stand gekom as 'n poging van Jack de Wet om die kinders die genot van saam musiekmaak te laat ervaar. Gaandeweg het die orkes in iets heel besonders en uniek in Suid-Afrika ontwikkel, met sy eie tradisie en 'n standaard wat jaar na jaar gestyg het.

"Veral in die eerste jare het die publiek van talle dorpe nie mooi geweet wat om te verwag van die Jeugorkes nie. Hulle het dikwels 'n kinderorkessie met 'n 'oulike' programmetjie verwag en was nie bedag op dertig jong strykers wat verdienstelike vertolkings van Bach, Vivaldi, Geminiani, Vaughan Williams en andere gelewer het nie. Ondanks versoeke uit verskillende oorde om toegewings aan die populêre smaak te maak, het Jack de Wet geweier om na sy gehore 'af te speel'

en het hy 'n streng artistieke standaard gehandhaaf...

"In 1970 het die Jeugorkes die hoogtepunt van sy bestaan beleef toe hy genooi is om deel te neem aan die tweede Internasionale Fees van Jeugorkeste in Switserland. Die jong Vrystatertjies het besonder hoë lof ingeoes en het die oog gevang met hul netheid, dissipline en omdat hulle die jongste orkes op die fees was...

"'Die hart en siel van hierdie orkes is duidelik die dirigent', het die resensent nā die uitvoering in Buchs geskryf. 'Die energieke persoonlikheid van Jack de Wet, sy presiese en pregnante dirigeerwerk, saam met 'n ystere dissipline en die begaafdheid en musikale insig van die orkeslede, is ongetwyfeld treffend'...

"Omdat die Vrystaatse Jeugorkes om die inspirerende persoonlikheid van Jack de Wet gegroei het, sal sy plek uiters moeilik gevul kan word. 'n Mens kan jou skaars 'n Jeugorkes - wat reeds 'n tradisie in die Vrystaat geword het en elke jaar al hoe meer uitnodigings na buite die provinsie ontvang - sonder sy stigter voorstel.

"In die eeu waarin strykers aan die verdwyn is...het Jack de Wet 'n besondere aandeel daarin gehad dat die Vrystaat as die land se mekka vir strykers bekend geword het en dat hier 'n oplewing teen die wêreldneiging in plaasgevind het...

"Hy het verskeie reise in die buiteland onderneem, Amerika en Kanada besoek en vyf jaar in Amsterdam gestudeer. Met hierdie breë agtergrond van musiekonderrig kon hy merkwaardige resultate behaal, veral omdat hy nooit gehuiwer het om sy metodes aan te pas by die kind se behoeftes nie en gedurig sy hele benadering vernuwe.

"Hy glo nie dat die vermoë om 'n instrument goed te bespeel net die voorreg van 'n paar begaafdes is nie, en put sy grootste genot daaruit om 'n viool goed te laat klink in die hande van 'n gemiddelde leerling.



'n Informele foto van die laaste Vrystaatse Jeugorkes:
(+ 1971)

Foto: SUKOVŠ

"Jack de Wet se sukses kan daaraan gewy word dat, soos hy dit stel, 'musiekonderrig vir my 'n bron van genot en vervulling geword het.'

"Die Vrystaat sal nā sy vertrek beslis armer wees."⁹⁰

2.1.18.4 'n Koerantberig oor die laaste optrede van die orkes in Bloemfontein o.l.v. mnr. De Wet

Die laaste optrede van die O.V.S.-Jeugorkes in Bloemfontein onder leiding van mnr. De Wet, is op 25 en 26 Augustus 1972 gehou. Die volgende berig, oor die aangeleentheid, is in The Friend van 18 Augustus onder die opskrif: "Jack de Wet leaves city", as volg aangekondig: "Jack de Wet, who founded the Free State Youth Orchestra, will lead his orchestra for the last time in Bloemfontein on August 25 and 26. Bookings for these concerts have been heavy and the first night is already almost sold out.

"The annual award of the Van Kerken Trophy for the best string instrumentalist of the year will be made at the opening night concert and will be presented by the Administrator, Mr. Froneman.

"Mr. De Wet has accepted a position at the University of Port Elizabeth and will leave Bloemfontein at the end of September..."⁹¹

2.1.18.5 'n Berig na die laaste optrede

Soos verwag kan word, het die volgende opskrif en berig na die laaste Jeugfees onder mnr. De Wet se leiding, in Die Volksblad van 26 Augustus 1972 verskyn: "'Vrystaat dank De Wet': 'Die Vrystaat sal altyd aan mnr. Jack de Wet die hoogste dank verskuldig wees vir wat hy vir die Vrystaatse kinders gedoen het en vir die internasionale status wat hy aan die Vrystaatse Jeugorkes besorg het', het die Administrateur van die Vrystaat, adv. G.F. van L. Froneman, gisteraand gesê toe die orkes sy laaste amptelike uitvoering onder die stok van mnr. De Wet in Bloemfontein gelewer het.

"Adv. Froneman het gepraat voordat hy die Van Kerken-trofee aan die Vrystaatse stryker van die jaar, Abrie de Wet, oorhandig het.

"Adv. Froneman het gesê dit is vir die Vrystaat 'n groot verlies om mnr. De Wet aan Port Elizabeth af te staan en die hoop uitgespreek dat mnr. De Wet se werk wat oor 'n dekade soveel hoogtepunte gehad het, voortgesit sal word.

"Hy het die hoop uitgespreek dat die orkes sal bly voortbestaan en dat mnr. De Wet nog as gasdirigent na Bloemfontein sal kom.

"Op 'n onthaal wat ná die uitvoering vir mnr. De Wet aangebied is, het hy gesê die welslae wat die jeugorkes behaal het, was nie die werk van hom as individu nie, maar dié van 'n goeie span.

"Die leier van die orkes, Deon Schoombie, het mnr. De Wet namens die orkes bedank en 'n afskeidsgeskenk aan hom oorhandig.

"Mnr. De Wet aanvaar op 1 Oktober 'n pos as professor in Musiek aan die Konservatorium van die Universiteit van Port Elizabeth. Na Die Volksblad verneem, vertrek veertien van die orkeslede aan die einde van die jaar ook na Port Elizabeth om daar skool te gaan en hul vioolstudies by mnr. De Wet voort te sit."⁹²

2.1.18.6 'n Aanvullende berig oor die uittog van leerlinge

In aansluiting by die bostaande aanhaling oor die leerlinge wat mnr. De Wet na Port Elizabeth sou volg, word die volgende aanvullende berig, wat in The Friend van 8 November 1972 onder die opskrif "Mass exodus follows Jack de Wet" verskyn het, vervolgens aangehaal: "At least 20 of the Free State's most outstanding young musicians will follow Professor Jack de Wet, founder of the Free State Youth Orchestra, to the Eastern Province next year."⁹³

"Professor de Wet left Bloemfontein last month when he accepted a post at Port Elizabeth University. He is head of the strings department of the Faculty of Music and is also conductor of the university orchestra.

"'Ten of my Free State pupils are moving to schools in Port Elizabeth to continue their studies with me next year', Professor de Wet told The Friend yesterday. 'These include the leading soloists Jan Repko of Bloemfontein, Abrie de Wet of Dealesville and Louis van der Watt of Odendaalsrus - all violinists.'

"He said he believed at least 10 other Free State scholars would also continue to study under him and travel to Port Elizabeth for lessons at the conservatoire...

"'This is an open conservatoire which means one does not have to be a student at Port Elizabeth University to enrol', he said.

"'These musicians - 'Free State exiles' - will form the nucleus of the Port Elizabeth Youth Orchestra which I have just started. I have accepted an invitation to take this orchestra to the International Festival of Youth Orchestras in Aberdeen and London from August 5 to August 19 next year.⁹⁴

"'Several pre-school children from Bloemfontein will also continue their lessons with me in Port Elizabeth and some will be included in the orchestra when we go abroad next year. These will be the youngest musicians ever to play at the festival.'

"Professor de Wet is known throughout the country for his success in adopting the Suzuki method of instruction, which is directed at children in particular...⁹⁵

"Mr. Schalk Theron, director of PACOFS, said yesterday that a new leader for the Free State Youth Orchestra had not been found yet. PACOFS administers the orchestra...



Mr. Jack de Wet met 'n beginner volgens die
Suzuki-onderrigmetode

Foto: SUKOVŠ

"Of course, I am sorry that all these Free State musicians will be leaving, but we shall continue with the orchestra', he said.

"Mr. Dirk de Villiers, inspector of school music in the Free State, said it was 'perfectly natural' for pupils to follow their teachers to other centres. 'It won't be the first time and it won't be the last time that this has happened', he said. 'I wish them well.'"⁹⁶

2.1.18.7 Kommentaar op die berig

Inderdaad het daar 8 en later 4 leerlinge prof. De Wet na Port Elizabeth gevolg, en nie 20 soos by voetnoot 93 onder 2.1.18.6 op p.145 genoem is nie. Prof. De Wet het egter ook wekliks Bloemfontein toe gevlieg om aan sommige van die oorblywende leerlinge onderrig te verskaf.

Hy was moontlik 'n bietjie oormoedig in sy beplanning oor die Port Elizabethse Jeugorkes (vergelyk voetnoot 94 onder 2.1.18.6 op p.146). Eers na 'n paar jaar kon hy daarin slaag om 'n groep bymekaar te kry.

Jack de Wet het na afloop van 'n besoek aan Japan teen die einde van 1970 begin om die Suzuki-metode van onderrig in die Vrystaat toe te pas. (Vergelyk voetnoot 95 onder 2.1.18.6 op p.146.) Op daardie stadium was hy die eerste persoon in die Vrystaat sowel as Suid-Afrika wat met hierdie onderrig-metode begin het. Aangesien hy teen Oktober 1972 die Vrystaat verlaat het, het hierdie metode nie 'n noemenswaardige invloed op die strykopleidingsprogram in die Vrystaat uitgeoefen nie.

2.1.18.8 Die implikasies van prof. De Wet se vertrek

Na die vertrek van prof. De Wet uit Bloemfontein was daar geen ander viooldosent behalwe mnr. J. Pieters nie, en sy gesondheid was klaarblyklik ook nie na wense nie.⁹⁷

Dit is geweldig jammer dat prof. De Wet ter wille van status

en inkomste elders, die werk wat hy begin het, en waaraan hy ongekende status verleen het, nie verder kon uitbou en voltooi nie. Sy vertrek was 'n gevoelige verlies vir die groot aantal strykkleerlinge, die Jeugorkes en die Vrystaat as geheel. "Sy uiters waardevolle dienste as leermeester en dirigent van die Jeugorkes vanaf die stigtingsjaar in 1962, moet as dié waardevolste bydrae tot ontwikkeling van strykkopleiding in die Vrystaat beskou word..."⁹⁸

2.1.19 PROF. C. SWANEPOEL NEEM DIE JEUGORKES OOR

Gelukkig was daar op hierdie stadium persone soos prof. Swanepoel, wat die dringendheid van die hele situasie besef het. Hy het ook dan, ten spyte van sy veelvuldige pligte as Hoof van die Musiekdepartement aan die U.O.V.S., ingestem om as dirigent van die Vrystaatse Jeugstrykorkes op te tree.

2.1.19.1 'n Koerantberig

Die volgende berig het op die hoofblad van Die Volksblad van 3 April 1973 onder die opskrif: "O.V.S. se Jeugorkes herleef" verskyn: "Die beroemde Vrystaatse Jeugorkes wat sedert die vertrek van mnr. Jack de Wet outomaties in 'reses' gegaan het, het nou as die Vrystaatse Jeugstrykorkes weer aan die gang gekom. Prof. Chris Swanepoel, hoof van die departement Musiek aan die Vrystaatse Universiteit sal voortaan die orkes dirigeer.

"Prof. Swanepoel het aan Die Volksblad gesê dat hy onderneem het om op tydelike grondslag die jeugstrykorkes te dirigeer sodat die werk wat deur mnr. De Wet in die Vrystaat gedoen is, nie in duie stort nie. Die afrigting van die orkeslede sal behartig word deur dosente in strykinstrumente in Bloemfontein wat as groepinstrukteurs sal optree.

"Prof. Swanepoel, wat reeds as dirigent van die Vrystaatse Universiteitskoor heelwat lof ingeoes het, het gesê dat baie sterk belangstelling bestaan in die aktiwiteite van die orkes. Dit is verblydend om te sien hoeveel lede van die ou orkes weer spontaan kom aanklop het om die orkes weer aan die gang

te kry..."⁹⁹

2.1.19.2 Die Jeugfees word voortgesit: 'n Koerantberig

Die Jeugstrykorkes het ongeveer gedurende Maart 1973 met repetisies begin. Onder die bekwame leiding van prof. Swanepoel, is die tradisie voortgesit en die Jeugfees is vir 7 en 8 September 1973 beplan. Die volgende opskrif en berig wat in Die Volksblad van 11 Augustus 1973 verskyn het, het die "nuwe" orkes se eerste uitvoering as volg aangekondig: "Geesdriftige jong strykorkes: 'n Nuwe jong groep strykers in Bloemfontein wat optree onder die stok van prof. Chris Swanepoel, hoof van die musiekdepartement aan die U.V., lewer op 7 en 8 September twee konserte in die Odeion by die Vrystaatse Universiteit.

"Dié nuwe groep is die Vrystaatse Jeugstrykorkes wat in Maart vanjaar tot stand gekom het nadat die ou Vrystaatse Jeugorkes ontbind het met die vertrek van mnr. Jack de Wet na die Universiteit van Port Elizabeth.

"Dié nuwe orkes se lede bestaan uit leerlinge van onderwysers in strykinstrumente in die stad wat deur 'n keurkomitee van SUKOVS gekies is. Net soos met die ou Vrystaatse Jeugorkes het die nuwe orkes ook twee groepe - 'n junior orkes van sowat twintig lede en 'n senior orkes van sowat 24 lede. Die Jeugstrykorkes, wat saamgestel is uit die twee groepe, het altesaam 32 lede wie se ouderdomme wissel van elf tot twintig jaar.

"Prof. Swanepoel het vandeeweek in 'n onderhoud gesê die nuwe orkes het ook 'n hele paar lede van die ou Vrystaatse Jeugorkes. Die orkeslede is baie geesdriftig, gewillig om hard te werk en daar heers goeie dissipline onder hulle.

"Die werk vir die junior orkes is hoofsaaklik onderwysmateriaal, maar hulle speel ook meer ambisieuse werke. Die orkes oefen elke Woensdag in die Odeion - die junior orkes van 4 nm. tot 4.30 nm. en die senior orkes van 4.30 nm tot 6 nm..."¹⁰⁰

2.1.19.3 Resensies na die eerste optrede van die Jeug-
strykorkes

Die volgende opskrif en resensie wat in Die Volksblad van 8 September 1973 verskyn het, lewer bewys dat die nuwe orkes alreeds in staat was om die tradisie van die verlede voort te sit: "Jeug se 'nuwe' orkes: 'n Nuwe dirigent, nuwe jong gesigte en 'n nuwe benadering plus 'n aanbieding waarvan die gehalte vele doemprofete se voorspellings ge-
loënstraf het - dit was die kenmerke van die 'nuwe' Vrystaatse Jeugstrykorkes wat gisteraand in die Odeion (namens SUKOV'S) onder leiding van prof. Chris Swanepoel sy buiging gemaak het.

"Die senior groep het met die intrapslag reeds 'n sterk, breë toon by die Ouverture van 'n Telemann-suite behaal, by die Comus-danse (Arne) netjiese en gevoelvolle samespel gelewer, meestal goed begelei waar hulle nie die voortou hoef te geneem het nie, en 'n absolute hoogtepunt saam met vier knap pianiste (Johan Oberholzer, Claudia Strauss, Dennis Stander en Isolde Beukes) in die slotdeel van Bach se Konsert vir vier klaviere bereik.

"'n Verrassing was die resonans wat die tweede viole byna deurgaans behaal het. Trouens, die orkes-klank in sy geheel was gebalanseerd en beskaafd. Intonasie was nie altyd suiwer nie en die klawesimbelklank het soms te hard ingedring; maar die geheelbeeld was een van gedissiplineerde en genotvolle samespel.

"Ook die junior groep het by 'n Händel-mars en een van sy menuette hul passies mooi gelyk ingespan en effektiewe kontraste in toonkleur by die Reverie en Rondo Pizzicato (deur Palmer en Best) verkry...

"Met hierdie konsert het die Vrystaatse Jeugstrykorkes getoon dat hy in staat is om 'n mooi tradisie op 'n keurige wyse voort te sit."¹⁰¹

Die volgende opskrif en resensie wat in The Friend van 8 Sep-

tember 1973 verskyn het, het bevestig dat die optrede van die nuwe orkes die voortbestaan van jeugstrykensemble's in die Vrystaat opnuut verseker het: "Youth orchestra hits a high note...: Last night's concert given by the Free State Youth String Orchestra with conductor Professor Chris Swanepoel was an exciting and musically rewarding experience. The programme was a varied one with the different items wisely chosen by the conductor to match the ability of the youthful players. One was immediately aware of excellent orchestral discipline, a rhythmic vitality, clearly demarcated dynamic levels and beautifully controlled ensemble playing.

"The highlight of the various orchestral items was the Overture of the Suite in C by Telemann in which was apparent rich, round and sustained tone and a breadth - the result of an obvious understanding of the underlying elements and intrinsic style of the music..."¹⁰²

2.1.19.4 Waardering vir prof. Swanepoel

Nadat prof. Swanepoel ingewillig het om as dirigent van die Vrystaatse Jeugstrykorkes op te tree, het die hele onderneming nie in duie gestort nie. Dit moet hier genoem word dat prof. Swanepoel een van weinig mense is wat so fantasties veelsydig en knap is. Sonder iemand van sy gehalte, energie en ondernemingsgees sou sake nie altyd so goed verloop het in Bloemfontein nie. Die gewaardeerde werk van prof. De Wet kon dus voortgesit word.

2.1.19.5 Twee viooldosente word aangestel

Soos reeds vermeld het prof. De Wet + 80 strykleerlinge in Bloemfontein gehad voor sy vertrek. Buiten die twaalf leerlinge wat hom na Port Elizabeth gevolg het, was daar dus + 68 leerlinge wat slegs van enkele dosente onderrig kon ontvang. Nuwe aanstellings wat die groot aantal leerlinge kon hanteer, moes dus dringend gemaak word.

Die Musiekdepartement van die U.O.V.S. het die eerste inisia-

tief geneem, en daar is besluit om mnr. en mev. Jan van den Berg op die diensstaat van die Universiteit aan te stel.

Enkele gegewens oor die persone is as volg: "Albei het aan die Amsterdamse Musiekkonservatorium gestudeer. Mnr. Van den Berg, 'n Nederlander, het in 1963 na Suid-Afrika geëmigreer waar hy onder meer verbonde was aan die S.A.U.K.-orkes, as onderleier van die TRUK-orkes en sedert 1970 as konsertmeester van die KRUIK-orkes. Mev. Van den Berg het vir die Durbanse Stadsorkes, die TRUK-orkes en die KRUIK-orkes gespeel."¹⁰³ Hierdie twee aanstellings kon dus in die behoefte wat daar na vioolonderrig bestaan het, begin voorsien.

2.1.20 VERWYSING NA DIE VERHANDELING VAN E.C. LABUSCHAGNE

Vir volle besonderhede oor die verwickelinge rondom die Jeugorkes; lede van die O.V.S.-Jeugorkes 1964-1972; lede van die Vrystaatse Jeugsimfonieorkes - 1976 en die Van Kerken Trofee-toekennings, sien die verhandeling van E.C. Labuschagne: Die agtergrond en musiekaktiwiteite van SUKOV'S vanaf sy ontstaan tot en met 1979. (M.A. Mus.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Jan. 1982) pp.204-206, 254-272.

2.1.21 DIE HUIDIGE JEUGSTRYKENSEMBLE'S

Na die totstandkoming van die SUKOV'S-Simfonieorkes in 1974, vergelyk Hoofstuk 3, is 'n aantal strykdosente aan die U.O.V.S. en O.V.S.-Onderwysdepartement aangestel. Die teenwoordigheid van strykdosente is 'n geweldige bevordering vir die strykprogram in die Oranje-Vrystaat. Soos verwag kan word het strykensemble's orals ontstaan. Tans (April 1983) bestaan daar 4 ensemble's:

O.V.S.-Jeugstrykorkes : + 30 lede : dirigent : Francois
Henkins
assistent: Richard
Reid

New Bach Ensemble : ± 30 lede : dirigent : Clem de Boeck
 assistent: John Wille

Händel Strykorkes : ± 25 lede : dirigent : Hans Vonk
 assistent: Lykele Temmingh

Junior Strykorkes : ± 30 lede : dirigent : Anna van Niekerk


2.2 'N BLASERPROGRAM KOM TOT STAND

2.2.1 'N HOUTBLAASDOSENT WORD AANGESTEL

Vanaf die begin van die sestigerjare is daar dus daadwerklike stappe gedoen om strykonderrig op 'n stewige grondslag te plaas. Dit was egter nie tot voor 1969 wat 'n begin gemaak is met die onderrig van blaasinstrumente nie. Die eerste stap in die rigting is geneem met die aanstelling van die veelsydige Toon van Dongen.

2.2.1.1 Gebeure wat die aanstelling voorafgegaan het

Oor die gebeure wat die aanstelling van mnr. Van Dongen voorafgegaan het, onthou mnr. D.I.C. de Villiers die volgende: "So om en by 1968 kom klop daar 'n man by my huis aan. Hy sê: 'Ek is Toon van Dongen'. Ek sê aan hom 'maar ek ken jou', waarop hy my meedeel dat ons al ontmoet het. Ek deel hom mee dat ek weet dat hy mos 'n hobospeler is. 'Ja' sê hy 'ek weet van julle orkesontwikkelingsprogram hier, wil julle nie die strykers uitbrei na houtblaas nie?, want ek kan hobo gee, fluit gee, en ek kan klaviere stem en ek kan selfs harp gee, en as dit nodig is kan ek selfs help met klarinet. 'Ek het weer eens oorredingsvermoë gebruik by die destydse Direkteur van Onderwys en by die Provinsiale Sekretaris, mnr. Liebenberg, en die man is toe in een van die vier vakante poste aan die Onderwyserskollege aangestel."¹⁰⁴ Die vier poste was vakant, na die oorplasing van die kwartetlede op die diensstaat van die U.O.V.S., en is nooit intussen gevul nie.



Mnr. Toon van Dongen

2.2.1.2 Die onderrig neem 'n aanvang

Mnr. Van Dongen onthou verder dat hy om en by die einde van 1968 uitgenooi is om demonstrasies by skole te lewer en sodoende vas te stel of daar belangstelling vir houtblaasonderrig bestaan. In 1969 het hy begin om aan ongeveer 26 leerlinge houtblaasonderrig te verskaf. Hy het nie te hoë eise gestel by die keuring van leerlinge nie, omdat dit vir hom belangrik was om net 'n begin te maak. Volgens hom was daar deur die loop van 1969 so 'n aanvraag na houtblaasonderrig dat hy nie daaraan kon voldoen nie. Om die belangstelling van sy leerlinge te behou, het hy klein houtblaasensembles saamgestel om saam musiek te maak.

2.2.1.3 Gegewens oor mnr. Van Dongen

Enkele gegewens oor mnr. Van Dongen is as volg: Hy is in Nederland gebore, waar hy aan die Koninklike Musiek-konservatorium van Den Haag studeer het. Hy het hobo in die Amsterdamse Concertgebouw-orkester gespeel en was later eerste hoboïst in die Berlynse Staatsopera-orkester. Tydens 1947 het hy na Suid-Afrika gekom, waar hy verskeie kere saam met die S.A.U.K.-orkester as solis opgetree het.¹⁰⁵

2.2.1.4 Mnr. Van Dongen as veelsydige onderwyser

Mnr. Van Dongen het homself inderdaad as 'n veelsydige onderwyser bewys. Benewens houtblaasonderrig het hy ook harponderrig gegee. Een van sy harpleerlinge, Kobie Odenaal, het groot welslae behaal met harpspel. Sy het op ongeveer 12-jarige ouderdom met harponderrig by hom begin. Na voltooiing van haar skoolloopbaan, was sy die eerste musiekstudent aan die Universiteit van Pretoria wat die graad B. Mus. met harp as hoofvak aangebied het. Sy het tot ongeveer 1982 as harpspeelster in die Junior S.A.U.K.-Simfonieorkester opgetree en tree tans, 4 Februarie 1983, op 'n vryskut-basis op.¹⁰⁶

2.2.2 'N KOPERBLAASDOSENT WORD AANGESTEL

2.2.2.1 Aanloop tot aanstelling

Die gelukkige sameloop van omstandighede sou nou verder daarvoor sorg dat daar 'n uitbreiding na koperblaasonderrig kon plaasvind. Mnr. De Villiers onthou sy ontmoeting met mnr. Sean Kierman as volg: "Eendag ontmoet ek 'n interessante man in die kroeg by die Bloemfonteinse gholfklub. Ek is mos 'n ou gholfspeler, en gewoonlik na gholf dan gaan maak ek en my maats 'n drankie. Hier staan toe 'n mannetjie voor my en hy stel hom toe as tydelike kroegman met 'n Amerikaanse aksent as volg voor: 'I am Sean Kierman, could I have a chat with you?' Sean het na my kantoor gekom en aan my die volgende meegedeel: 'I'm actually here in Bloemfontein to write a Magister thesis on the National Party, but I'm also a qualified French Horn player. I'm married to a South African and I know what has happened as far as your string tuition is concerned.' Sean het 'n baie goeie argument gebruik, waarvan ek dadelik die logika ingesien het nl: 'Mr. De Villiers, if there is such a field for string instruments and if you can appoint a man for woodwind, I guarantee you there will be five times as many applicants for brass.' Ek sê toe aan hom: 'prove it!', waarop hy gegaan het en 'n voorlopige opname gemaak het, wat so oorweldigend was dat mnr. Liebenberg en die Direkteur sy aanstelling op die diensstaat van die Onderwyserskollege goedgekeur het."¹⁰⁷

2.2.2.2 Gegewens oor mnr. Kierman

Enkele feite oor mnr. Kierman is as volg: Sean Kierman het in ongeveer 1968 na Bloemfontein gekom, waar hy aan die destydse politieke argief, tans die Instituut van Eietydse Geskiedenis verbonde was. As student het hy 'n bietjie geld nodig gehad en die Weermag het hom toe as kadetorkes-instrukteur aangestel. Voordat hy na Bloemfontein gekom het, was hy, by tye, lid van die S.A.U.K.-orkes en later die Durbanse Simfonie-orkes as Franse Horingspeler.



Mr. Sean Kierman

2.2.2.3 Mnr. Kierman as pionier

Mnr Kierman het vanaf Januarie 1970 sy betrekking as koperblaasdosent aanvaar.¹⁰⁸ Volgens mnr. De Villiers is mnr. Kierman 'n pionier, want hy is op sy beste as hy 'n nuwe ding moet aanpak en deurvoer. Hy het dan ook die eerste jaar gewy aan die bestudering van verskillende onderwysmetodes by koperblaasbeginners, wat die situasie op daardie stadium die beste sou pas. Mnr. Kierman was dus inderdaad die regte persoon om 'n suksesvolle koperblaassisteem op die been te bring.

2.2.2.4 Die aanvraag na koperblaasonderrig is oorweldigend

Volgens mnr. Kierman was hy destyds met die werwing van skoolleerlinge nie seker wat die reaksie tussen die Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge sou wees nie, en het dus gepoog om 'n gelyke hand by die werwing tussen die twee groepe te behou. Die reaksie, veral onder die laer primêre leerlinge, was geweldig, soveel so dat hy nie eens 'n derde van al die leerlinge wat begerig was om onderrig te ontvang, kon neem nie.

2.2.2.5 'n Koperblaasensemble ontstaan

As natuurlike uitvloeisel van die begeerte wat instrumentiste het om saam musiek te maak, het daar enkele weke nadat mnr. Kierman met onderrig begin het, 'n klein koperblaasorkessie elke week by St. Andrewsskool bymekaargekom om saam te oefen. Kort daarna het die orkessie na die skoolsaal van Willem Postma Primêr verskuif vir repetisies.

2.2.2.6 Die hout- en koperblaasensembles lewer konserte saam maar funksioneer weer apart - kommentaar

Hierdie orkes wat tot op 'n stadium net uit koperblasers bestaan het, het later met die houtblaasensemble van mnr. T. van Dongen saamgesmelt en 'n aantal suksesvolle konserte gehou. Die twee ensembles het egter na onderlinge geskille weer afsonderlik gefunksioneer.

Dit is jammer dat daar so dikwels sulke "onderlinge verskille" moet ontstaan. Gewoonlik gebeur dit wanneer elke dosent 'n "prima donna" wil wees wat alle eer self inoes. Intussen ly die pragtige saak elke keer skade. Dit is seker die grootste vloek wat op kultuurbedrywighele kan rus, nl. elkeen vir homself en vrede met die res.

2.2.2.7 Verskeie koperblaas-kamermusiekgroepe ontstaan

Gedurende dieselfde tydperk het mnr. Kierman begin om verskillende koperblaas-kamermusiekgroepe saam te stel. Volgens hom het hy destyds op 'n plot in Bainsvlei gewoon en elke Sondag na kerk het die gevorderde leerlinge en dié wat 'n instrument kon hanteer bymekaargekom en omtrent die hele dag lank geblaas. Hierdie ensemble's het ongeveer uit 7 groepe bestaan.¹⁰⁹

2.2.3 NOG 'N KOPERBLAASDOSENT WORD AANGESTEL

Omdat mnr. Kierman nie eens 'n derde van al die leerlinge wat begerig was om onderrig te ontvang kon neem nie, het die O.V.S.-Onderwysdepartement die aanstelling van mnr. Ernest Osman, as koperblaasdosent, op die diensstaat van die Onderwyserskollege goedgekeur.

2.2.4 VERSKEIE DOSENTE WORD AANGESTEL

Om in die toenemende vraag na blaseronderrig te voorsien, het die Onderwysdepartement besluit om verskeie aanstellings op die diensstaat van die Onderwyserskollege, wat aansienlik uitgebrei moes word, goed te keur.

2.2.4.1 'n Persverklaring

'n Aankondiging in dié verband, is deur die destydse Administrateur van die O.V.S., adv. Froneman, in Die Volksblad van 20 Februarie 1973 gemaak: "In die lig van die welslae wat mnr. Jack de Wet gehad het met die Vrystaatse Jeugorkes en die sukses van mnre. Kierman en Van Dongen met die koper- en houtblaasinstrumente, het die Administrasie besluit om

musiekonderrig aan skole uit te brei. Daar is besluit om ook meer aandag aan onderrig in bykomende musiekinstrumente te gee by skole en 'n aantal musiekposte is geskep en die nodige aanstellings word nou gedoen..."¹¹⁰

2.2.4.2 Die name word in 'n koerantberig aangekondig

Nadat die aanstellings in die loop van 1973 gemaak is, is die name van die persone wat aangestel is, as volg in Die Volksblad van 13 Augustus 1973 aangekondig: "Intussen is die geledere van instrukteurs van die Vrystaatse Onderwysdepartement in hout- en koperblaasinstrumente aangevul deur die aanstelling van mnre. V.F. Scott-Tomlin, C. Howell, F. Conradie en C. Few wat hulle by mnre. Sean Kierman en Ernest Osman aansluit. Mnr. Few het onlangs van Amerika hierheen gekom."¹¹¹

2.2.4.3 Mnr. Chuck Few

Volgens mnr. De Villiers was Chuck Few een van die interessantste koperblasers wat tydens hierdie periode aangestel is. Voor sy aanstelling aan die O.V.S.-Onderwysdepartement was hy Direkteur van Blaasorkeste aan die Wheeling Schools, Wheeling, Illinois, V.S.A. Hy het vir 'n tydperk van 3 jaar na Suid-Afrika gekom en was so 'n suksesvolle onderwyser dat 'n verlenging van sy kontrak hom aangebied is. Hy het dus 'n verdere jaar gebly, maar sy vrou het begin terugverlang en hulle is terug V.S.A. toe.¹¹²

2.2.5 BLASERONDERRIG BREI UIT NA ANDER SENTRA

Waar snaaronderrig in die sestigerjare slegs tot Bloemfontein, en 'n aantal leerlinge wat weekliks vanaf die platteland gereis het vir onderrig, beperk was, is daar in 1971 'n begin gemaak met die onderrig van blaasinstrumente op die platteland. Beide mnre. Van Dongen en Kierman onthou dat hulle teen die begin van die sewentigerjare weeklikse besoeke aan Kroonstad, Welkom en Bethlehem gebring het. Mnr. Van Dongen onthou dat belangstelling in blaseronderrig op die Goudveld so toegeneem het, dat hy gedurende Junie 1973 'n

jeugorkes van 23 lede kon stig. Daar is voortgegaan met hierdie besoeke aan die Goudveld en Kroonstad, totdat mnr. George Turner op 3 Julie 1974 by Kroonstad aangestel is. Volgens hom was hy op daardie stadium verantwoordelik vir onderrig in koper-, houtblaas- en perkussie-instrumente op Kroonstad sowel as Welkom. So 'n persoon sou voortaan as 'n algemene musikant - "general musician" bekend staan. Tans, 5 Februarie 1983, bedien mnr. Turner die Goudveld sowel as Kroonstad van hout- en koperblaasonderrig.¹¹³

2.2.6 DIE HUIDIGE BLASERENSEMBLES

As gevolg van die besielende werk van pioniers soos mnre. Van Dongen en Kierman, het blaseronderrig in die loop van die sewentigerjare 'n ongekende bloeitydperk beleef. Soos in die geval van strykonderrig het blaserensembles orals ontstaan. Gedurende 1981 het die O.V.S.-Blaasensemble 'n suksesvolle toer na Europa onderneem. Daar bestaan tans (April 1983) 'n amalgamasie tussen die hout- en koperblaasensembles, wat as volg saamgestel is:

O.V.S. Blaasorkes : ± 35 lede : dirigent : Noël van Herreweghe
 Junior Blasers : ± 30 lede : dirigent : Cornelia Cloete.

VOETNOTE EN VERWYSINGS

1. Strykorkes kom vir juniors, in Die Volksblad, 13 Jun. 1962, p.9.
2. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. J.G. de Wet op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth.
3. De Villiers, D.I.C. Meneer Dirkie gesels musiek: die Vrystaatse Jeugorkes, in Naweekpos, vol.14, no.166, Feb. 1968, p.24.
4. Persoonlike onderhoud gevoer met dr. J.A. Henkins op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea.
5. O.V.S. Jeugorkes presteer: is enigste in sy soort, in Die Volksblad, 4 Mei 1963, p.3.
6. Libretto, pseud. Eerste fees deur O.V.S. se jeug, in Die Volksblad, 20 Okt. 1962, p.3.
7. De Villiers, D.I.C. Nog 'n jeugfees sal welkom wees, in Die Volksblad, 27 Okt. 1962, p.7.
8. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. J.G. de Wet op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth.
9. Persoonlike onderhoud gevoer met dr. J.A. Henkins op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea.
10. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. J.G. de Wet op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth.
11. De Villiers, D.I.C. Meneer Dirkie gesels musiek: die Vrystaatse Jeugorkes, in Naweekpos, vol.14, no.166, Feb. 1968, p.27.
12. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. J.G. de Wet op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth.
13. O.V.S. Jeugorkes presteer: is die enigste in sy soort, in Die Volksblad, 4 Mei 1963, p.3.
14. SUKOV.S. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 20 Jul. 1964.
15. SUKOV.S. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 31 Jul. 1964.
16. SUKOV.S. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 17 Aug. 1964.
17. SUKOV.S. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 20 Jul. 1964.
18. De Villiers, D.I.C. Meneer Dirkie gesels musiek: die Vrystaatse Jeugorkes, in Naweekpos, vol.14, no.166, Feb. 1968, p.25.

19. Ibid., p.27.
20. Program van 'n konsert deur die Vrystaatse Jeugorkes gedurende Aug. 1965.
21. Sowden, D. Young players show way, in Rand Daily Mail, 22 Aug. 1966, p.8.
22. Sowden, D. 40 willing juniors in O.F.S. orchestra, in Sunday Times magazine, 28 Aug. 1966, p.7.
23. De Villiers, D.I.C. Meneer Dirkie gesels musiek: die Vrystaatse Jeugorkes, in Naweekpos, vol.14, no.166, Feb. 1968, p.25.
24. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. J.G. de Wet op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth.
25. SUKOVŠ. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVŠ-orke: vol.2.
26. De Villiers, D.I.C. Meneer Dirkie gesels musiek: die Vrystaatse Jeugorkes, in Naweekpos, vol.14, no.166, Feb. 1968, pp.26-27.
27. Free State Youth Orchestra to tour, in The Friend, 15 Des. 1966, p.19.
28. Vreemde soort Vrystaters kom wys hul slag, in Die Burger, 25 Mrt. 1967, p.11.
29. Good youth concert, in The Cape Argus, 27 Mrt. 1967, p.6.
30. Kooij, P. Op reis in die Boland: O.V.S. se jeugorkes presteer in eerste konsert, in Die Burger, 28 Mrt. 1967, p.2.
31. Kramer, H. Free State Youth Orchestra scored notable success, in The Cape Times, 28 Mrt. 1967, p.6.
32. Bosman, B. Jeugorkes: waar was groot geeste, in Die Burger, 31 Mrt. 1967, p.16.
33. Vergelyk kommentaar op p.95 onder 2.1.12.5.
34. Vrystaat, in The Pretoria News, 10 Apr. 1968, p.4.
35. Verrassende spel deur Jeugorkes, in Die Transvaler, 4 Apr. 1969, p.4.
36. Youthful players, in The Pretoria News, 3 Apr. 1969, p.4.
37. Jeugorkes het met diepte en oorgawe gespeel, in Hoofstad, 3 Apr. 1969, p.2.
38. Vergelyk kommentaar op p.99 onder 2.1.12.7.1.
39. Jooste, O. Free State Youth Orchestra: an experience not to be missed, in The Cape Times, 6 Okt. 1969, p.11.

40. Vergelyk kommentaar op p.101 onder 2.1.12.8.
41. Kooij, P. Vrystaatse Jeugorkes: dié kinders speel met genot, in Die Burger, 6 Okt. 1969, p.2.
42. Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Musiekdepartement. SUKOVS-lêer.
43. De Villiers, D.I.C. Meneer Dirkie gesels musiek: Vrystaatse Jeugorkes, in Naweekpos, Feb. 1968, p.41.
44. Ibid., p.27.
45. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
46. Jeugorkes genooi na Europa, in Die Volksblad, 14 Mrt. 1969, p.17.
47. SUKOVS. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 20 Feb. 1969.
48. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 11 Mrt. 1969.
49. Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Musiekdepartement. Personeel-lêer.
50. Impromptu, pseud. Eerste wêreldfees van jeugorkeste, in Die Volksblad, 19 Jul. 1969, p.2.
51. Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Musiekdepartement. SUKOVS-lêer.
52. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 23 Okt. 1969.
53. O.F.S. Youth Orchestra to go abroad, in The Friend, 24 Okt. 1969, p.5.
54. Vergelyk aanvullende inligting op p.109 onder 2.1.13.8.
55. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. J.G. de Wet op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth.
56. Vergelyk kommentaar op p.110 onder 2.1.13.9.
57. Solomon, R. Bon voyage, Free State Youth Orchestra, in The Friend, 7 Aug. 1970, p.12.
58. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 15 Jun. 1970.
59. Impromptu, pseud. Eerste wêreldfees van jeugorkeste, in Die Volksblad, 19 Jul. 1969, p.2.
60. Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Musiekdepartement. SUKOVS-lêer.
61. Name van gekeurde Jeugorkeslede verkry van mev. B. Louw.

62. Stampvol kerk daver vir S.A. Jeugorkes, in Die Volksblad, 21 Aug. 1970, p.1.
63. Gurewitsch, E. Getting to know other people, in The Christian Science Monitor, 4 Sept. 1970, p.6.
64. Vry vertaal.
65. Vergelyk kommentaar op p.122 onder 2.1.13.17.1.
Glanzvolles Konzert des Südafrikanischen Jugendorchesters in Buchs. [Skitterende konsert deur die Suid-Afrikaanse Jeugorkes in Buchs], in Werdenberger und Obertoggenburger Buchs, 19 Aug. 1970, p.12.
66. Vergelyk kommentaar op pp.124 en 125 onder 2.1.13.18.1.
67. Aus den Gemeinden: Flims: konsert des Orange Free State Youth Orchestra of South Africa. [Uit die gemeenskap: Flims: konsert van die Oranje-Vrystaatse Jeugorkes van Suid-Afrika], in Neue Bündner Zeitung, 26 Aug. 1970, [p.?].
68. Hoogste lof vir jeugorkes, in Die Volksblad, 27 Aug. 1970, p.17.
69. Hoë eer vir ses lede van S.A. Jeugorkes, in Die Volksblad, 24 Aug. 1970, p.4.
70. Hoogste lof vir O.V.S. se jeugorkes, in Die Volksblad, 31 Aug. 1970, p.11.
71. Suzanne presteer op wêreldfees, in Die Volksblad, 31 Aug. 1970, p.4.
72. Suzanne is back from music triumph, in The Friend, 8 Sept. 1970, p.7.
73. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
74. Knap kinderkoor kom van vêr vir uitvoerings, in Die Volksblad, 5 Sept. 1970, p.2.
75. Trots en vreugde oor jeugorkes, in Die Volksblad, 2 Sept. 1970, p.4.
76. Krige, D. en Krige, N. 'n Nuwe klank uit die Vrystaat, in Die Huisgenoot, vol.XL11, no.2388, 5 Jan. 1968, p.29.
77. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. J.G. de Wet op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth.
78. Vergelyk kommentaar op pp.134 en 135 net voor 2.1.14.2.
79. SUKOVŠ. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 20 Jul. 1964.
80. Vergelyk kommentaar op p.137 onder 2.1.14.5.

81. Marais, P. Vir hulle is musiek eerste, in Die Byvoegsel, 20 Sept. 1969, p.4.
82. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. J.G. de Wet op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth.
83. De Villiers, D.I.C. Meneer Dirkie gesels musiek: die Vrystaatse Jeugorkes, in Naweekpos, vol.14, no.166, Feb. 1968, p.25.
84. Persoonlike onderhoud gevoer met prof. J.G. de Wet op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth.
85. O.V.S. Jeugorkes presteer: is enigste in sy soort, in Die Volksblad, 4 Mei 1963, p.3.
86. SUKOV'S. Jaarverslag: 1971, p.20.
87. SUKOV'S. Jaarverslag: 1972, p.25.
88. De Wet beoordeel strykers op jeugorkesfees, in Die Volksblad, 2 Aug. 1971, p.6.
89. SUKOV'S. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering gehou op 18 Apr. 1966.
90. Agterbanker, pseud. Slag vir musiek in O.V.S., in Die Volksblad, 17 Jun. 1972, p.2.
91. Jack de Wet leaves city, in The Friend, 18 Aug. 1972, p.7.
92. Vrystaat dank De Wet, in Die Volksblad, 26 Aug. 1972, p.3.
93. Vergelyk kommentaar op p.147 onder 2.1.18.7.
94. Vergelyk kommentaar op p.147 onder 2.1.18.7.
95. Vergelyk kommentaar op p.147 onder 2.1.18.7.
96. Mass exodus follows Jack de Wet, in The Friend, 8 Nov. 1972, p.3.
97. Persoonlike onderhoud gevoer met dr. J.A. Henkins op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea.
98. SUKOV'S. Jaarverslag: 1972, p.25.
99. O.V.S. se jeugorkes herleef, in Die Volksblad, 3 Apr. 1973, p.1.
100. Impromptu, pseud. Geesdriftige jong stryorkes, in Die Volksblad, 11 Aug. 1973, p.2.
101. De Villiers, D.I.C. Jeug se nuwe orkes, in Die Volksblad, 8 Sept. 1973, p.3.
102. Youth orchestra hits a high note, in The Friend, 8 Sept. 1973, p.2.
103. Opskrif onder foto, in Die Volksblad, 20 Feb. 1973, p.2.

104. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
105. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. T. van Dongen op 6 Des. 1982, Johannesburg.
106. Telefoniese onderhoud gevoer met mev. F.H. Odendaal op 4 Feb. 1983, Bloemfontein.
107. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
108. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. S. Kierman op 18 Aug. 1981, Port Elizabeth.
109. Ibid.
110. Kultuurgroei in O.V.S. toon energie, in Die Volksblad, 20 Feb. 1973, p.11.
111. Koperblasers in Odeion, in Die Volksblad, 31 Aug. 1973, p.14.
112. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
113. Telefoniese onderhoud gevoer met mnr. G. Turner op 5 Feb. 1983, Kroonstad.

HOOFSTUK 3

3. DIE VESTIGING VAN 'N VOLWAARDIGE ORKESPROGRAM
IN DIE O.V.S. NA DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE
VRYSTAATSE SIMFONIEORKES

3.1 AANLOOP TOT STIGTING VAN DIE O.V.S.-SIMFONIEORKES

3.1.1 Die SUKOVS-Musiekkomitee neem 'n toekomsbesluit

In 1960 is daar deur die stigting van die O.V.S.-Strykkwartet 'n begin gemaak met 'n langtermyn strykkopleidingsprogram. Soos vermeld in Hoofstuk 2, is daar in 1969 en 1970 ook 'n begin gemaak met 'n hout- en koperblaasprogram. Aangesien dit bereken word dat dit ongeveer 12 jaar neem om 'n simfoniese standaard met 'n strykinstrument, 4 jaar met 'n houtblaas- en 2 na 3 jaar met 'n koperblaasinstrument te bereik, sou hierdie beleggings eers na 'n paar jaar daadwerklike vrugte afwerp.

Soos reeds vermeld, was SUKOVS met hul totstandkoming in 1963 die enigste streekraad (behalwe SWARUK) wat in 'n provinsie opgetree het waar daar geen staande simfonieorkes was nie. Omdat die Uitvoerende Kunste die beste bevorder kan word deur die beskikbaarheid van 'n eie orkes, het SUKOVS sedert sy stigting hom ten sterkste beywer vir die totstandkoming van 'n simfonieorkes. Nadat die SUKOVS-Musiekkomitee tydens hul eerste vergadering op 23 Februarie 1963 besin het oor 'n beleidsbepaling vir die toekoms, is daar op die tweede vergadering wat op 9 Maart 1963 gehou is, die volgende algemene besluit geneem: "Die komitee stel dit as absolute ideaal dat daar met alle mag beywer moet word vir die totstandkoming van 'n beroepsorkes in die Vrystaat...As hierdie ideaal verwesenlik word, sal dit tot groot voordeel vir ons Provinsie strek..."¹

3.1.1.1 'n Persverklaring

Die volgende verklaring van prof. dr. B. Kok, destydse voorsitter van die SUKOVS-Musiekkomitee, wat op 21 Maart 1963

in Die Volksblad onder die opskrif "Kamerorkes vir Vrystaat" gepubliseer is, dien as aanvullende inligting oor die bostaande besluit: "Die Musiekkomitee van die Vrystaatse Streekraad vir die Uitvoerende Kunste het na ernstige oorlegpleging en beraadslaging die totstandkoming van 'n kamerorkes vir die Vrystaat as die belangrikste doelwit gestel. So 'n orkes kan egter eers tot stand kom wanneer die finansiële toevloei verseker is en daar 'n jaarlikse bedrag van minstens R30,000 beskikbaar is, het prof. dr. B. Kok, voorsitter van die musiekkomitee, aan Die Volksblad verklaar.

"So 'n orkes sal die musieklewe in ons provinsie ten goede kom en sal in alle opsigte 'n bate wees. Wanneer 'n orkes een maal beskikbaar is, kan ambisieuse ondernemings van stapel gestuur word. Dit sal dan baie makliker wees om operavorstellinge, oratoria-uitvoeringe en concerto-werk aan te bied..."²

3.1.2 SUKOVS ondersoek die moontlikhede van 'n orkes

3.1.2.1 'n Memorandum word opgestel

Met hierdie Musiekkomitee-besluit as vertrekpunt, het SUKOVS begin om ondersoek na die stigting van 'n orkes in te stel. 'n Memorandum, wat gegewens aangegee het van die beraamde koste vir die totstandkoming van 'n orkes in Bloemfontein, is opgestel. Die memorandum het 'n vergelyking getrek tussen die salarisse en diensvoorwaardes van die reeds bestaande orkeste en die te stigte Vrystaatse orkes. Slegs die opsomming van die memorandum word vervolgens aangehaal:

"In this brief survey of the cost of establishing an Orchestra for Bloemfontein and the Orange Free State, which will require deeper consideration and more detailed analysis, I have not provided for the possibility of incorporating, or using as a nucleus, the existing String Quartet, because the terms and conditions of their employment were not available to me.

"The total estimate of R50,000 can be regarded as no more than a superficial and, for this reason, perhaps quite inadequate assessment of the extent of the factual financial implications and Administrative and Management Control responsibilities.

"With full employment of the Orchestra, its capacity to earn income, of course, would be fully engaged and funds from this source may well be of some importance in reducing overall expenditure.

"The investigation was designed merely to afford the Committee such preliminary information as to enable it to consider the fundamental requirements towards establishment of an Orchestra, and to come to a decision on the principle of taking such a step.³

"In the absence of a clear directive as to the source from which funds are to be found to cover the finance required, it must be assumed that the Regional Council for the Performing Arts are empowered to, and will accept, this responsibility.

"Failing this we should investigate the possibility of securing such finance from Municipal Councils throughout the Orange Free State.

"Finally, it may be possible to find a basis whereby the Administrative aspect is undertaken by the Bloemfontein Municipality, as is the case with the Cape Town and Durban Orchestras, while responsibility for Musicians' emoluments would rest with the Regional Council for Performing Arts.

"It is essential that we recognise all the implications inherent in an Orchestra of the size envisaged, particularly in so far as their full employment under existing conditions is concerned.

"Their repertoire must, of necessity, be limited and, initially, their design and function would probably be planned along

the lines of a 'Theatre Orchestra'.

"Whatever our immediate problems, however, and these must be sorted out by the experts in our midst, we must not be negative in our approach. If, in our considerations we incorporate the immediate and potential value of first rate Musicians as Teachers, then selection of Orchestra members must, of necessity be bold so as to ensure that our small Orchestra is composed of the best available talent on which, as foundation, must rest the structure of our future achievement in all divisions, including Opera and Ballet, and as our aim in due course, a full Symphony Orchestra comparable with the best.

"We are bound to experience teething difficulties, and we may even be misled through possible early momentary successes but, with proper use of indigenous material at our disposal, in which the University could take the lead, there seems no reason why we should not overcome all the obstacles peculiar to a venture of this nature, as has been done by others in similar small beginnings.

"Advantageous use of our resources, both personal and financial, and genuine co-operation in the alignment of our fortuitous forces should engender and promote the necessary determination, through which all marshalled energies must produce ultimate success.

"With sincerity of purpose instilled into all branches of Music, we should not be wanting in evidence that they may be relied upon to contribute to our vital cause, which will depend for its success upon their integrity, combined vision and full support."⁴

Uit die voorafgaande kan dit afgelei word (vergelyk voetnoot 3 onder 3.1.2.1 op p. 168) dat die doel van hierdie voorlopige ondersoek daarop gemik was om die Musiekkomitee van SUKOVŠ van inligting te voorsien wat as uitgangspunt tot verdere ondersoek kon dien.

3.1.2.2 'n Persberig

Met die ondersoek steeds aan die gang, het die volgende berig en opskrif in Die Volksblad van 29 Junie 1963 verskyn: "Moontlikheid van orkes vir O.V.S. ondersoek: Die musiekkomitee van die Vrystaatse Streekraad vir die Uitvoerende Kunste is besig om 'n deurtastende ondersoek in te stel i.v.m. die moontlikheid van 'n orkes vir die Vrystaat. Reeds uit die voorlopige ondersoek is dit duidelik dat die samestelling van 'n beroepsorkes, op watter beskeie grondslag ook al, 'n geweldige en luxuese [sic.] onderneming is wat die deeglikste beplanning verg.

"Instrumentiste van gehalte word nie agter elke bos uitgeskop nie en bekende instellinge soos die S.A.U.K.-orkes, die Kaapstadse orkes en die Durbanse stadsorkes moet voortdurend 'n waaksaamheid en paraatheid aan die dag lê om te verseker dat hulle geledere nie uitgedun raak nie en dat die artistieke eise wat aan die uitvoeringe gestel word, nie in die gedrang kom nie.

"Om 'n beroepsorkes in stand te hou, is 'n knap dirigent, 'n bestuurder van integriteit en 'n inspirerende leier nodig. Afgesien van salarisse en pensioenvoorsienings, is daar ook allerlei administratiewe koste wat in gedagte gehou moet word. Sonder skouspelagtige subsidieë is dit eintlik 'n onbegonne taak om 'n orkes van gehalte aan die gang te hou.

"Dit skyn dus asof 'n volwaardige orkes vir die Vrystaat letterlik en figuurlik toekomsmusiek is. Al sou hierdie mooi ideaal dus nie onmiddellik of selfs binne afsienbare tyd verwesenlik kan word nie, bly dit die verantwoordelikheid van die musiekkomitee om al die moontlikhede te ondersoek en stelselmatig vir die toekoms te begin beplan..."⁵

3.1.2.3 Moontlike aanvulling van die Strykkwartet

Uit die bogenoemde berig is dit duidelik dat die Musiekkomitee die finansiële implikasies van 'n beroepsorkes deeglik besef het. Omdat finansies in daardie stadium nie

geredelik beskikbaar was nie, het daar 'n toekomsgerigte klemverskuiwing t.o.v. die totstandkoming van 'n orkes plaasgevind. In die lig hiervan is dit te verstane dat SUKOVS eers gedurende 1965 die moontlikheid vir die stigting van 'n orkes aangeroer het. Reeds gedurende 1963 het die Musiekkomitee die moontlikheid ondersoek dat die bestaande O.V.S.-Strykkwartet aangevul kan word met instrumentaliste om sodoende 'n volledige orkes te vorm. Gedurende April 1965 is hierdie moontlikheid weer te berde gebring, toe die Streekraad by sy vergadering in beginsel goedkeuring verleen het vir die aanstelling van agt bykomende instrumentaliste indien die samewerking van die Onderwysdepartement en die Universiteit ook verkry kan word. Tydens 'n SUKOVS-Musiekkomiteevergadering wat op 12 Junie 1965 gehou is, is die aangeleentheid as volg bespreek: "Daar was tentatiewe sameprekings met die leier van die Vrystaatse Strykkwartet oor die saak gevoer en dit word gevoel dat indien die gedagte verwesenlik kan word, 'n tjello, 'n kontrabas, 'n fluit, 'n hobo, 'n klarinet, 'n fagot en twee horings moontlik as eerste stap bygevoeg behoort te word. Die volgende gedagtes oor die saak word geopper:

1. dit word gevoel dat 'n sterk saak uitgemaak kan word om die samewerking van die Onderwysdepartement en ook die Universiteit vir hierdie stap te verkry;
2. die publiek en veral die jeug sal baie meer belangstel as koperinstrumente ingesluit word;
3. dat dit wenslik sal wees om die bykomende spelers onder SUKOVS se beheer te plaas maar dat dit besef word dat SUKOVS altyd afhanklik sal wees van die Strykkwartet se vrywillige samewerking aangesien die agt nuwe spelers op sigself nie van veel waarde sal wees nie...;
4. met die ensemble van twaalf spelers sal die Raad nog tot kamermusiekkonserte beperk wees maar vir begeleidingsdoeleindes sal die groep moontlik uit die Jeugorkes aangevul kan word;

5. die repertorium vir 'n ensemble van twaalf is beperk maar interessante kombinasies sal uit die groep saamgestel kan word;
6. dat die komitee daaromtrent eens is dat die korrekte stap wat geneem behoort te word, sou wees om 'n kamerorkes van ongeveer dertig (30) lede met 'n dirigent aan te stel aangesien die ander skema uit SUKOVS se oogpunt gesien, nog baie beperkend sal wees..."⁶

Tydens hierdie bespreking het die Musiekkomitee besluit om van die bogenoemde idee af te stap, omdat so 'n samestelling nie veel waarde vir SUKOVS sou inhou nie. Nadat die SUKOVS-Uitvoerende Bestuur tydens 'n vergadering op 17 Junie 1965 van die Musiekkomitee-aanbeveling verwittig is, is die aansoek van die Musiekkomitee, om 'n alternatiewe skema aanbevelings en kosteberamings voor te lê vir 'n orkes van 25 tot 30 lede toegestaan.⁷

3.1.2.4 SUKOVS verander die benaming kamerorkes na orkes

SUKOVS het in hierdie stadium besluit om die benaming kamerorkes te vervang met beroepsorkes of bloot net orkes, omdat daar by herhaling ondervind is dat daar 'n algemene vooroordeel by die konsertpubliek teen kamermusiek, -koor of -orkes bestaan het. Dat hierdie verskynsel nie slegs tot die Vrystaat of Suid-Afrika beperk was nie, blyk uit die volgende uittreksel uit 'n berig wat in Die Volksblad van 19 Junie 1965 verskyn het: "Die eienaardige vooroordeel teen kamermusiek by 'n groot deel van die konsertpubliek is nie net tot die Vrystaat en Suid-Afrika beperk nie. Dit is 'n vry algemene verskynsel en Noël Goodwin betreur hierdie ongegronde afkeer van die musiek van intiemer ensembles in een van sy onderhoudende geselsrubrieke in 'Music and Musicians.'

"In die Maart-uitgawe van vanjaar skryf hy: 'It is a great pity that our language can offer no alternative to 'chamber music' as a descriptive term, which still arouses a wide and deep-seated prejudice. Many of today's foremost com-

posers have chosen to express themselves through the medium of a small ensemble in preference to a conventional symphony orchestra. Yet this has often told against them, and against much of their finest work, because it is mentally pigeon-holed under the 'chamber music' label..."⁸

3.1.2.4.1 Aandag word geskenk aan 'n beroepsorkes

Die skrywer van die berig, het verder gegaan en die volgende verklaring t.o.v. die nuwe verwickelinge rondom 'n eie orkes vir die Vrystaat gemaak: "SUKOV'S se Musiekkomitee het in die jongste tyd baie aandag geskenk aan die moontlikheid van 'n beskeie beroepsorkes (vergeet nou maar van 'n kamerorkes) van 25 tot 30 lede vir die Vrystaat. So 'n orkes met 'n voltydse beroepsdirigent sal 'n heel besondere bydrae tot die musieklewe in die Vrystaat kan lewer..."

"Die saak van musiek kan die suiwerste en die voordeligste gedien word wanneer die Vrystaat, net soos die ander provinsies, oor sy eie orkes beskik. Dit word so stadigaan 'n saak van eer en prestige en die pogings van SUKOV'S om 'n orkes vir die musieklewe van die Vrystaat te verseker, verdien almal se steun."⁹

3.1.2.5 'n Orkesmemorandum word opgestel

Nadat die Uitvoerende Bestuur tydens 'n vergadering op 17 Junie 1965 toestemming verleen het dat die Musiekkomitee aanbevelings en kosteberamings vir 'n orkes van + 30 kon voorlê, is gegewens in verband met die finansiering van 'n orkes van TRUK verkry. 'n Orkesmemorandum is opgestel, wat volledig ingegaan het op die kosteberaming van twee moontlikhede:

Eerstens is daar ingegaan op die beraamde koste vir die totstandkoming van 'n orkes van + 30 lede bestaande uit:

'n Dirigent
16 Strykers (5 Hoofspelers)
8 Houtblasers
2 Horingspelers

- 2 Tromboonspelers
- 1 Poukespeler
- 1 Orkesbestuurder en Bibliotekaris.

Ten tweede is daar in die memorandum ingegaan op die moontlikheid dat SUKOVS orkesdienste van TRUK kon koop. Daar is bereken dat die huur van die TRUK-Orkes 'n bedrag van ongeveer R31,000 sou bedra, terwyl die totstandkoming van 'n orkes van ± 30 spelers by benadering R150,000 sou beloop.¹⁰

Die Direkteur van SUKOVS het die Musiekkomitee tydens 'n vergadering van 7 Augustus verwittig "dat daar na tentatiewe besprekings met mnr. Breytenbach, Direkteur van TRUK, die moontlikheid bestaan dat SUKOVS vanaf 1967 die dienste van die TRUK-Orkes kan bekom vir een maand per jaar INDIEN die TRUK-Orkes vergroot kan word tot 80 lede...TRUK voel dat hierdie net 'n tussentydse reëling kan wees vir sê 4 of 5 jaar, dit wil sê totdat hulle opera-afdeling ten volle ontwikkel is..."

Nadat die Musiekkomitee die bovermelde orkesmemorandum bespreek het, is daar besluit om dit aan die Uitvoerende Bestuur voor te lê en "dat SUKOVS en die Provinsie prestigehalwe¹¹ nie langer darf sloer om sy eie orkes tot stand te bring nie en dat alles moontlik in die stryd gewerp moet word om die ideaal binne die volgende vyf jaar verwesenlik te sien."¹²

Nadat die Uitvoerende Bestuur die memorandum bespreek het op 'n vergadering wat op 16 Augustus 1965 gehou is, is besluit "dat die Finanskomitee gevra word om in te gaan op die volle finansiële implikasies wat die voorgestelde orkes van 30 sal meebring en om te bepaal of dit binne die Raad se finansiële vermoë sou wees om so 'n orkes binne vier of vyf jaar tot stand te bring..."¹³

3.1.2.5.1 Die TRUK-alternatief is nie uitvoerbaar nie

Die moontlikheid dat SUKOVS dienste van TRUK kon koop, het nooit verwerklik nie, hoofsaaklik weens die feit dat TRUK begin vind het dat die orkes baie meer werk in Transvaal het

as wat behartig kon word. Die volgende skrywe, gedateer 18 Maart 1973, wat die destydse Minister van Opvoeding, Sy Edele J.P. van der Spuy aan Sy Edele G.F. van L. Froneman, destydse Vrystaatse Administrateur gerig het, werp lig op 'n verdere rede waarom daar nooit tot die stap oorgegaan kon word nie:

"U het tydens 'n onlangse gesprek met my gemeld dat toe die Regering die beginsel om die TRUK-Orkes te steun aanvaar het, daar onder andere bepaal is dat die orkes ook hulpdienste aan die Vrystaat moet lewer.

"Die destydse Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap het gedurende 1964 'n samespreking met die vier administrateurs gehad in verband met die subsidiëring van die Streekrade vir die Uitvoerende Kunste. By daardie geleentheid is dit aan wyle mnr. F.H. Odendaal gestel dat 'n addisionele bedrag van R128,000 in die 1965/66-boekjaar ten opsigte van die TRUK-Orkes aangevra sal word indien die orkes op 'n verhaalbare basis aan SUKOVS beskikbaar gestel sal word.

"Dit is nie pertinent aan die kabinet gestel dat die addisionele bedrag ten opsigte van TRUK vir die orkes aangevra word nie. In die betrokke memorandum is daar onder andere ook verhoging van die subsidies van die ander Streekrade aanbeveel.

"Die totale bedrag wat ten opsigte van al die Streekrade saam aangevra is vir die 1965/66-boekjaar is drasties besnoei met die gevolg dat die addisionele bedrag vir TRUK uiteindelik op R30,620 in plaas van die aanvanklike R128,000 te staan gekom het.

"Omdat die bedrag vir die orkes, soos met wyle mnr. Odendaal ooreengekom, nie bekom is nie, is daar nie skriftelik met TRUK onderhandel in verband met die dienste wat die orkes aan SUKOVS moet lewer nie.

"Opsommend is die posisie dus dat bo en behalwe die mondelinge onderneming wat die destydse Administrateur tydens die same-

spreking, gedurende 1964 gegee het, daar geen ander ooreenkoms aangegaan of voorwaarde gestel is ten opsigte van die dienste wat die TRUK-Orkes aan SUKOVS moet lewer nie..."¹⁴

3.1.2.5.2 Die uitvoerbaarheid van die orkesmemorandum word deur finansies gekortwiek

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar gedurende die jare 1965/66 'n aansienlike besnoeiing van staatsweë plaasgevind het. Die SUKOVS-Finanskomitee het na oorweging van die reeds vermelde orkesmemorandum (onder 3.1.2.5 op pp.173 en 174) dan ook in die lig hiervan besluit dat 'n professionele orkes nie in die finansiële vermoë van SUKOVS op daardie stadium sou wees nie.

3.1.2.6 'n Sub-komitee doen aanbevelings oor die stigting van 'n orkes

Omdat SUKOVS in hierdie stadium nie sy weg oopgesien het om 'n volle professionele orkes tot stand te bring nie, het die Streekraad gedurende April 1966 besluit om 'n spesiale sub-komitee aan te stel om 'n ondersoek in te stel na die maniere waarop 'n orkes tot stand gebring kan word. Die sub-komitee het bestaan uit:

Mnr. J.M.B. Faure (Saamroeper)
 Mnr. C.B.D. Barry
 Prof. dr. B. Kok
 Mev. M. Rousseau
 Prof. C. Swanepoel
 Mnr. D. van der Merwe.

Die sub-komitee het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

- "1. dat die orkes die fondament is waarop die hele ontwikkeling op die gebied van musiek, opera en ballet rus en dat dit vir verdere ontwikkeling in dié afdelings onontbeerlik is. Die orkes kan ook vir opleidingsdoelendes nuttig wees;

2. dat alhoewel 'n amateurorkes baie nuttig kan wees om belangstelling op te wek en om amateuraanbiedings te begelei, sou dit nooit die peil kon bereik wat deur SUKOVS vir konserte of vir begeleidingsdoeleindes benodig sal word nie; aangesien die lede van so 'n orkes in ander voltydse betrekkinge staan, sou hulle bowendien net vir beperkte gebruik beskikbaar wees, bv. die platteland sal nie na behore bedien kan word nie aangesien toere feitlik nie moontlik sal wees nie;
3. dat professionele musici normaalweg nie gretig is om met die amateur saam te speel nie;
4. dat jeugorkeste in die praktyk nie noodwendig 'n voedingsbron vir 'n professionele orkes is nie;
5. dat ander orkeste in die land op beperkte skaal vir dienste in die O.V.S. beskikbaar mag wees, bv:
 - (a) die TRUK-Orkes (60 lede) wanneer TRUK-opera en -ballet in Bloemfontein (en later in Welkom) aangebied word - nie vir konserttoere nie en ook nie vir begeleiding van ander ballet- en operageselskappe nie;
 - (b) die S.A.U.K.-orkes (80 lede) moontlik vir twee konserte per jaar in Bloemfontein - nie vir konserttoere in die platteland of vir skoolkonserte nie;
 - (c) die DURBAN-orkes wat nou tot 60 uitgebrei word, word feitlik voltyds in Natal besig gehou, maar moontlik van tyd tot tyd vir kort besoeke na die O.V.S;
 - (d) die KAAPSTADSE Stadsorkes (45 lede) buite hulle seisoene, vir kort besoeke maar koste sal hoog wees. (Mnr. Luyt, Stadsklerk van Kaapstad, is egter bereid om oorweging te skenk aan 'n voorstel dat die orkes die O.V.S. besoek wanneer hulle eenkeer per jaar hulle Kaaplandse toer onderneem en tot by Kimberley moet kom.)
6. Dat die noodsaaklikheid vir die voortbestaan van die

Vrystaatse Strykkwartet verdwyn indien 'n orkes in die O.V.S. tot stand gebring word;

7. dat indien 'n orkes tot stand kom en die Strykkwartet tot niet gaan, die finansiële steun wat vanaf die Universiteit verkry word, sal verval. Dit is egter nie uitgesluit nie dat daar weer met welslae verstoë vir finansiële ondersteuning vir die orkes tot die Universiteit gerig sal kan word;
8. dat die dirigent heel eerste aangestel sal moet word indien 'n orkes tot stand gebring word;
9. dat dit van twee tot drie jaar sal neem vandat die besluit geneem word om 'n orkes tot stand te bring tot-dat die orkes saamgestel is;
10. dat 'n orkes van minstens 30 lede aan te beveel is. 'n Taamlieke groot repertorium is binne bereik van 'n orkes van 30 - die repertoire vir 'n kleiner orkes is baie beperk;
11. dat afgesien van alle ander oorwegings, daar prestigehalwe nie langer gesloer behoort te word om 'n orkes in die Provinsie tot stand gebring te kry nie.

"WERK VIR 'N ORKES IN DIE O.V.S.

(a) Konserte in Bloemfontein	+ 12 uitvoerings per jaar
(b) Plattelandse konserte	+ 30 uitvoerings per jaar
(c) Skoolkonserte	+ 40 uitvoerings per jaar
(d) Ballet (vyf weke per jaar twee seisoene)	+ 24 uitvoerings per jaar
(e) Opera (sewe weke per jaar twee seisoene)	+ 36 uitvoerings per jaar.

"In die geval van ballet en opera word voorsiening gemaak vir speelvakke in Bloemfontein en in Welkom. Later mag ander skouburge in die O.V.S. beskikbaar word en sal meer tyd van die orkes vir opera en -ballet benodig word.

"Die volle orkes sal vir alle ingevoerde ballet- en opera-produksies gebruik kan word. Wanneer 'n groter orkes benodig word, sal net die bykomende spelers wat benodig word, ingevoer word.

"KOSTE VIR 'N ORKES VAN DERTIG LEDE MET DIRIGENT.

Die sub-komitee voel dat 'n orkes van 30 lede met dirigent die Streekraad hoogstens R130,000 per jaar behoort te kos. Die instandhoudingskoste van die Vrystaatse Strykkwartet kom op nagenoeg R20,000 per jaar te staan en sou daarvan afgetrek kon word.

"KOSTE VIR NOODSAAKLIKE ORKESDIENSTE IN DIE O.V.S.

Indien aanvaar word dat alle operaproduksies in Bloemfontein en Welkom in die toekoms met orkes aangebied sal word, sal die koste vir die huur van dienste van 'n dertig-lid orkes die Raad konserwatief gesproke, op ongeveer R24,000 per jaar te staan kom. As ballet mettertyd in Bloemfontein en Welkom ook met orkes, in stede van met musiek op band, aangebied moet word, sal dit die Raad minstens 'n bykomende R16,000 per jaar kos.

"Dit sou met veiligheid voorspel kon word dat die Raad, teen 1968 wanneer die Welkomse Skouburg beskikbaar is, op sy ballet- en operabegrotings 'n bedrag van ongeveer R40,000 per jaar, wat aan orkesdienste bestee sal moet word, kan bespaar om vir sy eie orkes aan te wend.

"Die Streekraad sou eers sy funksie na behore vervul wanneer die orkes- en skoolkonserte in sy streek gelewer kan word. Die normale koste van hierdie dienste indien dit ingevoer moet word, sal wees:

"Professionele fooie vir 82 konserte		
teen R250,00	:	R 20,500
Verblyfkoste: 31 persone teen R7,00		
vir sê 100 dae	:	21,700
Reiskoste	:	<u>3,000</u>
		<u>R 45,200</u>

"Om op te som, sal die koste om die Strykkwartet in stand te hou en om die streek na behore met orkesdienste te bedien, as 'n orkes ingevoer word, vir die Raad soos volg wees:

"Instandhoudingskoste Strykkwartet	:	R 20,000
Begeleidingsdoeleindes opera	:	24,000
Begeleidingsdoeleindes ballet	:	16,000
Orkes- en skoolkonserte	:	<u>45,200</u>
		<u>R105,200</u>

"FINANSIERING VAN ORKES:

'n Orkes sou moontlik as volg gefinansiër kan word:

Bydraag deur Prov. Administrasie vir skoolkonserte	:	R 20,000
Bydraag vir dienste aan ballet- en operakomitee: SUKOVS	:	40,000
Bydraag deur SUKOVS uit addisionele toekennings vanaf Staatsweë	:	50,000
Inkomste uit 42 gewone aanbiedings	:	<u>20,000</u>
		<u>R130,000</u>

"Die Stadsraad van Bloemfontein sal moontlik bereid wees om 'n permanente repetisielokaal vir die orkes beskikbaar te stel.

"AANBEVELINGS:

Die sub-komitee het na sorgvuldige oorweging van al die inligting wat verkry is, bevind:

1. dat die orkes nie net die fondament is waarop die hele ontwikkeling op die gebied van musiek, opera en ballet rus nie, maar dat dit ook vir opleidingsdoeleindes onontbeerlik is;
2. dat dit onmoontlik sal wees om 'n orkes wat aan redelike vereistes wat betref standaard, beskikbaarheid vir repetisies, aanbieding, toere, ens. sal beantwoord

met 'n groep deelydse musici tot stand te bring;

3. dat daar genoeg werk in die Provinsie is om die totstandkoming van 'n voltydse orkes te regverdig;
4. dat indien die samewerking van die Sentrale Regering, die Provinsiale Administrasie en moontlik ook die Universiteit verkry kan word dit prakties moontlik sal wees om teen 1968 of 1969 'n orkes in die Vrystaat tot stand te bring;
5. dat indien 'n orkes tot stand gebring word dit minstens 30 sterk moet wees..."¹⁵

Aangesien die behoefte aan 'n eie orkes prioriteit begin geniet het, het die Streekraad by sy vergadering op 15 Augustus 1966 in verband met die stigting van 'n orkes besluit "dat die verslag van die sub-komitee in beginsel aanvaar word en na die Uitvoerende Bestuur en die Finanskomitee verwys word om in te gaan op die praktiese uitvoerbaarheid van die voorstelle sowel as op die kwessie van finansiering van so 'n orkes..."¹⁶

3.1.2.6.1 'n Persberig

Die volgende dag, 16 Augustus 1966, het die volgende berig onder die opskrif: "SUKOV'S gaan orkes stig" op die voorblad van Die Volksblad verskyn: "SUKOV'S gaan 'n orkes van dertig lede in die Vrystaat stig. Die Streekraad het reeds 'n aanbeveling deur 'n spesiale sub-komitee oor die stigting van die orkes in beginsel aanvaar, sê die voorsitter van SUKOV'S, mnr. J.W. du Plessis, Administrateur van die Vrystaat, in 'n persverklaring wat vandag uitgereik is...

"Die orkes sal jaarliks 142 keer in die Vrystaat optree. In Bloemfontein sal twaalf konserte gehou word, op die platteland dertig en veertig skoolkonserte word by die orkes se jaarlikse program ingesluit. Die orkes sal ook 24 keer per jaar met balletaanbiedings optree en 36 keer per jaar met opera-aanbiedings.

"In die geval van ballet en opera word voorsiening gemaak vir speelvakke in Bloemfontein en op Welkom. Later kan meer skouburge in die Vrystaat moontlik beskikbaar word en sal meer tyd van die orkes vir opera en ballet nodig wees, lui die verslag.

"Die orkes en dirigent sal jaarliks hoogstens R130,000 kos. Die instandhoudingskoste van die Strykkwartet is jaarliks sowat R20,000 en sal van die koste vir die nuwe orkes afgetrek kan word.

"Die verslag van die sub-komitee lui voorts dat die orkes teen 1968 of 1969 tot stand gebring kan word as die samewerking van die Regering, Provinsiale Administrasie en moontlik ook die Universiteit verkry kan word."¹⁷

3.1.2.6.2 Kommentaar op die sub-komitee se aanbevelings

Die sub-komitee het dus voorgestel dat die beplande orkes die volgende jaarlikse optredes moes lewer:

12 uitvoerings in Bloemfontein;

30 plattelandse konserte;

40 skoolkonserte;

36 opera-aanbiedings en

24 balletoptredes.

Die vraag ontstaan nou of die Vrystaatse bevolking op daardie stadium 142 orkesoptredes kon regverdig het? Alhoewel hierdie sub-komitee-aanbevelings weens finansiële oorwegings nooit geïmplementeer is nie, dui die beplanning op 'n oormoedige benadering. Sommige van hierdie sub-komitee-aanbevelings kon wel later tydens samesprekings vir die totstandkoming van 'n orkes as uitgangspunt gebruik word.

3.1.2.7 SUKOVS voer die Durbanse Stadsorkes in

Weens die finansiële probleme wat die stigting van 'n orkes sou veroorsaak, het SUKOV'S as tydelike maatreël besluit om die Durbanse Stadsorkes vir noodsaaklike orkesdienste in te voer. Hierdie importasie sou noodwendig 'n

geweldige finansiële las op SUKOVS plaas. In die volgende skrywe, gedateer 1 Junie 1968, wat mnr. R. Hugo, Direkteur van SUKOVS aan mnr. Grobbelaar, Sekretaris van Kultuursake gerig het, het hy die situasie verduidelik en by die Departement om 'n hulptoelaag aansoek gedoen:

"Soos aan u gestel is, voel ek tog dat dit voorlopig voldoende sal wees as SUKOVS maar net hulp kan ontvang om orkesdienste te importeer veral aangesien dit tans moontlik is om die Durbanse Stadsorkes vir ongeveer twee maande per jaar te huur...

"Die kostes vir die invoer van 'n orkes vir die dienste waarvoor SUKOVS dit benodig, sal egter baie hoog wees. Die Durbanse Stadsorkes het my Raad byvoorbeeld R17,97.52 gekos vir die nagenoeg vier weke wat hulle hierdie jaar in die O.V.S. was vir die inwyding van die skouburg te Welkom. As dit nie vir 'n spesiale bydraag van R10,000 deur die Stadsraad van Welkom was nie, sou my Raad die orkes nie kon bekostig nie.

"Om die orkes vir sê twee maande per jaar in te voer vir opera, ballet en orkeskonserte in die groter sentrums sal my Raad dus seker in die omgewing van R36,000 - R40,000 per jaar kos. Dit is egter baie minder as wat die instandhouding van 'n orkes sou kos en ek glo dat die Raad tog die belangrikste dienste waarvoor die orkes benodig word, sou kon verrig.

"Dit word beseft dat die Departement nie gevra kan word om my Raad tot so 'n mate te help nie maar ek voel dat dit darem nie onbillik is om te vra dat 'n spesiale hulptoelaag aan my Raad toegestaan word om die Raad in staat te stel om die noodsaaklikste orkesdienste te kan bekostig.

"Dit sal vir geruime tyd nog nie moontlik wees om 'n orkes in die O.V.S. saam te stel nie en ek voel dus dat hierdie alternatiewe moontlikheid as 'n tussentydse maatreël waarskynlik die probleem ewe bevredigend sal oplos..."¹⁸

3.1.2.7.1 Probleme rondom hierdie reëling

Die voorafgaande skrywe het waarskynlik vrugte afgewerp, aangesien die Durbanse Stadsorkes elke jaar vir die SUKOVS-operaseisoen gekontrakteer kon word. Hierdie reëling het egter 'n legio probleme laat ontstaan: Aangesien die orkes slegs aan die begin van die jaar beskikbaar was, was SUKOVS verplig om die operaseisoen teen wil en dank te hou wanneer dit die Durbanse Stadsorkes gepas het. Die orkes was dikwels nie voltallig nie en dit was soms tot op nommer nege-en-neëntig nog onseker of die orkes wel gebruik kan word. Dit het heelwat frustrasies by dirigente en by die opera-afdeling tot gevolg gehad. Die orkes was besonder duur, want nie alleen moes die reis- en verblyfkooste van die lede vir die Bloemfontein- en Welkom-seisoene betaal word nie, maar ook 'n huurgeld aan die orkes as sodanig.

SUKOVS was deur die jare gedwonge om ballet sonder orkesbegeleiding aan te bied. Balletuitvoerings is hierdeur natuurlik baie benadeel en belemmer. Ballerinas van naam wou ook nie die Vrystaat besoek as hulle nie met orkesbegeleiding kon optree nie.

Wat orkeskonserte betref, het die Nasionale Simfonieorkes van die S.A.U.K. die Vrystaat een keer per jaar besoek met 'n seisoen van twee konserte, waartoe SUKOVS 'n bydrae van R1,500 moes maak.¹⁹

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die ontbreking aan 'n volwaardige orkes die aktiwiteite van SUKOVS geweldig gestrem het. Heeltemal tereg het mev. Martie du Plessis, destydse Aministrateursvrou, tydens die amptelike opening van die Ernest Oppenheimer-teater in Welkom op 15 Februarie 1968, "'n dringende beroep vir 'n permanente orkes in die Vrystaat gedoen."²⁰

Weens finansiële tekorte kon geeneen van die pogings van SUKOVS gedurende die sestigerjare om 'n orkes tot stand te bring, geïmplementeer word nie. Die waarde van hierdie pogings was egter dat die noodsaaklikheid en lewensvatbaar-

heid van 'n eie orkes beklemtoon, en die totstandkoming daarvan bespoedig is.

3.1.3 Die totstandkoming van die Vrystaatse Filharmoniese Vereniging

3.1.3.1 Die stigting

Die stigting van 'n Vrystaatse orkes is in 'n sekere mate verder bespoedig deur die totstandkoming van die Filharmoniese Vereniging in die sewentigerjare. Om en by die middel van 1971 het 'n aantal dosente aan die O.V.S.-Onderwysdepartement en Musiekdepartement van die U.O.V.S. bymekaar gekom om die Vrystaatse Filharmoniese Vereniging tot stand te bring.

3.1.3.2 Die strewe van die Vereniging sowel as die organisering van konserte soos vervat in die konstitusie

Die Vereniging het hom ten doel gestel om:

- "1. Geleentheid te skep waardeur amateur- en beroepsmusici kan optree in beide orkes- en kamermusiek.
2. Musiek in die O.V.S. te bevorder.
3. Te affilieer by enige organisasie of instansie om sodoende sy doelstellings te bevorder.
4. Enige organisasie of instansie by die Vereniging te affilieer wat sy doelstellings kan bevorder..."

In die konstitusie is daar die volgende oor konserte bepaal:

- "1. Die Vereniging sal ten minste vier konserte per jaar reël.
2. Benewens hierdie konserte sal bykomende konserte na goeddunke van die Bestuur gereël word.
3. Die Bestuur het die reg om soliste en spelers van ander sentrums te bekom om die Vereniging by te staan in die uitvoering van konserte.
4. Die Bestuur mag na goeddunke ander verenigings en instansies nooi om 'n konsert namens die Vereniging te onderneem..."²¹

3.1.3.3 Die orkeslede

Tydens die eerste vergadering teen die middel van Augustus 1971, is mnr. S. Kierman en E. Osman as onderskeidelik Voorsitter en Sekretaris van die Vereniging benoem. Omdat die O.V.S.-Jeugorkes in daardie stadium slegs uit die leerlinge van mnr. De Wet bestaan het, het hierdie Vereniging die geleentheid vir mnr. J. Pieters se leerlinge geskep om in die orkes van die Filharmoniese Vereniging op te tree. Die lede van die orkes was as volg:

1ste viole:

Jonas Pieters (konsertmeester) ^x
 Solomon Ferreira
 Mecheline de Zwart ^x
 Willem du Toit
 Elphia Ras
 Aletta Smuts
 D.E. Myburg

2de viole:

Marié Meijer ^x
 Elsa Albertyn
 Annetjie van Schouwenburg
 Phillip Steyn
 Pierre Theron
 Manie Prinsloo
 Hendrik du Toit
 Carien Ras

Altviole:

Jean-Christophe Laederach ^x
 Pienaar Fourie
 Peter Gray

Tjellos:

Michael Haller ^x
 Rika Hoffman
 Rita van Heerden

Kontrabasse:Christian Ashley-Botha ^x

Tobie van Heerden

Fluite:Wendy Haller ^x

Heidi van Niekerk

Klarinette:Marguerita Schoeman ^x

Kobus Verster

Sannalie Marx

Hobo:

Herman van Niekerk

Fagot:Elsa Botha ^xFranse Horings:Johann Zietsman ^x

Mark Watt

Brigitte Weidlich

Trompette:Steve Gibbs ^xJohan Pretorius ^xTrombone:

Winfred Lüdemann

Ernest Osman ^xTimpani:

Dennis Stander

Dirigent:Sean Kierman ^xHulp-dirigent:Pienaar Fourie. ²²

3.1.3.4 Die optredes

Buiten konserte in Bloemfontein het die orkes ook konserttoere na Bethlehem, die Drakensbergse Seunskool, Kroonstad en Welkom onderneem. 'n Absolute hoogtepunt in die bestaan van dié Vereniging is bereik toe SUKOVS die orkeslede van die Filharmoniese Vereniging genader het om die begeleiding van Rossini se Stabat Mater op 21 Oktober 1973 waar te neem. Die volgende dag, 22 Oktober, het 'n geesdriftige resensie onder die opskrif "Groot ovasie vir Stabat Mater" in Die Volksblad verskyn: "'n Stampvol Odeion het gisteraand met die slotakkoord van Rossini se Stabat Mater 'n groot ovasie aan die soliste, die SUKOVS-koor, die orkeslede van die Filharmoniese Vereniging en aan die dirigent Joop Stam gegee - welverdiend want dit was 'n groot onderneming van SUKOVS-opera wat geheel en al met plaaslike kunstenaars uitgevoer is. In die ruisende aanvangs- en slot-koordele, sowel as by Inflammatus (saam met die sopraansolis, Gudrun Barella, wat hier op haar klinkklare beste was), het die koor indrukwekkend vertoon: die sterk sopraanklank het met gemak bo die volle orkes uitgestyg en laasgenoemde se ondersteuning het die betreklik karige aantal tenore en basse tot inspirasie gedien...

"Joop Stam het deurgaans 'n flinke tempo gehandhaaf, volle teuels aan die inherente teatraliteit van die werk gegee en die orkes goed beheer, 'n paar slordige invalle ten spyt. Die orkes as sulks was die partituur heeltemal magtig en geen een van sy onderafdelings het aan die geheelbeeld afbreek gedoen nie...

"Jammer dat die uitvoering waaraan so baie mense so hard moes werk, nie herhaal kan word nie."²³

Buiten ledegelde en toegansgelde, het die Vereniging finansiële ondersteuning van beide die Departement Nasionale Opvoeding en die O.V.S.-Provinsiale Administrasie verkry. Die destydse Provinsiale Sekretaris, mnr. F.W. Liebenberg, wat as erepresident van die Filharmoniese Vereniging benoem is, het ook 'n besondere rol vervul met sy morele ondersteuning.

3.1.3.5 Die waarde van die Vereniging

Die Filharmoniese Vereniging wat met die spesifieke doel gestig is om orkeste en orkesspel aan te moedig, was suksesvol in die opsig dat die belangstelling en bystand van Provinsiale weë aangewakker is.

Wanneer dit na berekening blyk dat 14 van die Filharmoniese Vereniging-orkeslede in die latere O.V.S.-Simfonieorkes van 43 lede opgeneem is (d.w.s. 'n derde van die totaal) kan hierdie orkes tereg as die voorloper van die O.V.S.-Simfonieorkes beskou word. Ter inligting, word die 14 name, onder 3.1.3.3 op pp.186 en 187, met die letter x aangedui.

3.2.1 OORGANG TOT STIGTING VAN DIE VRYSTAATSE SIMFONIEORKES

3.2.1.1 Fase een: 'n Memorandum van prof. Swanepoel

Soos reeds vermeld het 'n eie Vrystaatse orkes in die loop van die sestigerjare 'n dringende noodsaaklikheid geword. In die lig hiervan het die SUKOV'S Uitvoerende Bestuur tydens 'n vergadering op 19 Februarie 1968 besluit "dat prof. Swanepoel mettertyd 'n memorandum sal voorlê in verband met die gebruik en plasing van die voorgestelde orkes in die O.V.S. en oor die invloed daarvan op toekomstige ontwikkeling. Hy kan persone wat daarmee behulpsaam kan wees betrek indien hy dit nodig ag."²⁴

Om en by die begin van 1970 het prof. Swanepoel, aan die hand van 'n memorandum wat mnr. en mev. S. Kierman uitgewerk het, 'n memorandum voorgelê wat as uitgangspunt vir onderhandelings i.v.m. die totstandkoming van 'n orkes kon dien. Die konsep-memorandum het in die eerste plek die agtergrond van die pogings tot die stigting van 'n orkes in die verlede geskets. Daar is vervolgens voorgestel dat 'n doserende-uitvoerende orkes in Bloemfontein tot stand gebring word, terwyl daar verder aandag geskenk is aan die pligte, administrasie, personeel en organisasie van so 'n beplande orkes. In die laaste plek is daar ingegaan op die finansiële

aspek van 'n te stigte orkes, waarna die memorandum afgesluit is met verskeie motiveringsfaktore vir die totstandkoming van 'n orkes in die O.V.S. Die konsep-memorandum wat die omvattendste van sy soort tot op daardie stadium was, word hieronder volledig aangehaal:

"I. AGTERGROND.

"Daar word lank reeds aanvaar dat 'n professionele orkes vir die Vrystaat onontbeerlik is vir die ontwikkeling van musiek, opera en ballet. Ondanks die geslaagde werk van die Stryk-kwartet en verskeie pogings om amateurtalent tot 'n uitvoerende standaard te ontwikkel, is die Vrystaat op die gebied van professionele orkesmusiek die mins ontwikkelde van die vier provinsies. Twee volle professionele orkeste bestaan in Transvaal; teen die begin van volgende jaar sal daar twee in Kaapland wees, en Natal het een. Twee semi-professionele orkeste bedien Port Elizabeth en Oos-Londen, en Johannesburg het ook 'n semi-professionele Simfonieorkes bo en behalwe die S.A.U.K.-orkes.

"Hierdie waarnemings verskyn onder meer in die verslag van 'n orkes-subkomitee, gedateer 18 April 1966, aan die Voorsitter van SUKOV'S, oor die stigting van 'n voltydse orkes onder SUKOV'S. Die subkomitee het verder aangestip:

- (a) dat die orkes vir musiekopleiding gebruik kan word;
- (b) dat 'n amateurorkes nuttig kan wees om belangstelling te laat ontwaak en om amateurproduksies te begelei, maar dat dit nie in staat sal wees om die vereiste standaard vir professionele aanbiedings te behaal nie;
- (c) dat beroepsmusici gewoonlik nie bereid is om met sulke amateurgroepe op te tree nie;
- (d) dat jeugorkeste nie noodwendig 'n voedingsbron vir toekomstige professionele orkeste is nie;
- (e) dat geen bestaande Suid-Afrikaanse orkes op 'n gereelde en permanente grondslag beskikbaar sal wees om te help met aanbiedings in die Vrystaat nie;
- (f) dat 'n orkes van minstens dertig lede wenslik is, aangesien 'n kleiner een 'n te beperkte repertoire sal hê; en

(g) dat uit 'n prestige-oogpunt gesien, die totstandkoming van 'n orkes nie langer uitgestel kan word nie.

"Hierdie verslag is deur die destydse Direkteur van SUKOVs aanvaar maar weens omstandighede is die saak nie verder gevoer nie. Vanweë 'n aantal nuwe faktore en benaderings wat in hierdie voorstel uiteengesit word, kan nuwe inisiatief betreffende 'n orkes as tydig beskou word...

"Een van die vernaamste besware teen 'n orkes met standplaas Bloemfontein was nog altyd die probleem van hoe om die orkes voltyds nuttig besig te hou. Daar word aangevoer, en grotendeels tereg ook, dat 'n volle jaarprogram van orkesuitvoerings die Vrystaatse publiek sal oorversadig, as die huidige aanvraag in ag geneem word. Die vraag van 'kulturele versadiging' is problematies, veral aangesien daar nog geen werklike gesaghebbende statistiese ondersoek in hierdie rigting gedoen is nie, maar die vraagstuk is wesenlik. Hierdie voorstel wil 'n unieke benadering in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse orkesmusiek toelig en aanbeveel, wat die moontlikheid van 'versadiging' vermy, maar terselfdertyd 'n groter aanvraag na musiekuitvoerings op die lang duur waarborg.

"II. VOORSTEL.

"Daar word voorgestel dat 'n betreklik klein orkes in Bloemfontein tot stand gebring word om SUKOVs se behoefte aan professionele begeleiding op 'n seisoenbasis te bevredig, en terselfdertyd op 'n doelgerigte manier die dringende behoefte aan omvattende opleiding in instrumentale musiek in skole aan te pak.

"A. Samestelling, doel, oogmerke:

"Hierdie orkes sal bestaan uit agt viole, vier altviole, vier tjello's, twee kontrabasse, een fluit, een klarinet, een hoobo, twee Franse horings, een fagot, twee trompette, een skuiftrompet, een tuba en een spesialis in slaginstrumente - altesaam 29 spelers. Hierdie groep instrumentaliste kan die

meeste kamermusiekwerke en 'n groot aantal orkeswerke uitvoer, en sal ook die begeleiding vir die meeste operas en ballette kan verskaf. In kleiner groepe ingedeel, sal hierdie orkes feitlik die hele standaard-repertoire van kamermusiekwerke kan uitvoer, sodat dit nie onderhewig sal wees aan die beperkings wat die Strykkwartet ervaar het nie.

"Elke lid van die orkes moet gewillig wees om skoolorkeste en ensembles te stig en op te lei volgens die modernste metodes van groeponderrig en vir individue. Die doel hiervan is om soveel lede van die hele gemeenskap as moontlik te betrek in aktiewe deelname aan musiek, waardeur belangstelling van beide kinders en ouers gestimuleer sal word.

"Hierdie benadering, in teenstelling met 'n suiwer uitvoerende orkes, sal 'n permanente kulturele bate in die provinsie opbou, aangesien 'n sekere persentasie van die mense wat op skool in musiekuitvoerings betrokke raak, later as professionele of goeie amateurspelers sal voortgaan. Uiteindelik sal die Vrystaat die enigste provinsie wees wat 'n volle orkes binne sy grense kan werf. Dit sal in ooreenstemming wees met die klem wat in die Vrystaat op onderwys gelê word en met sy leidende rol in opvoedkundige ontwikkeling.

"B. Pligte:

"Die pligte van die orkes behels onderrig, begeleiding en uitvoerings. Onderrig sal dwarsdeur die skooljaar gegee word, maar sal ingekort word gedurende SUKOVS se seisoene (wat vir Bloemfontein en Welkom ses tot agt weke per jaar sal beloop) om die las van individuele spelers te verlig.

"Uitvoerings en repetisies sal deur die orkesadministrasie in oorleg met SUKOVS bepaal word. Diensvoorwaardes en prioriteite sal in dienskontrakte uiteengesit word, met betreklik klein speling vir die toevoeging van bykomende werk sonder ekstra vergoeding, wat die enigste manier is waarop eerste-rangse instrumentaliste gelukkig gehou kan word.

"Oor die algemeen sal 'n maksimum van sowat 25 werksure per

week vereis word, met 'n maksimum van twaalf uur onderrig. Onder beheer van die orkesadministrasie sal 'n bykomende aantal privaat-leerlinge vir elke orkeslid-onderwyser toegelaat word. Die verpligting aan SUKOVs sal waarskynlik beteken dat die kort skoolvakansie in April geheel of gedeeltelik gebruik sal word vir repetisies, sodat daar nie inbreuk gemaak word op die kwartaal se onderrig nie. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die grootste aantreklikheid van so 'n pos vir eersterangse instrumentaliste die veel langer vakansies is as wat hulle in simfonie-orkestes kry. Hierdie vakansies kan gebruik word vir solo-optredes en toere.

"C. Administrasie:

"Die mate van sukses wat behaal word, sal afhang van die doeltreffendheid van die orkesadministrasie en van die begrip, intelligensie, kennis, insig en simpatie van die administratiewe amptenare. Daar mag geen twyfel bestaan dat 'n instrumentale en orkesagtergrond absoluut noodsaaklik is vir minstens die hoofamptenaar nie.

"Die orkesadministrasie sal uit drie afdelings bestaan, hoewel daar in die praktyk 'n aansienlike mate van oorvleueling sal wees: personeel, onderrig en uitvoering. Die personeelbeampte kan die onderrigafdeling beheer of beheer daarvoor deel met die musiekdirekteur, of die onderrigaspek kan deur 'n afsonderlike amptenaar beheer word. As die drie afdelings apart beskou word, blyk die volgende:

"Die personeelbeampte moet na alle gewone administratiewe sake omsien, soos die aanstelling en afdanking van personeellede, die beheer van toerusting, salarisse, korrespondensie, ens. Die amptenaar wat onderrig beheer, moet verseker dat die beste beproefde metodes van individuele en klas-onderrig deur die orkeslid-onderwysers geken en toegepas word; hy moet toesig hou oor die stigting en onderrig van ensembles by skole, met die skoolowerhede en ouers onderhandel en alle ondernemings met die Onderwysdepartement koördineer; en indien daar twee aparte poste is, sal hy in oorleg met die

personeelbeampste toesien dat alle leerlinge oor instrumente van die vereiste gehalte beskik, of dit kommersieel voorsien word, of deur die opleidingsprogram of deur leerlinge se ouers verskaf word.

"Die taak van die musiekdirekteur/dirigent sal eerstens wees om uitvoerings deur die orkes en sy kamermusiekgroepe te beheer. Hy sal egter ook toesig moet hou oor die dirigeerwerk en afrigting van skoolgroepe; onderwysers waar nodig bystaan en raad gee; groter groepe saamstel en hulle dirigeer, waar dit wenslik is; en die orkes se repertorium aanbeveel en beheer.

"Die administrasie moet so klein moontlik gehou word, om uitgawes tot 'n minimum te beperk, om verwarring, botsende oogmerke en metodes uit te skakel en die risiko van persoonlike botsings te verminder.

"Terwyl geskikte applikante vir eersgenoemde twee poste waarskynlik in Suid-Afrika beskikbaar is onder die geleedere van orkeslede en musiekonderwysers, skep die pos van die musiekdirekteur 'n probleem. Die beste oplossing sou dalk blyk om 'n tydelike (ses tot twaalf maande) lektoraat te skep en om aspirante uit Suid-Afrika en die buiteland tydelik in hierdie pos aan te stel totdat 'n applikant met die vereiste eienskappe na vore tree.

"D. Personeel:

"Dit is seker voor die hand liggend dat so 'n unieke onderneming sy lede moet trek uit die beste instrumentaliste/onderwysers in die land, met die klem op onderrigvermoë, belangstelling in onderwys, orkeservaring, akademiese kwalifikasies, rypheid, stabiliteit van persoonlikheid, tweetaligheid of bereidwilligheid om tweetalig te word. Die buitengewone instrumentalis/onderwyser moet gesoek word, nie die beginner of die gemiddelde orkesknol nie. Om dieselfde rede moet salarisse aangebied word wat aantreklik genoeg is. 'n Belangrike punt, waarvan elke orkesbestuurder bewus is, is dat daar 'n manier moet wees waarop van 'passasiers' ontslae

geraak kan word - diegene wie se spel of onderrig ontoereikend of op die afdraande pad is. Hoewel die voordele van permanente diens (pensioen, mediese bystand, groepsversekering, behuisingslening, ens.) aangebied moet word, moet daar voorsiening gemaak word dat dienskontrakte feitlik summier beëindig kan word, met terselfdertyd genoegsame beskerming vir die werknemer.

"E. Organisasie:

"Waarskynlik die mees kritieke aspek van so 'n organisasie is die kanale van administratiewe gesag en verantwoordelikheid. Dit moet duidelik wees wie in beheer is, wie bepaal wat voorkeur geniet, en wie verseker dat sekere mikpunte bereik word. Terselfdertyd mag die administrasie nie topswaar wees nie, en moet daar 'n ingeboude buigzaamheid wees sodat inisiatief wanneer nodig geneem kan word in nuwe rigtings met betrekking tot onderrig en uitvoerings, en om energie in nuwe kanale te rig waardeur groter doeltreffendheid of verryking verkry kan word.


"Die stelsel kan op verskeie maniere onder verskillende beheerliggame georganiseer word:

1. As 'n outonome liggaam, los van enige bestaande liggaam wat funksioneer onder 'n komitee waarin die liggame aan wie die orkes verantwoordelik is, verteenwoordig is (d.i. Sentrale Regering, Provinsiale Administrasie, SUKOVS, Departement van Onderwys, Universiteit, Stadsraad).
2. Onder die Onderwysdepartement, of (a) direk onder die musiekinspektoraat, of (b) as 'n afsonderlike afdeling onder die Departement.
3. Direk onder SUKOVS.
4. As 'n semi-outonome instituut onder die Universiteit, soos bv. die Politieke Argief.

"Elk van hierdie moontlikhede moet op sy meriete beskou word. Hier volg 'n kort oorsig, rowwe administrasie diagram en kommentaar oor elk:

"1. 'n Outonome liggaam:

In hierdie skets sluit ons 'n komitee bestaande uit die hele orkes (OK) in. Dit lyk na 'n geskikte ewewigmaatreeël om so 'n liggaam in verskeie van die planne in te sluit. Dit sou bestaan uit die orkeslid-onderwysers plus die administratiewe beamptes, wat as komitee stem. In 'n volwasse liggaam soos die een wat voorgestel word, kan administratiewe probleme demokraties opgelos word, sonder dat dit nodig sal wees om 'n vakbond van orkeslede in die lewe te roep. Dit sal ook die gevaar van gebrek aan belangstelling in probleme op laer vlak uitskakel...




"Kommentaar:

Die vernaamste moeilikheid hier is dat daar geen administratiewe buffer is tussen die liggame wat 'n aanspraak het op die dienste van die orkes nie. Te veel hang af van skikkings op sekondêre vlak (die Orkes-advieskomitee), waar 'n sterk persoonlikheid die orkes en administrasie van sy buigzaamheid kan beroof deur te eis dat sy behoeftes voorop gestel word. Voorts sal die status van die orkes onduidelik wees en sou dit geen prestige hê nie.

"2. 'n Liggaam onder die Departement van Onderwys:(a) direk onder die inspektoraat van skoolmusiek:

In hierdie geval sal die Orkes in Komitee waarskynlik oor-

bodig wees, aangesien die meeste van die orkes se bedrywigheede gedek sal word deur die standaard regulasies van die Departement. Personeelprobleme sal na die gewone owerhede verwys word, die inspektoraat sal toesig hou oor die opvoedkundige aspek, waarskynlik deur 'n bykomende musiek-inspekteur.



"Kommentaar:

Hierdie stelsel het die voordeel dat dit die organisasie isoleer van die botsende belange van ander organisasies, maar ten koste van 'n groot mate van buigsaamheid. Dit stel ook die orkes in die gevaar dat dit in die hande is van 'n enkele persoon op veel hoër vlak as die orkesbestuur, wat sonder ervaring of insig betreffende orkessake mag wees. Die administratiewe afstand van SUKOVS af behoort nie uitsonderlike probleme te skep nie, aangesien diens aan SUKOVS per kontrak gewaarborg kan word.


"Die alternatief 2 (b) sal die besige inspektoraat uitskakel as 'n administratiewe kanaal na die orkes toe, maar skep presies dieselfde probleme as 2 (a).

"'n Verdere oorweging onder hierdie hoof is dat die diensvoorwaardes per kontrak moeilik onder die Onderwysdepartement

gewysig kan word. Om redes van tradisie sou dit moeilik wees om 'n orkeslid-onderwyser van sy pos te onthef indien geoordeel word dat hy nie sy volle gewig trek as instrumentalis of onderwyser nie.

"3. 'n Orkes direk onder SUKOVS:

Die meer vertakte administrasie van SUKOVS sou waarskynlik weer die toevoeging van die Orkes in Komitee regverdig. So 'n liggaam bestaan nie by die orkeste van ander Streekraade nie, en die daaglikse administratiewe probleme lyk vir orkeslede na onoorkomelike struikelblokke.



"Kommentaar:

Hier het ons weer die voordeel dat botsings tussen verskillende organisasies uitgeskakel word. Die probleem is egter dat die orkes in wese 'n groep onderwysers is wat gereeld saam vir SUKOVS optree. Die liggaam met die mees konstante belang (Onderwysdepartement) het slegs adviserende mag in administratiewe sake. Daarbenewens sou die administrasie, indien ons oordeel aan die toestande by ander Streekraade, betreklik ingewikkeld raak, en dit boonop by 'n organisasie wat reeds opgesaal sit met groot administratiewe verpligtinge.


"'n Verdere probleem is dat dit moeilik sal wees om orkeslid/onderwysers van die gewenste kwaliteit in diens te neem. Dit sal eerstens 'n uiters delikate saak wees indien 'n Streekraad lede van bestaande orkeste in diens neem, iets wat heelwat

kwade gevoelens kan veroorsaak. Tweedens is eersterangse instrumentaliste dikwels onwillig om na die Streekraade te gaan, omdat dit 'n verlies, of minstens geen toename, in persoonlike prestige beteken.

"Die kwessie van status is belangrik vir 'n orkeslid: die prestige van die organisasie in wie se diens hy is, beïnvloed sy gevoel van selfvertroue en onvermydelik ook die gehalte van sy werk. Die status van opvoeder is gesog en daarom wenslik as 'n lokmiddel.

"4. 'n Orkes beliggam in 'n half-outonome instituut onder die Universiteit:

Hierdie stelsel bied die bes-beskernde administratiewe posisie, geïsoleer van direkte beheer of inmenging van die kant van enige organisasie met 'n aanspraak op die dienste van die orkes, sowel as van enige individu wat probeer om die voorkeurlyk van die orkes te wysig of om sy buigzaamheid te verminder.



"Kommentaar:

Verskeie van die probleme wat voorheen genoem is, word op hierdie manier uitgeskakel. 'n Mate van buigzaamheid in die administrasie van die orkes word verseker, die musiekonderwysers kry 'n begeerlike status, en daar is geen groot probleme be-

treffende kontrakte vir permanente indiensneming wat nie noodwendig waarborg dat die werknemer altyd in diens gehou word nie. Die Musiekdepartement van die Universiteit sal 'n adviserende funksie hê en kan deskundige hulp verleen om die orkes se beleid in die Universiteitsraad te verdedig. Die Universiteit kan op hoë vlak die dienste van die orkes aan SUKOV'S, die Onderwysdepartement en andere verkoop. Indien hierdie laaste voorstel aanvaar word, kan die organisasie moontlik die Vrystaatse Musiekinstituut genoem word.

"III. FINANSIES.

"Die koste van die orkes word verdeel in herhalende en nie-herhalende uitgawes.

"A. Herhalende uitgawes: salarisse, biblioteek, ens.

1. Salarisse moet mededingend wees, en oor die algemeen hoër as wat eersterangse instrumentaliste tans verdien. Ter wille van beraming kan aanvaar word dat dit gemiddeld R6,000 per jaar per orkeslid-onderwyser sal beloop en R7,000 vir elk van die twee administratiewe amptenare. Dit beloop altesaam R190,000 per jaar, sonder inagneming van die salarisse van sekretariële en onderhoudspersoneel.
2. Biblioteekuitgawes sal aanvanklik sowat R6,000 beloop vir publikasies benodig vir onderwys en teoretiese opleiding, en sowat R1,000 - R1,500 per jaar daarna.
3. 'n Gebeurlikheidsfonds, vervanging van breekskade en voorsiening vir reiskoste sal sowat R10,000 per jaar beloop.

"B. Nie-herhalende uitgawes - toerusting, akkomodasie, ens.

1. Die toerusting sal bestaan uit stoele, musiekstaanders, platforms, rostrums en dergelike benodigdhede in die hoofkwartier van die orkes. Indien ruimte beskikbaar is vir individuele ateljees vir die orkeslid-onderwysers, sal hulle gemeubileer moet word met boekrakke, ens. Toerusting behoort sowat R25,000 te kos.

2. Akkomodasie (repetisielokaal, ateljees, ens.) sal hopelik voorsien kan word deur die organisasie wat die orkes onder sy vleuels neem, sy dit die Departement van Onderwys, SUKOVS of die Universiteit.

"Om op te som, die direkte koste van die eerste jaar sal sowat R250,000 wees, en daarna sal dit in die omgewing van R220,000 beloop, sonder inagneming van sekretariële of onderhoudspersoneel, of huurgeld vir kantore, indien dit nodig blyk.

"C. Daar is die vooruitsig van minstens nominale inkomstes uit openbare uitvoerings deur die orkes en aan die Onderwysdepartement in die vorm van lesgelde.

"IV. MOTIVERING.

"Daar is verskeie faktore wat daartoe bydra dat hierdie voorstel op hierdie tydstip voorgelê word en aangesien hulle almal betrekking het op die huidige toestand, word daar gevoel dat optrede sonder versuim wenslik is.

"A. Eerstens is daar 'n tasbare behoefte by SUKOVS en die Onderwysdepartement.

1. SUKOVS maak die afgelope drie jaar staat op die dienste van die Durbanse Simfonie-orkes, wat jaarliks vir 'n maand beskikbaar gestel word vir 'n ballet- en operaseisoen. Nie alleen kos die orkes bykans R20,000 per seisoen nie, maar die feit dat die orkes net op 'n sekere tyd beskikbaar is, werp die balans en ritme van die provinsie se teaterseisoene omver. Omdat opera en ballet in 'n kort seisoen saamgepers word, word die vraag op die kort termyn oorversadig, terwyl die kunstenaars uitgeput word. Repetisies vir een soort aanbieding vind op dieselfde dag plaas as uitvoerings van 'n ander aard, wat tot gevolg het dat die standaard daaronder ly.

"'n Voorbeeld van SUKOVS se onmiddellike behoefte is die beoogde ambisieuse ballet wat vir Mei volgende jaar beplan word. Dit skyn egter in hierdie stadium asof die hele produksie afgelas sal moet word aangesien 'n begeleidende orkes nie beskikbaar is nie.

2. Statistieke betreffende die reaksie onder skoliere op demonstrasies van orkesinstrumente sedert die begin van die skooljaar is aan die Onderwysdepartement voorgelê. Daaruit blyk duidelik dat Vrystaatse skoolkinders gretig is en 'n behoefte daaraan het om instrumentale opleiding te geniet. Meer as tweeduisend het die wens uitgespreek om lesse te ontvang in die speel van koperblaasinstrumente en die tjello, die enigste instrumente wat tot dusver aan hulle gedemonstreer is. Die totale reaksie op 'n aanbod van onderrig vir alle orkesinstrumente sal aansienlik groter wees. Selfs 29 voltydse onderwysers sal nie aan alle belangstellendes onderrig kan gee nie. Dit is egter duidelik dat die onderrig van musiekinstrumente in skole op hierdie tydstip gerevolusioniseer kan word deur 'n weldeur-dagte program.

"B. Die tweede faktor wat hierdie voorstel nou tydig maak, is dat 'n groot aantal eersterangse instrumentaliste enige aanbod van 'n betrekking wat beter lewens- en werksomstandighede waarborg, sal aanvaar as gevolg van bestuurs- en personeelprobleme in elke professionele orkes in die land. Hierdie toestand sal nie onbepaald voortduur nie, omdat sommige orkeslede tevrede gestel sal word en andere die land sal verlaat. Dit sal ongetwyfeld 'n ernstige verlies wees wat Suid-Afrika sal beroof van 'n belangrike kultuurbate en die kulturele isolasie sal verhaas wat nou moontlik lyk na die geslaagde pogings om die land op staatkundige en sportgebied te isoleer. In hierdie verband kan genoem word dat die Britse vakbond van orkeslede nie sy lede toelaat om sonder toestemming in Suid-Afrika op te tree nie - en toestemming word feitlik nooit toegestaan nie.

Hierdie houding is besig om na Europa te versprei, volgens orkeslede wat onlangs die land besoek het.

"C. 'n Laaste oorweging is provinsiale prestige. TRUK in Transvaal het reeds die afgelope ses jaar 'n volle orkes; KRUIK in Kaapland sal teen die einde van die jaar 'n orkes hê (vanjaar is R125,000 net aan voorbereidings bestee); NARUK in Natal onderhandel om beheer oor die Durbanse Simfonie-orkes te verkry, wat waarskynlik sal beteken dat die Vrystaat in die toekoms die dienste van hierdie orkes sal moet ontbeer; terwyl die Vrystaat geheel en al sonder 'n professionele simfonieorkes van enige aard sit. Snelle en doelgerigte optrede sal die Vrystaat uit die agterste gestoelte haal en in die voorste ry plaas as baanbrekers op die gebied van musiek en musiekonderrig.

"ADDENDUM:

"Statistieke betreffende die behoefte onder skoliere aan onderrig in spesifieke musiekinstrumente.

"Hierdie syfers gee die reaksie weer op 'n reeks demonstrasies van koperblaasinstrumente en tjello gelewer deur S.A. Kierman, dosent in koperblaasinstrumente, Onderwysdepartement, O.V.S., en M. Haller, lektor in tjello, U.O.V.S. Die demonstrasies is in die meeste gevalle gelewer aan die gewone sangklasse, d.w.s. groepe van tussen vyftien en sestig kinders. Kinders wat na afloop van die demonstrasie gretig was om onderrig te ontvang, is gevra om hul name te verstrek, tentatief 'n instrument aan te dui en kortliks hul musikale agtergrond te skets.

"EERSTE KWARTAAL 1970:

"Demonstrasies by sewe laerskole en ses hoërskole waarvan drie al die leerlinge in die skool bereik het:

"GROOTTOTAAL	1,058
Totaal seuns	614
Totaal meisies	444
<u>Volgens Instrument:</u>	
Trompet	551
Skuiftrumpet	173
Franse horing	99
Tuba	55
Tjello, ens.	86
Onseker	94

"TWEEDE KWARTAAL 1970:

"Demonstrasies by tien laerskole en drie hoërskole, waarvan ses al die leerlinge in die skool bereik het:

"GROOTTOTAAL	1,333
Totaal seuns	728
Totaal dogters	605
<u>Volgens Instrument:</u>	
Trompet	669
Skuiftrumpet	200
Franse horing	207
Tuba	75
Tjello, ens.	127
Onseker	51

"GROOTTOTAAL VIR ALBEI KWARTALE 2,391

"Hierdie syfers verteenwoordig die aantal skoliere wat aangedui het dat hulle instrumentale onderrig verlang.

"Kommentaar:

Hierdie syfers behels sowat 'n derde van die potensieel beskikbare leerlinge in Bloemfontein, Welkom en Kroonstad. Die syfers hierbo sluit natuurlik 'n hoë persentasie kinders in wat hul belangstelling sal verloor of nie hul ouers se toestemming daarvoor sal kry nie. Die volgende stap was om 'n inligtingsbrief waarin die hele program uiteengesit word, uit te reik. Daarby is 'n vorm ingesluit waarin ouers



Prof. Chris Swanepoel

Foto: Die Volksblad

hul toestemming moes gee. Die totale reaksie van een Bloemfonteinse skool is nou ter hand: 23 toestemmingsvorme uit 134 kinders wat belangstelling aangedui het, of sowat 17%. Dit lyk redelik om te voorspel dat 10-20% van die kinders wat op demonstrasies reageer, die nodige toestemming sal verkry. Indien dit deur ekstrapolasie uitgebrei word na die sowat 30,000 leerlinge in skole waarvoor ons verantwoordelik is, sal 'n minimum van duisend deelneem aan instrumentale musiek indien dit aan hulle beskikbaar gestel word.

"Regverdigheidshalwe moet ons daarop let dat die reaksie selfs nog groter kan wees as 'n groter reeks instrumente by demonstrasies aangebied word."²⁵

3.2.1.2 Onderhandelings op Administrateursvlak vind plaas

Onderhandelings wat as streng vertroulik hanteer moes word, sou spoedig in aanvang neem. Prof. Swanepoel is dan ook deur die destydse Vrystaatse Administrateur, adv. G.F.v.L. Froneman, in 'n brief, gedateer 7 Augustus 1970, verwittig van 'n vergadering wat op 14 Augustus om 2.30 nm sou plaasvind. Aangeheg by die brief was die memorandum van prof. Swanepoel (vergelyk pp. 190 - 205) wat tydens die vergadering bespreek sou word. In 'n naskrif het die Administrateur gemaan dat die hele aangeleentheid as uiters vertroulik hanteer moes word, aangesien die projek verongeluk kon word as dit rugbaar sou word.²⁶

Dit is ongelukkig nie bekend wie nog by die betrokke vergadering aanwesig was nie, maar daar kan met sekerheid aangeneem word dat verteenwoordigers van al drie beplande samewerkende liggame teenwoordig sou wees. Hierdie vergadering was maar slegs die begin van 'n reeks vergaderings wat sou volg tot die totstandkoming van die orkes in 1974.

3.2.1.3 Inligting van ander orkeste word verkry

Namate die totstandkoming van 'n orkes meer 'n werklikheid begin word het, het prof. Swanepoel inligting van die S.A.U.K.-

orkes, Durbanse Stadsorkes, TRUK- en KRUIK-orkeste i.v.m. werksverpligtinge en salarisskale ens. ingewin. Die volgende brief, gedateer 11 Desember 1970 is 'n voorbeeld van 'n skrywe wat hy aan al vier bogenoemde instansies gerig het:

"Aangesien ek graag meer inligting wil bekom t.o.v. die professionele status, die werksomstandighede, werksverpligtinge en -voorregte van beroepsmusici in Suid-Afrika, het ek die vrymoedigheid om hierdie versoek aan u te rig. Ek sal dit baie waardeer as u vir my die volgende besonderhede kan laat kry:

1. 'n Afskrif van die dienskontrak wat met beroepsorkesmusici aangegaan word;
2. Die salarisskale wat aan beroepsmusici betaal word;
3. Bykomende voordele wat aan beroepsmusici wat in u diens staan toekom (soos bv. kleretoelae, daggelde, siektefonds, pensioenfonds, ens.);
4. Besonderhede oor 'n werkskedule soos dit in die kontrak vereis word en besonderhede oor wat werklik in die praktyk gedoen word;
5. Verlofbepalinge;
6. Enige ander inligting wat betrekking mag hê op hierdie saak..."²⁷

3.2.1.4 'n Aanvullende memorandum van prof. Swanepoel

Nadat prof. Swanepoel die nodige inligting verkry het, kon hy 'n aanvullende memorandum i.v.m. die moontlike stigting van die Vrystaatse orkesinstituut vir bespreking voorlê. Die memorandum het op 'n uiters realisties en uitvoerbare wyse ingegaan op alle sake rakende die personeel sowel as die volle finansiële implikasies vir die totstandkoming van 'n orkes:

'n Samevatting van die uitgawes, soos vervat in die memorandum, was as volg:

"SALARIS	(a) Administratiewe personeel	R 19,300
	(b) Dirigent en orkes	<u>R207,300</u>
		<u>R226,600</u>
"VOORDELE AAN PERSONEEL		R 76,900
	(Voorsiening moet nog gemaak word vir werwing en verhuiskoste by diensaanvaarding)	
"WEDERKERIGE LOPENDE UITGAWES		R 21,000
" <u>JAARLIKSE KOSTE:</u>	R324,500	
"EENMALIGE KAPITAALUITGAWES		R 21,500..."

Daar is voorts in die memorandum voorsien dat die diensvoorwaardes van die beplande orkes se lede sou ooreenstem met dié van die ander Streekgrade vir Uitvoerende Kunste se orkesse. Drie belangrike bepalinge ten opsigte van diensure, verpligtinge en verlof is egter as volg gewysig:

"Diensure:

Die lede van die instituut moet bereid wees om 'n maksimum van 100 uur oor 'n periode van vier weke te werk, met dié verstandhouding dat nie meer as dertig diensure van hul in enige week geverg sal word nie.

"Verpligtinge:

- (a) Die lede van die instituut moet bereid wees om in opdrag van die direkteur, onderrig te gee aan beginners sowel as gevorderde studente; repetisies van die orkes of van amptelike ensembles by te woon; in openbare konserte en gedurende opera- en balletseisoene as lede van die orkes of amptelike ensembles op te tree.
- (b) T.o.v. werkverdeling word die volgende skema voorgestel
- (i) + 12 uur onderrig per week (Individuele, groeps-onderrig of die afrigting van ensembles, kadet-

orkeste ens.)

- (ii) 2 repetisies van drie uur elk (hetsy in die orkes of in 'n amptelike ensemble soos deur die Direkteur bepaal)
- (iii) 'n Opera en Balletseisoen van hoogstens ses weke (waartydens die onderrigprogram gehalveer word en onderrig twee-weekliks geskied)
- (iv) 8 openbare optredes in Bloemfontein of elders in die provinsie (hetsy as orkes of amptelike ensembles)

"Bostaande skema is op alle lede van die Instituut van toepassing, maar die Direkteur behou die reg om aanpassings hieraan te maak.

- (v) Lede van die Instituut kan, onderhewig aan goedkeuring van die Beheerraad, ekstra onderrig gee of vir die radio, televisie, Streekrade of private organisasies optree vir eie gewin.

"Verlof:

Die lede van die Instituut kry die gewone skoolvakansies, behalwe die laaste week van twee van die volgende vakansies: Januarie, April of Julie. Hierdie weke is bedoel om repetisietye vir die opera- of balletseisoene te wees..."²⁸

3.2.1.5 Die onderhandelings sloer

Nadat die twee bogenoemde memoranda deur die Uitvoerende Komitee bespreek is, is daar volgens U.K.-besluit 711/29.6.71 besluit dat die stigting van 'n bruikbare Vrystaatse Simfonie-orkeste in beginsel goedgekeur word.²⁹ Dit is egter hoe ver onderhandelings tot op hierdie stadium sou vorder, want weens finansiële tekorte kon daar weereens nie tot die stigting van 'n orkeste oorgegaan word nie.

3.2.1.6 Die Vrystaatse Administrateur nader die Departement van Nasionale Opvoeding om 'n subsidie

In die lig van die finansiële tekorte, het die Vrystaatse

Administrateur eers in 1973 in die volgende brief, gedateer 14 Februarie, die Minister van Nasionale Opvoeding om finansiële steun vir die totstandkoming van 'n orkes genader:

"Na aanleiding van my gesprek met u in Kaapstad stel ek graag SUKOVS se saak in verband met die verskaffing van orkesdienste.

"Hierdie Streekraad het sedert sy totstandkoming oor geen orkes van sy eie beskik nie. Die administrasie van die Vrystaatse Jeugorkes is wel deur SUKOVS op baie bekwame wyse behartig en die groep is as 'n eiësoortige orkes in Suid-Afrika en selfs oorsee aangebied, maar dit het geensins gehelp in die nypende behoefte aan 'n volwaardige simfonie-orkes of opera orkes nie...

"Die paar plaaslike beskikbare musici het nie die geleentheid om aanvullend aan gereelde orkesuitvoerings deel te neem nie. Daar is ook nie 'n geleentheid vir lede van die Jeugorkes om na 'n senior orkes te promoveer nie.

"Planne is in die verlede beraam om op een of ander wyse wel 'n orkes te stig, maar fondse hiervoor was net nie beskikbaar nie en het die pogings misluk.

"Met die aanstelling van 'n aantal instrumentaliste by die Onderwysdepartement om as Musiekonderwysers op te tree en met behulp van die paar beskikbare plaaslike instrumentaliste, sou dit moontlik wees om 'n geleentheidsorkes saam te stel indien die ontbrekende instrumentaliste aanvullend ingevoer kan word vir tye wanneer die dienste van die orkes benodig word, soos bv. vir opera, ballet en 'n kort toerprogram. Op die basis probeer ek tans om SUKOVS se moeilikhede te oorbrug.

"Die plan is om die samestelling van 'n geleentheidsorkes te verseker, deur met 'n erkende orkesbestuur van een van die ander provinsies of 'n ander orkesbestuur 'n ooreenkoms te tref waarby die ontbrekende orkeslede voorsien en gewaarborg sal word. SUKOVS sal op sy beurt weer 'n bedrag waarborg sodat die orkesbestuur die aanvullende orkeslede permanent

in diens kan neem. So 'n reëling is reeds met die S.A.U.K. se Nasionale Simfonie-orke-bestuur bespreek...

"Dit word bereken dat SUKOVS met die hulp van die Administrasie en die Stadsraad die nodige fondse kan bewillig, mits 'n addisionele bedrag van R50,000 jaarliks vir hierdie doel deur die Staat bygedra word. Ek wil vertrou dat u die saak goedgesind sal wees en die orkesdienste moontlik sal kan maak deur die beskikbaarstelling van die addisionele fondse van R50,000..."³⁰

3.2.1.6.1 Weens inkortings is geen subsidie moontlik nie

Uit die onderstaande antwoord van sy Edele, J.P. van der Spuy, is dit duidelik dat finansiële inkorting weereens die struikelblok was in die weg van die stigting van 'n eie orke vir die Vrystaat:

"Soos reeds aan u verduidelik in 'n vorige skrywe in verband met die staatstoekenning aan SUKOVS vir die 1973/74-boekjaar, het die Tesourie die bedrag wat die Komitee van Onderzoek na die finansiële behoeftes van die streekgrade vir die uitvoerende kunste ten opsigte van SUKOVS aanbeveel het met R2,315 verminder. Die Tesourie was ook op die Komitee van Onderzoek verteenwoordig en dit is gevolglik te betwyfel of vertoë om addisionele fondse in hierdie stadium suksesvol sal wees.

"Die Komitee van Onderzoek het kennis geneem van die probleme wat SUKOVS ondervind as gevolg van die feit dat hy nie oor 'n eie orke beskik nie. Gedagtig aan die Kabinet se versoek, dat uitbreidings tot 'n minimum beperk moet word, het die Komitee besluit dat in die finansiële voorsiening vir die streekgrade geen uitbreidings of nuwe projekte in hierdie stadium toelaatbaar is nie. Die Komitee het gevolglik die addisionele bedrag wat SUKOVS aangevra het ten einde 'n eie orke tot stand te bring nie in berekening gebring toe hy sy aanbevelings vir die toekennings gemaak het nie.

"Aangesien dit uit die aard van die saak in hierdie stadium

ongelukkig nie moontlik sal wees om addisionele fondse vir SUKOVS te bekom vir die daarstelling van 'n geleentheidsorkes nie, wil ek voorstel dat die aangeleentheid oorstaan tot tyd en wyl die breëre ondersoek na die uitvoerende kunste, wat as gevolg van ekonomiese redes voorlopig uitgestel is, plaasvind..."³¹

3.2.2 Fase twee: 'n Geskikte dirigent word gevind

3.2.2.1 Ontwikkeling in die sewentigerjare regverdig 'n orkes

Gebeurtenisse wat daarop gedui het dat die regte aanvoerkwerk deur deurdrywende persone blywende vrugte sou afwerp, het in die loop van 1973 snel op mekaar begin volg.

Weens die versiene beleggings wat belanghebbende persone in die sestigerjare gemaak het, kon die instrumentale ontwikkeling in die Vrystaat in die loop van die sewentigerjare begin vorm aanneem. 'n Kort samevattende oorsig van die ontwikkeling op instrumentale gebied, tot ± 1973 word hieronder weergegee:

As direkte uitvloeisel van die werk van die O.V.S.-Strykkwartet, het daar in die loop van die sestigerjare 'n groot oplewing in strykkonderrig plaasgevind. Aangespoor deur die sukses hiervan, is daar in 1969 'n houtblaasdosent aangestel. Uit die leerlinge wat onderrig ontvang het, kon daar 'n houtblaasensemble saamgestel word, wat hul eerste optrede gedurende 1970 gelewer het. In 1970 is 'n begin gemaak met koperblaasonderrig. Die aanvraag na koperblaasonderrig het nog 'n koperblaasdosent regverdig. Die O.V.S.-Koperblaasensemble het na die eerste optrede in 1971 hul standaard jaar na jaar verbeter. Verskeie nuwe koper- en houtblaasdosent-aanstellings kon in die loop van 1973 gemaak word, wat die projek aansienlik begin uitbrei het. Tesame met dié feit dat die Filharmoniese Vereniging-orkes bewys het dat daar in die loop van die sewentigerjare genoeg spelers was, wat (met enkele bykomende aanstellings aan die Musiekdepartement van die U.O.V.S. en die O.V.S.-Onderwysdepartement) 'n orkes

regverdig het, kon daar met 'n orkes, as natuurlike uitvloeisel van jarelange pogings en beleggings, nie langer gesloer word nie.

3.2.2.2 Dr. Henkins kom met die idee van prof. De Groote as dirigent

Dr. Henkins onthou die tweede fase tot die stigting van die O.V.S.-Simfonieorkes as volg: "Nadat Francois, my seun, sy graad aan die Universiteit van Kaapstad behaal het, het hy by die KRUIK-orkes aangesluit. In samewerking met die Filharmoniese Vereniging-orkes, Chorus Cantorum en die St. Andrews Singers het C. Ashley-Botha 'n uitvoering van Die Skepping van J. Haydn vir 22 en 23 Augustus 1973 beplan. Die KRUIK-orkes, wat op toer was deur die Kaapprovinsie op daardie stadium, het hulle laaste konsert die 18de Augustus in Kimberley gelewer. Die orkeslede is aangesê om weer die 27ste Augustus terug in Kaapstad te wees. Ons gaan haal toe vir Francois, om die week by ons te kuier. Hy word by die orkes betrek wat die begeleiding van die beplande uitvoerings op 22 en 23 Augustus sou waarneem, en die oratorium word die aand suksesvol uitgevoer. Wat my dié aand die meeste verras het, was die orkes en die kwaliteit daarvan, maar ook die aantal spelers wat die aand in die orkes gespeel het.

"Saterdag, die 25ste Augustus verjaar my dogter. Ek en Francois hou dié aand nabetragting oor die orkes wat die 22ste en 23ste opgetree het. Ek neem 'n papier en begin aanteken hoeveel spelers tot ons beskikking is om 'n orkes te stig. Albei van ons kom die aand tot die besluit dat prof. P. de Groote die sleutel tot 'n orkes in die Vrystaat is. Die rede hiervoor was dat daar op daardie stadium 'n leegloperij van strykers in die Kaap was. Francois sou Nederland toe gaan, Tilla van Wyk sou gaan onderwys gee en die meeste strykers het uitmekaar gespat. Die enigste ligstraal in die Kaap sou dan Jurgen Schwietering wees. Ek en Francois sit toe lugkastele en bou - as prof. De Groote Bloemfontein toe kan kom, dan kan hy as vioolspeler gebruik word, maar dit is nie die belangrikste nie, want ons moet 'n dirigent kry. De Groote is 'n goeie dirigent en hy wil graag dirigeer. As hy Bloemfontein toe kom sal Francois gewillig wees om sy Neder-

land-planne uit te stel; as Francois kom, kom Tilla ook Bloemfontein toe. Hierop antwoord Francois dat daar heelwat KRUIK-spelers is wat ook Bloemfontein toe sal kom om in die orkes te speel maar ook om onderrig te gee. Dadelik het die loslopende leerlinge onderwysers. Dit is wat die viole betref. Wat die altviole betref het ons klaar vir Hermina de Groote. Daar bestaan 'n vioolpos by Jim Fouché Hoërskool wat Pienaar Fourie bekleed het, maar Anna van Niekerk bekleed dit toe. Sy bespeel altviool. Ons werk toe as't ware die hele orkes uit. Ons het sover gegaan om die salaris van De Groote en sy vrou gesamentlik op + R20 000 per jaar te bepaal. De Groote sou as dirigent + R4 000 per jaar ontvang. Sy vrou sou as bibliotekaresse van die orkes + R2 500 per jaar en as orkeslid + R1 500 per jaar verdien. Hy sou as senior lektor aan die Universiteit + R12 000 per jaar ontvang. Die salarisse van die orkespelers is vasgestel op 'n bedrag wat 'n bietjie hoër was as enige salaris wat 'n orkes in Suid-Afrika kon betaal, daarbenewens het hulle nog onderriggeld ook ontvang. Geen onderwysdepartement of orkes in Suid-Afrika sou hulle beter kon betaal nie. Ons vul toe die name in van elke orkeslid met De Groote op die podium. Volgens ons skema sou daar net 12 bykomende aanstellings gemaak moes word, want daar was al heelwat leerlinge wat al in 'n orkes sou kon speel.

"Nadat ons lugkastele gebou het, kom die gedagte by my op, waarom hierdie skema nie deurgevoer kan word nie? Ek skakel vir Sean Kierman maar Francois deel my mee dat hy nie nou al daar sal wees nie, want hulle het 'n partytjie elders. So om en by halftwaalf skakel ek weer en Sean is tuis. Ek sê aan Sean: 'I must see you very urgently.' Sean het nog gaste en twintig voor een die Sondagoggend hou hy voor my huis stil. Sean deel my toe mee dat hy 'n paar jaar gelede 'n memorandum uitgewerk het wat op dieselfde skema neerkom. Ek en Sean bespreek die moontlikheid hoe om hierdie idee deur te voer. Sean stel voor dat die mees invloedryke man vir musiek, nl. mnr. D.I.C. de Villiers, geken moet word. Die volgende oggend het Sean my voorsien van die memorandum wat hy uitgewerk het. Dit het presies op dieselfde skema neergekom as wat ek en Francois uitgewerk het. Die idee van

ons albei was die totstandkoming van 'n onderrig-orke om primêr vergoed te word vir onderwys en dan gebruik te word vir 'n orke, want die Vrystaat kon nie 'n voltydse orke bekostig nie, maar ons kon ook nie toelaat dat Jack de Wet se werk net so tot niet gaan nie.

"Ons drie maak 'n afspraak met Dirkie om kwart oor twaalf die Sondagoggend. Ek stel aan hom die volgende vraag: 'Dirkie, dit is nou die 26ste Augustus. Wat sal jy sê as ek vir jou die sleutel gee dat dit moontlik is dat Bloemfontein 'n volwaardige simfonie-orke kan hê en dat hy reeds sy eerste oefening op die 1ste Februarie 1974 kan hê?' Sy woorde was: 'Wat sê jy?' Ek herhaal weer die eerste deel van my vraag. Hy het so lank stilgestaan en gesê: 'Ek kan glad nie dink nie.' Ek sê toe aan hom: 'De Groote as dirigent met Hermina, Francois, Tilla en 'n klomp van hulle kollegas.' Sy reaksie was: 'Wonderlik! die moontlikhede is onbeperk.' Na veel oorwegings besluit ons om prof. Swane-poel te betrek. Daar word 'n afspraak gemaak met hom om drie uur die middag. Ek stel aan hom dieselfde vraag as aan Dirkie, maar toe die naam De Groote genoem word, kom al die koue water op ons koppe neer toe hy ons die volgende meedeel: 'Ag nee wat, hy sal dit nie aanvaar nie, want ek sit al die afgelope ses maande aan hom om 'n pos aan die Universiteit te aanvaar.' Ek laat my egter nie afsit nie en ek vra aan Professor wat hy hom aangebied het en hy sê toe Jack de Wet se pos. Ek wys hom daarop dat dit dieselfde pos is as wat hy op daardie stadium in die Kaap het maar as hulle hom die bykomende pos as dirigent en sy vrou bibliotekaresse en orkesspeelster aanbied, sal hy + R20 000 per jaar moet weier."

3.2.2.3 Die Provinsiale Sekretaris sowel as die Administrateur verleen toestemming

"Ek deel Professor toe mee dat hy dadelik die Provinsiale Sekretaris mnr. F. Liebenberg moet skakel en reël dat hy dieselfde middag by hom gaan koffie drink. Hy moet dan aan hom die situasie verduidelik en vra dat daar + 12 poste geskep word asook die nodige finansiële steun verleen word.



Dr. J.A. Henkins

"Ek deel hom verder mee dat hy daarna na die Administrateur adv. Froneman moet gaan om steun vir hierdie projek te werf. Francois se vlug terug Kaap toe het dieselfde aand halfnege vertrek. Ek sê toe aan Professor dat ek hom om halfsewe sal skakel en dan wil ek weet of die knoop deurgehaak is, want oor 'n maand of wat verval die KRUIK-spelers se kontrakte en Francois moet voor daardie tyd weet om reëlings te tref. Die aand om halfsewe skakel ek vir Professor. Hy deel my toe mee dat ek 'n verskriklike ding aan die brand gestee het, want die Provinsiale Sekretaris tree die einde van die jaar af en hy dink dit is die wonderlikste ding wat hy kan doen en hy sê dat ons al die poste kan kry wat ons wil hê. Die Administrateur kom net uit die hospitaal, hy het 'n hartaanval gehad en is besig om te herstel en hy dink dit is die wonderlikste ding wat hy die Provinsie kan nalaat. Die Administrateur sê aan Professor dat hy die volgende dag om nege uur bymekaar moet kom dat die skema bespreek kan word."

Mnr. D.I.C. de Villiers het later hierdie afspraak van prof. Swanepoel met die Administrateur met 'n Bybelse verhaal vergelyk: "Hy het soos 'n Esther van ouds na Ahasveros gegaan en met die voorstel gekom dat 'n unieke projek tot stand gebring kon word wat verreikende gevolge sou hê."

Hierdie deurbraak vir musiek in die Vrystaat sou nooit tot stand kon kom sonder die sameloop van persone soos adv. Froneman, prof. Swanepoel, dr. Henkins, mnre. D.I.C. de Villiers, S. Kierman en F. Liebenberg nie. Prof. Swanepoel is verder een van min mense wat so iets sou kon regkry. Sy persoonlikheid het 'n groot rol gespeel in die totstandkoming van die hele groot plan.

3.2.2.4 Prof. P. de Groote word gespreek

Dr. Henkins sit sy interessante vertelling as volg voort: "Nou moes daar uiters versigtig te werk gegaan word, want as hierdie beplanning uitlek, val die hele onderneming deur die mat. Dit was net professor Swanepoel, my vrou en ek, Francois, Sean en Dirkie wat van alles weet. Die Maandag

vind daar samesprekings plaas."³² Prof. Swanepoel onthou dat die Provinsiale Sekretaris toestemming verleen het dat hy Kaapstad toe kon vlieg om die aangeleentheid met prof. De Groote te bespreek. "Dit was opsigself al klaar 'n wonderwerk aangesien ek nie op hulle diensstaat verskyn het nie, en die Provinsiale Administrasie ingestem het om my onkoste Kaapstad toe te betaal. Ek het 'n afspraak met prof. De Groote gemaak en hom Donderdag 30 Augustus gespreek. Ek het aan hom die moontlikheid verduidelik dat ek hom sou aanstel as senior lektor in viool by die Universiteit en dat hy resident-dirigent van die nuutgestigte orkessie sou word. Sy vrou sou 'n onderwyspos of 'n bibliotekaressepos vervul en sy sou altviool speel in die orkes."

3.2.2.4.1 Prof. en mev. De Groote aanvaar die betrekkings

"Die De Grootes het my belowe dat hulle na die naweek my sou laat weet van hulle besluit. Die aansoekvorm van prof. De Groote is ingevul en onderteken maar met die belofte van my kant dat dit nie ingehandig sal word voordat hy die aanbod aanvaar het nie. Dieselfde aand by my terugkeer in Bloemfontein skakel die De Grootes my en aanvaar die betrekkings. Die redes waarom prof. De Groote-hulle die betrekkings aanvaar het, is toe te skryf aan die volgende:

1. Die baie goeie diensvoorwaardes wat hulle aangebied is vanweë die samewerking tussen die drie beplande samewerkende instansies;
2. die aantal strykstudente op daardie stadium aan die Musiekkollege was beperk, terwyl daar in Bloemfontein 'n massa van studente was, soos byvoorbeeld die reste van prof. De Wet se leerlinge;
3. prof. De Groote het nog altyd die begeerte gehad om te dirigeer en kamermusiek te beoefen."³³

3.2.2.4.2 Samewerking van die pers word verkry

"Nadat prof. De Groote die pos aanvaar het, en hy sy bedanking

by die Kaapstadse Universiteit ingedien het, het die storm in die Kaapstadse pers (oor die verhuising van die De Grootes na Bloemfontein) losgebars. Intussen moet die Senaat die aansoek op 19 September bespreek en dit sal 'n geweldige verleentheid skep as die nuus in die Vrystaatse koerante uitlek en dit gepubliseer word. Ons moes inderhaas na Die Volksblad gaan en vra dat die nuus nie gepubliseer word nie. Gelukkig het die nuus nie uitgelek voor die sitting van die Senaat nie," aldus dr. Henkins.³⁴

3.2.2.4.3 'n Brief van prof. Swanepoel aan die Registrateur

Om die aanstelling van prof. De Groote te steun, het prof. Swanepoel die volgende brief, gedateer 4 September 1973, aan die Registrateur van die U.O.V.S. gerig:

"Die vier betrekkings vir Strykdosente in die Musiekdepartement word jaarliks gesubsidieer deur die Onderwysdepartement. Omdat die toekoms van die subsidie onseker geword het vanweë die ontwikkeling by die Onderwysdepartement t.o.v. onderrig in orkesinstrumente, het die benoemingskomitee van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte by die P.U.K. aanbeveel dat geen benoeming gemaak word alvorens duidelikheid oor die toekoms van die vier poste verkry is nie.

"Intussen het 'n komitee onder voorsitterskap van mnr. Liebenberg, die Provinsiale Sekretaris, beraadslaag oor die noodsaaklikheid van die voorsiening van orkesdienste aan die Vrystaat. Alle onderhandelinge met instansies soos die S.A.U.K. het geen vrug afgewerp nie. Die huur jaarliks van die Durbanse Simfonie-orkester lewer ook groot organisatoriële probleme.

"Die gedagte het toe ontstaan om met die beskikbare leerkragte vir orkesinstrumente 'n semi-professionele orkester te begin. Dit is moontlik om op 1 Januarie 1974 'n funksionerende orkester van ongeveer 40 lede te hê in die Vrystaat wat in alle orkesterbehoefte sal kan voldoen. Die Administrateur het sy steun aan hierdie ondernemings toegesê.

"Om die saak te laat slaag, sou dit egter noodsaaklik wees om

die regte persoon te vind om die verantwoordelikheid te dra. Die persoon moet 'n ervare, bekwame onderwyser, en 'n erkende dirigent wees. Daarbenewens moet hy oor die persoonlikheids-eienskappe beskik om leiding te kan neem en die samewerking van sy kollegas te verkry. 'n Persoon wat (so ver ons kennis strek) hierdie eienskappe besit, is mnr. Pierre de Groote, tans Senior Lektor aan die College of Music, Universiteit Kaapstad.

"Met die medewete van die Rektor en die Administrateur het die Departement Musiek met mnr. De Groote gesels. Hy is bereid om die vakante Senior Lektoraat aan die Musiekdepartement te aanvaar, en op te tree as dirigent van die te stigte Vrystaatse orkes.

"Hiermee versoek die Departement Musiek beleefd dat sy aanstelling goedgeunstiglik oorweeg word omdat die hele onderneming t.o.v. onderrig in orkesinstrumente en die voorsiening van die noodsaaklike orkesdienste grootliks bevorder sal word deur sy koms hierheen...

"(Die vereiste aanstellingsprosedure sal via Fakulteit en Senaat in sy geval gevolg kan word.)

"Ek mag net terloops meld dat mnr. De Groote die bekendste viololonderwyser in Suid-Afrika is. Violiste soos Derek Ochse, Alan Solomon, Vincent Fritelli, Jurgen Schwietering ens. is almal oud-leerlinge van hom. Sy koms hierheen sal vir die musieklewe in die Vrystaat geweldig baie beteken..."³⁵

3.2.2.4.4 'n Haakplek rondom die De Groote-aanstelling

Volgens dr. Henkins het daar egter 'n verdere haakplek rondom die aanstelling van prof. De Groote ontstaan. "Hy is 'n Belg en 'n Rooms-Katoliek. Dit is onmoontlik om 'n betrekking as dosent aan die U.O.V.S. te bekom wanneer jy 'n Rooms-Katoliek is. Die situasie is gered deur die feit dat mev. De Groote sowel as hul kinders N.G.-lidmate is, asook dat prof. De Groote nie 'n aktiewe Rooms-Katoliek is nie."³⁶

3.2.2.4.5 Die Senaat keur die aanstelling goed:
'n Persberig

Nadat die aanstelling deur die Senaat goedgekeur is, kon die volgende berig onder die opskrif "Pierre de Groote kom na Bloemfontein" in Die Volksblad van 21 September 1973 gepubliseer word: "Pierre de Groote, senior lektor aan die S.A. Kollege vir Musiek aan die Universiteit van Kaapstad, is pas aangestel as senior lektor in viool aan die U.O.V.S. Die aanstelling geld van 1 Januarie 1974 af.

"Mnr. De Groote wat in Brussel gebore is en in 1947 na Suid-Afrika gekom het, was in die jare vyftig leier van die Johannesburgse Stadsorkes.

"In 1961 is hy aan die Musiekkonservatorium op Stellenbosch aangestel en vier jaar later aan die Universiteit van Kaapstad.

"Sy vier oudste seuns is almal professionele musici. Die gesin het in 1969 'n ensemble gevorm en 'n toer deur België, Nederland, Wes-Duitsland en Switserland onderneem.

"Mnr. De Groote het meer as dertig jaar ervaring van orkestrale bedrywighede as speler, solis en dirigent.

"Hy is getroud met Hermina Verster, 'n oud-leerling van Victor Pohl. Sy het gematrikuleer aan die Sekondêre Skool Sentraal in Bloemfontein."³⁷

3.2.3 Fase drie: 'n Voorlopige orkestekomitee word
aangestel

Nadat die aanstelling van prof. P. de Groote as dirigent van die te stigte orkes deur die SUKOVS-Uitvoerende Bestuur tydens 'n vergadering op 15 Oktober 1973 goedgekeur is, is daar tydens dieselfde vergadering 'n voorlopige adviserende komitee vir orkeste aangestel, bestaande uit: prof. C. Swanepoel (voorsitter), mev. L. Pretorius, dr. P. Yutar, mnr. F. Louw en mnr. F.W. Liebenberg. Die funksie van die komitee sou wees om aanbevelings aan die Raad te doen oor die finansiële

en administratiewe implikasies van die SUKOVS-orke, sowel as die O.V.S.-Jeugstrykorkes, en later die Jeugsimfonie-orke, die Hout- en Koperblaasorkeste indien daartoe versoek. Tydens die eerste vergadering van die komitee, gehou op 17 Oktober 1973, het die voorsitter almal verwelkom en die wens uitgespreek dat dié dag 'n historiese datum sal word. Mnr. Liebenberg het daarop gewys dat die moontlikheid van 'n orke ontstaan het as gevolg van die aantal musiekdosente verbonde aan die U.O.V.S., en leerkragte van die Onderwysdepartement wat hulle in die O.V.S. sal bevind. "Hierdie personeel word aangestel op die voorwaarde dat hulle beskikbaar is om in so 'n orke op te tree." Die Voorsitter het verder verduidelik dat orkeslede afsonderlik deur SUKOVS gekontrakteer sal word om in die orke op te tree en dat SUKOVS geen beheer oor hulle as leerkragte sou hê nie. "SUKOVS staan onder geen verpligting om van die leerkragte van die U.O.V.S. of die Onderwysdepartement gebruik te maak nie, maar genoemde leerkragte staan wel onder verpligting om in die SUKOVS-orke op te tree, indien hulle benodig word."

Tydens die tweede vergadering wat op 6 November gehou is, is die volgende salarisskale vir orkeslede aanbeveel:

Dirigent	:	R200,00 per maand
Leier	:	R150,00 per maand
Onderleier en hoofspelers	:	R120,00 per maand
Gewone spelers	:	R100,00 per maand
Semi-professionele spelers	:	R 50,00 tot R 90,00 per maand
Ekstras per geleentheid	:	Erkende fooie per repetisie en uitvoering. ³⁸

(Die salarisskale word gereeld aangepas om tred te hou met die huidige inflasiekoers.)

3.3 'N SIMFONIEORKES KOM TOT STAND

3.3.1 'n Persverklaring

Namate samesprekings oor 'n beplande orkes 'n gevorderde stadium bereik het, het die Vrystaatse Administrateur, adv. G.F. van L. Froneman op 23 November die volgende persverklaring uitgereik:

"'n Volle simfonie-orke gaan in 1974 in die Vrystaat op die been gebring word en mnr. Pierre de Groote, bekende violis en senior dosent in Musiek aan die Vrystaatse Universiteit, is reeds aangewys as inwonende dirigent, het die Vrystaatse Administrateur, adv. G.F. van L. Froneman, voorsitter van SUKOVS, vandag in 'n persverklaring bekend gemaak.

"Adv. Froneman sê 'n werwingsveldtog om verskillende instrumentaliste te bekom, is aan die gang en volgens kenners is dié wat tot dusver gewerf is, uitmuntende musici...

"Na verskeie samesprekings het SUKOVS oorgegaan tot die stigting van 'n adviserende komitee onder voorsitterskap van prof. C. Swanepoel van die Vrystaatse Universiteit. Deur die samewerking van die Administrasie, U.O.V.S. en SUKOVS is besluit dat die Administrasie en die U.V. sekere aanstellings op hul diensstate sal maak.

"Die diensvoorwaardes is so dat elkeen in 'n musiekonderrigpos hom ook beskikbaar moet stel vir diens in die orkes, indien hy daarom gevra word. Elke lid van die orkes sal ekstra vergoeding van SUKOVS ontvang. Instrumentiste wat dan nog ontbreek vir die samestelling van 'n volwaardige orkes, sal uit plaaslike musici gewerf word. SUKOVS sal die orkes administreer.

"Die Uitvoerende Komitee het dit as beleid aanvaar dat musiekonderrig op 'n breër grondslag moet geskied en gevolglik is verskeie musiekonderrigposte aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege en in die Administrasie se onderwyspersoneel geskep en gevul...

"'n Bykomende pos van Inspekteur van Musiek is geskep en dié persoon sal hoofsaaklik gemoeid wees met die koördinering van die werksaamhede van instrumentiste in die Administrasie

se diens.

"SUKOVŠ het, volgens die verklaring, 'n groot behoefte aan 'n volwaardige orkes en moet jaarliks duisende rande betaal om een van elders te bekom...Dit het nie geslaag nie en daar is nou besluit dat 'n volle simfonie-orkes deur SUKOVŠ, die Administrasie en die U.O.V.S. saamgestel sal word"³⁹

3.3.2 'n Krisissituasie rondom die instrumentiste se aanstellings

Alhoewel dit gelyk het asof sake uiters gunstig verloop het vir die stigting van 'n orkes, het daar teen die einde van 1973 'n onvoorsiene krisissituasie opgeduik: Prof. J.J.K. Kloppers en mnr. D.I.C. de Villiers het op Jan Smutslughawe met mnr. Grujon voormalige hoof-fluitspeler van die S.A.U.K.-orkes, 'n onderhoud gevoer oor die moontlikheid van sy aanstelling as instrumentis-dosent aan die O.V.S.-Onderwysdepartement. Mnr. Grujon het hulle meegedeel dat hy daarvoor sal nadink, maar draai toe net daar om, gaan na die Transvaalse Onderwysdepartement, en sê dat die O.V.S.-Onderwysdepartement hom soveel en soveel aanbied; hoekom bied Transvaal nom slegs soveel aan. Ter verduideliking moet dit hier genoem word dat daar beplan is dat die nuwe aanstellings, soos in die verlede, weer eens op die Onderwyserskollege se diensstaat geplaas sou word. Net voordat mnr. F. Liebenberg sou aftree, is daar amptelik beswaar aangeteken deur die Transvaalse Provinsiale Administrasie oor die Instrumentaliste wat by skole les gee, maar nie onderwysers is nie en Onderwyserskollege-salarisse ontvang. Weens hierdie aksie het die hele beplanning gedreig om in duie te stort, want die instrumentiste kon nie as onderwysers aangestel word nie, omdat hulle nie aan die kriteria van gekwalifiseerde onderwysers voldoen het nie, en mededigende salarisse ook nie betaal sou kon word nie. Na heelwat beraadslaging is daar met die briljante idee gekom om die instrumentiste op die Provinsie se Algemene Diensstaat te plaas. In die ordonnansies van die Provinsiale Administrasie van die O.V.S. bestaan daar 'n Algemene Diensstaat, waaroor die Administra-



Prof. Pierre de Groot

teur vrye seggenskap het. Hy kan daarop aanstel wie hy wil, sonder salaris-beperkinge, met die gevolg dat die bestaande poste by die Onderwyserskollege gesluit is, en al die instrumentiste in diens van die Onderwysdepartement van 20 November 1973 af op die Algemene Diensstaat geplaas is. Nadat hierdie knelpunt so uit die weg geruim is, kon daar geadverteer word. Uitstekende aansoeke is ontvang, want die moontlikheid om + drie inkomstes te ontvang, het as lokmiddel gedien.⁴⁰

3.3.3 Die De Grootes arriveer in Bloemfontein

3.3.3.1 'n Koerantberig

Na die aankoms van die De Grootes in Bloemfontein, het die volgende berig in Die Volksblad van 14 Januarie 1974 onder die opskrif "Nuwe dirigent vir O.V.S. vol geesdrif" verskyn: "'n Knap musikus, vol geesdrif vir die taak wat vir hom voorlê, 'n aangename en gesellige mens - Pierre de Groote, dirigent van Bloemfontein se nuwe simfonie-orkester wat reeds gevorm is en binnekort begin repeteer.

"Mnr. De Groote wat in België gebore is en grootgeword het, kom uit 'n gesin waar musiek as't ware die daaglikse brood was.

"Sy moeder was 'n pianis en komponis, die eerste vrou in België wat 'n prys vir komposisie verwerf het; sy vader, 'n offisier wat die koningskinders van België onderrig het, het klavier gespeel vir plesier; sy oudste broer, Maurice, is lektor in sang aan die Musiekkonservatorium in Luik; sy tweede oudste broer, Lucien, is dirigent van 'n orkester in Charleston, Suid-Carolina, Amerika, en sy suster, Elizabeth, is 'n sangeres.

"Hy self het aan die Konservatorium in Brussel gestudeer, waar hy verskeie pryse gewen het, onder meer ook virtuositeitsdiplomas vir viool en kamermusiek, en daarná hoof-violis van die Nasionale Orkester in Brussel geword het...

"Van 1933 tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het hy in die kwartet van die bekende Gertler gespeel...

"Dit was egter moeilike jare in Europa en in 1947 het mnr. De Groote na Suid-Afrika geëmigreer waar hy leier van die Johannesburgse Stadsorkes geword het en ook as dirigent vir skoolkonserte opgetree het.

"Met die ontbinding van die orkes het hy na Stellenbosch verhuis om lektor in viool aan die Stellenbosse Musiekkonservatorium te word. In dié tyd het hy en sy seuns oral in die land konserte gegee as die De Groote-gesinsensemble. In 1965 is hy as senior lektor aan die Musiekkollege van die Kaapstadse Universiteit aangestel, waar hy sy eie orkes gehad het...

"Sy kinders - al ses van hulle - het hul vader se musiek talent geërf. Die oudste seun, André, 'n pianis, is professor aan die Brusselse Musiekkonservatorium; Oliver, die tweede oudste, is eerste klarinettis in die KRUIK-orkes in Kaapstad; Philip, 'n tjellis, speel vir die Chilingirian-kwartet in Engeland, 'n groep jong musici wat pas aangestel is as resident-kwartet van die Universiteit van Liverpool; Steven is pianis in Philadelphia; Tessa sy tienjarige dogter, speel klavier en die jongste kind, die negejarige Pierre, speel tjello.

"Mnr. De Groote se eerste vrou, wat in 1960 oorlede is, was self 'n uitmuntende violis. Sy tweede vrou, Hermina, is 'n oud-Bloemfonteiner wat in Johannesburg 'n viool leerling van mnr. De Groote was, in die S.A.U.K.-orkes gespeel het, met 'n beurs van UNISA in Wenen gestudeer het en toe later in Kaapstad skool gehou het waar sy mnr. De Groote weer ontmoet het.

"Mev. De Groote, 'n opgeleide bibliotekaresse, het reeds by SUKOVŠ begin werk as bibliotekaresse van die simfonie-orkes. Sy gaan ook in die simfonie-orkes speel.

"Oor die orkes in Bloemfontein is mnr. De Groote baie geesdriftig. Daar is reeds genoeg lede aangestel vir 'n volle simfonie-orkes, onder andere vyftien vioolspelers, maar daar is nog mense nodig wat altviool, tjello en basviool speel. Die blaasinstrumente is redelik volledig...

"Repetisies begin teen die einde van Januarie, in die Odeion by die U.V. Omdat die meeste orkeslede ander beroepe ook het - meestal in die musiekwêreld - sal saans gerepeteer moet word. Mnr. De Groote wil die debuut-konsert van die orkes so gou as moontlik na die eerste repetisies reël...

"Hy het byvoorbeeld geen oudisies gehou nie, maar met die aanstelling van lede staat gemaak op die mening van mense wat hy ken, soos prof. Chris Swanepoel, hoof van die U.V. se Musiekdepartement en mnr. Sean Kierman, van die Vrystaatse Onderwysdepartement.

"Hy meen oudisies help nie veel nie - jy weet nie of die speler 'n passiewe of aktiewe mens is nie, of hy in 'n orkes met ander sal kan saamwerk, of hy 'n aangename orkeslid sal wees nie..."⁴¹

Hierdie ongewone opinie was waarskynlik 'n aanpassing by die feit dat daar in elk geval weinig professionele orkesspelers beskikbaar sou wees. Daar was inderdaad nie 'n groot aantal spelers om van te kies en te keur nie, met die gevolg dat al die beskikbare spelers noodwendig in die orkes opgeneem moes word.

3.3.4 Repetisies neem 'n aanvang

Nadat die orkes teen die einde van Januarie met repetisies begin het, het daar teen die einde van Februarie die volgende berig onder die opskrif "Vrystaatse Simfonie-orkes kom mooi op stryk" in Die Volksblad verskyn: "Die Vrystaat se eerste volwaardige simfonie-orkes, die SUKOVs-simfonie-orkes, is nou goed op dreef en die program vir die eerste openbare uitvoering op 28 Maart in Bloemfontein is klaar gedruk en word nou deur die orkes en solis instudeer.

"Volgens mnr. Fred Sharp, skakelbeampte van SUKOVŠ, is die samestelling van die orkes besonders in die opsig dat dit uit drie groepe professionele musici bestaan, nl., leerkragte wat deur die Vrystaatse Onderwysdepartement en die Vrystaatse Universiteit aangestel is, ander professionele musici wat sover as Maseru" (hy verwys hier na mnr. Jean-Christophe Laederach, voormalige lid van die L'Orchestre de la Suisse Romande) "en Kimberley kom vir repetisies, en studente en leerlinge wat so 'n gevorderde standaard bereik het dat hulle by die orkes ingesluit kon word.

"As konsertmeester is Jonas Pieters en Jan van den Berg, dosente aan die U.V., aangewys en die solis vir die eerste uitvoering is die bekende Amerikaanse pianis, Lamar Crowson, wat tans in Kaapstad woon.

"'n Goeie balans tussen ervare, ouer musici wat as leiers van die verskillende instrumentegroepe in die orkes optree en jonger musici wat reeds ervaring van orkeswerk in jeugorkeste opgedoen het, is by die samestelling bewaar.

"Volgens mnr. Sharp was die Vrystaat gelukkig om nou die vrugte te pluk van beleggings wat jare gelede gemaak is toe die Vrystaatse Jeugorkes en die Jeug-blaasorkes gestig is. Lede van hierdie jeugorkeste het nou reeds so 'n gevorderde standaard bereik dat hulle in die nuwe simfonie-orkes opgeneem kon word en dit was dus nie nodig om te swaar te leun op 'ingevoerde' musici nie..."⁴²

3.3.5 Die debuut-optrede voor 'n uitgenooide gehoor

3.3.5.1 'n Koerantberig

Die eerste optrede van die nuut gestigde orkes is op 26 Februarie 1974 voor 'n uitgenooide gehoor gelewer. Die volgende berig wat na die debuut-voorkonsert in Die Volksblad verskyn het, getuig van 'n geregverdigde trots: "Teenwoordig, ener syds by 'n geboorteplegtigheid, dié van 'n splinternuwe simfonie-orkes - en andersyds by 'n mondigwordingseremonie - dié van Bloemfontein as 'n volwaardige musiek sentrum in

die volle sin van die woord...dit was die aangename voorreg van die vierhonderd genooide gaste wat gisteraand in die Odeion die debuut-voorkonsert van die SUKOVS-simfonie-orke bygewoon het.

"Die swierig geklede gehoor het voor die konsert nadenkend en gedemp die onbekende moontlikhede van die orke in die voorportaal bespreek; tydens die pouse was reeds merkbare verbasing en genoegdoening op baie gesigte te lees, en by die aangename vonkelwyn - onthaal na afloop van die verrigtinge is stralende glimlagte oral gesien...

"Want vir almal, leek sowel as kenner, was dit duidelik dat die uitvoering 'n groot sukses was, dat die dirigent dit reg gekry het om binne 'n ongelooflike kort vier weke die drie-en-veertig orkesspelers in 'n homogene geheel saam te snoer en dat hier 'n aand belewe is waarna in lengte van dae terug verwys sal word.

"In 'n kort maar indringende toespraak by die onthaal het die Vrystaatse Administrateur, adv. G.F. van L. Froneman, hulde gebring aan die vergesig en samewerking van die Vrystaatse Universiteit, SUKOVS en die Provinsiale Administrasie, waarsonder hierdie orke nie tot stand sou gekom het nie. Baie mense en instansies het hul deel bygedra, maar, het hy gesê, die name van die gewese Provinsiale Sekretaris, mnr. Frik Liebenberg en van prof. Chris Swanepoel, hoof van die Universiteit se Musiekdepartement, sal veral in hierdie verband onthou word.

"Mnr. De Groote het in sy toespraak die spanwerk van sy spelers geloof en die belangrike feit onderstreep dat hierdie orke uniek is in die opsig dat so 'n groot persentasie van die lede mense is wat dosente by skole of aan die Universiteit is en dus 'n veel meer permanente orkesgemeenskap vorm as wat die geval by ander simfonie-orkeste is.

"Die konsert sal op 28 Maart voor 'n openbare gehoor herhaal word, d.w.s. die Egmont-ouverture van Beethoven, dieselfde komponis se vierde klavierkonsert met Lamar Crowson as solis

en Sibelius se tweede simfonie.

"Met Pierre de Groote aan die spits, met twee knap konsertmeesters in Jonas Pieters en Jan van den Berg en met die volgehoue steun van elke musiekkliefhebber in die Vrystaat behoort die SUKOVS-Simfonieorkes van krag tot krag te gaan."⁴³

3.3.6 Name van die SUKOVS-orkeslede

Die name van die orkeslede tydens die geskiedkundige optrede was as volg:

Virole:

Jan van den Berg / Jonas Pieters (konsertmeesters)

Francois Henkins (hoofspeler 2^e viole)

Richard Reid

Marilyn van den Berg

William Burton

Anna van Niekerk

Elizabeth Kliem

Marianne Malan

Deon Schoombie

Elrieda Swanepoel

Micheline de Swart

Elmarie Louw

Altviole:

Hermina de Groote (hoofspeler)

Jean-Christophe Laederach

Marie Meijer

Pieter Badenhorst

Tjello's:

Michael Haller (hoofspeler)

Bettie van Wyk

Tilla van Wyk

Frederick Fourie

Kontrabasse:

Frank Scott-Tomlin (hoofspeler)

Ray D'Erbee

Fluite:

Wendy Haller (hoofspeler)

Louise Malherbe

Hobo's:

Frans Conradie (hoofspeler)

Annemarie Weis

Klarinette:

Heinrich Armer (hoofspeler)

Marguerite Schoeman

Fagotte:

Charles Howell (hoofspeler)

Elza Botha

Horings:

Sean Kierman (hoofspeler)

Tony Ezendam

Johann Zietsman

Johan Marais

Trompette:

Chuck Few (hoofspeler)

Steve Gibbs

Johan Pretorius

Trombone:

Ernest Osman (hoofspeler)

Henning Jacobs

Francis Smit

Tuba:

Tobie van Heerden

Pouke, Slagwerk:

Ann Few

Christian Ashley-Botha.⁴⁴

3.3.7

Die eerste openbare optrede: 'n Resensie

Met die debuut-voorkonsert-lofrede as agtergrond, is die eerste openbare optrede van die orkes op 28 Maart gehou. Soos verwag kan word het die volgende positief en opbouende resensie in Die Volksblad van 29 Maart onder die opskrif "SUKOVS-orkes toon groot moontlikhede" verskyn: "Die mooi eerste indrukke wat die nuwe SUKOVS-Simfonieorkes enkele weke gelede met sy voorkonsert gelaat het, is gisteraand voor 'n stampvol Odeion met sy eerste amptelike uitvoering verstewig.

"Steeds is die man aan die spits, dirigent Pierre de Groote, se sieninge ortodoks, is sy hantering van sy orkeslede ferm en kry hy dit meestal reg om sy numeries karige, maar eerste-rangse span strykers nie deur die kragtige koperblasers te laat oorheers nie.

"Tog was daar by die aanvangsnommer, 'n andersins knap uitgevoerde Egmont-ouverture (Beethoven), enkele slordige intredes en soms onritmiese polsslae. Dié slag was die houtblaasgroep veel nader aan 'n ideale intonasie as by die vorige optrede, hoewel 'n mens darem 'n nog ronder klank by die hobo's sou verwelkom.

"By die eerste deel van Beethoven se vierde klavierkonsert in G (solis Lamar Crowson) was daar weer 'n paar trae invalle, maar die geheelbeeld was nietemin een van virtuose spel, soepelheid en diepe insig in die wese van die werk deur die solis en raak, positiewe meelewing deur die orkes. Dinamiese kontraste was gemotiveerd, die aangewende tempi rustig sonder om sleperig voor te kom en die gesamentlike nuansering van klavier en orkes voorbeeldig. En was dit nie 'n louter vreugde om Crowson se pedaalgebruik aan te hoor nie!

"Die innige Andante is meesterlik vertolk en die blitsige Finale het bykans foutloos verloop.

"As daar ooit 'n simfoniese deel is wat enige orkestrale swaakheid genadeloos blootlê, is dit die aanvangsdeel van die

Sibelius nr. 2. Die jong orkes het hier 'n paar bitter onsekere oomblikke oorleef, maar hulle het voortgegaan, gesteun deur uitmuntende stryker- en (soms te?) entoesiastiese sonore blaserklank, om 'n indruk van homogene, meestal getemperde en, ten slotte opwindende klankrykheid daar te stel.

"Hierdie orkes het baie moontlikhede. Hy's 'n mengsel van gesoute beroepsmusici en voortreflike jeugdige. Gesteun deur 'n simpatieke publiek en gelei deur die ervare Pierre de Groote kan daar vir hom groot dinge voorlê."⁴⁵

3.3.7.1 Kommentaar op die resensie

Soos in die geval met die Strykkwartet-resensies is hierdie bostaande resensie vanuit pioniersomstandighede geskryf. As illustrasie hiervan word die volgende bostaande uitsprake aangehaal: "...eersterangse span strykers..." is 'n groot woord, veral vir "slordige intredes en soms onritmiese pols-slae..." en "bitter onsekere oomblikke..." en so aan. Hierdie uiters positief, opbouende en soms blindelingse aanprysings is die kern van die wyse waarop die Strykkwartet en die Simfonieorkes vertroetel en verpleeg is. Geen ander artistieke aktiwiteit in Suid-Afrika is seker al ooit so innig gekoester nie.

Kasset no. 3, kant a, bevat 'n gedeeltelike opname van die Simfonie no. 2 van Sibelius, wat tydens die historiese optrede van 26 Februarie 1974 deur die SUKOVŠ-Simfonieorkes uitgevoer is.

3.4 VERWYSING NA DIE VERHANDELING VAN E.C. LABUSCHAGNE

Vir volle besonderhede oor programsamestellings van die simfoniekonserte; minder uitvoerings buite Bloemfontein; 'n buitelig-simfoniekonsert op die Vrystaatstadion; die eerste optrede van die SUKOVŠ-Simfonieorkes buite die Vrystaat, sowel as die eerste gasdirigent wat saam met die orkes opgetree het, sien die verhandeling van E.C. Labuschagne: Die agter-

grond en musiekaktiwiteite van SUKOVS vanaf sy ontstaan tot en met 1979. (M.A. Mus.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Jan. 1982) pp.279-301.

3.5 PROBLEME RONDOM DIE BEGELEIDING VIR OPERA

3.5.1 Die orkes is na sy stigting nie beskikbaar vir begeleiding nie

Soos reeds vermeld moes SUKOVS afhanklik wees van die Durbanse Simfonieorkes vir begeleidingsdoeleindes. Hierdie reëling het egter heelwat probleme opgelewer. Na die stigting van die Vrystaatse Simfonieorkes het hierdie stand van sake weens verskeie redes voortgeduur. Nadat die Adviserende Komitee vir Orkeste tydens 'n vergadering op 6 Desember 1973 aanbeveel het "dat 'n verdere besluit ten opsigte van die optrede van die SUKOVS-Simfonieorkes vir opera na die eerste operaseisoen in 1975 geneem sal word,"⁴⁶ is die aanleentheid weer tydens 'n SUKOVS-Uitvoerende Bestuursvergadering op 20 Mei 1974 te berde gebring. Tydens die vergadering het die Voorsitter, adv. G.F.v.L. Froneman "gemeld dat die orkes in die lewe geroep is om o.a. SUKOVS gedurende die opera-seisoen te bedien. Alhoewel dit besef word dat daar praktiese probleme gedurende die inisiële tydperk is, word dit aanvaar dat die orkes gedurende 1976 gereed behoort te wees om vir die operas beskikbaar te wees..."⁴⁷

3.5.2 Die Operakomitee benodig die orkeslede vir die 1976-operaseisoen

Die Adviserende Komitee vir Orkeste het tydens 'n vergadering op 4 Augustus 1975 besluit om 'n versoek van die Operakomitee om 'n klein deel van die orkes, in kostuums op die verhoog, vir die 1976-operaseisoen te gebruik, toe te staan.

3.5.2.1 Die orkeslede reageer nie op die versoek nie

Tydens 'n buitengewone vergadering van die Adviserende Orkestekomitee wat op 1 Desember 1975 gehou is, het die Direkteur na die optrede van orkeslede in die orkes op die verhoog met

die aanbieding van die 1976-operaseisoen verwys. "Lede het nie gereageer op sy briewe waarin hulle versoek is om op te tree nie. 'n Poging is aangewend om 'n orkes uit bereidwillige persone saam te stel maar die jong spelers wat bekom is, was te jonk om in so 'n soldate-orkes op te tree. Daar word nou gebruik gemaak van 'n foporkes met volwasse persone." Die Direkteur het verder die probleme wat ten opsigte van die verhuring van die Durbanse Simfonieorkes ondervind word, geskets. "Laasgenoemde orkes kos tans R12,000 meer as twee jaar gelede...Indien die O.V.S.-Simfonieorkes vir opera kon speel, sou die las aansienlik verlig word, maar die lede sal vir ses weke aan die begin van die eerste skoolkwartaal voltyds beskikbaar moet wees vir repetisies en sal ekstra vergoeding moet ontvang omrede daar nie genoeg speelbeurte volgens hulle kontrak beskikbaar sal wees nie..."

3.5.3 Die Adviserende Orkestekomitee besluit dat die orkes nie die begeleiding kan waarneem nie

Die praktiese uitvoerbaarheid van die gebruik van die O.V.S.-Simfonieorkes vir opera is verder tydens die bovermelde vergadering breedvoerig bespreek. "Aangesien die orkeslede nie voltyds in die orkes speel nie, blyk dit dat daar geen moontlikheid bestaan om die O.V.S.-Simfonieorkes onder die huidige omstandighede vir opera te gebruik nie. Die komitee besef dat die leerkragte nie beskikbaar kan wees vir opera-orkes-repetisies aan die begin van die jaar nie.

"Die komitee besluit dus dat die orkes prakties nie in die toekoms vir opera gebruik kan word nie."⁴⁸

3.5.3.1 Die redes

Aangesien die meeste ernstige musici nie graag in 'n orkesbak wil gaan sit nie, tesame met die feit dat die leerkragte wat in begeleidingsorkeste gebruik sou word (wat ook die platteland sou bedien) nie gedurende dié tydperk les sou kon gee nie, het veroorsaak dat die O.V.S.-Simfonieorkes-lede nie gretig was om op daardie stadium die begeleidings waar

te neem nie. Ongelukkig is dit ook nie in die dienskontrak van die O.V.S.-Onderwysdepartement se instrumentiste beskryf dat hulle vir begeleidings beskikbaar moes wees nie. Die onderstaande aanstellingsbrief dien as voorbeeld:

"Dear Mr...

1. I have pleasure in appointing you as Senior Instrumentalist in the General Provincial Service, Bloemfontein, under the O.F.S. Department of Education, as from 1 March 1977, in a temporary capacity for an indefinite period, at a salary of R... per annum, according to the scale... plus 10% pensionable allowance.
2. In addition to the General Service Regulations as approved by the Executive Committee, your appointment is also subject to the following conditions of service:
 - (a) You are required -
 - (i) to give tuition to pupils at various schools for a certain number of hours per week, as circumstances require and determined by the Director of Education;
 - (ii) to assist with the development of the Youth Symphony Orchestra and to take part therein personally; and
 - (iii) to make your services available to the University of the O.F.S. as a part-time lecturer as Instrumentalist and to take part in the fully developed Symphony Orchestra at extra remuneration.
 - (b) For leave purposes the school holidays as set out in the school calendar will be applicable, but your services must be available at any time when required.
 - (c) From 1 March 1977 you will be admitted as a contributor to the Government Employees' Provident Fund and Unemployment Insurance Fund.

- (d) This contract is terminable on twenty-four hours notice and shall take effect at any time, whether during or at the end of a month, but shall not expire on a day of rest..."⁴⁹

3.5.4 Die Durbanse Simfonieorkes is nie beskikbaar vir die 1977-operaseisoen nie

3.5.4.1 SUKOVS beplan om lede van die O.V.S.-Simfonieorkes te gebruik

SUKOVS was dus verplig om voort te gaan om die Durbanse Simfonieorkes vir sy operaseisoen in te voer. Omdat dié orkes nie vir die 1977-operaseisoen beskikbaar was nie, tesame met die verhoogde vergoeding van R500 na R2,000 per aand, het SUKOVS tydens 'n vergadering van die Adviserende Komitee vir Orkeste op 3 November 1975 die komitee meegedeel dat hy beoog om die O.V.S.-Simfonieorkes vanaf 1977 as opera-orkes te gebruik. Die Ondervoorsitter, mnr. J.D. Marx, destydse Provinsiale Sekretaris, het tydens dieselfde vergadering daarop gewys dat indien die bestaande orkes nie vir opera kan of wil speel nie, die Provinsiale Administrasie die O.V.S.-Simfonieorkes moontlik nie verder sal kan subsidieer nie.⁵⁰

3.5.4.2 Die instansies maak toegewings

Prof. Swanepoel het die Adviserende Komitee vir Orkeste tydens 'n vergadering op 7 Junie 1976 meegedeel dat die aangeleentheid op Vrydag 11 Junie met die orkeslede bespreek sou word. Hy het die vergadering as volg oor die probleme en vorderings i.v.m. die beskikbaarheid van die O.V.S.-Simfonieorkes vir Opera-aanbiedings ingelig: "Aangesien die bestaande O.V.S.-Simfonieorkes uit skoliere, studente en voltydse dosente bestaan, is dit uiters moeilik om hulle vir Opera-aanbiedings te gebruik...Danksy die goeie samewerking en tegemoetkoming van al die betrokke instansies, nl. die Departement van Onderwys, die Operakomitee van SUKOVS en die Orkeskomitee, is die Voorsitter van mening dat 'n uitvoerbare formule verkry is vir volgende jaar.

"Eerstens het die Direkteur van Onderwys ingewillig om orkeslede wat in diens van die Onderwysdepartement is, op sekere datums vry te stel van onderwysdienste sodat hulle nie oorbelas sal word wanneer hulle die aand vir opera moet speel nie. Mnr. Willem Coetzee het persoonlik te kenne gegee dat die program soos dit uiteindelik gefinaliseer is, goedgekeur en die mense tegemoetgekom sal word. Dit sal meebring dat skoliere wat in die loop van die jaar omtrent 70 lesse sou ontvang, nou ongeveer 64 sal hê - 'n vermindering waarin die ouers geken sal word. Die Operakomitee het 'n toeweging gemaak om volgende jaar slegs een opera, naamlik Die Huwelik van Figaro aan te bied in plaas van twee aanbiedings soos oorspronklik beplan..."⁵¹

3.5.4.3 Sake verloop gunstig - lede van die orkes sal die 1977-operabegeleiding waarneem

Sake het redelik vlot verloop en tydens 'n vergadering van die Orkestekomitee op 8 September 1976 is aangekondig dat baie lede van die orkes op ad hoc-basis wel vir die 1977-operaseisoen sou speel. Die orkeslede sou nie ekstra vergoeding daarvoor ontvang nie aangesien die speel vir opera deel uitgemaak het van hulle kontrakte.⁵²

3.5.4.4 'n Wysiging in die SUKOVIS-kontrak

Waar die vorige SUKOVIS-kontrak met orkeslede nie voorsiening gemaak het vir operawerk nie, is daar tydens 'n vergadering van die Adviserende Orkestekomitee op 2 Augustus die volgende wysiging t.o.v. die 1977-kontrakte goedgekeur: "Item 3.1.: Maximum playing calls per week does not apply during the Opera Season...when the MUSICIAN can be called upon to play more than the maximum four calls per week."⁵³

3.6 DIE ORKESPROGRAM SE VOORTBESTAAN WORD BEDREIG

3.6.1 Die Internasionale Ballet-begeleiding skep probleme

Intussen het daar 'n probleem ontstaan rondom die begeleiding

van die landwye SUKOVS-aanbieding: Ballet Internasionaal. Sommige lede van die O.V.S.-Simfonieorkes is gekontrakteer om vir die ballet-aanbieding in die Vrystaat te speel. Hul optrede het suksesvol verloop. Weens die swak gehalte van die orkes wat in Johannesburg gekontrakteer is, was SUKOVS genoodsaak om sekere lede van die O.V.S.-Simfonieorkes wat in die Vrystaat opgetree het, te nader om vir die res van die balletseisoen in Johannesburg en Kaapstad te speel. Hierdie besluit moes op baie kort kennisgewing geneem word, maar verloop is van die Provinsiale Sekretaris sowel as die Onderwysdepartement en prof. Swanepoel verkry om die lede wat gewillig was om SUKOVS uit te help, toe te laat om vir 'n sekere tyd van hul onderskeie betrekkinge afwesig te wees, onderhewig aan sekere voorwaardes, wat nagekom is. Voordat die versoek aan die lede gerig is, is toestemming egter van prof. De Groot by 'n repetisie gevra om dié versoek tot hulle te rig. As gevolg van die frustrasie wat dié saak veroorsaak het, het die dirigent sy bedanking ingedien.⁵⁴ Om alles boonop te vererger, het SUKOVS gedurende 1975/76 geweldige finansiële probleme ondervind, soveel so dat die voortbestaan van die orkesprogram gedreig het om totaal in duie te stort.

3.6.2 Beperkte SUKOVS-finansies

Uit die volgende uiteensetting ten opsigte van subsidies vir die orkes, wat op 8 Maart 1976 tydens 'n vergadering van die Adviserende Komitee vir Orkeste ter tafel gelê is, blyk dit dat SUKOVS geweldige finansiële tekorte ondervind het:

"Daarvolgens blyk dit dat 'n aanvanklike bedrag van R60,000 met die totstandkoming van die orkes in 1974 betaal is, maar dat geen verdere subsidie vir 1975 beskikbaar was nie en ook nie vir 1976 nie. Die Voorsitter was van mening dat die Administrasie ooreengekom het om jaarliks 'n bedrag van R60,000 vir die orkes te gee en dit blyk nou dat dit nie die geval is nie. Indien die orkes jaarliks 'n subsidie van R60,000 ontvang het, sou die tekort wat nou gewys word, nie bestaan het nie. Dit wil voorkom of daar 'n bedrag van R120,000 aan die orkes verskuldig is, maar die Direkteur wys daarop dat hy slegs aansoek doen vir R72,000, wat die minimum is wat benodig word om die orkes in stand te hou.

"Die Voorsitter vra dat die saak onder bespreking, aan die Uitvoerende Bestuur voorgelê moet word. Die Uitvoerende Bestuur sal dan moet besluit oor die voortbestaan van die orkes..."⁵⁵

3.6.3. 'n Ad hoc-komitee word aangestel om te besin oor die toekoms van die orkes

Nadat die hele aangeleentheid tydens 'n SUKOVS-Uitvoerende Bestuursvergadering op 15 Maart 1976 breedvoerig bespreek is, "is besluit dat 'n ad hoc-komitee saamgestel word om die hele orkesaangeleentheid te ondersoek veral met betrekking tot die finansies, begeleiding vir operas en ballet en die algemene organisasie en administrasie van die orkes."

Die ad hoc-komitee is as volg saamgestel:

Die Direkteur van Onderwys

Die Provinsiale Sekretaris

Prof. C. Swanepoel

Mnr. A.H. Britton

Mnr. S.W. Theron (sameroeper).⁵⁶

3.6.4 Die orkesprogram dreig om in duie te stort

Aangesien dit volgens 'n voorlopige beraming tydens Augustus 1976 gelyk het asof SUKOVS op 31 Desember 1976 met 'n tekort van + R751,300 sou afsluit,⁵⁷ tesame met die feit dat daar heelwat probleme rondom die beskikbaarheid van die orkes vir opera- en balletbegeleiding bestaan het, het SUKOVS nie eintlik belanggestel in die voortbestaan van die O.V.S.-Simfonie-orkes nie. Die hele orkesprogram het verder a.g.v. 'n sterk spanningsgevoel onder die dosentekorps weens administratiewe redes gedreig om in duie te stort. Die finansiële tekort is grootliks toegeskryf aan die Internasionale Balletgeselskap wat 'n tekort van R693,511 vir die twee toere gedurende 1976 getoon het.⁵⁸ Die rede hiervoor was dat die uitgawes baie meer was as waarvoor begroot is, terwyl die inkomste, vanweë verskillende faktore, nie gerealiseer is nie.⁵⁹

'n Mislukking van dié onderneming sou nie slegs 'n ramp vir

die algemene musieklewe in die Vrystaat beteken nie, maar dit sou ook baie swaar wees om in die toekoms weer die hele sisteem op te bou, want die vertroue van die musici sou geskok gewees het.⁶⁰

3.6.5 Die ad hoc-komitee beveel aan dat die orkes onder die U.O.V.S.-administrasie geplaas word

In die lig hiervan, het prof. C. Swanepoel op 'n SUKOVS-Uitvoerende Bestuursvergadering van 15 November 1976 die Bestuur as volg ingelig oor die bevindinge van die ad hoc-komitee: "Dit is duidelik dat die orkes met die huidige samestelling nie kan voortgaan nie. Die gedagte is dat die orkes vir die volgende twee jaar onder die beskerming van die musiekafdeling van die Universiteit sal ressorteer. Beperkte finansiële hulp sal deur die Provinsiale Administrasie aan die Universiteit verleen word..."⁶¹ Prof. C. Swanepoel onthou dat die Universiteit weens die belangrikheid van die kontinuïteit van die opvoedkundige aspek ingestem het om die verantwoordelikheid van die orkes oor te neem.⁶² Die SUKOVS-Uitvoerende Bestuur het tydens 'n vergadering op 21 Februarie 1977 magtiging verleen dat die Universiteit die administrasie van die O.V.S.-Simfonieorkes vanaf 1 April 1977, vir twee jaar, sou behartig.⁶³

Die onderneming het dus nie in duie gestort nie.

3.6.6 Prof. De Grootte bly aan in die nuwe bedeling

"Pierre de Grootte wat oorspronklik in November 1976 bedank het as dirigent, het onder die nuwe bedeling aangebly. Die bedoeling was dat daar gewag moes word op die verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Uitvoerende Kunste voordat 'n finale besluit geneem word oor waar die permanente tuiste van die orkes sou wees.

"In 1977 is een uitvoering van die O.V.S.-Simfonieorkes onder die vaandel van SUKOVS gelewer; voordat die orkes na die Universiteit oorgeplaas is..."⁶⁴

3.7 PROF. DE GROOTE TREE AF

3.7.1 Die redes vir sy vertrek

Na vyf jaar, op aftree-ouderdom, het prof. P. de Groote amptelik aan die einde van 1978 afgetree. Die Universiteit van Kaapstad het hom weer eens 'n betrekking as dosent aangebied, en hy het na Kaapstad verhuis. Die redes vir sy verhuising was as volg:

1. Op daardie stadium het hy jong kinders gehad vir wie hy voorsiening moes maak. Hy sou dit die gerieflikste kon doen as orkeslid in Kaapstad, waar orkeslede voltyds is en leefbare salarisse kry. Weens sy ondervinding in verskeie orkeste, is hy bekend met die hele repertorium van 'n orkes. Orkesspel is verder minder veeleisend as om les te gee.
2. Sy aktiwiteite as dirigent het hoe later hoe meer onsuksesvol geword. Enige vaste dirigent raak mettertyd ongewild. Prof. De Groote was op daardie stadium al 65 en reeds minder energiek. Hy moes laat met repetisies begin, omdat die dissipline in die orkes so slap was, en het gedurig probleme met die koperblasers ondervind: weens die vorm van die Odeion-verhoog, en omdat die koperblasers heel agter gesit het, het hulle geweldig lewendig geprojekteer, met die gevolg dat die strykers (wat in elk geval te min was) oorskadu is. Die koperblasers het dan sterk aanstoot geneem as die dirigent hulle versoek het om sagter te blaas, en hulle beroep daarop dat hulle klankkwaliteit nadelig beïnvloed sou word as hulle met minder volume speel.

3.7.2 'n Gasdirigente-skema word ingestel

Na die bedanking van prof. De Groote het die U.O.V.S. 'n stelsel van gasdirigente ingestel. Hierdie skema het weer voordele ingehou: die orkes is nou die geleentheid gebied om saam met verskillende dirigente op te tree, wat die orkesspel gestimuleer het. Die nuwe stelsel het die Vrystaatse

Simfonieorkes onder die aandag van die dirigente gebring. Nadat SUKOVS weer eens in 1979 die orkes-administrasie oorgeneem het, is daar voortgegaan tot op hede (1982) met dié stelsel.

3.7.3 Twee nuwe aanstellings in die plek van die De Grootes

Nadat die poste van prof. en mev. De Groote vakant geraak het, is hulle in 1979 gevul deur mnr. Derek Ochse (viool) en John Wille (altviool). Albei persone is as senior lektore in musiek aan die Universiteit aangestel en was ook beskikbaar om in die orkes te speel. Mnr. D. Ochse is as vaste konsertmeester aangestel vir so lank as wat die orkes onder die Universiteit sou ressorteer. (Hierdie reëling is later deur SUKOVS voortgesit.)

3.7.3.1 Die voordele

"Ochse as konsertmeester het groter vastigheid gebring in die strykerskorps wat uiteraard die ruggraat van die orkes is. Voorheen is 'n rotasiestelsel ten opsigte van die posisie van konsertmeester gevolg, wat nie bevredigende resultate gelewer het nie. Aanvanklik, na die totstandkoming van die orkes, het Jan van den Berg en Jonas Pieters mekaar as konsertmeesters afgewissel, terwyl Richard Reid, Pierre van Veenhuizen en Francois Henkins later afwisselend waargeneem het as konsertmeesters. 'n Rotasiestelsel kon natuurlik slegs oorweeg word vir 'n orkes wat bestaan uit professionele dosente wat ook deelyds orkes speel. In 'n situasie waar die lede hulle voltyds aan orkesspel wy, sou dit glad nie kan werk nie. Selfs in die genoemde omstandighede was dit egter nie ideaal vir die strykers om telkens weer op ander plekke te sit nie..."⁶⁵

3.8 DIE O.V.S.-SIMFONIEORKES WORD WEER ONDER DIE SUKOVS-ADMINISTRASIE GEPLAAS

Nadat SUKOVS se finansiële posisie gedurende 1978 aansienlik verbeter het, het die Uitvoerende Bestuur tydens 'n vergadering op 25 April 1978 besluit "dat die Bestuur in beginsel bereid

is om die O.V.S.-Simfonieorkes weer vanaf 1 April 1979 onder SUKOVS se beheer te neem..."⁶⁶

3.8.1 Struikelblokke in die weg van die oorname

Daar was egter verskeie probleme waarmee SUKOVS te doen sou hê wanneer die orkes vanaf April 1979 oorgeneem sou word. Op Dinsdag, 31 Oktober 1978 is daar 'n belangrike vergadering belê, om struikelblokke en probleme wat die ander werkgewers raak, te bespreek en om tot 'n onderling aanvaarbare ooreenkoms te probeer kom. Tydens hierdie vergadering het die Voorsitter, mnr. A. Weeber, die vergadering meegedeel dat SUKOVS belangstel in die voortbestaan van die orkes, maar dat die Organisasie voel dat hy met reg versekering kan verlang dat indien die orkes oorgeneem word, dit vir die noodsaaklike dienste van SUKOVS beskikbaar moet wees. Die probleme wat SUKOVS voorsien het en waaroor daar met die Onderwysdepartement en die Universiteit tot 'n vergelyk gekom moes word was:

- "1. Operawerk verg van die orkeslede dat hulle vir twee tot drie weke (aan die begin van 'n skoolkwartaal) aand vir aand beskikbaar moet wees. Vir die vyf tot sewe platelandse aanbiedings arriveer hulle laat snags in die stad terug - vanaf Sasolburg tussen 04h00 en 05h00 in die oggend.

Dit sal dus noodwendig inbreuk op die dosente se normale pligte maak en orkeslede is dus huiwerig om in die opera-orkeste te speel. Om hierdie rede moet telkemale op ad hoc-grondslag vir vergunnings van die Direkteur van Onderwys gevra word vir dosente om aan operawerk deel te neem.

2. Daar is te kenne gegee dat die dosente aan die Universiteit gedurende Oktober op hul besigste is en dit moeilik sal vind om dan aan operawerk deel te neem.
3. Dit kan verstaan word dat dit vir skoliere en studente moeilik sal wees om aan die lang operaspeelvakke deel

te neem sonder om hulle studies te verwaarloos. Hulle bly dus 'n wisselvallige element en die standaard van die orkes se werk is laag omdat baie van die studente dit net nie moontlik vind om orkesrepetisies gereeld by te woon nie.

4. SUKOVS is verder van mening dat die salarisse wat aan orkeslede betaal word reeds te hoog is en kan geen regverdiging daarvoor vind om die aanpassings waarvoor nou gevra word toe te staan nie.

Dit word egter aanvaar dat die salarisse nie nou verminder sal kan word nie.

5. SUKOVS sal sy eie diensvoorwaardes wil bepaal en sal onder andere in sy kontrak daarvoor voorsiening maak dat orkeslede vir simfoniese en vir operawerk beskikbaar moet wees."

3.8.2 Die drie instansies kom tot 'n vergelyk

Na 'n breedvoerige bespreking, het die vergadering as volg akkoord gegaan:

- "(a) dat SUKOVS se operaspeelvakke in die toekoms as volg beplan kan word -

Eerste produksie: Gedurende April/Mei met repetisies wat gedurende die skoolvakansie aan die einde van die eerste kwartaal sal plaasvind.

Tweede produksie: Gedurende Oktober met repetisies wat gedurende die skoolvakansie aan die einde van die derde kwartaal sal plaasvind;

SUKOVS se skedules van repetisies en aanbiedings sal minstens ses (6) maande voor die betrokke speelvak vir inligting aan die Onderwysdepartement en die Universiteit

voorgelê word;

- (b) dat plattelandse aanbiedings van simfoniekonserte gedurende die laaste veertien (14) dae van 'n skoolkwartaal ingepas kan word al sou dit beteken dat studente/skoliere uitgeskakel word;
- (c) dat die kontrakte met die dosente by die Onderwysdepartement, gewysig sal word deur die toevoeging van 'n klousule dat hulle ook in opera-orkeste móét speel; en
- (d) dat die Universiteit moet oorweeg om hulle kontrakte ook te wysig om voorsiening daarvoor te maak dat hulle personeel in die orkes moet speel."⁶⁷

3.8.3 Die O.V.S.-Simfonieorkes word vanaf 1 April oorgeneem

Die SUKOV'S-Uitvoerende Bestuur het tydens 'n vergadering op 19 Februarie 1979 besluit "dat die O.V.S.-Simfonieorkes formeel vanaf 1 April 1979 deur SUKOV'S oorgeneem sal word..."⁶⁸ Aansluitend hierby het die Uitvoerende Bestuur op 'n vergadering van 26 Maart 1979 besluit "dat die naam van die orkes verander word na SUKOV'S-Simfonieorkes vir simfoniese werk en SUKOV'S-orkes vir operawerk..."⁶⁹

3.8.4 Wysigings in die nuwe bedeling

"SUKOV'S sou op 'n gereelde basis met 'n Advieskomitee van die orkeslede samesprekings hou, voorstelle van hulle ontvang, maar hom nie hierdeur laat bind in sy opstelling van kontrakte met individuele professionele of studente-orkeslede nie.

"Die orkes-aangeleenthede sou voortaan nie meer (soos by die vorige SUKOV'S-bedeling) onder 'n aparte orkeskomitee val nie, maar sou ressorteer onder SUKOV'S se bestaande Musiekkomitee..."⁷⁰

3.8.4.1 'n Direkteur van Orkesdienste word aangestel

Tydens 'n SUKOVS-Uitvoerende Bestuursvergadering gehou op 20 Augustus 1979 is 'n voorstel van 'n deeltydse Direkteur van Orkesdienste in beginsel goedgekeur.

3.8.4.2 Pligte van die Direkteur

Die Direkteur sou die volgende pligte hê:

- (a) om twee of drie konserte per jaar te dirigeer;
- (b) om skolelesingdemonstrasies met die orkes te hanteer;
- (c) om leiding aan gasdirigente te gee oor programme wat binne die vermoë van die orkes is;
- (d) om voorstelle te doen oor dirigente wat gebruik kan word;
- (e) om verantwoordelikheid vir dissipline te aanvaar;
- (f) om leiding te gee met die uitbouing van 'n musiekbiblioteek;
- (g) om leiding te gee met die verdere ontwikkeling van die orkes; en
- (h) om advies te verstrek oor kontrakte, vergoeding en diensvoorwaardes van die orkes.⁷¹

3.8.4.3 Dr. E. Cree word aangestel

Vanaf 1 Januarie 1980 is dr. Edgar Cree in hierdie betrekking aangestel. Hierdie aanstelling het 'n groter vastigheid in die SUKOVS-orkes te weeg gebring. Vanaf 1 April 1982 is hy as hoof-gasdirigent van die SUKOVS-orkes aangestel.

3.9 SUKOVS RIG 'N VERSOEK VIR 'N BEROEPSORKES

Omdat die O.V.S.-Simfonieorkes na sy totstandkoming nie in die behoeftes van SUKOVS in daardie stadium kon voorsien nie, het die Direkteur van SUKOVS gedurende Mei 1975 die Departement van Nasionale Opvoeding genader om 'n voltydse orkes van + 30 spelers tot stand te bring.⁷² "Hierdie aansoek was in werklikheid 'n bietjie vergesog, aangesien die Vrystaat beslis nie twee Simfonieorkeste finansiëel kon bekostig nie. Daar het ook geen kulturele regverdiging bestaan vir 'n

tweede Simfonieorkes in die Vrystaat nie. Die bestaande orkes kon met geringe uitbreiding en gekoördineerde beplanning ook vir opera- en balletopvoerings gebruik word..."⁷³

Hierdie versoek is na die Niemand-kommissie van ondersoek na die Uitvoerende Kunste verwys.

3.9.1 Die Niemand-kommissie van ondersoek na die Uitvoerende Kunste

3.9.1.1 Die lede van die kommissie

"Die aanstelling van die Kommissie is by Goewermentskennisgewing 762 van 18 April 1975, bekendgemaak, en die lede daarvan was die volgende:

"Mnr. J.H. Niemand - Voorsitter (afgetrede Sekretaris van Gemeenskapsbou - voorheen Adjunk-sekretaris van Justisie).

"Mnr. J.G. van der Merwe - Lid (Provinsiale Sekretaris, Transvaal, met pensioen uit diens getree op 31 Maart 1976)

"Mnr. A.H. Britton - Lid (afgetrede inspekteur van skole, Oranje Vrystaat en lid van die Streekraad vir die Uitvoerende Kunste, Oranje-Vrystaat - genaamd SUKOVS).

"Professor D.P. Inskip - Lid (afgetrede Vise-prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad, gewese Direkteur van die Universiteit se kleintheater, stigterslid van NTO en KRUIK en gewese artistieke adviseur van die Engelse Dramageselskap van KRUIK).

"Mnr. C.G. Kerr - Lid (afgetrede sakeman en lid van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste, genaamd TRUK).

"Mnr. M.J. Grobbelaar - Lid (Hoofbestuurder van die Johannesburgse Stadskouburggenootskap en President van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Teatertegnologie).

"Mnr. C.D. Fuchs - Lid (afgetrede Direkteur-generaal van die S.A.U.K.).

"Mnr. H.J. Coetzee - Lid (Ondersekretaris in die tak kultuurbevordering van die Departement van Nasionale Opvoeding)...". Na die uittrede van mnr. J.G. van der Merwe as Provinsiale Sekretaris van die Transvaal, is mnr. J.D. Marx, Provinsiale Sekretaris van die Oranje-Vrystaat, met ingang van 24 September 1976 as bykomende lid van die kommissie aangestel.⁷⁴

3.9.1.2 Aanbevelings van die kommissie

Nadat die verslag van die kommissie gedurende Augustus 1977 bekendgemaak is, het dit uit die volgende aanbeveling geblyk dat die kommissie SUKOVS se versoek vir die totstandkoming van 'n beroepsorkes gesteun het: "Paragraaf 228: Die Vrystaatse Simfonie-orkes het egter nie lewensvatbaarheid nie. Omdat die dosente en leerkragte nie voltydse orkeslede is nie en slegs 'n paar uur per week beskikbaar is vir repetisies en uitvoerings en daarby 'n aantal van die orkeslede amateurspelers is wat net in hulle vrye tyd kan speel, kan die orkes nie uitgroeï tot 'n hegte eenheid met 'n eie persoonlikheid nie. Die orkes kan dan ook nie gereeld by operas en balletuitvoerings optree nie en lewer hoofsaaklik simfoniekonserte. Die kommissie steun dus SUKOVS se versoek om finansiële bystand om hulle in staat te stel om 'n kerngroep van 30 vaste beroepspelers op die been te bring. So 'n kerngroep kan in SUKOVS se behoeftes voorsien aangesien dit, wanneer nodig, aangevul kan word uit die geledere van die huidige Vrystaatse Simfonie-orkes."

Die kommissie het voorts aanbeveel dat 'n kernorkes van 30 spelers in die O.V.S. tot stand moet kom en een van 45 spelers in Natal⁷⁵ (paragraaf 234).

3.9.2 Die SUKOVS-Simfonieorkes-lede is vanaf 1979 beskikbaar vir begeleiding

Nadat die verslag van die Niemand-kommissie van ondersoek na die Uitvoerende Kunste openbaar gemaak is, en die orkesbestuur weer deur SUKOVS oorgeneem is, het die situasie t.o.v. beskikbaarheid van die orkes vir operabegeleidings

aansienlik verbeter. Die orkeslede het sedertdien op ad hoc-basis en teen bykomende vergoeding in al SUKOVS se behoeftes met betrekking tot opera voldoen.

3.9.3 NARUK rig vertoë vir 'n volwaardige orkes

Teen die einde van 1979 het dit rugbaar geword dat die Natalse Streekraad vertoë tot die Regering gerig het i.v.m. die totstandkoming van 'n volwaardige simfonieorkes onder Streekraadbeheer.

3.9.3.1 Nadele verbonde aan so 'n stap

Tydens 'n vergadering van die SUKOVS-Uitvoerende Bestuur op 26 November 1979 het "mnr. D.I.C. de Villiers daarop gewys dat daarteen gewaak sal moet word dat Natal nie fondse om 'n orkes tot stand te bring, verkry vóór die O.V.S. nie. Dit sal nie net die SUKOVS-Simfonieorkes nie, maar ook die opvoedkundige program in die O.V.S. baie nadelig tref as spelers aan Natal afgestaan moet word. Natal sal 'n sterk saak kan uitmaak om hulle orkes voor die Republiekfeesvierings in 1981 tot stand te bring."⁷⁶

3.9.3.2 Die Provinsiale Sekretaris stel 'n kommissie van ondersoek aan na orkesontwikkeling in die O.V.S.

In die lig van wat onder 3.9.3.1 hierbo genoem is, het die destydse Provinsiale Sekretaris, mnr. J.D. Marx, versoek dat prof. J. Potgieter, mnr. D.I.C. de Villiers en die Direkteur van SUKOVS ondersoek instel en verslag moet doen oor toekomstige orkesontwikkeling in die O.V.S.

3.9.3.2.1 Bevindings van die kommissie

Enkele uittreksels uit die memorandum wat 'n paar weke later aan die Provinsiale Sekretaris voorgelê is, word vervolgens aangehaal. In die memorandum is daar verwys na die stigting van 'n orkes in Natal, terwyl verder aandag geskenk is aan die totstandkoming van 'n voltydse orkes in die Vrystaat, so-

wel as 'n alternatiewe benadering. Die memorandum is afgesluit met 'n aantal realistiese aanbevelings:

"1. STIGTING VAN ORKES IN NATAL

Persberigte uit Natal, naamlik dat stappe gedoen word om vóór die Republiekfees in 1981 'n orkes in Durban tot stand te bring, dwing die O.V.S. om sonder versuim te bepaal watter implikasies so 'n ontwikkeling vir die O.V.S. inhou. Die O.V.S. sal ook krities na die Niemand-kommissie se aanbevelings oor orkesontwikkeling in die land en die O.V.S. moet kyk en besluit of die aanbevelings in die beste belang van die Vrystaat is.

Volgens inligting wat ontvang is, het die Administrateur van Natal 'n spesiale komitee van deskundiges aangestel om hom oor die stigting van 'n orkes te adviseer. Hierdie komitee moet binne 60 dae (d.w.s. teen die tweede helfte van Maart) terugrapporteer.

Die O.V.S. Provinsiale Administrasie sal seker onmiddellik stappe moet doen om te bepaal presies wat Natal in die mou voer. Dit kan tot gevolg hê dat die O.V.S. spoediger as wat verwag is, in 'n posisie beland waar 'n orkes tot stand gebring moet word - as dit die enigste manier is waarop die Vrystaat sy belange kan beskerm.

2. STIGTING VAN 'N VOLTYDSE ORKES IN DIE O.V.S.

Die volgende opmerkings illustreer hoe ingewikkeld die saak is en toon dat die Niemand-kommissie se aanbevelings oor hierdie aangeleentheid moontlik nie goedsikks aanvaar behoort te word nie:

2.1 Omvang van werk vir 'n orkes in die O.V.S.

Die normale werkskapasiteit van 'n orkes is ongeveer 460 sessies per jaar (d.i. repetisies of uitvoerings van 3 ure).

SUKOVS benodig tans 'n orkes vir ongeveer 110 sessies per jaar. Die sessies sal vermeerder kan word as ons oor 'n voltydse orkes beskik maar 'n absolute maksimum hoeveelheid wat vir baie jare benut sal kan word, is 200 per jaar. Sekere dienste in Noord-Kaapland sal hierby ingesluit moet wees.

2.2 Repertoire vir 'n orkes van 30 spelers

Vir uitvoerings buite Bloemfontein sal 'n voltydse orkes van 30 in elk geval altyd uit ander bronne aangevul moet word omdat die repertoire vir so 'n klein orkes baie beperk is.

2.3 Bykomende werkgeleenthede

Die Universiteit en die Onderwysdepartement sal nie aan 'n bykomende 30 professionele musici deeltydse onderwysposte kan verskaf nie. Dit sal beteken dat daar min geleentheid vir die musici sal bestaan om -

hulle inkomste aan te vul, en

hulle werksprogramme voller te maak, veral as SUKOVS nie eers die helfte van hulle werksvermoë kan benut nie.

In direkte teenstelling met bogenoemde is aanvullende inkomste en hoër produktiwiteit van musici in Johannesburg, Durban, Kaapstad en ook Pretoria, normale praktyk.

2.4 Probleme met werwing van die orkes

Die vooruitsigte is skraal dat musici (dirigent en spelers) van hoogstaande gehalte gewerf sal kan word omdat -

- (a) die tipe werk wat van hulle verwag sal word..., nie musici van bogemiddelde gehalte maklik sal trek nie.

By dié aanbieding van produksies (afgesien van simfoniekonserte) moet die klem in hierdie stadium in die O.V.S. nog swaar val op werk van ligter aard, iets wat vir die meeste spelers onaan-treklik is.

Die werk sal dus nie stimulerend en prikkelend genoeg wees om voldoende talentvolle musici te lok nie.

- (b) Gereelde toere sal die meeste spelers afskrik. 'n Voltydse, professionele orkes in Bloemfontein sal baie rondreis. Net so min as wat die meeste spelers belangstel in begeleidingswerk (opera en ballet), net so min is hulle gretig om te toer.

Aangesien hierdie verskynsel by alle Suid-Afrikaanse orkeste voorkom, is dit tans 'n vaste gebruik dwarsdeur die land om 'out-of-town-allowances' (bo en behalwe volle verblyfkoste) aan orkeslede te betaal wanneer hulle weg van hulle basisse optree.

Die Kaapstadse Stadsorkes is die laags-besoldigde orkes in die land. Hulle ondervind egter nie probleme om spelers te werf nie omdat -

hulle nie toer nie, en

hulle nie as begeleidingsorkes vir ballet en opera gebruik word nie.

- (c) Professionele orkesspelers kan in ander sentra volop geleentheid kry om hul spel en standaard te verhoog. In die O.V.S. sal hulle nouliks genoeë neem met min geleentheid vir simfoniespel.
- (d) Salarisse en diensvoorwaardes by die vier Rade vir die Uitvoerende Kunste sal, om roofbou te voorkom, eenvormig moet wees. Daar is 'n wêreldtekort aan

orkesspelers en as hulle kan kies, sal hulle eerder na sentra gaan waar bykomende inkomstê verdien kan word.

- (e) Natal en die O.V.S. sal die meeste van hulle spelers oorsee moet gaan werf omdat daar nie in die land genoeg bykomende opgeleide instrumentiste beskikbaar is vir die twee orkeste nie.
- (f) 'n Belangrike werwingsbron vir so 'n orkes, beide vir Natal en die O.V.S. sal dus ten beste uit die geledere van die plaaslike, unieke en hoogs geslaagde orkes-opleidingsprogram van die Onderwysdepartement en die U.O.V.S. wees.

3. ALTERNATIEWE BENADERING

Die O.V.S. kan sy belange doeltreffend beskerm en sal waarskynlik, soos tans die geval is, musici van hoogstaande gehalte hierheen kan lok indien die volgende beleid aanvaar word:

Dat die O.V.S. middelerwyl op die huidige stelsel moet voortbou, maar dat heelwat meer ('n minimum van twaalf (12) bykomende professionele musici as instrumentis/dosente by die Onderwysdepartement aangestel sal moet word. Hierdeur sal die werkklas op die huidige personeel verlig word, om sodoende orkesdienste te kan uitbrei, met 'n gevolglike verhoging in vergoeding.

Die komitee is vas oortuig, na aanleiding van 'n grondige ondersoek deur hom ingestel, dat die bogenoemde aanbeveling op vaste voete staan, ten spyte daarvan dat dit op die oog af direk strydig met die bevinding van die Niemand-kommissie is..." (Vergelyk paragraaf 228 van die Niemand-kommissie-aanhaling, op p.247 onder 3.9.1.2.)

"Ter ondersteuning van die eersgenoemde beleidstelling, die onderstaande motivering:

- (a) 'n Steekproef by nege Bloemfonteinse skole het die volgende behoeftes getoon, naamlik dat die 32 leerlinge hieronder genoem op waglyste verskyn.

FICHARDTPARK PRIMÊR

Jaco van Tonder
 Gerhard van Tonder
 Annemie Maree
 Stephan du Plessis
 Elanie Steenkamp
 Daleen van Rensburg

WILLEM POSTMA

Mari-Louise Leizester
 Heinrich Rothman
 Hanrie Retief
 Jaco Joubert

GREY-KOLLEGE

Christo Sharp

UNIVERSITAS PRIMÊR

Gerhard Beukes
 Fritz Beukes
 Corli Ackerman

JIM FOUCHÉ PRIMÊR

Meluchia Steyn
 Jannie Bothma
 Charlotte Barnard
 Ansie Nel
 Doris Coetzee

J.B.M. HERTZOG PRIMÊR

Jaco Krynauw en broer
 Tanja de Villiers
 Tursa de Venier
 Charlene van Heerden
 Natasja Vermaak

ST. ANDREWS
 Mark Muller
 Andrew Marquard

ORANJE PRIMËR
 Carli Sharp

BRANDWAG PRIMËR
 Coenraad Kalp
 Santie Meintjies
 Danie van Vuuren.

(L.W. Die leerlinge wat op hierdie waglyste aangedui is, kan tans nie geakkommodeer word nie en wag op vioolopleiding.)

- (b) Sou enige werwing gedoen word, kan hierdie syfer maklik vyfvoudig vertoon.
- (c) Die Departementshoof: Musiek by die U.O.V.S., prof. J. Potgieter, berig dat die waglys net vir vioolonderrig aan die Universiteit O.V.S. ten minste twintig (20) beloop, en
- (d) die beoogde skolelesingdemonstrasies...kan die belangstelling vir opleiding by leerlinge verhoog en sodoende 'n ernstige bykomstige werkklas op die huidige instrumentis/dosent plaas...

AANBEVELINGS

- (a) dat die Vrystaat nie in hierdie stadium oorweging daaraan behoort te skenk om 'n voltydse orkes tot stand te bring nie; en
- (b) dat die O.V.S. middelerwyl op die huidige stelsel moet voortbou, maar dat 'n minimum van twaalf (12) bykomende professionele musici as instrumentis/dosente by die Onderwysdepartement aangestel moet word. Die doel niermee sal wees om die werkklas op

die huidige personeel te verlig om sodoende orkes-
dienste te kan uitbrei..."⁷⁷

3.9.3.2.2 Kommentaar en aanvullende inligting

Die bostaande aanbevelings dui op 'n nugtere benadering wat die voortbestaan van die Vrystaatse orkesprogram op 'n stewige grondslag sal plaas.

Aansluitend by wat by 3(d) op p. 254 genoem is, die volgende: Daar is inderdaad gedurende 1980 'n begin gemaak met skolelesingdemonstrasies deur die SUKOV'S-Simfonieorkes. Die skole wat tydens 1980 besoek is, tesame met die bywoningsyfers van elkeen, word hieronder verstrek:

Brebner Primêre skool	420
Brebner Sekondêre skool	430
C en N Primêre Meisieskool Oranje	230
C en N Sekondêre Meisieskool Oranje	300
Grey Kollege Sekondêre skool	750
Grey Kollege Primêre skool	510
Eunice Primêre skool	450
Eunice Sekondêre skool	381
Dr. Blok Sekondêre skool (2)	<u>810</u>
	<u>4281</u>

Gedurende 1981 het die SUKOV'S-Simfonieorkes 6 skole besoek. Onderstaande dien as inligting:

	Bywoning
16 Junie JBM Hertzog Sekondêre skool	656
16 Junie JBM Hertzog Primêre skool	360
17 Junie Dr. Blok Sekondêre skool	350
18 Junie St. Andrews Sekondêre skool	180
18 Junie St. Andrews/St. Michaels	180
19 Junie Jim Fouché Sekondêre skool	<u>420</u>
	<u>2146</u> ⁷⁸

(Die statistieke vir 1982 was nog nie beskikbaar by die voltooiing van dié verhandeling nie.)

Dit is uit die voorafgaande gegewens duidelik dat skolelesingdemonstrasies slegs tot Bloemfontein beperk is. 'n Uitbreiding na die platteland sal wenslik wees, alhoewel daar heelwat probleme rondom die vervoerkoste, afwesigheid van die dosente ensovoorts sal wees. Die waarde van hierdie demonstrasies is alreeds in die geval van die O.V.S.-Stryk-kwartet bewys en kan nie genoeg beklemtoon word nie.

3.9.3.3 Nuutste verwickelings rondom die totstandkoming van 'n NARUK-orkes

Alhoewel daar hoofsaaklik weens finansiële tekorte nie oorgegaan kon word tot die stigting van 'n beroepsorkes vir Natal soos aanbeveel deur die Niemand-kommissie nie (vergelyk paragraaf 234 van die Niemand-kommissie-aanhaling, op p. 247 onder 3.9.1.2) het die situasie verander en persberigte gedurende Augustus 1982 het gemeld dat NARUK wel 'n orkes tot stand gebring het. Tydens 'n SUKOV'S-Uitvoerende Bestuursvergadering van Augustus 1982 het die voorsitter gemeld "dat die saak met mnr. Pienaar, LUK en die Provinsiale Sekretaris bespreek is, maar hy is bevrees dat die O.V.S. nie in die stadium Natal se voorbeeld sal kan volg nie."⁷⁹ Die aangeleentheid is weer tydens 'n SUKOV'S-Uitvoerende Bestuursvergadering op 21 Februarie 1983 te berde gebring. Tydens hierdie vergadering is daar besluit dat die saak oorsaak tot die April 1983-vergadering van die Bestuur.⁸⁰

Daar word tans (Maart 1983) ernstige werwingswerk onder O.V.S.-instrumentiste gedoen deur NARUK. Die vertroue word uitgespreek dat die NARUK-orkes nie die O.V.S.-opleidingsprogram nadelig sal beïnvloed nie.

3.9.4 Die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S.

Met die naderende voltooiing van die J.W.J.C. du Plessis-teatersentrum het dit belangrik geword om te bepaal watter voorsiening vir orkesdienste vir die toekoms gemaak sal moet word.⁸¹ Tydens 'n SUKOV'S-Uitvoerende Bestuursvergadering van 16 Maart 1981 is besluit om 'n ad hoc-komitee aan te stel,

wat 'n grondige ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S. moes instel.

3.9.4.1 Die lede van die ad hoc-komitee

Die ad hoc-komitee is as volg saamgestel:

Mnr. D. Pienaar	: LUK (Voorsitter)
Prof. C. van Heerden	: Dekaan: Departement Lettere en Wysbegeerte, U.O.V.S.
Prof. dr. J. Potgieter	: Hoof: Musiekdepartement, U.O.V.S.
Mnr. C. Swanepoel	: Hoof van musiek: S.A.U.K. - tans Senior Direkteur: Programme
Mnr. D.I.C. de Villiers	: Voorsitter: SUKOVS-Musiekkomitee
Prof. dr. B. Kok	: Voorsitter: SUKOVS-Operakomitee
Mnr. J.D. Bouwer	: Hoof van Musiek: O.V.S.-Onderwysdepartement
Mnr. Frikkie Siebert	: Sakeman/Prokureur
Mnr. Fred Sharp	: Sekretaris.

(Mnr. Rex Hugo en mej. S. Fox is deur die komitee genooi om vergaderings in raadgewende hoedanigheid by te woon.)

3.9.4.2 Die opdrag aan die komitee

Die ad hoc-komitee is aangestel om 'n grondige en wetenskaplike ondersoek in te stel na die Provinsie se orkesbehoef-tes.⁸² "Hierdie opdrag is op bogenoemde komitee se eerste vergadering op 20 Mei 1981 in 'n ietwat gewysigde vorm gegiet: '...om inagnemende die sienings en aanbevelings van die Niemand-kommissie en van die Departementele Advieskomitee se subkomitee: orkeste, riglyne voor te stel vir orkesontwikkeling in die O.V.S. '..."

3.9.4.3 'n Werkgroep word aangestel

"Uit die bogenoemde komitee is 'n werkgroep aangewys met mnr. D.I.C. de Villiers as voorsitter, bygestaan deur proff. Potgieter en Van Heerden, mnre. Bouwer en Hugo, mej. S. Fox

(SUKOVS, gekoöpteer) en mnr. F. Sharp (sekretaris). Hulle moes belanghebbendes om memoranda betreffende die toekoms van orkesaangeleenthede vra, hierdie memoranda bestudeer, sif, waar nodig mondelinge getuienis aanhoor, en terug-rapporteer aan die komitee. Die werkgroep het op 3 Augustus 1981 vergader, en, uit die memoranda wat ontvang is... onderhoude aangevra van mnr. H. Armer, mnr. L. Lemmer, 'n groep bestaande uit mnre. Ochse, Wille en Haller, asook van dr. Edgar Cree. Op 11 Augustus het bogenoemdes mondelinge getuienis voor die werkgroep afgelê ter staving van hul memoranda. By dieselfde geleentheid het lede van die komitee, te wete proff. J.H. Potgieter en C. van Heerden (namens U.O.V.S.), mnr. Rex Hugo (namens SUKOVS en namens 'n 1980-komitee wie se destydse memorandum aan die Direkteur van Onderwys weer ingedien is), en mnr. J.D. Bower (namens die Onderwysdepartement) ook hulle memoranda mondelings toegelig en verduidelik."

3.9.4.4 Die verslag word deur mnr. D.I.C. de Villiers geskryf

"Op 'n vergadering van die volle komitee, op 20 Augustus 1981, het die voorsitter van die werkgroep die saamgevatte bevindings van die werkgroep uiteengesit. Die komitee het dit aanvaar en aan 'n aangewese verslagkomitee die taak opgedra om skriftelik 'n verslag op te stel oor die hele aangeleentheid. Prof. C. van Heerden is as voorsitter van die verslagkomitee aangewys en die lede sou dieselfde wees as dié van die werkgroep met die uitsondering van mnr. D.I.C. de Villiers wat vir etlike weke lank uitstедig sou wees. Op die verslagkomitee se eerste vergadering (28 Augustus 1981) is besluit dat mnr. De Villiers genader sou word om die verslag te skryf. Hy het ingewillig."⁸³

3.9.4.5 Die belangrikste probleme wat die huidige stelsel ondervind, soos bevind deur die komitee

Die komitee het in sy verslag die volgende probleme wat met die huidige stelsel ondervind word behandel, tesame met aanbevelings wat sommige probleme kan oplos:

- "1. Die werkprogram van sommige dosente by die Onderwysdepartement en die Universiteit is so vol dat kwalik verwag kan word dat hulle vir die orkeswerk ook beskikbaar moet wees. Daar is dosente wat 35 uur en meer per week lesgee. Dit is en bly 'n onafwendbare verskynsel dat sommige instrumentiste (veral dié wat die heel populêrste instrumente onderrig soos viool en trompet) na tot 35 leerlinge moet omsien benewens hul ensemble-afrigtingswerk. Andere weer, deur geen fout van hul eie nie, bied onderrig aan van 'n instrument wat nie gewild is nie. Tog is hulle broodnodig, beide as orkesmusici, en omdat dit onsinnig sou wees om die skoliere en studente wat wél die instrument kies van hul onderrig te ontnem...
2. Die instrumentiste kla dikwels oor die feit dat hulle vir drie base moet werk en skuil daaragter dat hulle nie weet aan wie se werk voorrang gegee moet word nie. In 'n toekomstige bedeling moet werkprioriteite en -tye duidelik uitgestippel word.
3. Daar was nie altyd in die verlede voldoende oorlegpleging tussen die werkgewers oor aanstellings nie. Dit het dus gebeur dat dosente aangestel is wat nie in die orkes gebruik kan word nie.

Met die voorgestelde toekomstige koördinasie tussen die verskillende instansies, sal so iets uitgeskakel word.

4. Te min van die instrumentiste se tyd word tans aan SUKOVS beskikbaar gestel. Die orkes behoort meer gereeld te werk.

Dit geld veral in dié opsig dat te min tyd aan repetisies toegestaan word. In 'n toekomstige bedeling sal veral die Onderwysdepartement en SUKOVS tot 'n vergelyk moet kom t.o.v werktyd-verhoudinge. Maar ook U.O.V.S. en SUKOVS het probleme oor werktye, veral oor die aantal sessies wat SUKOVS in sy memorandum voorstel."

SUKOVŠ het gedurende 1980 , 90 sessies vir orkesdienste gebruik. In die memorandum, waarna in die voorafgaande paragraaf verwys word, stel SUKOVŠ 201 sessies voor na die ingebruikneming van die nuwe teaterkompleks.

"Soos wat die Direkteur van Onderwys in die verlede groot toegewings gemaak het wanneer sy instrumentiste vir begeleidingsdienste deur SUKOVŠ buite-om die gereelde simfoniese verpligtinge benodig word, sal die Universiteitsraad ook soepel moet wees in dié vervolg. SUKOVŠ self sal eweneens van sy kant af, waar enigsins moontlik, toegeeflik moet wees.

"Kortom, die drie instansies is onderling afhanklik van mekaar en die probleme kan alleen uitgestryk word indien, figuurlik gesproke, hulle mekaar se hand vat ten behoeve van die orkes-trale vooruitgang van die O.V.S." ⁸⁴

3.9.4.6 Die voordele van die bestaande stelsel

Die projek ten opsigte van bevordering van orkesinstrumente wat in die Vrystaat geloods is, is een van die belangrikste ontwikkelinge op die gebied van musiekbevordering. Die sisteem is hoog aangeskryf by kenners en word as 'n model voor-gehou aan sentra (soos Bloemfontein) wat nie groot genoeg is om 'n voltydse simfonie-orkes in stand te hou nie. ⁸⁵

Prof. John Paynter, Musiekdekaan aan die North Western University, Chicago, V.S.A., het 'n week lank plaaslik meesterklasse aangebied. Hy het in sy slotboodskap die volgende lofuiting t.o.v. die bestaande stelsel geuiter: "This is unique in the history of music tuition in the world, that you have a dedicated group of people who earn their living as idealistic teachers and who form in their spare time a symphony orchestra which gives a symphony concert once a month." ⁸⁶

"Basies dieselfde lofuiting is uitgespreek deur die Niemand-kommissie tydens sy besoek aan Bloemfontein toe vier ensembles (van 'n beginner-strykergroep tot die simfonieorkes) voor hom opgetree het..." ⁸⁷ Tydens 'n vergadering van die

Adviserende Orkestekomitee op 6 Mei 1976 het die Voorsitter, prof. C. Swanepoel, gemeld dat die Niemand-kommissie met geen ander ondersoek in die land so beïndruk was soos met die intensiewe opleidingsprogram wat hulle in die Vrystaat gesien het nie.⁸⁸

"Die belangrikste voordeel wat die bestaande stelsel vir SUKOVS inhou is dat dit die Organisasie in staat stel om orkeste (vir simfoniese en vir begeleidingswerk) teen betreklike lae koste saam te stel.

"Musici van 'n formaat wat normaalweg nie na die O.V.S. gelok sal kan word nie, stel nou belang om na die O.V.S. te kom as gevolg van die goeie verdienstes, bevredigende werksomstandighede en, baie belangrik, die lang vakansies. Die feit dat die musici deur SUKOVS 'n platform ontvang om te kan optree is belangrik. Hulle is uitvoerende kunstenaars en sal nie volkome gelukkig en tevrede wees as hulle nie so 'n platform het nie..."⁸⁹

Die teenwoordigheid van die orkesmusici in Bloemfontein, beteken geweldig baie vir die algemene musieklewe. Kamer-musiekgroepe, amateur-musiekgroepe en kleiner ensembles word gestig. Die algemene musieklewe word hierdeur sterk gestimuleer. Oratorio-uitvoerings, operettes en operas sou nie moontlik gewees het as hierdie musici nie in Bloemfontein was nie.⁹⁰

Seker die grootste voordeel wat die bestaande stelsel inhou, is dat 24 instrumentaliste aan die O.V.S.-Onderwysdepartement tesame met 4 dosente aan die U.O.V.S., professionele onderrig in alle erkende orkesinstrumente aan leerlinge in Bloemfontein sowel as 4 ander Vrystaatse sentra lewer. Volgens mnr. E. Osman, Departementshoof van Koperblaasonderrig aan die O.V.S.-Onderwysdepartement, het 'n opname teen die einde van 1982 aan die lig gebring dat ± 470 skoolgaande leerlinge dwarsdeur die Vrystaat deur die 24 instrumentaliste onderrig word. Tesame met die leerlinge wat by die U.O.V.S. van die instrumentaliste en die vier lektore onderrig ontvang, bedien die hele orkesprogram 'n totaal van ± 569 leerlinge.

Vanuit 'n opvoedkundige oogpunt is die funksie van die bestaande orkesprogram tweeledig: "...die opleiding van lekemusikante wat op 'n gevorderde peil self musiek beoefen en daardeur die kern uitmaak van 'n waarderende musiekpublik en dus ook 'n musiekkultuur; en die opleiding van potensiële professionele orkesinstrumentaliste waaraan ons land so 'n nypende tekort het..."⁹¹

Uit die volgende uittreksel uit 'n brief van mev. C.H. van Essen wat in Die Volksblad van 16 November 1974 gepubliseer is, blyk dit dat daar heelwat vordering gemaak is met die eersgenoemde opvoedkundige funksie (vergelyk die voorgaande paragraaf) van die orkesprogram: "Dat die simfoniekonserte van die Vrystaatse Orkes deur die jaar so goed bygewoon is, kan gedeeltelik toegeskryf word aan die Departement van Onderwys se musiekprogram in die skole. Die kinders wat nou leer om instrumente te bespeel se belangstelling in orkesmusiek is geprikkel en hulle woon uiteraard graag orkeskonserte by..."⁹²

Die Vrystaatse Orkesprogram het die afgelope dekade bewys dat hy in staat is om in die groot behoefte van professionele orkesmusici te voorsien: tydens die besoek van die O.V.S.-Jeugorkes aan Switserland in 1970 is ses lede gekies om in die Internasionale Jeugorkes te speel (vergelyk pp.125 & 126 onder 2.1.13.20). Gedurende 1975 is twee-en-twintig lede van die O.V.S.-Simfonieorkes gekies om Suid-Afrika op die Internasionale Jeugorkesfees in Aberdeen, Skotland te verteenwoordig. Tydens dieselfde fees is agtien Suid-Afrikaners gekies om in die Internasionale Jeugorkes te speel, waarvan vier nl. Johan Zietsman, Johan Marais, Tobie van Heerden en Robert Watson Vrystaters was. Die waardevolle bydrae van die O.V.S.-Orkesprogram tot die opleiding van instrumentaliste is hierdeur weer eens bevestig.⁹³

Die samestelling van die huidige SUKOV'S-Simfonieorkes is as volg:

1. Lede wat in diens van die O.V.S.-Onderwysdepartement se Orkesprogram staan.

2. Lede wat aan die U.O.V.S. verbonde is.
3. Lede wat as Onderwysers in diens van die O.V.S.-Provinsiale Administrasie staan.
4. Gevorderde studente en skoliere.
5. Ad hoc-lede wat uit ander provinsies bygehuur word.

Die O.V.S.-Orkesprogram is uniek in dié opsig, dat gevorderde studente en skoliere praktiese ondervinding opdoen deur saam met professionele musici onder professionele dirigente te werk. Die SUKOVIS-Simfonieorkes dien sodoende as opleidingsorkes wat derhalwe 'n voortsetting van die onderwysprogram is.⁹⁴

Die Niemand-kommissie van ondersoek na die Uitvoerende Kunste "het vasgestel dat van die 269 instrumentaliste wat die RSA se vier beroepsorkeste tans" (Augustus 1979) "beman, 220 uit die buiteland afkomstig is en oor die vier orkeste soos volg versprei is: Die S.A.U.K.-orkes 59; die Kaapstadse Simfonieorkes 68; die TRUK-orkes 54; die KRUIK-orkes 39. Ongeveer 80 persent van die vier beroepsorkeste se personeelbesetting moes dus teen aansienlike koste uit die buiteland ingevoer word. Hieruit volg dat van die 269 beroepspelers, tans saamgetrek in die vier beroepsorkeste, slegs 49 in Suid-Afrika opgelei is..."⁹⁵

Wanneer die onderstaande indrukwekkende lys van instrumentaliste, wat hul opleiding in Bloemfontein ontvang het en by Suid-Afrikaanse Simfonieorkeste sowel as oorsese orkeste ingeskakel is of was, vergelyk word met die bostaande bevindings, dan is dit duidelik dat die O.V.S.-Orkesprogram 'n waardevolle bydrae tot die opleiding van orkesmusici in Suid-Afrika lewer:

VIOOL:

Marianne Malan
Charlotte Moyses
Noel Travers

Francois Henkins
Elsabe Maartens
Abrie de Wet
Adri Sieberhagen
Suzanne de Villiers
Jan Repko
Gideon Linde
Hermina Verster
Bambi Heiberg
Deon Schoombie
Judy Schoombie
Louis van der Watt
Lizette Gous
Erika Bothma

ALTVIOOL:

Walter Hildebrandt
Pienaar Fourie
Danellus van der Watt
Pieter Badenhorst

TJELLO:

Frederick Fourie
Tilla Henkins
Arend Brink
Cecile Fouché

FLUITE:

Ada Potgieter
Patricia Lamusse

KLARINET:

Carin Combrink
Annemarie Bam

HOBO:

Magrieta Bam

HORING:

Johan Zietsman
 Brigitte Weidlich
 Ilze Brink
 Erik Albertyn
 Susan Grealy

TROMPET:

Johan Pretorius
 Stephanus Potgieter

TUBA:

Tobie van Heerden

TROMBOON:

Winfried Lüdeman

PERKUSSIE:

Barbara Surmon
 Magda Ochse
 Robert Watson
 Jenny Lindhorst
 Martin Venter
 Reneé Scholtz

DIRIGENT:

Pienaar Fourie
 Naudé Burger
 Gideon Linde.⁹⁶

3.9.4.7 Die komitee bepaal die doelstellings vir die
 O.V.S. se orkesdienste

Die komitee het bevind dat die volgende doelstellings t.o.v.
 orkesdienste vir die O.V.S. nagestreef behoort te word:

- "1. Om vir die kort- en mediumtermynse orkesdienste aan
 SUKOVs beskikbaar te stel vir simfoniese uitvoerings
 in die O.V.S.;

- 1.1 om uitvoeringdemonstrasies in skole te lewer;
- 1.2 om begeleidingswerk vir operas, operettes, musiekblyspele en, indien nodig, vir ballet te doen;
2. om vir die langtermyn volledige dienste aan die publiek van die O.V.S. te bied;
3. om 'n volwaardige (hoewel, vir die huidige altans, nie 'n voltydse nie) orkes te bou;
 - 3.1 wat groot genoeg is om aan die redelike vereistes van die simfoniese repertorium te voldoen;
 - 3.2 wat tot 'n aanvaarbaar hoë standaard van aanbieding in staat is;
 - 3.3 en wat, om bg. rede, gereeld sal kan repeteer en optree;
4. om die huidige groot orkesinstrumentopleidingsprogram van die Onderwysdepartement en U.O.V.S. te kan voortsit sonder inkorting van sy dienste in dié verband;
5. om aan gevorderde studente en skoliere die geleentheid te bied om in 'n orkes te speel;
6. om die smaak van die musiekkliefhebber te bevredig en die van ander te ontwikkel."⁹⁷

3.9.4.7.1 Middele om die doelwitte te verwesenlik

Die komitee het voorsien dat die onderstaande middele beskikbaar behoort te wees om bogenoemde doelwitte te verwesenlik:

"1. Finansies

'n Bedrag van R650 000 sal volgens huidige geldwaardes benodig word om jaarliks in SUKOVS se orkesbehoefte te voorsien van 1 April 1983 af.

2. Aanbiedingslokaal

Die huidige lokaal is ontoereikend maar voorsiening is wel gemaak in die nuwe Sand Du Plessis-teater, waar 'n skulp op die verhoog aangebring word.

3. 'n Groot toegeruste biblioteek, 'n voorraad instrumente en voertuie sou 'n wesenlike komponent vorm om tot die sukses van die opleidingsprogram (orkesinstrumente) by te dra.

4. Die ou Greenhill-skoolgebou word tans beset deur die dosent-instrumentiste. In sy memorandum aan die Komitee verklaar die Hoof van Musiek, O.V.S.-Onderwysdepartement, dat hierdie fasiliteite ontoereikend is as gevolg van die gebrekkige akoestiek en klankisolasie, ook dat die ruimte onvoldoende sal wees namate meer dosent-instrumentiste aangestel word. 'n Goedbeplande, doelmatige gebou is dus noodsaaklik.

5. Orkesspelers

Die werwing van orkesspelers bly, in die lig van die wêreldskaarste aan orkesmusici, een van die knelpunte van orkesontwikkeling. Grondig-beplande werwingsveldtogte op nasionale en internasionale gebied is dus baie noodsaaklik.

6. Aanstelling van 'n resident-dirigent

Die aanstelling van 'n resident-dirigent op SUKOV'S se diensstaat word as 'n saak van hoë prioriteit beskou. Die dirigent sal ook die voltydse dirigent van 'n jeug-simfonieorkes wees en hy sal beskikbaar wees vir klasse by die Universiteit.

7. Reklame

Deur wydverspreide reklame aan die huidige en onmiddellik-voorsienbare orkesontwikkeling te verleen d.m.v. koerante, tydskrifte, kleurbrosjures, ens. sou nie alleen die unieke orkesplan van die O.V.S. bekend gestel word nie, maar moontlik ook musici na Bloemfontein gelok word.

8. Jeugsimfonieorkes

Die voortsetting van 'n Jeugsimfonieorkes, wat as voedingsbron vir die simfonieorkes en moontlik ander orkeste in die RSA kan dien, is een van die bewese middele om die doelwitte wat in die vooruitsig gestel is te verwesenlik. 'n Groot aantal spelers wat vroeër in die Jeugsimfonieorkes/Jeugstrykorkes gespeel het, is deur die jare reeds in orkeste in Suid-Afrika en die buitenland opgeneem."⁹⁸

* 3.9.4.8 Metodes vir die kort- en mediumtermynbeplannings

Die komitee het verder voorgestel dat die volgende kort- en mediumtermynbeplannings aangewend behoort te word:

"1. Beheer, bestuur en kommunikasie

Verantwoordelikheid vir beheer om bevredigende nakoming/vervulling van normale pligte te verseker, sal berus by die onderskeie werkgewers, naamlik die Universiteit O.V.S., die Onderwysdepartement en SUKOVS.

Die bepaling in die Onderwysdepartement se kontrak naamlik dat instrumentiste beskikbaar moet wees om in die SUKOVS-Simfonieorkes te speel, behoort behoue te bly.

Die werklading in die geval van sommige instrumentiste is veels te swaar. Om dit reg te stel sal heelwat meer instrumentiste aangestel moet word.

Daar behoort koördinasie en beheer te kom om ook die gesamentlike werklading van die Universiteit en die Onderwysdepartement te beheer.

SUKOVS stel voor:

- (a) 'n vaste advieskomitee bestaande uit een verteenwoordiger elk van die Universiteit, die O.V.S.-Onderwysdepartement en SUKOVS plus die resident-dirigent; en
- (b) 'n orkesskakelkomitee bestaande uit vyf (5) lede

waarvan drie (3) deur die orkes en twee (2) deur SUKOVS aangewys sal word. Notules van die voorgestelde orkesskakelkomitee moet na die voorgestelde vaste advieskomitee deurgestuur word.

2. Keuring en aanstelling van orkeslede

Oudisies vir toelating tot die orkes, hetsy van doserende instrumentiste of van studente/skoliere, sal geskied voor 'n paneel bestaande uit die resident-dirigent en die hoofspelers van die orkes of afdeling.

Alle kandidate wat vir aanstelling by die Onderwysdepartement of die Universiteit oorweeg word en wat in die orkes speel, sal voordat daar oor 'n aanstelling besluit word, voor die paneel in Bloemfontein moet verskyn vir keuring t.o.v. die gehalte van sy spel.

Die vaste advieskomitee waarna in paragraaf 1(a) verwys word, sal aanbevelings kan doen in verband met die uitsluiting/uitskakeling van enige van die instrumentiste wat tans in diens is. Elke sodanige geval sal bloot op meriete oorweeg word.

3. Kontrakte en pligtestate van instrumentiste

Die werkure van die instrumentiste by die Onderwysdepartement sal so gereël kan word dat SUKOVS op tien (10) uur (vier sessies van twee en 'n half uur) per week vir 40 weke per jaar van hulle tyd kan staatmaak. Gebaseer op die aangepaste vergoeding wat vanaf 1 Oktober 1981 betaal sal word, sal orkessalarisse vir die 160 sessies volgens huidige waardes nou soos volg wees:

Leier	R8 010,00
Onderleier	R7 020,00
Hoofspeler	R6 480,00
Onderhoofspeler	R5 940,00
Tutti	R5 430,00

Die instrumentiste by die Universiteit en die studente sal nie op dieselfde grondslag vir gebruik in die orkes

beskikbaar wees nie, en afsonderlike kontrakte sal dus met hulle beding moet word.

4. Vaslegging van werkure en repetisietye

Die Onderwysdepartement en SUKOVS is van mening dat oggendrepetisies met die minste ontwrigting in die werkprogramme van die instrumentiste by die Onderwysdepartement ingepas kan word. Hierdie reëling sal moontlik ook die lesingrooster van die Musiekdepartement van die U.O.V.S. pas.

Die normale tydsduur van sessies sal twee en 'n half uur wees."⁹⁹

3.9.4.9 Die bevindings en aanbevelings van die komitee

Die komitee het ten slotte die volgende bevindings en aanbevelings voorgelê:

- "1. DAT die belangrikheid en noodsaaklikheid van 'n orkes vir die musieklewe van 'n gemeenskap nie sterk genoeg beklemtoon kan word nie;
2. DAT dit in belang van die opleidingsprogram (orkesinstrumente) is dat voortgebou word op die bestaande program. Dit sal in ieder geval ook die mees ekonomiese wyse wees waarop 'n orkes tot stand gebring kan word;
3. DAT daar 'n hoë mate van eenstemmigheid oor die saak bestaan onder die partye wat betrokke is, nl. die O.V.S.-Onderwysdepartement, die Universiteit O.V.S., SUKOVS en die instrumentiste;
4. DAT SUKOVS se behoeftes aan orkesdienste vir die voorsienbare toekoms tot hoogstens 200 sessies per jaar (160 vir simfoniese werk en 40 vir begeleidingsdoeleindes) beperk kan word;
5. DAT die bestaande deeltydse orkes verder ontwikkel kan word om in al SUKOVS se orkesbehoefte te voorsien;

6. DAT die probleme wat SUKOVS met die bestaande stelsel ondervind het, deur doeltreffender beheer-, bestuur- en kommunikasiestelsels uitgeskakel kan word;
7. DAT vaste kontrakte vir simfoniese werk met die instrumentiste aangegaan behoort te word maar dat begeleidingsorkeste soos tans die geval is, op ad hoc-grondslag saamgestel behoort te word;
8. DAT die totale koste om op die wyse in al SUKOVS se orkesbehoefte te voorsien op plus minus R650 000 per jaar te staan sal kom volgens huidige geldwaardes;
9. DAT die werkklas, veral in die geval van sommige van die instrumentiste by die Onderwysdepartement, te swaar was maar dat die komitee met genoegdoening kennis geneem het dat die saak nou reggestel word;
10. DAT die werkprogramme van die instrumentiste met die O.V.S.-Onderwysdepartement gereël behoort te word sodat SUKOVS min of meer op vier twee en 'n half uur werksessies per week vir 40 weke van die jaar kan staat maak, dat dié tyd gedurende voormiddae beskikbaar gestel behoort te word en dat afsonderlike kontrakte met Universiteitsdosente aangegaan moet word;
11. DAT die tyd aangebreek het dat SUKOVS 'n resident-dirigent sal moet aanstel;
12. DAT die tyd geleë is om 'n jeugsimfonieorkes tot stand te bring wat, onder andere, ook as voedingsbron vir die senior orkes kan dien. SUKOVS se resident-dirigent behoort ook die voltydse dirigent van die jeugorkes te wees;
13. DAT die groot aantal instrumentiste wat hulle opleiding in Bloemfontein ontvang het en tans by simfonieorkeste ingeskakel is, genoeg bewys is van hoe geslaagd die opleidingsprogram is en dat gevorderde studente en skoliere reeds in die toekoms 'n belangrike aanvulling tot die

orkes kan wees;

14. DAT landwyd reklame vir die opleidingsprogram (orkes-instrumente) in die O.V.S. gemaak behoort te word ten einde belowende en talentvolle jong kunstenaars na Bloemfontein te lok;
15. DAT hierdie komitee voorsien dat doelmatige fisiese geriewe vir die opleidingsprogram van die Onderwysdepartement deur die Provinsie voorsien sal moet word.

AANBEVELINGS:

1. Die bestaan van 'n orkes van simfoniese formaat is noodsaaklik vir die O.V.S. Volgens die praktiese omstandighede en behoeftes is dit duidelik dat daar voortgebou moet word op die huidige stelsel.
2. Die verdere uitbreiding en ontwikkeling van die orkes vereis die aanvulling van die huidige lede deur tussen 12 - 20 instrumentiste en die O.V.S.-Onderwysdepartement kan reeds van 1982 'n aantal aanstellings maak.
3. Fondse moet van 1 April 1983 beskikbaar gemaak word.
4. 'n Dirigent moet so spoedig moontlik aangestel word.
5. Die nodige middele moet beskikbaar gestel word om die uitvoering van die bevindings van die komitee rondom die opleidingsprogram en orkesontwikkeling moontlik te maak."¹⁰⁰

3.10 Nuutste verwickelings rondom die Pienaar-komitee-aanbevelings

3.10.1 Verwysing na die verhandeling van E.C. Labuschagne

Vir volle besonderhede oor pogings in die verlede om 'n Jeug-simfonieorkes tot stand te bring, sien die verhandeling van

E.C. Labuschagne: Die agtergrond en musiekaktiwiteite van SUKOVS vanaf sy ontstaan tot en met 1979. (M.A. Mus.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Jan. 1982) pp.204-206.

3.10.2 'n Jeugsimfonieorkes kom tot stand

Pogings in die verlede om 'n jeugsimfonieorkes tot stand te bring het hoofsaaklik weens die gebrek aan finansies misluk. Ander redes het ook bestaan, bv. dat die senior en gevorderde leerlinge meesal in die O.V.S.-Simfonieorkes betrek word en nie tyd oor het vir nog 'n orkes nie, en ook was sommige onderwysers in die verlede onwillig om hulle leerlinge toe te laat om in 'n jeugsimfonieorkes te speel. Tans het die situasie gelukkig verander.

'n Jeugsimfonieorkes kan beskou word as 'n belangrike voedingsbron vir 'n professionele simfonieorkes, en die Pienaar-komitee (by no.12 op p.271) het dit ook genoem "dat die tyd geleë is om 'n jeugsimfonieorkes tot stand te bring..." In April 1983 is die eerste O.V.S.-Jeugsimfonieorkes met ± 83 lede dan ook gestig. Wat die samestelling merkwaardig maak, is die feit dat slegs ongeveer 16 van die ± 83 lede studente was, terwyl die res almal skoliere is. Die eerste konsert het op 15 April 1983 onder die stok van Gerhard Geist plaasgevind, en het goed afgeloop. Die Akademiese Fees-ouvertuur van Brahms, wat onder andere tydens hierdie konsert uitgevoer is, verdien spesiale vermelding. Die stigting van die Jeugsimfonieorkes was die hoogtepunt van die lang jeugorkesontwikkeling in die O.V.S., en 'n bemoedigende stap in die regte rigting. Dit belowe veel goeds vir die toekoms.

3.10.3 Aanpassings van die interne beheer

Mnr. J.D. Bouwer, Hoof van Musiek, O.V.S.-Onderwysdepartement, het in sy memorandum aan die Pienaar-kommissie die volgende aanpassings t.o.v. interne beheer aanbeveel: "Op die oomblik ly die orkesopleidingsprogram ernstig gebrek aan effektiewe interne beheer. Ten einde hierdie toestand te verbeter, veral as die getal dosent-instrumentiste vermeerder word, word

die volgende postestrukture aanbeveel:

"Dosent-instrumentis : R11670 x 675 - 14370 - 15180
 Senior-dosent-instrumentalis: R13695 - 14370 x 810 - 17610
 Departementshoof Strykers
 Departementshoof Koperblaas
 Departementshoof Houtblaas
 Departementshoof Administra-
 tief en Kontrole : R15180 x 810 - 19230

"Die Hoof van Musiek kan aanvanklik nog beheer oor die program uitoefen, maar uiteindelik, soos die program ontwikkel, word die pos van 'n Direkteur met 'n salarisskaal van R18420 x 810 - 20850 x 900 - 22650, aanbeveel..."¹⁰¹

Gedurende Januarie 1983 is daar 'n begin gemaak met die implementering van die bogenoemde aanbevelings, toe mnre. Francois Henkins en Ernest Osman aangestel is as onderskeidelik Departementshoofde: Strykers en Koperblaas.¹⁰² Tydens die voltooiing van die verhandeling was die verdere aanstellings, soos hierbo aanbeveel, nog hangende.

3.10.4 Bykomende aanstellings

Volgens mnre. F. Henkins het die Direkteur van Onderwys gemeld dat die status quo t.o.v. nuwe aanstellings van instrumentaliste vir 1983 gehandhaaf sal word, maar dat daar gedurende 1984 beslis nuwe aanstellings gemaak sal word. Dit wil trouens lyk asof daar gedurende 1984 heelwat aanpassings in die huidige stelsel, aan die hand van die Pienaar-verslag, sal geskied.

3.10.5 Slot

As slotgedagte moet daar waarskynlik volstaan word met 'n gedeeltelike aanhaling uit die memorandum wat prof. K. von Delft, Voorsitter van die Ouer-Dosente Vereniging vir instrumentale en orkesmusiek, aan die Pienaar-komitee voorgelê het: "Die Vrystaatse Instrumentale en Orkesprogram met sy dubbele gerigtheid op konsertaanbiedings en praktiese musiekopleiding

in alle instrumente van die simfonieorkes, het die afge-
lope dekade pionierswerk in die ware sin van die woord
verrig. Sonder hierdie Program sou instrumentale oplei-
ding beperk gebly het tot 'n klein eksklusiewe groep van
kinders wie se ouers privaatonderrig kon bekostig. Ook
dan sou die onderrig (naas klavier) beperk gebly het tot
die snaarinstrumente (hoofsaaklik viool). Dit was die ver-
siendheid van enkele musiekdosente en musiekadministrateurs
sowel by SUKOVŠ asook die O.V.S.-Administrasie wat die hui-
dige Program in die lewe geroep het. Dit was 'n grootse
eksperiment wat deur moeilike fases van ontwikkeling, ver-
anderings en aanpassings gegaan het. Maar in sy hoofdoel
het dit meer as geslaag: om aan die Vrystaatse publiek ge-
reelde professionele musiekaanbiedings te verskaf en die
opleidingsfasiliteite daar te stel waardeur dit moontlik ge-
word het om instrumentale musiekopleiding in die wydste sin
van die woord die volk in te dra. Daardeur het die Program
in die kultuurlewe van ons Provinsie 'n faktor geword wat
in waarde net nie hoog genoeg geskat kan word nie..."¹⁰³

VOETNOTE EN VERWYSINGS

1. SUKOVS. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 9 Mrt. 1963.
2. Kamerorkes vir Vrystaat, in Die Volksblad, 21 Mrt. 1963, p.2.
3. Vergelyk kommentaar op p.169 net voor 3.1.2.2
4. SUKOVS. [Lêer no. K.7/1]. Die Vrystaatse Strykkwartet.
5. Libretto, pseud. Moontlikheid van orkes vir O.V.S. ondersoek, in Die Volksblad, 29 Jun. 1963, p.3.
6. SUKOVS. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 12 Jun. 1965.
7. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 17 Jun. 1965.
8. Ter verduideliking moet dit gemeld word dat daar niks "eienaardigs" is aan die algemene (wêreldwye) gebrek aan belangstelling in kamermusiek nie. Dit is 'n logiese uitvloeisel uit die feit dat kamermusiek in 'n groter mate as enige ander musiek intellektuele deelname van die luisteraar vereis en betreklik minder virtuose en/of massiewe effekte bevat. Slegs mense wat werklik 'n liefde het vir musiek as sodanig stel gevolglik belang, en is in die minderheid.
9. Libretto, pseud. SUKOVS wil beskeie beroepsorkes stig, in Die Volksblad, 19 Jun. 1965, p.5.
10. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.1.
11. Dit kan seker darem aanvaar word dat die woord "prestigehalwe" bedoel is as "om funksionele redes."
12. SUKOVS. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 7 Aug. 1965.
13. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 16 Aug. 1965.
14. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.1.
15. Ibid.
16. Ibid.
17. SUKOVS gaan orkes stig, in Die Volksblad, 16 Aug. 1966, p.1.
18. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.1.
19. Ibid.

20. 'n Pleidooi vir O.V.S.-orkes, in Die Volksblad, 16 Feb. 1968, p.5.
21. Filharmoniese Vereniging-konstitusie verkry van mnr. Pienaar Fourie.
22. Program van 'n konsert deur die Filharmoniese Vereniging-orkes, datum onbekend.
23. De Villiers, D.I.C. Groot ovasie vir Stabat Mater, in Die Volksblad, 22 Okt. 1973, p.6.
24. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 19 Feb. 1968.
25. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.1.
26. Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Musiekdepartement. Vrystaatse Orkes-lêer.
27. Ibid.
28. Ibid.
29. Ibid.
30. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.1.
31. Ibid.
32. Persoonlike onderhoud gevoer met dr. J.A. Henkins op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea.
33. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. C. Swanepoel op 5 Mrt. 1981, Johannesburg.
34. Persoonlike onderhoud gevoer met dr. J.A. Henkins op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea.
35. Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Musiekdepartement. Personeel-lêer.
36. Persoonlike onderhoud gevoer met dr. J.A. Henkins op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea.
37. Pierre de Groote kom na Bloemfontein, in Die Volksblad, 21 Sept. 1973, p.14.
38. SUKOVS. Notules van voorlopige Adviserende Orkeskomitee-vergaderings, gehou op 17 Okt. 1973 en 6 Nov. 1973.
39. O.V.S. kry volle simfonieorkes, in Die Volksblad, 23 Nov. 1973, pp.1,17.
40. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers, op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
41. Nuwe dirigent vir O.V.S. vol geesdrif, in Die Volksblad, 14 Jan. 1974, p.6.
42. Vrystaatse Simfonieorkes kom mooi op stryk, in Die Volksblad, 26 Feb. 1974, p.15.

43. De Villiers, D.I.C. Nuwe orkes lewer eerste uitvoering, in Die Volksblad, 27 Feb. 1974, p.12.
44. Program van 'n konsert deur die SUKOVS-Simfonieorkes, op 26 Feb. 1974.
45. De Villiers, D.I.C. SUKOVS-orkes toon groot moontlikhede, in Die Volksblad, 29 Mrt. 1974, p.12.
46. SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 6 Des. 1973.
47. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 20 Mei 1974.
48. SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 1 Des. 1975.
49. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, pp.64-68.
50. SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 3 Nov. 1975.
51. SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 7 Jun. 1976.
52. SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 9 Sept. 1976.
53. SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 2 Aug. 1976.
54. SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 1 Nov. 1976.
55. SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 8 Mrt. 1976.
56. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 15 Mrt. 1976.
57. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 16 Aug. 1976.
58. Ibid.
59. SUKOVS. Jaarverslag: 1976, p.4.
60. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.2.
61. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 15 Nov. 1976.
62. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. C. Swanepoel op 5 Mrt. 1981, Johannesburg.
63. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 21 Feb. 1977.

64. Labuschagne, E.C. Die agtergrond en musiekaktiwiteite van SUKOVS vanaf sy ontstaan tot en met 1979. (M.A. Mus.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Jan. 1982), p.302.
65. Ibid., p.304.
66. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 25 Apr. 1978.
67. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.2.
68. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 19 Feb. 1979.
69. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 26 Mrt. 1979.
70. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, p.7.
71. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 20 Aug. 1979.
72. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.1.
73. Labuschagne, E.C. Die agtergrond en musiekaktiwiteite van SUKOVS vanaf sy ontstaan tot en met 1979. (M.A. Mus.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Jan. 1982), p.300.
74. Suid-Afrika (Republiek). Kommissie van ondersoek na die Uitvoerende Kunste. Verslag, Aug. 1977, p.viii. [J.H. Niemand-kommissie].
75. Ibid., pp.52-53.
76. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 26 Nov. 1979.
77. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, pp.64-68.
78. SUKOVS. Jaarverslae: 1980, 1981, pp.34,33.
79. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 16 Aug. 1982.
80. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 21 Feb. 1983.
81. SUKOVS. Jaarverslag: 1981, p.3.
82. SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 16 Mrt. 1981.
83. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, pp.2-3.
84. Ibid., pp.10-11.

85. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.2.
86. Persoonlike onderhoud gevoer met mnr. D.I.C. de Villiers op 3 Des. 1982, Bloemfontein.
87. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, p.6.
88. SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 6 Mei 1976.
89. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, p.76.
90. SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.2.
91. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, p.48.
92. Van Essen, C.H. Bloemfontein is nie gek na opera, in Die Volksblad, 16 Nov. 1974, p.4.
93. Vier Vrystaters in wêreldorkes, in Die Volksblad, 6 Aug. 1975, p.1.
94. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, pp.8,48.
95. Suid-Afrika (Republiek). Kommissie van ondersoek na die Uitvoerende Kunste. Verslag, Aug. 1977, p.41. [J.H. Niemand-kommissie].
96. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, p.71.
97. Ibid., p.15.
98. Ibid., p.16.
99. Ibid., pp.17-18.
100. Ibid., pp.19-21.
101. Ibid., p.39.
102. Telefoniese onderhoud gevoer met mnr. F. Henkins op 23 Mrt. 1983, Bloemfontein.
103. SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981, pp.49-50.

BIBLIOGRAFIE

AGTERBANKER, pseud. Slag vir musiek in O.V.S., in Die Volksblad, 17 Jun. 1972, p.2.

AUS den Gemeinden: Flims: konsert des Orange Free State Youth Orchestra of South Africa. [Uit die gemeenskap: Flims: konsert van die Oranje-Vrystaatse Jeugorkes van Suid-Afrika], in Neue Bündner Zeitung, 26 Aug. 1970, [p.?].

BLOEMFONTEIN. Munisipaliteit. [Lêer no.66/17]. Cultural amenities: establishment of quartet at U.O.F.S.[Ongepubliseerd].

BLOEMFONTEIN. Munisipaliteit. [Lêer no.66/17]. Cultural amenities: vol. 1: establishment of quartet at U.O.F.S.: from 1-1-61 to 3-5-65. [Ongepubliseerd].

BOSMAN, B. Jeugorkes: waar was groot geeste, in Die Burger, 31 Mrt. 1967, p.16.

CREMERS, H. [Persoonlike onderhoud gevoer op 26 Nov. 1981, Kaapstad].

DE VILLIERS, D.I.C. Groot ovasie vir Stabat Mater, in Die Volksblad, 22 Okt. 1973, p.6.

DE VILLIERS, D.I.C. Jeug se nuwe orkes, in Die Volksblad, 8 Sept. 1973, p.3.

DE VILLIERS, D.I.C. Meneer Dirkie gesels musiek: die Vrystaatse Jeugorkes, in Naweekpos, vol.14, no.166, Feb. 1968, pp.23-27,41.

DE VILLIERS, D.I.C. Nog 'n jeugfees sal welkom wees, in Die Volksblad, 27 Okt. 1962, p.7.

DE VILLIERS, D.I.C. Nuwe orkes lewer eerste uitvoering, in Die Volksblad, 27 Feb. 1974, p.12.

DE VILLIERS, D.I.C. [Persoonlike onderhoud gevoer op 3 Des. 1982, Bloemfontein].

DE VILLIERS, D.I.C. SUKOVŠ-orkes toon groot moontlikhede, in Die Volksblad, 29 Mrt. 1974, p.12.

DE WET beoordeel strykers op jeugorkesfees, in Die Volksblad, 2 Aug. 1971, p.6.

DE WET, J.G. [Persoonlike onderhoud gevoer op 15 Nov. 1982, Port Elizabeth].

FILHARMONIESE Vereniging-konstitusie. [Ongepubliseerd].

FREE State Youth Orchestra to tour, in The Friend, 15 Des. 1966, p.19.

GLANZVOLLES Konzert des Südafrikanischen Jugendorchesters in Buchs. [Skitterende konsert deur die Suid-Afrikaanse Jeugorkes in Buchs], in Werdenberger und Obertoggenburger Buchs, 19 Aug. 1970, p.12.

GOOD youth concert, in The Cape Argus, 27 Mrt. 1967, p.6.

GUREWITSCH, E. Getting to know other people, in The Christian Science Monitor, 4 Sept. 1970, p.6.

HENKINS, F. [Telefoniese onderhoud gevoer op 23 Mrt. 1983, Bloemfontein].

HENKINS, J.A. [Persoonlike onderhoud gevoer op 30 Nov. 1981, Brenton on Sea].

HOë eer vir ses lede van S.A. Jeugorkes, in Die Volksblad, 24 Aug. 1970, p.4.

HOOGSTE lof vir jeugorkes, in Die Volksblad, 27 Aug. 1970, p.17.

HOOGSTE lof vir O.V.S. se jeugorkes, in Die Volksblad, 31 Aug. 1970, p.11.

IMPROMPTU, pseud. Eerste wêreldfees van jeugorkeste, in Die Volksblad, 19 Jul. 1969, p.2.

IMPROMPTU, pseud. Geesdriftige jong strykkorkes, in Die Volksblad, 11 Aug. 1973, p.2.

JACK de Wet leaves city, in The Friend, 18 Aug. 1972, p.7.

JEUGORKES genooi na Europa, in Die Volksblad, 14 Mrt. 1969, p.17.

JEUGORKES het met diepte en oorgawe gespeel, in Hoofstad, 3 Apr. 1969, p.2.

JOOSTE, O. Free State Youth Orchestra: an experience not to be missed, in The Cape Times, 6 Okt. 1969, p.11.

KAMERORKES vir Vrystaat, in Die Volksblad, 21 Mrt. 1963, p.2.

KIERMAN, S. [Persoonlike onderhoud gevoer op 18 Aug. 1981, Port Elizabeth].

KNAP kinderkoor kom van vêr vir uitvoerings, in Die Volksblad, 5 Sept. 1970, p.2.

KOOIJ, P. Op reis in die Boland: O.V.S. se jeugorkes pres- teer in eerste konsert, in Die Burger, 28 Mrt. 1967, p.2.

KOOIJ, P. Vrystaatse Jeugorkes: dié kinders speel met ge- not, in Die Burger, 6 Okt. 1969, p.2.

KOPERBLASERS in Odeion, in Die Volksblad, 31 Aug. 1973, p.14.

KRAMER, H. Free State Youth Orchestra scored notable suc- cess, in The Cape Times, 28 Mrt. 1967, p.6.

KRIGE, D. en Krige, N. 'n Nuwe klank uit die Vrystaat, in Die Huisgenoot, vol.XLll, no.2388, 5 Jan. 1968, p.29.

KULTUURGROEI in O.V.S. toon energie, in Die Volksblad, 20 Feb. 1973, p.11.

LABUSCHAGNE, E.C. Die agtergrond en musiekaktiwiteite van SUKOV'S vanaf sy ontstaan tot en met 1979. (M.A. Mus.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Jan. 1982).

LEMMER, P.J. [Persoonlike onderhoud gevoer op 6 Des. 1982, Pretoria].

LEMMER, P.J. Sang Vrystaat se musiekmedium, in Die Volksblad, Uniefeesbylae, 19 Mei 1960, p.4.

LIBRETTO, pseud. Eerste fees deur O.V.S. se jeug, in Die Volksblad, 20 Okt. 1962, p.3.

LIBRETTO, pseud. Gratis konserte deur Vrystaatse Strykkwartet, in Die Volksblad, 28 Sept. 1963, p.3.

LIBRETTO, pseud. Moontlikheid van orkes vir O.V.S. ondersoek, in Die Volksblad, 29 Jun. 1963, p.3.

LIBRETTO, pseud. Musiek is die poësie van die lug: strykkensemble, in Die Volksblad, 3 Okt. 1959, p.3.

LIBRETTO, pseud. Musiek is die poësie van die lug: strykkwartet verblydendste ding in jare, in Die Volksblad, 6 Jun. 1959, p.3.

LIBRETTO, pseud. O.V.S.-Strykkwartet maak gunstige indruk, in Die Volksblad, 4 Mrt. 1961, p.7.

LIBRETTO, pseud. Strykkwartet debuteer met welslae by hoërskool, in Die Volksblad, 23 Jan. 1961, p.7.

LIBRETTO, pseud. Strykkwartet wek geesdrif by gala-uitvoering, in Die Volksblad, 8 Feb. 1961, p.4.

LIBRETTO, pseud. SUKOVS wil beskeie beroepsorkes stig, in Die Volksblad, 19 Jun. 1965, p.5.

LIBRETTO, pseud. Vier ervare musici in O.V.S.-Strykkwartet aangestel, in Die Volksblad, 21 Okt. 1959, p.8.

MARAIS, P. Vir hulle is musiek eerste, in Die Byvoegsel, 20 Sept. 1969, p.4.

MASS exodus follows Jack de Wet, in The Friend, 8 Nov. 1972, p.3.

NUWE dirigent vir O.V.S. vol geesdrif, in Die Volksblad, 14 Jan. 1974, p.6.

ODENDAAL, F.W. [Telefoniese onderhoud gevoer op 4 Feb. 1983, Bloemfontein].

O.F.S. Youth Orchestra to go abroad, in The Friend, 24 Okt. 1969, p.5.

O.V.S.-Jeugorkes presteer: is enigste in sy soort, in Die Volksblad, 4 Mei 1963, p.3.

O.V.S. kry volle simfonieorkes, in Die Volksblad, 23 Nov. 1973, pp.1,17.

O.V.S.-Onderwysdepartement: vakatures vir vier lede van 'n strykkwartet, in Die Volksblad, 28 Jun. 1959, p.8.

O.V.S. se jeugorkes herleef, in Die Volksblad, 3 Apr. 1973, p.1.

ORPHEUS, pseud. Strykkwartet lewer van beste konserte in feestyd, in Die Volksblad, 26 Mei 1960, p.18.

PIERRE de Groote kom na Bloemfontein, in Die Volksblad, 21 Sept. 1973, p.14.

'n PLEIDOOI vir O.V.S. orkes, in Die Volksblad, 16 Feb. 1968, p.5.

PROGRAM van 'n konsert deur die Filharmoniese Vereniging-orkes, datum onbekend.

PROGRAM van 'n konsert deur die SUKOVŠ-Simfonieorkes gehou op 26 Feb. 1974.

PROGRAM van 'n konsert deur die Vrystaatse Jeugorkes gehou gedurende Aug. 1965.

PROGRAMNOTA van 'n konsert deur die Vrystaatse Strykkwartet gehou op 8 Mrt. 1965.

QUAYLE, L. [Persoonlike onderhoud gevoer op 9 Des. 1982, Umtentweni].

QUAYLE, L. S. African music history will be made in the O.F.S., in The Friend, 4 Feb. 1961, p.7.

SOLOMON, R. Bon voyage, Free State Youth Orchestra, in The Friend, 7 Aug. 1970, p.12.

SOWDEN, D. New choir, in Sunday Times, 4 Feb. 1962, p.16.

SOWDEN, D. 40 willing juniors in O.F.S. orchestra, in Sunday Times magazine, 28 Aug. 1966, p.7.

SOWDEN, D. Young players show way, in Rand Daily Mail, 22 Aug. 1966, p.8.

STAMPVOL kerk daver vir S.A. Jeugorkes, in Die Volksblad, 21 Aug. 1970, p.1.

STRYKORKES kom vir juniors, in Die Volksblad, 13 Jun. 1962, p.9.

SUID-AFRIKA (Republiek). Kommissie van ondersoek na die uitvoerende kunste. Verslag. Pretoria: Staatsdrukker, Aug. 1977. [J.H. Niemand-kommissie].

SUKOVS gaan orkes stig, in Die Volksblad, 16 Aug. 1966, p.1.

SUKOVS. Jaarverslag: 1971. Bloemfontein: SUKOVS, [1972?].

SUKOVS. Jaarverslag: 1972. Bloemfontein: SUKOVS, [1973?].

SUKOVS. Jaarverslag: 1976. Bloemfontein: SUKOVS, [1977?].

SUKOVS. Jaarverslag: 1980. Bloemfontein: SUKOVS, [1981?].

SUKOVS. Jaarverslag: 1981. Bloemfontein: SUKOVS, [1982?].

SUKOVS. [Lêer no. K.7/1]. Die Vrystaatse Strykkwartet. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.1. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. [Lêer no. K.7/6]. SUKOVS-orkes: vol.2. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 6 Des. 1973. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 3 Nov. 1975. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 1 Des. 1975. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 8 Mrt. 1976. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 6 Mei 1976. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 7 Jun. 1976. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 2 Aug. 1976. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 9 Sept. 1976. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Adviserende Orkestekomiteevergadering, gehou op 1 Nov. 1976. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 9 Mrt. 1963. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 31 Jul. 1964. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 12 Jun. 1965. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 7 Aug. 1965. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Musiekkomiteevergadering, gehou op 20 Feb. 1969. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 20 Jul. 1964. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 17 Aug. 1964. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 17 Jun. 1965. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 16 Aug. 1965. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 18 Apr. 1966. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 19 Feb. 1968. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 11 Mrt. 1969. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 23 Okt. 1969. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 15 Jun. 1970. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 20 Mei 1974. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 15 Mrt. 1976. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 16 Aug. 1976. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 15 Nov. 1976. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 21 Feb. 1977. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 25 Apr. 1978. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 19 Feb. 1979. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 26 Mrt. 1979. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuurvergadering, gehou op 20 Aug. 1979. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 26 Nov. 1979. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 16 Mrt. 1981. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 16 Aug. 1982. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van Uitvoerendebestuursvergadering, gehou op 21 Feb. 1983. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van voorlopige Adviserende Orkeskomiteevergadering, gehou op 17 Okt. 1973. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Notule van voorlopige Adviserende Orkeskomiteevergadering, gehou op 6 Nov. 1973. [Ongepubliseerd].

SUKOVS. Verslag van die Pienaar-komitee van ondersoek na orkesontwikkeling in die O.V.S., Nov. 1981. Bloemfontein: SUKOVS, [1982?].

SUZANNE is back from music triumph, in The Friend, 8 Sept. 1970, p.7.

SUZANNE presteer op wêreldfees, in Die Volksblad, 31 Aug. 1970, p.4.

SWANEPOEL, C. [Persoonlike onderhoud gevoer op 5 Mrt. 1981, Johannesburg].

TRAVERS, N. [Persoonlike onderhoud gevoer op 25 Nov. 1981, Kaapstad].

TROTS en vreugde oor jeugorkes, in Die Volksblad, 2 Sept. 1970, p.4.

TURNER, G. [Telefoniese onderhoud gevoer op 23 Mrt. 1983, Bloemfontein].

UNIVERSITEIT van die Oranje-Vrystaat. Musiekdepartement. Personeel-lêer. [Ongepubliseerd].

UNIVERSITEIT van die Oranje-Vrystaat. Musiekdepartement. SUKOVŠ-lêer. [Ongepubliseerd].

UNIVERSITEIT van die Oranje-Vrystaat. Musiekdepartement. Vrystaatse Orkes-lêer. [Ongepubliseerd].

VAN DONGEN, T. [Persoonlike onderhoud gevoer op 6 Des. 1982, Johannesburg].

VAN ESSEN, C.H. Bloemfontein is nie gek na opera, in Die Volksblad, 16 Nov. 1974, p.4.

VAN KERKEN, E.E. [Persoonlike onderhoud gevoer op 8 Nov. 1982, Pretoria].

VERRASSEENDE spel deur Jeugorkes, in Die Transvaler, 4 Apr. 1969, p.4.

VIËR Vrystaters in wêreldorkes, in Die Volksblad, 6 Aug. 1975, p.1.

Die VOLKSBLAD, 20 Feb. 1973, p.2.

VREEMDE soort Vrystaters kom wys hul slag, in Die Burger, 25 Mrt. 1967, p.11.

VRYSTAAT, in The Pretoria News, 10 Apr. 1968, p.4.

VRYSTAAT dank De Wet, in Die Volksblad, 26 Aug. 1972, p.3.

VRYSTAATSE Simfonieorkes kom mooi op stryk, in Die Volksblad, 26 Feb. 1974, p.15.

YOUTHFUL players, in The Pretoria News, 3 Apr. 1969, p.4.

YOUTH orchestra hits a high note, in The Friend, 8 Sept. 1973, p.2.

OPSOMMING

Die doel van hierdie verhandeling is om 'n historiese oorsig van die totstandkoming van die orkesprogram in die Vrystaat vanaf 1960 tot 1983 daar te stel.

Om effektief aan te vul by die hoë standaard klavieronderrig wat reeds lankal bestaan het, is daar in 1960 besluit om vier strykers aan te stel wat 'n kwartet sou kan vorm en ook onder- rig in strykinstrumente sou gee. Die voormalige oorheersing van klavieronderrig sowel as die aanvoorwerk van belangheb- bendes word bespreek. Die verloop van gebeure wat die stig- ting van die kwartet voorafgegaan het, word volledig gedoku- menteer. Aandag word verder geskenk aan die eerste optredes sowel as die verpligtings van die kwartet. Weens teleurstel- lende bywoningsyfers het die Bloemfonteinse Stadsraad, een van die drie samewerkende instansies, mettertyd belangstelling in die kwartet verloor. SUKOVŠ, wat intussen gestig is, het aangebied om die stadsraad se verantwoordelikheid oor te neem. Die aanloop tot die oorname, asook 'n aanhaling van verplig- tings, word behandel. Die bedanking van die tweede violis, die krisissituasie rondom 'n persverklaring, en die inskake- ling by die Universiteit word vermeld, asook die latere ont- binding van die strykkwartet en die hersiene ooreenkoms van hulle verpligtings.

As direkte uitvloeisel van die besielende werk van die stryk- kwartetlede en in besonder mnr. De Wet, was daar in die loop van die sestiger- en sewentigerjare 'n omvangryke strykop- bloei. Die Vrystaatse Jeugorkes het ontstaan en weens die vertrek van mnr. De Wet in 1972 gedreig om in duie te stort maar is deur prof. Chris Swanepoel oorgeneem. Aandag word ge- skenk aan die redes vir die stigting, die eerste repetisies en optredes. SUKOVŠ se oorname van die orkes, verskeie kon- serttoere en die besoek aan Switserland word volledig behan- del. Redes vir die opbloei van strykmusiek in die Vrystaat word genoem.

Aangevuur deur die suksesvolle strykprogram, is daar in 1969 'n begin gemaak met 'n blaserprogram in die Vrystaat. Die

eerste aanstellings in hout- en koperblaasonderrig word bespreek. Weens die geweldige aanvraag na blaseronderrig is verskeie dosente gedurende 1973 aangestel terwyl onder- rig na ander sentra uitgebrei het.

Gedurende 1974 is 'n lang gekoesterde ideaal verwesenlik deur die stigting van 'n simfonieorkes in die Vrystaat. Die talle mislukte pogings van SUKOVS voor 1970 om 'n eie orkes te stig word as aanloop tot die totstandkoming van die orkes behandel. Daar word verder verwys na die Filharmoniese Ver- eniging se aandeel, en prof. Swanepoel se memorandum as eer- ste fase van die stigting. Na die finalisering van prof. De Groote se aanstelling en die samestelling van 'n voorlopige adviserende orkestekomitee, wat onderskeidelik as fases twee en drie van oorgang tot stigting bespreek word, is die or- kes finaal saamgestel. Die eerste optredes en probleme rond- om opera-begeleiding word behandel. Daar word gewys op die amperse ineerstorting van die projek sowel as die oornam- deur die Universiteit in 1977. Die samesprekings voor SUKOVS se terugname daarvan in 1979 word vermeld, asook die Niemand- kommissie van ondersoek na die Uitvoerende Kunste. Aandag word breedvoerig geskenk aan die stigting van 'n NARUK-orkes met die gepaardgaande implikasies vir die Vrystaat se orkes- program. Die Pienaar-komitee van ondersoek tesame met die nuutste verwikkelings rondom die aanbevelings word volledig bespreek.

Die orkesprogram is een van die belangrikste ontwikkelings op die gebied van musiekbevordering in die Vrystaat, aangesien dit as opleidingsbron van orkesmusici dien. Die belangrik- heid van samewerking tussen die Onderwysdepartement, Univer- siteit en SUKOVS, ter bevordering van die projek, kan nie ge- noeg beklemtoon word nie.

KASSET NO. 1:

Kant A

DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET

- Kwartet in E mineur, "Uit my lewe" : F. Smetana
(1834-1884)
- Engelse Dans : F.J. Gossec
(1754-1829)
- Kwartet Op.18 no.1 in F: 1ste deel : L.v. Beethoven
(1770-1827)

Kant B

DIE VRYSTAATSE STRYKKWARTET

- Novolette : A. Glazounov
(1865-1936)
- Kwartet in D mineur, Op.76 no.2 : J. Haydn
(1732-1809)

KASSET NO.2:

Kant A

Fantasie in C : G.F. Händel
(1685-1759)
verw. H. Dexter

Carmen Grobler - 16 jaar
Begeleiding: Vrystaatse Jeugorkes

Concertino Op.15, deel 1 : F. Kuchler
Marianne Malan - 11 jaar
Begeleiding: Vrystaatse Jeugorkes

Klavierkonsert in G, deel 3 : J. Haydn
(1732-1809)

Adré van Rensburg - 15 jaar
Begeleiding: Vrystaatse Jeugorkes

Trio Op.35 no.2, deel 1 : J. Klengel
(1859-1933)

Sjoerd Alkema - 13 jaar (klavier)
Suzanne de Villiers - 14 jaar (viool)
Frederick Fourie - 12 jaar (tjello)

Romanze in G, Op.40 : L.v. Beethoven
(1770-1827)

Francois Henkins - 14 jaar
Begeleiding: Lydia van der Merwe

Trio Op.1 no.1, deel 1 : C. Franck
(1822-1890)

Laurie Potgieter (klavier)
Jonas Pieters (viool)
Harry Cremers (tjello)

KASSET NO.2: (vervolg)

Kant A (vervolg)

- Largo : F. Chopin
(1810-1849)
- Granadina : J. Nin
(1879-1949)
- Song to the evening star - Tannhäuser : R. Wagner
(1813-1883)

Felton Mason (tjello)
Begeleiding: Lydia van der Merwe

- Trumpet Voluntary : J. Clarke
verw. Benoy

Vrystaatse Junior Jeugorkes

Kant B

- Rondo Pizzicato : E. Palmer en
A. Best
- This Great World : R. Leveridge
verw. Benoy

Vrystaatse Junior Jeugorkes

- Violkonsert in G, deel 3 : O. Rieding
Abrie de Wet - 7 jaar
Begeleiding: Vrystaatse Jeugorkes

- He shall feed his flock - Messiah : G.F. Händel
(1685-1759)

Elize Botha
Begeleiding: Vrystaatse Jeugorkes

- Konsert Op.3 No.10, deel 1 : A. Vivaldi
(1680-1743)

Francois Henkins - 14 jaar (viol)
Suzanne de Villiers - 14 jaar (viol)
Pienaar Fourie - 15 jaar (viol)
Jacques Malan - 16 jaar (viol)
Begeleiding: Vrystaatse Jeugorkes

KASSET NO.2: (vervolg)

Kant B (vervolg)

Toekenning van die Van Kerken-trofee
deur mnr. E.E. van Kerken

Concerto Grosso

: R. Vaughan
Williams
(1872-1958)

Intrada

Mars

Reprise

Vrystaatse Jeugorkes

Kunskroniek: 'n S.A.U.K.-program waarin 'n
bespreking plaasgevind het van die vooraf-
gaande Jeugfees-konsert

KASSET NO. 3:

Kant A

Concerto Grosso, 1ste deel : J. Stanley
(1713-1786)

Solo-viole : F. Henkins
Suzanne de Villiers

Solo-tjello : Frederick Fourie

Vrystaatse Jeugorkes

Klavierkonsert Op.2, deel 1 : P. Cannon
(1929-

Sjoerd Alkema (klavier)

Begeleiding: Vrystaatse Jeugorkes

Violkonsert in D mineur, deel 1 : F. Mendelssohn
(1809-1847)

Francois Henkins (viool)

Begeleiding: Vrystaatse Jeugorkes

Simfonie Op.43 no.2 (slegs 'n gedeelte) : J. Sibelius
(1865-1957)

SUKOVS-Simfonieorkes